# PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE KONTEKS IN DIE LIG VAN 'N MODERNE HOMILETIESE TEORIE.

deur

JACOBUS JOHANNES GERBER

Voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

**DOCTOR THEOLOGIAE**

in die vak

**PRAKTIESE TEOLOGIE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

PROMOTOR: PROFESSOR H.J.C. PIETERSE

NOVEMBER 1998

***************

## DANKBETUIGING.

Met opregte dank aan my vrou, Magriet, vir die tik en proeflees van die proefskrif. Omdat jy self in 'n professionele beroep staan, weet ek hoeveel opoffering dit gevra het om my na-uurs hiermee te help. Sonder jou hulp en bystand was hierdie studie nie moontlik nie.

Dankie ook aan my dogter, Sarita, vir haar begrip tydens hierdie studie. Hopelik sal ons twee voortaan meer tyd saam kan deurbring!

Aan my promotor, Professor H.J.C. Pieterse, wat altyd tyd ingeruim het om na my te luister. Vir sy raad, leiding en bemoediging, baie dankie. Ek beskou dit as 'n voorreg en 'n eer om 'n student van u te kan wees.

'n Spesiale woord van dank aan die kerkkantoor personeel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Secunda, asook aan die gemeentelede vir al hulle belangstelling, hulp en bemoediging tydens hierdie studie.

'n Besondere woord van dank aan die Saakgelastigde, mevrou Louna Dicks, vir haar raad, kennis, tyd en opoffering wat sy bereid was om met ons te deel - selfs na-ure. Die redigering van hierdie proefskrif was alleen moontlik deur die uitsonderlike hulp wat jy verleen het.

'n Woord van spesiale dank aan ons vriende en familie vir hulle begrip en onderskraging. Dit word opreg waardeer.

Dank ook aan my Skepper vir krag en gesondheid, om te midde van 'n baie besige werksprogram, hierdie studie tot Sy eer te kon voltooi het. Mag die kennis wat ek daarmee verkry het, ook bydra tot die uitbreiding van Sy koninkryk.

## OPSOMMING

## PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE KONTEKS

## IN DIE LIG VAN 'N MODERNE

## HOMILETIESE TEORIE.

Een van die grootste probleme waarmee die prediker in 'n industriële konteks te doen het, is om die evangelie op 'n sinvolle wyse aan die hoorders oor te dra.

Die radikale verandering in die samelewing deur die moderniseringsproses, het die homiletiek gedwing om teoreties her te besin. Hierdie moderne homiletiese teorie soos deur H.J.C. Pieterse, T.G. Long en G.D.J. Dingemans verteenwoordig het die volgende belangrike teoretiese aanpassings gemaak:

Eerstens, in plaas van die tradisionele beweging van die teks na die hoorders, is die homiletiese proses omgekeer. Die beweging is nou vanaf die hoorder na die teks deur middel van die prediker en weer terug van die teks na die hoorder.

Tweedens, hierdie benadering het noodwendig hermeneutiese implikasies gehad. Daarom het die homiletiek die breë aanpak van die moderne kritiese hermeneutiek in diens geneem.

Derdens moes 'n nuwe kommunikasieteorie ondersoek word naamlik, die dialogiese kommunikasieteorie van H.J.C. Pieterse en C.J.A. Vos.

Die belangrikste teoretiese fondament vir die prediking in 'n industriële konteks is dus die vertrekpunt en benadering vanuit die hoorders sonder om die klem op die teks te verminder. In die praktyk bring dit mee dat die volgende onderwerpe besondere aandag vra:

Vir die verstaan en formulering van die boodskap van die Skrif, is 'n moderne kritiese hermeneutiek van die uiterste belang.
Die gebruik van beeldspraak moet beklemtoon word. Die nuwe insigte van die retorika wat handel· oor die oordra van die boodskap moet in berekening gebring word. Die formulering van die boodskap in die taal van die hoorders het teoreties 'n invloed op die formulering en gebruik van teologiese begrippe tydens die prediking. Die dialogiese kommunikasieteorie is ook van wesenlike belang en het dialoog voor, tydens en na die preek in gedagte. Om dit te verwesenlik is preekwerkgroepe 'n belangrike komponent om dialogiese kommunikasie in die gemeente te verbeter.

## SUMMARY

## PREACHING IN AN INDUSTRIAL CONTEXT ACCORDING TO A MODERN HOMILETIC THEORY

One of the greatest problems, with which a preacher in an industrial context have to deal with, is to convey the gospel in a sensible manner to the listeners.

The radical change in society caused by the modernisation process, forced homiletics to review its theoretical base. Modern homiletics as represented by H.J.C. Pieterse, T.G. Long and G.D.J. Dingemans, has made the following theoretic adjustments:

Firstly, in stead of the traditional movement of the text to the listeners, the homiletical process is revearsed. The movement is from the listener to the text by means of the preacher and back from the text to the listener.

Secondly, this approach inevitably has hermeneutic implications. Therefore homiletics has employed the broad approach of modern critical hermeneutics.

Thirdly, a new communication theory has to be developed namely, the dialogical communication theory of H.J.C. Pieterse and C.J.A. Vos.

The most important theoretical foundation for preaching in an industrial context is the approach of taking the listeners as starting point without neglecting the text. In practice, it brings about that the following topics ask for particular attention:

For the understanding and formulating of the message of the Scriptures, the modern critical hermeneutics and the use of

metaphors is of the greatest importance. The new understanding of rhetorics which is about conveying the message, must be taken into consideration. The formulating of the message in the language of the listeners has a theoretical influence on the formulating and use of the theological concepts during preaching. The dialogical communication theory is also of great importance, and has dialogue before, during and after the preaching in mind. For it to be fulfilled, preaching work groups is an important component to improve dialogical communication in the congregation.

KEYTERMS:

Practical Theology, homiletics, hermeneutics, dialogical communication theory, theory-praxis problem, industrialization, modernisation, Bible text, listeners, preacher, metaphor, rhetoric, exegesis, preaching.

# PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE KONTEKS

# IN

# DIE LIG VAN 'N MODERNE HOMILETIESE

# TEORIE.

## INHOUDSOPGAWE.


| | |
|---|---|
| TITELBLAD | I |
| DANKBETUIGING | II |
| OPSOMMING | III |
| SUMMARY | V |
| INHOUDSOPGAWE | VIII |

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1.


1. **DIE PROBLEEM, DOEL, METODE EN TEORETIESE STELLING VAN DIE STUDIE ASOOK INLEIDENDE GEDAGTES OOR DIE PREDIKING EN INDUSTRIALISASIE.** 1

1.1. Die benaming homiletiek. 1
1.2. Hoe ervaar mense die prediking volgens die vertrekpunte van hierdie moderne homiletiese teorie - Die probleem. 2
1.3. Die doel van die studie. 4
1.4. Die ontwikkeling van industrialisasie en die probleem waarmee die kerk te doen het. 4
1.4.1. Agtergrond. 4
1.4.1.1. Die proses van industrialisering in die wêreld. 4
1.4.1.2. Die proses van industrialisering in Suid-Afrika. 6
1.4.2. Die breë probleem waarmee die kerk te doen het in 'n industriële gemeenskap. 9
1.4.3. Industriële bediening as 'n werkswyse van die kerk. 11
1.5. Die metode. 13
1.6. Teoretiese Stelling. 14
1.7. Inleidende gedagtes oor die prediking. 14
1.7.1. Algemene kritiek teen die prediking. 14
1.7.2. 'n Reformatoriese siening van die prediking in die tweede helfte van die twintigste eeu soos deur Pieterse, Long en Dingemans voorgestaan. 20
1.8. Die verdere verloop van die studie. 32


## HOOFSTUK 2.


2. **DIE TEORIE VAN H.J.C. PIETERSE.** 34

| | | |
|---|---|---|
| 2.1. | Benadering tot die vak praktiese teologie. | 34 |
| 2.1.1. | Inleiding. | 34 |
| 2.1.2. | Die begrip teologie. | 35 |
| 2.1.3. | Praktiese Teologie. | 35 |
| 2.1.4. | 'n Hermeneutiese Benadering. | 37 |
| 2.1.5. | Kommunikasiegebeure in 'n Bybelse perspektief. | 40 |
| 2.1.6. | Die Handelingswetenskaplike benadering. | 42 |
| 2.1.7. | Teologiese benadering vir basisteorieë. | 45 |
| 2.1.7.1. | 'n Pneumatologie. | 45 |
| 2.1.7.2. | Kommunikasieteorieë binne 'n prakties-teologiese perspektief. | 46 |
| 2.1.7.2.1. | Die standpunt van H.J.C. Pieterse oor die dialogiese kommunikasieteorie. | 48 |
| 2.1.7.3. | 'n Prakties-Teologiese Ekklesiologie. | 52 |
| 2.1.7.3.1. | Kerkmodelle. | 53 |
| 2.1.7.4. | Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering. | 54 |
| 2.1.8. | Die teorie-praxis-verhouding in die praktiese teologie. | 56 |
| 2.1.9. | Empiriese benadering tot die Praktiese Teologie. | 58 |
| 2.2. | Homiletiese teorie. | 59 |
| 2.2.1. | Inleiding. | 59 |
| 2.2.2. | Praktykteorieë. | 60 |
| 2.2.3. | Die homiletiese teorie van H.J.C. Pieterse. | 60 |
| 2.2.3.1. | Prediking as uitleg en toepassing van die teks. | 60 |
| 2.2.3.2. | 'n Verwikkelde kommunikasieproses. | 61 |
| 2.2.3.3. | Prediking as 'n vorm van massakommunikasie. | 63 |
| 2.2.3.4. | Prediking as dialoog. | 64 |
| 2.2.3.4.1. | Dialoog in preekwerkgroepe. | 66 |
| 2.2.3.5. | Die proses tussen teks en preek. | 69 |
| 2.2.3.6. | Verwoording van die preek. | 72 |
| 2.2.3.7. | Preekvorme. | 77 |
| 2.2.3.8. | Preeklewering. | 79 |
| 2.2.3.9. | Die hoorders van die preek. | 81 |
| 2.2.3.10. | Gemeente-deelname aan die preek. | 84 |

2.2.3.11. Effek van die preek. 86
2.2.4. Gevolgtrekking. 87

## HOOFSTUK 3.

3. **DIE TEORIE VAN T.G. LONG.** 88

3.1. Inleiding. 88
3.2. Wat beteken dit om te preek. 88
3.2.1. Die gebeure rondom die prediking. 89
3.2.2. Beelde van die prediker. 89
3.2.2.1. Die boodskapper. 90
3.2.2.2. Die pastor. 90
3.2.2.3. Die storieverteller. 92
3.2.2.4. Die prediker as getuie. 94
3.3. Die Bybelse getuienis in prediking. 96
3.3.1. Bybelse prediking as normatief. 96
3.3.2. Skrif, teologie en kontemporêre ervaring. 97
3.3.2.1. 'n Kritiese ingestelde visie op die Skrif. 97
3.3.2.2. 'n Teologiese erfenis. 97
3.3.2.3. 'n Bewustheid vir die omstandighede van die hoorders. 98
3.4. Bybelse eksegese vir prediking. 99
3.4.1. 'n Uiteensetting van 'n eksegetiese metode vir die prediking. 99
3.4.1.1. Kry die teks onder oë. 99
3.4.1.2. Raak betrokke by die teks. 100
3.4.1.3. Aandag gee aan die teks. 101
3.4.1.4. Toetsing van dit wat gehoor is in die teks. 102
3.4.1.5. Beweging na die preek toe. 104
3.5. Die fokus en funksie van die preek. 104
3.5.1. Die brug tussen die teks en die preek. 104
3.5.2. Fokus en funksie. 106
3.6. Die basiese vorm van die preek. 107
3.7. Verfyning van die vorm. 110
3.8. Inleidings, verbindings en afsluitings. 114

| | | |
|---|---|---|
| 3.8.1. | Die preek inleiding. | 114 |
| 3.8.2. | Om verbindings te maak. | 116 |
| 3.8.3. | Die afsluiting. | 118 |
| 3.9. | Beelde en verhale in preke. | 118 |
| 3.9.1. | Die vergelyking. | 120 |
| 3.9.2. | Sinekdogee. | 120 |
| 3.9.3. | Metafoor. | 121 |
| 3.9.4. | Beeldspraak en die prediking. | 121 |
| 3.10. | Vanaf die skryftafel tot by die preekstoel. | 123 |
| 3.11. | Gesprekke langs die pelgrimsweg. | 125 |
| 3.12. | Gevolgtrekking. | 129 |

**HOOFSTUK 4.**

| | | |
|---|---|---|
| **4.** | **DIE TEORIE VAN G.D.J. DINGEMANS.** | 130 |
| A. | BENADERING TOT DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE. | 130 |
| 4.1. | Inleiding. | 130 |
| 4.2. | Stand van sake. | 130 |
| 4.2.1. | Die praxis van die praktiese teologie. | 130 |
| 4.2.2. | Praktiese teologie as wetenskap. | 133 |
| 4.2.3. | Metodes in die praktiese teologie. | 135 |
| 4.2.4. | Praktiese teologie as 'n teologiese wetenskap. | 137 |
| 4.2.5. | Die vak en sy veld. | 139 |
| 4.3. | 'n Prakties-teologiese korrelasieteorie. | 140 |
| 4.3.1. | Basisteorie. | 140 |
| 4.3.1.1. | 'n Algemene basisteorie. | 140 |
| 4.3.1.2. | Praktykvelde as interaksievelde. | 141 |
| 4.3.1.3. | Aktiwiteite binne die interaksievelde. | 143 |
| 4.3.1.4. | 'n Inhoudelike basisteorie. | 144 |
| 4.3.2. | Interaksievelde. | 148 |
| 4.3.2.1. | Die bydrae van die Christelike tradisie aan die samelewing. | 148 |
| 4.3.2.2. | Die betekenis van geloof in die lewe van individuele mense. | 151 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.3.2.3. | Die kerk as brug tussen evangelie, mens en samelewing. | 153 |
| B. | HOMILETIESE TEORIE. | 155 |
| 4.4. | Inleiding. | 155 |
| 4.4.1. | Mense soek na God. | 155 |
| 4.4.2. | Die hoorders is die uitgangspunt. | 156 |
| 4.4.3. | Die hoorders luister selektief. | 156 |
| 4.4.4. | Die predikant as hoorder onder die hoorders. | 156 |
| 4.4.5. | 'n Hermeneutiese homiletiek. | 157 |
| 4.5. | Agtergrond en uitgangspunte (fundamentele homiletiek). | 157 |
| 4.5.1. | Waarom moet daar gepreek word? | 157 |
| 4.6. | Teologiese uitgangspunte vir 'n homiletiese teorie. | 159 |
| 4.6.1. | Die bron van die prediking. | 159 |
| 4.6.2. | Die preek as derde gestalte van die Woord of as wisselwerking van die Gees met ons gees. | 159 |
| 4.6.3. | Verskillende wyses van preek. | 160 |
| 4.6.4. | Die preek in die erediens. | 161 |
| 4.6.5. | Die predikant as homileet. | 161 |
| 4.6.6. | Die preek as interaksie of ontmoeting. | 162 |
| 4.7. | Met die oog op die hoorders ... | 162 |
| 4.7.1. | Tipologie van die hoorders ... | 162 |
| 4.7.2. | Teologiese visie op die hoorders. | 164 |
| 4.7.2.1. | Standpunte van verskillende teoloë oor die hoorders. | 164 |
| 4.7.2.2. | Die ambivalensie van die hoorders as teologiese uitgangspunt. | 164 |
| 4.8. | Tussen teks en preek (homiletiese hermeneutiek). | 165 |
| 4.8.1. | Hermeneutiese agtergronde. | 165 |
| 4.8.1.1. | Die klassieke hermeneutiek. | 165 |
| 4.8.1.2. | Verskillende benaderingsvlakke. | 166 |
| 4.8.1.3. | Moderne ontwikkelings. | 166 |
| 4.8.1.4. | Die nuwe hermeneutiese tradisie. | 166 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.8.1.5. | 'n Hermeneutiese model gebaseer op Gadamer en Ricoeur. | 167 |
| 4.8.1.6. | Die betroubaarheid van menslike kennis en kommunikasie. | 167 |
| 4.9. | Paradigmatiese teksbenaderings. | 167 |
| 4.9.1. | 'n Dubbele beweging. | 167 |
| 4.9.2. | Interpretasiemodelle of paradigmata. | 168 |
| 4.9.2.1. | Die klassieke interpretasiemodelle. | 168 |
| 4.9.2.2. | Moderne paradigmata. | 168 |
| 4.9.2.3. | Die Eksodus-model. | 169 |
| 4.9.2.4. | Die Eksiel-model. | 169 |
| 4.9.2.5. | Preek uit die Ou Testament. | 170 |
| 4.10. | Eksegeties-homiletiese teksanalise. | 170 |
| 4.10.1. | Die verskillende lae in die Bybel. | 170 |
| 4.10.2. | Die semiotiese benaderingswyse. | 171 |
| 4.10.3. | Diachroniese en sinchroniese benadering. | 171 |
| 4.10.4. | Die bewegings binne tekste. | 171 |
| 4.10.5. | Teksanalise en homiletiese analise. | 172 |
| 4.10.6. | Bemiddeling van geloofservarings. | 172 |
| 4.10.7. | Konklusie. | 172 |
| 4.11. | Die preek as instrument van oordrag (homiletiese kommunikasie). | 173 |
| 4.11.1. | Die preek as kommunikasiemiddel. | 173 |
| 4.11.1.1. | Kommunikasiewetenskap. | 173 |
| 4.11.1.2. | Kommunikasievelde. | 173 |
| 4.11.1.3 | Drie wyses van kommunikasie. | 174 |
| 4.11.1.4. | Die persoon van die kommunikator. | 175 |
| 4.12. | Die preek as betoog en as homilie. | 176 |
| 4.12.1. | Die preek as betoog. | 176 |
| 4.12.2. | Die preek as homilie. | 176 |
| 4.12.2.1. | Die narratiewe vorm. | 176 |
| 4.12.2.2. | Die beweging in die teks. | 177 |
| 4.13. | Die betekenis en die besielende krag van die taal. | 177 |
| 4.14. | Die praktyk van die preekvoorbereiding (praktiese homiletiek). | 178 |
| 4.14.1. | Konsentrasie op die preekteks. | 178 |

4.14.1.1. Die eerste voorbereiding (inventio). 178
4.14.1.2. Die eksegese (praeparatio). 179
4.14.2. Verskillende wyses van preek. 180
4.14.3. Die vormgewing van die preek. 183
4.14.3.1. Die "inval" of die kreatiewe moment. 183
4.14.3.2. Komposisiereëls. 183
4.14.3.3. Die begin van die preek. 184
4.14.3.4. Die taal van die preek. 185
4.14.3.5. Die slot van die preek. 185

**HOOFSTUK 5.**

5. **'N VERGELYKING TUSSEN DIE TEORIEë VAN H.J.C. PIETERSE, T.G. LONG EN G.D.J. DINGEMANS.** 186

5.1. Die benadering tot die vak Praktiese Teologie. 186
5.1.1. Inleiding. 186
5.1.2. Die normvraag as onderskeidingsbeginsel. 188
5.1.3. Verskillende benaderings. 190
5.1.4. Formulering van teorieë by Pieterse en Dingemans. 193
5.1.4.1. Pneumatologie. 195
5.1.4.2. Kommunikasieteorieë. 196
5.1.4.3. Ekklesiologie. 199
5.1.4.4. Hermeneutiek as die breë raam van alle interpretasies. 200
5.1.5. Die praxis van die Praktiese Teologie. 201
5.1.6. Praktykvelde. 203
5.1.7. Metodologie. 204
5.2. Ooreenkomste tussen Pieterse, Long en Dingemans oor hulle homiletiese teorieë. 205
5.2.1. Inleiding. 205
5.2.2. Beskouings oor die preek. 206
5.2.3. Die prediker. 207

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4. | Die hoorders. | 208 |
| 5.2.5. | Die belangrikheid van die teks. | 210 |
| 5.2.6. | Stappe in die preekvoorbereiding. | 211 |
| 5.2.7. | Die taal van die preek. | 213 |
| 5.2.8. | Preekvorme en preeksoorte. | 213 |
| 5.2.9. | Beeldspraak. | 216 |
| 5.2.10. | Die begin van die preek. | 217 |
| 5.2.11. | Die slot van die preek. | 218 |
| 5.2.12. | Preeklewering. | 220 |
| 5.2.13. | Preek as interaksie of ontmoeting. | 223 |
| 5.2.14. | Die dialogiese kommunikasiegebeure tydens die prediking. | 224 |
| 5.2.15. | Gemeentedeelname aan die preek. | 225 |
| 5.2.16. | Die effek van die preek. | 227 |
| 5.2.17. | Gevolgtrekking. | 228 |


## HOOFSTUK 6.


| | | |
|---|---|---|
| 6. | **'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TEORIEë VAN H.J.C. PIETERSE, T.G. LONG EN G.D.J. DINGEMANS.** | 229 |
| 6.1. | Die noodsaaklikheid van 'n kritiese evaluering. | 229 |
| 6.2. | 'n Kritiese evaluering van die teorie van H.J.C. Pieterse. | 231 |
| 6.2.1. | Oorbeklemtoning van die Christologie. | 231 |
| 6.2.2. | Kritiek teen Pieterse se teorie oor die pneumatologie. | 233 |
| 6.2.3. | Die hermeneutiese teenoor die empiriese. | 234 |
| 6.2.4. | Retoriek. | 235 |
| 6.2.5. | Poëtiese preekvorm. | 236 |
| 6.2.6. | Metafore. | 237 |
| 6.2.6.1. | Gebruik van metafore. | 237 |
| 6.2.6.2. | Liggaam van Christus. | 237 |
| 6.2.7. | Dialogiese kommunikasiemodel. | 238 |

6.2.7.1. Oorredingskommunikasie. 239
6.3. 'n Kritiese evaluering van die teorie van T.G. Long. 240
6.3.1. Die afwesigheid van 'n prakties-teologiese teorie. 240
6.3.2. Preekvorme. 240
6.3.3. Christologie van Long. 242
6.3.4. Getuienismodel. 242
6.3.5. Genre-onderskeiding. 243
6.3.6. Beeldspraak. 244
6.3.7. Retoriek. 244
6.4. 'n Kritiese evaluering van die teorie van G.D.J. Dingemans. 245
6.4.1. Kommunikasieteorie. 245
6.4.2. Hermeneutiese en homiletiese teorie. 247
6.4.3. Homilie en die retoriek. 248
6.4.3.1. Homilie. 248
6.4.3.2. Retoriek. 248
6.4.4. Die narratiewe vorm. 249
6.4.5. Model vir die prediking. 250
6.4.6. Die huweliksdiens. 250
6.4.7. Geheelbeeld. 252

**HOOFSTUK 7.**

**7. DIE STERKPUNTE VAN HIERDIE MODERNE HOMILETIESE TEORIE EN DIE WAARDE DAARVAN VIR DIE PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE SITUASIE.** 253

7.1. Definisie van die Praktiese Teologie. 253
7.2. Begrippe. 253
7.3. Praktiese Teologie se plek in die teologie. 254
7.4. Praktiese Teologie as 'n handelingswetenskap in 'n hermeneutiese raamwerk. 255

| | | |
|---|---|---|
| 7.5. | Metodes in die Praktiese Teologie. | 256 |
| 7.6. | Teorie-praxis-verhouding in die praktiese teologie in 'n hermeneutiese raamwerk. | 257 |
| 7.7. | Die gerigtheid van hierdie moderne homiletiese teorie. | 258 |
| 7.8. | 'n Kommunikasieteorie binne 'n prakties-teologiese perspektief. | 259 |
| 7.9. | Die belangrikheid van die hoorders. | 260 |
| 7.10. | Die plek van die teks. | 262 |
| 7.11. | Die preek. | 263 |
| 7.12. | Prediking in 'n industriële konteks. | 264 |
| 7.12.1. | Moderne siening oor die hoorders van die preek. | 264 |
| 7.12.2. | Die hoorders in 'n industriële situasie soos Secunda. | 271 |
| 7.12.2.1. | Inleiding. | 271 |
| 7.12.2.2. | Beeldspraak in die prediking. | 272 |
| 7.12.2.3. | Retorika. | 282 |
| 7.12.2.4. | Die gebruik van teologiese begrippe. | 285 |
| 7.12.2.5. | 'n Hermeneutiese benadering. | 287 |
| 7.12.2.6. | Die dialogiese kommunikasieteorie. | 288 |
| 7.13. | Konklusies. | 290 |
| 7.13.1. | Die doel van die ondersoek. | 290 |
| 7.13.2. | Die metode en die verloop van die ondersoek. | 290 |
| 7.13.3. | Die teoretiese stelling. | 291 |
| 7.13.4. | Die argument van hierdie ondersoek. | 293 |
| 7.13.5. | Die probleem. | 294 |
| 7.14. | Slot. | 295 |
| | **BIBLIOGRAFIE.** | 296 |

# PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE KONTEKS IN DIE LIG VAN 'N MODERNE HOMILETIESE TEORIE.

## HOOFSTUK 1.

### 1. DIE PROBLEEM, DOEL, METODE EN TEORETIESE STELLING VAN DIE STUDIE ASOOK INLEIDENDE GEDAGTES OOR DIE PREDIKING EN INDUSTRIALISASIE.

### 1.1. DIE BENAMING HOMILETIEK.

Die benaming homiletiek dui die studieveld aan waar die teorie van die prediking bestudeer word. In die Middeleeue is die studieveld *'ars praedicandi'* en *'ars praedicatoria'*, of selfs *'ars concionandi'* genoem. Na die Hervorming word dit *'ars'*, of *'ratio'*, of *'methodus concionandi'* genoem. Sommige het ook gepraat van *'rhetorica sacra'*. Vanaf die tweede helfte van die sewentiende eeu word die begrip homiletiek gebruik, maar dan as 'n adjektief: *'methodologia homiletica'* (1672), *'compendium theologiae homileticae'* (1677), *'cursus homileticus'* (1701). Sedertdien het die naam homiletiek vir die teorie van die prediking inslag gevind in Duitsland, Frankryk en Nederland.

In die Engelse taalwêreld kom die naam *'Homiletics'* in 1922 voor, hoewel die begrip *'preaching'* tog die meeste gebruik word. Homiletiek is afgelei van die Griekse woord *'homilia'*, wat in die Nuwe Testament deurgaans as dialoog verstaan is, en waarmee die Bybel tegelyk ook die wesenlike struktuur van die prediking vir ons aandui (Pieterse 1983:3-4).

## 1.2. HOE ERVAAR MENSE DIE PREDIKING VOLGENS DIE VERTREKPUNTE VAN HIERDIE MODERNE HOMILETIESE TEORIE - DIE PROBLEEM.

Deur die jare het baie teorieë en standpunte na vore gekom, wat alles pogings was om riglyne daar te stel oor hoe daar gepreek moet word. Pieterse (1993:99-100; vgl. ook Burger 1991:59) onderskei drie basiese benaderinge wat in die praktiese teologie in Suid-Afrika geïdentifiseer kan word. Hierdie benaderinge is die diakoniologiese benadering of soos Burger (1991:59) dit noem 'n konfessionele benadering, 'n handelingswetenskaplike benadering of soos Burger (1991:59) dit formuleer 'n korrelatiewe benadering, en 'n kontekstuele benadering. Binne elk van hierdie breë benaderinge is daar weer aksentverskille en tussen die benaderinge is daar oorgangsvorme met eie aksente.

Hierdie studie sal beperk word tot die homiletiese werk van Pieterse, Long en Dingemans om hanteerbare en praktiese redes. Verder is dit so dat die drie skrywers verteenwoordigers is van die nuwe ontwikkelinge in die homiletiek sedert 1970 in die Verenigde State van Amerika, Nederland en Suid-Afrika. C.J.A. Vos het in 1995 en in 1996 'n volledige homiletiek op die tafel geplaas (Vos 1995; 1996). Die aard en ontwikkeling van hierdie studie is egter sodanig dat Vos se homiletiek nie hier in detail behandel word nie, maar funksioneer as 'n kritiese stem ten opsigte van die genoemde drie homilete, hoewel hyself deel uitmaak van hierdie moderne homiletiese benadering. Die leser sal merk dat sy werk veral vanaf hoofstuk 6 'n gespreksgenoot word. Sy werk verdien egter 'n ondersoek deur 'n volgende navorser.

Hierdie moderne homiletiese teorieë van Pieterse, Long en Dingemans wat in hierdie studie behandel word, val onder die handelingswetenskaplike benadering soos wat Pieterse dit noem of die hermeneutiese interpretasiewetenskap soos Dingemans dit noem of volgens Burger die korrelatiewe benadering, binne 'n oorkoepelende hermeneutiese teorie (Pieterse 1993:71-89; Dingemans 1991). Hierdie teorie is egter nie net tot Suid-Afrika

beperk nie. Praktiese teoloë oor die hele wêreld is in die laaste dekades besig met 'n herbesinning oor die metodologie van die vak. In die Westerse wêreld was daar 'n intense wetenskapsteoretiese diskussie oor die grondslae van die praktiese teologie as wetenskap. Daar wil na hierdie moderne homiletiese teorie gekyk word, veral soos dit in die jongste jare binne die paradigma van die kommunikatiewe handelingsteorie van Jurgen Habermas, ontwikkel het. Binne hierdie paradigma word die praktiese teologie gesien as 'n teologiese kommunikatiewe handelingsteorie.

Die begrip moderne homiletiese teorie beteken in die breë, die ontwikkeling in die homiletiek onder invloed van die ontwikkelinge in die hermeneutiek van Gadamer en Ricoeur (Jeanrond 1988).

Hierdie moderne homiletiese teorie ondersoek, beplan, bespreek, besin en doen navorsing met die bedoeling om teorieë te ontwikkel en werkswyses te vind, sodat die boodskap van die evangelie deur die prediking beter by die hoorders sal tuiskom tydens die eredienste.

Die ontwikkeling van hierdie moderne homiletiese teorie het oor 'n hele aantal jare geskied en in die proses het nuwe perspektiewe oor die prediking na vore gekom. In hierdie ontwikkeling het sekere teorieë totstand gekom wat in die praktyk op baie vlakke getoets moet word. Hierdie studie wil deur die teorieë van Pieterse, Long en Dingemans aantoon, hoe die hoorders in 'n sekere konteks die prediking behoort te ervaar, wat ingerig is volgens die vertrekpunte van hierdie moderne homiletiese teorie.

Daar word baie gepreek en baie mense woon die eredienste gereeld by, maar wat beteken die prediking vir hulle? Hoor hulle werklik wat gesê word? Word daar op so 'n manier gepreek dat die hoorders daarna die boodskap van toepassing kan maak in hulle lewens? Hierdie basiese tipe van vrae gee aanleiding daartoe dat

die probleem wat in hierdie studie ondersoek word soos volg geformuleer word.

**Die probleem is: Kan die prediking in 'n industriële konteks volgens hierdie moderne homiletiese teorie die evangelie vandag op 'n sinvolle wyse aan die hoorders oordra?** (Pieterse 1988: 79-82).

## 1.3. DIE DOEL VAN DIE STUDIE.

Die evaluering van hierdie teorie in die praktyk het tot dusver meestal geskied in gemeentes waar die lidmate in die algemeen 'n hoë akademiese opleiding ontvang het of besig is om te ontvang. Dit is gedoen in studentegemeentes of gemeentes wat naby aan universiteite geleë is asook in voorstedelike gemeentes waar baie professionele mense woonagtig is en wat 'n hoë finansiële- en lewenspeil handhaaf (Pieterse 1985; 1991). Evaluering en besinning hieroor is nog nie in plattelandse gemeentes of gemeentes in 'n industriële gebied gedoen nie.

**Die doel van hierdie studie is om die teorie te evalueer met die oog op 'n gemeente in 'n industriële konteks. Die gemeente waarna hier verwys word is die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Secunda.**

## 1.4. DIE ONTWIKKELING VAN INDUSTRIALISASIE EN DIE PROBLEEM WAARMEE DIE KERK TE DOEN HET.

### 1.4.1. AGTERGROND.

#### 1.4.1.1. DIE PROSES VAN INDUSTRIALISERING IN DIE WêRELD.

Oral in die wêreld word ondervind dat 'n verbeterde lewenstandaard in 'n groot mate afhanklik is van 'n doeltreffende ekonomie.

Tydens die voor- industriële era 1500-1785, het enige aktiwiteit

wat enigsins industrieel genoem kon word, direk verband gehou met die landboukundige behoeftes van die landheer. Dit het hoofsaaklik gegaan oor die vervaardiging en instandhouding van die primitiewe landbou-implemente van daardie tyd, of met die verskaffing van voedsel, woonplek deur meulenaars en messelaars. Die belangrikste werkgewers was die landhere wat gewoonlik prinse, biskoppe of monnike was wat grond besit het. Die res van die bevolking het 'n selfversorgende ekonomie gehad (Hulley 1987:21-22).

Die Middeleeuse dorpe het gegroei rondom vier instellings in die gemeenskap naamlik, die kerk, die gesin, die gilde en die markplein. Die ekonomiese stelsel het om die handwerkgildes gewentel. Ambagsmanne wat lede van 'n gilde was, het vakleerlinge en opgeleide werkers in diens geneem wat handwerkgoedere vervaardig het. Die gildes het elke aspek van hul vak beheer, soos die inkomste van die werkers, die tegnologie wat in produksie gebruik word, en die prys en die verspreiding van die vervaardigde produkte. Saam het die gildes probeer om die hele ekonomie te beheer.

In hierdie tyd was die grootste bron van krag hoofsaaklik die primitiewe gebruik van wind en water asook die krag van diere en mense. Hout, yster en brons was die belangrikste materiale wat in vervaardiging gebruik is. Die vervoerstelsels was baie primitief. Die mens moes dit self te voet vervoer of diere is gebruik om dit te dra of in waens langs primitiewe paaie te trek. In die internasionale handel is seilskepe gebruik.

Geleidelik het verandering begin intree en het daar 'n tipe van 'n markekonomie tot stand gekom. Dit is aangehelp deur verandering in die tekstielbedryf, navigasie, drukkuns en militêre operasies. Meer en meer goedere het vir handelsdoeleindes beskikbaar geword en die ou tradisionele wyses kon nie meer beheer daaroor uitoefen nie, en so het handelaars die lede van die ambagsgildes begin vervang as die oorheersende mag van die ekonomie. Daar het ook 'n behoefte aan geld ontstaan

en as gevolg daarvan, het 'n geldmark en 'n bankstelsel ontstaan. In 1775 het die era van stoomkrag aangebreek en dit het gelei tot ingrypende veranderings in die samelewing (Hulley 1987:23-25).

In die vroeë industriële era 1785 - 1870, het die fabriekstelsel totstand gekom. Dit is 'n stelsel wat meer as enigiets anders verantwoordelik was vir die vorming van die moderne samelewing in die sogenaamde ontwikkelde lande.

Verstedeliking het snel toegeneem. Mense moes aanpas by 'n nuwe tipe van lewenspatroon. Verder het masjinerie in die plek gekom van handearbeid. Nuwe vaardighede moes aangeleer word en die werkstempo is nou deur masjiene bepaal. Nuwe sosiale groepe, nuwe en vreemde gesagspatrone, en nuwe hierargieë, het die ou tradisionele sosiale verhoudinge vervang. Die uitwerking van hierdie drie faktore was van so 'n aard dat die waardes en kultuur wat die mense met hulle saamgebring het, nie versoenbaar was met die nuwe situasie nie (Hulley 1987:26).

Vanaf 1870 bereik baie Westerse lande 'n volwasse industriële era. Fabrieke en ander industriële aanlegte funksioneer nou meer geordend en gestruktueerd. Bestuur, administrasie en bemarking word noodsaaklik. Desentralisasie vind plaas. Namate industriële ondernemings groei, raak hulle meer burokraties. Vakunies speel 'n belangrike rol. Sover moontlik word funksies gestandaardiseer en geroetineer. Mense word in diens geneem, bevorder, verplaas en afgedank volgens vaste prosedures. Metropolitaanse gebiede ontwikkel met 'n onpersoonlike karakter, waar baie mense woon en werk en tog vreemd is vir mekaar (Hulley 1987:31-36).

#### 1.4.1.2. <u>DIE PROSES VAN INDUSTRIALISERING IN SUID-AFRIKA.</u>

Pieterse (1991:46) voer aan dat die ontwikkeling van die ekonomiese lewe in Suid-Afrika by wyse van samevatting, in drie tydvakke ingedeel kan word.

Die periode van die begin van menslike bewoning tot die laaste kwart van die 19de eeu toe die ekonomiese stelsel in hoofsaak op die landboubasis gerus het. Die periode vanaf die laaste kwart van die 19de eeu tot die eerste Wêreldoorlog waarin diamant- goud- en steenkoolontginning 'n rol begin speel het naas die landboubedrywighede. Die periode sedert die eerste Wêreldoorlog waarin sekondêre nywerhede snelle vooruitgang maak met gevolglike tegniese ontwikkeling.

Hulley (1987:37-65) bespreek sekere aspekte van die proses van 'n industrialisering in Suid-Afrika meer volledig en hy maak ook van 'n driedelige tydfase gebruik naamlik: die voor-industriële era van 1600 - 1867; die vroeë industriële era 1867 - 1933 en die volwasse industriële era vanaf 1928 tot die huidige tyd.

In die voor- industriële era was die lewenswyse in 'n groot mate tradisioneel en selfonderhoudend. Die boesmans het 'n steentydperkkultuur gehad. Hulle het gejag en geen begrip van privaat eiendom gehad nie. Die hottentotte het ekonomies 'n meer ontwikkelde samelewing as die boesmans gehad. Sommige was jagters, terwyl ander veeboere was. Hulle het selfs die kuns bemeester om koper en yster te smelt en te bewerk. Die swartes het gefunksioneer onder 'n stamstelsel waar opperhoofde regeer het en waar uitgebreide gesinstelsels 'n belangrike rol gespeel het. Vee was privaat eiendom, maar grond is beskou as gemeenskaplik en onvervreembaar.

Met die aankoms van die setlaars aan die Kaap het daar wel ontwikkeling plaasgevind. Van hulle was vryburgers. Die wingerdbou en wynmaakbedryf het begin vorm aanneem. Sommige het met vee begin boer. Later het die handel en sakeondernemings begin groei en in 1837 het die eerste handelsbank tot stand gekom.

Die vroeë industriële era het begin met die ontdekking van diamante in 1867 by Hopetown, en toe daar goud ontdek is in Transvaal in 1884.

Duisende mense het op hierdie gebiede toegesak. Spoedig was Kimberley 'n stad van 50 000 mense en teen 1907 het die werknemers by goudmyne aan die Rand tot meer as 160 000 toegeneem. Die totale bevolking was natuurlik veel groter gewees.

Die behoefte na energie het die vraag na steenkool gestimuleer, en gevolglik het steenkoolmynbou 'n belangrike industrie in eie reg geword. Evkom is in 1922 gestig en die Spoorweë het uitgebrei.

Myne was in hierdie tyd die grootste werkgewers in die stede, en hulle is een van die vernaamste oorsake van stedelike en industriële groei in gebiede wat vroeër net kaal veld was.

Die volwasse industriële era het begin in 1928 toe die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalkorporasie of beter bekend as Yskor, begin het om ru-gietyster en staal te vervaardig. Dit was eintlik die begin van die fabriekswese in Suid-Afrika.

Die uitbreiding van die fabriekswese in Suid-Afrika word goed geïllustreer as daar na die volgende gekyk word: Die getal werknemers in 1925 was 115 000 en die waarde van opbrengste was R49,40 miljoen. In 1968 was die getal werknemers 988 000 en die waarde van opbrengs R2393,00 miljoen.

Vanaf 1920 is die industriële groei ook gestimuleer deur regeringsmaatreëls. Die regering het die Nywerheids-ontwikkelingskorporasie (NOK) in 1940 gestig om industriële ontwikkeling te stimuleer en maatskappye soos SAPPI en SASOL het onder andere voordeel uit hierdie beleggings getrek.

Industrialisering en verstedeliking gaan hand aan hand. Tydens die "armblanke" probleem het tussen 200 000 en 300 000 ongeskoolde blankes na dorpe en stede gestroom om werk te soek, en dit het tot groot sosiale probleme gelei.

In die veertigerjare het 'n behoefte ontstaan na brandstof wat in Suid-Afrika vervaardig word. Dit het gelei tot die totstandkoming van SASOL. In die vroeë vyftigerjare het Sasol 1 op Sasolburg brandstof begin vervaardig en in die laat sewentigerjare is Sasol 2 en 3 op Secunda gebou. Brandstof en ander produkte word uit steenkool vervaardig en die twee hoof werkverskaffers op Secunda is dus die mynbou en die Sasol fabrieke.

### 1.4.2. DIE BREë PROBLEEM WAARMEE DIE KERK TE DOEN HET IN 'N INDUSTRIëLE GEMEENSKAP.

Die vraag is hoe word die prediking beleef in 'n gemeente wat hoofsaaklik in 'n industriële gebied geleë is? Die kenmerke van 'n industriële gemeenskap stem in breë trekke ooreen met die kenmerke wat Pieterse (1991:45) aandui as kenmerke van die huidige samelewing. Hierdie kenmerke is: 'n Snel veranderende samelewing, mobiliteit, onstabiliteit, onoorsigtelikheid, pluraliteit, arbeidskollektiwiteit en mondigheid.

Marais (1984) beweer dat, vanweë die belangrike en beslissende aard van die mens se werkwêreld het die woonwêreld vir die mens wat aan die industrie gebonde is in betekenis afgeneem. Vir baie het die woonplek weinig meer as net 'n plek geword om te oornag. Skofwerk byvoorbeeld, bring mee dat mense nie tuis gepla wil word nie.

Hierdie situasie raak die gemeenskapsbediening van die plaaslike gemeente nadelig. Gelowiges is op mekaar aangewys, maar die woonwêreld van die industrie-mens maak kontak egter moeilik en kerklike betrokkenheid kan geleidelik afneem. 'n Oorvol rolbesetting tydens die week, maak die industrie-mens sku om oor naweke aan enige gedwonge rolbesetting toe te gee. Hulle ontken maklik die noodwendigheid van gereelde kerkbesoek en die noodsaaklikheid om aan kerklike aktiwiteite deel te neem. Hulle woon dikwels die kerkdienste ongereeld by en neem selde aan kerklike aksies deel. Die neiging bestaan om tussen kerklikheid

en godsdienstigheid te onderskei. Baie dink dat 'n mens godsdienstig kan lewe sonder om aan 'n bepaalde kerk te behoort. Die kerklik- gestruktureerde godsdiens het vir hulle sinoniem met doodsheid geword. Hulle raak makliker opgewonde oor interkerklike en loskerklike aksies as oor iets wat deur die kerk as sodanig aangepak word. Baie verkies 'n meer los en spontane manier van aanbidding en soek geleentheid om aan hulle emosies vrye teuels te gee (Marais 1984:3-6).

Die moderne wêreld is hoofsaaklik 'n industriële wêreld. Dit is 'n wêreld met 'n duidelike skeiding tussen woonplek en werkplek. Verstedeliking het die vasstaande en geslote struktuur van die platteland vervang met 'n samelewing wat mobiel en oop is. In plaas van 'n landelike samelewingsorde wat op familiale en territoriale beginsels gegrond is, word daar nou 'n industriële pluriforme verstedelikte samelewing gevind. Hierdie nuwe samelewing is gebaseer op organisatories-funksionele beginsels wat hoofsaaklik onpersoonlik van aard is. Die verskillende samelewingseenhede wat aangetref word, word elk deur sy eie waardes en norme beheer. So byvoorbeeld verskil die definisie wat van die werklikheid gegee word binne die sportklub, kultuurorganisasie, skool, staat en die kerk sodanig van mekaar, dat die een instelling moeilik deur die ander beïnvloed kan word. Onder sulke omstandighede word die kerk vanselfsprekend teruggedwing tot die private lewe van die lidmate van die kerk, tot hulle sogenaamde innerlike geestelike lewe (Marais 1984:3).

Deur die jare het die kerk baie gedoen om die geestelike bearbeiding in 'n industriële situasie meer sinvol te maak, maar vanweë sy besondere posisie en strukturele opset bly dit 'n moeilike en strydende taak waarvoor daar nie maklike oplossings is nie.

Dit is ook moeilik vir die industrie om die praktiese werksaamheid van die kerk te akkommodeer. Die mense wat by die industrie betrokke is, behoort aan verskillende gelowe en as daar strukture binne die industrie vir een groep geskep word, moet dit

ook vir ander gedoen word. In die industrie gaan dit verder om finansies, tyd en produksie. Finansiële uitgawes moet so laag as moontlik gehou word, die beskikbare werkstyd moet so goed as moontlik benut word, en daar moet soveel as moontlik produkte vervaardig word sonder dat die gehalte van die produk daal. Die industrie wil graag hê dat sy werknemers in hulle totaliteit gelukkig moet wees, maar het tog die verwagting dat die kerk die geestelike bearbeiding moet verrig binne sy kerklike strukture. Een van die maniere hoe die kerk dit sinvol kan doen is deur die prediking, want in 'n gemeente wat in 'n industriële gebied gevestig is, is en bly die prediking van besondere belang.

In die verlede egter was daar verskeie pogings om geestelike bearbeiding in die industrie of werksplek te verrig. Die volgende is goeie voorbeelde daarvan.

### 1.4.3. INDUSTRIëLE BEDIENING AS 'N WERKSWYSE VAN DIE KERK.

Die kerk het op verskeie plekke in die wêreld, strukture daar gestel sodat die bediening in industriële gebiede kon verbeter. Hoofsaaklik was dit daarop gemik om die bediening uit te brei na die industrieë. Die gemeente bearbeiding gaan voort in die woongebied van die mense, maar saam daarmee wil die kerk sy taak uitbrei na die werksgebied van sy eie mense.

Voorbeelde van hierdie bedieningstrukture of industriële sendingaksies wat geloods was, is onder andere die Metodistiese model wat in Engeland gefunksioneer het onder die mynwerkers, fabriekswerkers en plaaswerkers. Die "La mission populaire evangelique" in Frankryk onder leiding van Robert Whitaker McAll. Die werker-priesterlike beweging van die Evangeliese Akademiese beweging in Duitsland, en die industriële sending van Sheffield (Hulley 1987:101-149).

Verskillende strategieë en benaderingswyses is toegepas. Margaret Kane (1980:116-121,164-165) wat werksaam was in Noord en Oos Engeland het haar besig gehou met groepwerk wat veral

toegespits was op die werkersklas.

Paradise (1968) se suksesvolste werk is verrig toe hy met die vakunies begin saamwerk het en betrokke geraak het met die etiese vrae rondom die industrie en die regte van die werknemers.

Northcott (1989) het hom toegespits op die bestuurslui en met hulle samewerking en goedkeuring is daar gewerk in groepe met die werkersklas. Hy was 'n voorstander daarvan dat die Sosiologie en die Teologie meer betrokke bymekaar moes wees. In die proses het dit vir hom meer gegaan oor die sosiale probleme in die industriële gemeenskap as oor die probleme van die individu.

Een van die probleme wat al drie skrywers beleef het, was dat daar tussen die plaaslike gemeentestrukture en die industriële bediening 'n groot kloof was. Finansiële hulp en geestelike werkers is wel voorsien, maar die algemene gemeentestrukture kan moeilik meer as dit akkommodeer. Kane se belewenis was dat die kerk negatief ingestel was teenoor die industriële bediening waarmee sy besig was, en Northcott wou 'n brug bou tussen die werkende mense van die industrieë, die gemeenskap en die kerk.

Baie ander skrywers het dieselfde beleef. White (1959) skryf in 'n artikel dat die kerk meer vir sy eie saak bid as vir die onrus in die gemeenskap, werkloosheid, regverdigheid en die werksituasie waarin die mens hom daagliks bevind. Luecke (1987) beklemtoon die situasie waarin die mens hom bevind en sê dat die kerk besondere aandag daaraan moet gee. In gemeenteverband kan die situasie van die industriële mens en die Bybelse teks nie van mekaar geskei word nie. Alle lede op alle vlakke moet in die kerk aanvaar word as medewerkers en as vriende van mekaar.

In die Suid-Afrikaanse situasie word baie dieselfde gesê. Duncun (1985) wys daarop dat daar 'n wye gaping is tussen die teologiese denke van die kerk en die aktuele geloofspraxis in die gemeenskap. Die teorie en die praxis is albei dele van dieselfde aktiwiteit. Die verhouding tussen teologiese refleksie en

teologiese aksies moet in balans wees. Dit moet gaan oor die totaliteit van die mens.

Tydens 'n winterskool seminaar wat op Potchefstroom (1985) gehou is, is daar ook gesê dat industriële sending of bediening baie laag op kerke se prioriteitslys is en as die kerk wil slaag in sy doel sodat daar 'n werklike kommunikasie verhouding tussen God en die industriële mens moet plaasvind, dan sal die kerk die individu moet motiveer en verander, asook die sisteme waarbinne mense funksioneer.

In 'n artikel wat Smuts (1983) geskryf het, en wat handel oor 'n groep Malawiese mynwerkers wat verbonde is aan 'n myn op die Wes-Rand, word gesien dat hulle as 'n werkgroep, 'n kerkgroep gestig het sonder die hulp van die plaaslike kerke. Hulle het 'n behoefte gehad aan 'n gemeente in 'n vreemde land wat aansluit en voorsien in hulle geestelike nood. Deur hierdie optrede het hulle gesorg dat hulle situasie en die kerk ten nouste bymekaar aansluit.

Die gevolgtrekking oor industriële bediening is dat dit vir die kerk en die industrie moeilik is om sinvolle geestelike bearbeiding in die werksplek te laat slaag, en dat dit beter is om dit in gemeenteverband te doen en daarom is hierdie studie grootliks gerig op prediking in 'n gemeentesituasie.

## 1.5. DIE METODE.

Mouton & Marais (1989:7) omskryf geesteswetenskaplike navorsing deur te sê dat dit 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit is waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel. Dit kan op 'n teoretiese wyse of op 'n teoretiese en empiriese wyse geskied.

**Wat die metode betref, word daar in hierdie ondersoek aangesluit by die praktiese teologiese benadering wat deur Pieterse (1993)**

**en Heitink (1993) voorgestaan word. In hierdie geval sal ons met 'n teoretiese ondersoek hierdie homiletiese teorie evalueer.**

## 1.6. TEORETIESE STELLING.

**Die teoretiese stelling wat hier ondersoek word, is dat hierdie moderne homiletiese teorie met 'n bewussyn van die ontwikkelinge in die moderne samelewing ontwerp is en dat die prediking volgens hierdie teorie sin in 'n industriële samelewing sal maak.**

## 1.7. INLEIDENDE GEDAGTES OOR DIE PREDIKING.

### 1.7.1. ALGEMENE KRITIEK TEEN DIE PREDIKING.

Een van die redes vir die ontstaan van moderne homiletiese teorieë het onder andere te make met die kritiek wat teen die prediking uitgespreek word.

Kellerman (1993:175) is van mening dat niemand die prediking as onaantasbaar en volmaak wil beskryf nie, maar by baie positiewe uitsprake wat daar oor die prediking gemaak kan word, is daar ook baie uitsprake wat negatief is. Moontlik is laasgenoemde dalk in die meerderheid.

Dit plaas die preek in die spervuur sê Vos (1995:1). Daar is egter baie faktore wat in ag geneem moet word. Faktore binne die erediens situasie waartydens die preek gelewer word, maar ook faktore rondom die erediens, met ander woorde, voor en na die erediens. Die doelwit met die prediking is dat daar 'n kommunikatiewe interaksie moet plaasvind tussen God en mens, maar baie keer is hierdie kommunikatiewe interaksie nie soos wat dit behoort te wees nie.

Volgens Kellerman (1993:175) kan die oorsake vir die probleem op verskillende plekke gesoek word, maar basies kom dit neer op twee terreine, naamlik die inhoud van die preek waar veral die hermeneutiese aspek belangrik is, maar ook die vorm van die preek

waar preekvorme, strukturering en kommunikasie die aandag vra. Dit gaan dus om die 'wat' en die 'hoe' van die prediking wat in albei gevalle deel is van die homiletiese proses (Firet 1973:53) en die homiletiese teorie (Pieterse 1985:170).

Baie skrywers het al kritiek teen die prediking uitgespreek. Jonker sê (1976:14), sommige gemeentelede vind die prediking te droog en vervelend, te dogmaties of te abstrak; ander vind dit oppervlakkig en onsamehangend, 'n herhaling van allerlei gedagtes sonder direkte betrekking op die lewe van elke dag. Die intellektueel ontwikkelde lidmate oordeel dat die wêreldjie van die predikant te klein is, sodat hy of sy dikwels geen besef het van die groot werklikhede waarmee die mens elke dag te make het nie. Die jeug vind die prediker dikwels te formeel en te styf, te goedig of te stroperig.

John Stott (1990:50-51) skryf dat sommige mense sê dat die dae van die prediking verby is. Dit is 'n kwynende kuns, 'n kommunikasievorm wat oudmodies geword het. Die drie hoofredes wat aangevoer word is "the anti-authority mood, the cybernetics revolution and the loss of confidence in the gospel." Mense het in opstand gekom teen gesag. Die ou ordes moet vervang word met nuwe ordes. Alle aanvaarbare samelewingstrukture soos die familie, skool, universiteit, staat, kerk, Bybel asook die pous en God moet bevraagteken en uitgedaag word. Die preekstoel word gesien as 'n simbool van gesag waarteen daar gerebelleer moet word. Die mens van vandag word geleer om vir homself of haarself te dink en sy of haar eie opinies en standpunte te vorm en daarom wil hulle nie deur die prediking voorgeskryf word nie.

Dingemans (1991:21) haal 'n paar besware aan wat teen prediking ingebring word en een daarvan sluit by hierdie gedagte aan. Die preek is baie duidelik 'n vorm van eenrigtingverkeer, terwyl ons in die tyd van die dialoog lewe. Die preek as 'n normatiewe betoog wat deur een persoon gelewer word, met gesag vanuit 'n hoë posisie, naamlik die preekstoel, is nie meer die manier hoe daar vandag gekommunikeer word nie.

Die wyse van kommunikasie of die kommunikasieproses tydens die prediking lok ook baie kritiek uit. Hierdie besware moet teen die agtergrond van die wêreld as 'n kommunikasienetwerk verstaan word. Daar is 'n informasieaanbod op alle lewensvlakke deur middel van boeke, tydskrifte, die televisie, die radio, die video, die film, strooibiljette, lesings en voordragte. Kommunikasie as 'n dinamiese proses maak van moderne leer- en oordragmetodes soos kursusse, seminare, gesprekke en leeskringe gebruik. In die vorige eeu toe koerante nog nie daagliks, weekliks of maandeliks kommentaar op wêreldgebeure gelewer het nie, was die preek 'n uitstekende bron om mense in te lig en op te voed. Die preek as kommunikasievorm stuit teen die werklikheid dat inligting, opvoeding, lering, vertroosting en vermaak op die oog af soveel meer doeltreffender kan plaasvind (Dingemans 1991:21). Die hedendaagse predikers sal rekening moet hou met televisie geöriënteerde gemeentes. Mense leer deur te luister, te bespreek, te kyk, te dink en te doen (Stott 1990:64-76).

Selfs wanneer hoorders die preek positief beleef, is hulle meestal nie in staat om die inhoud daarvan weer te gee nie. Dit het te doen met die geslote struktuur van die preek as eenrigtingkommunikasie waardeur die terugvoering maar gering is. Die preek as 'n vorm van eenrigtingverkeer kom in botsing met die kommunikasieproses as dialoog. Pieterse (1988:95-102) is van mening dat dialoog ruimte skep vir alle deelnemers se siening, maar dit beteken nie dat alle deelnemers met die preekgebeure saamstem nie, want hoewel dialoog op ooreenstemming gerig is, is dit nie sy vertrekpunt nie. Dingemans (1991:22) sluit hierby aan as hy sê dat dit wil voorkom asof die effek van die prediking uiters gering is. Ondersoeke het getoon dat die meeste mense maar enkele beelde en gedagtes uit 'n preek kan aanhaal.

Die prediker en die wyse waarop hy of sy met die preek omgaan, kan ook kritiek uitlok. Baie keer beoordeel die hoorders die preekoordrag aan die hand van die woordoordrag van openbare sprekers, asook die media soos die radio en die televisie. Die

vergelykings is nie altyd in die guns van die preekoordrag nie. Preke vertoon soms 'n gebrek aan struktuur, tekstuur, sinsritme, woordvernuf en kommunikasievaardighede. Al dié en nog meer gebreke bemoeilik die luisterproses aansienlik. Die gevolg is dat die hoorder slegs met moeite en inspanning aan die tekskommunikasie kan deelneem (Vos 1995:1; vgl. ook Vos 1992a:234).

Die taal waarin die prediker die boodskap bring, veroorsaak dikwels 'n semantiese geruis. Aan die een kant kan die prediker die hoorder met 'n informasieaanbod oorweldig en aan die ander kant kan die hoorder deur eindlose herhalinge verveel word. 'n Semantiese geruis kom ook voor waar die prediker en die hoorder in verskillende taalregisters praat. 'n Ooraanbod van teologiese en akademiese taal, en slordige gebruik van Afrikaans kan verhinder dat die preek sy bestemming bereik. Die kommunikasie van die preek word voorts bemoeilik deur die rasionalistiese binding daarvan. Preke word soms volgens punte gestruktureer sonder om die samehang of die beweging van die Bybelse teks in ag te neem. Die gevolg is dat die preek dan punt vir punt in 'n struktuur ingeforseer word (Vos 1995:1-2).

'n Deel van die preekkrisis gaan oor die vraag na die boodskap. Die Bybel is God se boek oor Homself, maar daar word gekla oor die verborge - en swygende God. Dit gaan oor die verdwyning van God uit die ervaringswêreld van die hedendaagse mens. Daar word gesê, die Bybelse boodskap kom uit 'n Oosterse milieu en werklikheidsbeskouing, wat eeue verwyderd is van ons moderne wêreld en sy sieninge. Die boodskap van die prediker gaan egter, so word daar soms geoordeel, by die nood en die vrae van die hedendaagse mens verby. Vrae waarop antwoorde gesoek word is: Hoe kan die preek mense in hulle angs, armoede en lyding help? Mense worstel met keuses en waardes. Hoe kan die Bybel mense help om vandag religieus-etiese keuses te maak? Bots dit nie lynreg met die vryheid van elke mens nie? Kan 'n ou Boek 'n steeds wisselende en veranderende waardestelsel normeer en reguleer? Moet elke tyd nie ou waardes afbreek en nuwe waardes

skep vir sy tyd en volgens sy behoeftes nie? Die betowerende krag van veral die televisie oorweldig menige kyker met waardes wat soms lynreg teenoor die Christelike etiek staan (Vos 1995:3; vgl. ook Vos 1992a:235-236).

Volgens Stott lyk dit asof die kerk sy vertroue in die evangelie verloor het. Die kerk het nie altyd 'n duidelike boodskap nie. Dit is een religie tussen baie. Dit wil voorkom asof die kerk vasgevang is in 'n identiteitskrisis (Stott 1990:83-89).

Die hoorder en sy wêreld plaas die preek ook in 'n krisis. Die hoorder leef in 'n godsdienstige, sosiale en geesteskonteks. Al drie hierdie kontekste het 'n invloed op die wyse waarop die hoorder die boodskap ontvang en verwerk. Die liturgie bied die godsdienstige konteks waarbinne die preek gelewer word. Die konteks van die preek is dikwels vaal, kleurloos en sonder verbeelding. Die liturgie is so voorspelbaar dat die hoorder deur verveling oorweldig word. Hierteenoor word die hoorders aan die skeppende en soms verbeeldingryke visuele liturgiek van die televisie blootgestel (Vos 1995:4; vgl. ook Vos 1992a:236).

Die hoorder se godsdienstige konteks word ook gevorm deur sy godsdienstige ervaring van kindsbeen af. Die hoorder kom nie met leë hande kerk toe nie. Hulle dra hulle godsdienstige en kulturele en politieke oortuigings, hulle lewenservaringe en hulle belydenisse met hulle saam. Verskuiwings in die mens se leefwêreld het ook 'n invloed op sy ervaring van God. Ekonomiese groei of 'n gebrek daaraan, die beskikbaarheid van arbeid al dan nie, armoede, fisiese en geestelike lyding en werkloosheid het 'n uitwerking op mense se Godservaring. Wanneer politieke magte vir 'n groep of volk gunstig is, kan dit maklik wees om God as naby te ervaar. Maar die verskuiwing van politieke kragte kan 'n duister ervaring van God se teenwoordigheid meebring. Die tyd waarin ons vandag leef dra die stempel van modernisasie wat kenmerke soos individualisme, pluralisme, relativisme, hedonisme en skeptisisme vertoon (Vos 1995:4; vgl. ook Vos 1992a:236-237).

Daar word ook gekla oor die effekloosheid van die preek. Die skynbaar geringe effek van die preek op die hoorder kan aan verskeie faktore gewyt word. Die hoorder word soms in die preekgebeure geëkskommunikeer. Die pluraliteit van die hoorders soos geestelike rypheid, leeftyd, intellektuele vatbaarheid, kulturele belewing en ekonomiese faktore kan die kommunikasie van die preek bemoeilik (Vos 1995:5; vgl. ook Vos 1992a:237).

Pieterse (1991:104-119) wys daarop dat sekere selektiewe prosesse die hoorervaring bemoeilik. Die hoorder verstaan die preek selektief binne sy eie werklikheid. Dit beteken dat die hoorder 'n selektiewe instelling ten opsigte van die preek het. Die hoorder het ook 'n selektiewe waarneming. Die hoorproses gaan verder met 'n selektiewe onthou gepaard. Al die komplekse prosesse maak dit baie moeilik vir die prediker.

Die hoorders leef tussen 'eina en amen'. Hulle sit in die kerk met hulle pyn, skuld en angs. Maar ook met hulle hoop, drome, verwagtinge en behoeftes (Dingemans 1991:64). Die kommunikasie van die preek word bemoeilik deur die veelheid van behoeftes wat aangespreek moet word soos fisiologiese behoeftes, sekuriteit, liefde en behorenheid, erkenning en waardering, selfontplooiing en selfverwesenliking. Daar moet gewaak word teen preke met 'n eensydige fokuspunt wat net sekere behoeftes aanspreek (Vos 1995:5-6; vgl. ook Vos 1992a:238).

Pieterse (1979:36-37) verwys na Ebeling wat sê, dat dit die taak van die teologie is om verantwoordelik oor God in hierdie werklikheid te spreek. 'n Werklikheid waarin die woord "God" feitlik heeltemal verdwyn het. Maar die mens kan nie sonder God leef nie. Hy kan nie daaraan ontkom dat die woord "God" tot ons taaltradisie behoort nie. Dit is die plig van die teologie om rekenskap te gee van die wyse waarop die woord "God" vandag ter sprake kom. In die verkondiging moet God dus weer opnuut ter sprake kom. Dit gaan in die verkondiging om 'n nuwe ter-sprake-kom van die Woord van God in 'n nuwe situasie.

Ebeling vind egter dat in die prediking van sy dag, op enkele uitsonderings na, hierdie gebeure nie plaasvind nie. Hy vind dat die spesifieke probleem in die Christelike verkondiging daarin lê dat dit soos 'n vreemde taal klink. Daarom gebeur daar so min in die prediking. Dit het so weinig met die lewe te doen, dit raak die werklikheid nie in sy kern nie. Dit is veraf, belangeloos en bring niks in beweging nie. Omdat die prediking dus nie van die behoeftes en die leefwêreld van die eietydse mens voldoende kennis neem nie, maak dit ook nie sin in hulle lewens nie.

Die taal wat in die prediking gebesig word, beantwoord nie aan die aansprake van wat dit werklik moet wees, naamlik die Woord van God in vandag se taal nie. Want wat in die prediking eintlik moet gebeur, is dat die verkondiging wat eenmaal geskied het, weer opnuut moet geskied. Om die geskiede kerugma weer tot 'n hier en nou geskiedende kerugma te maak, kan nie deur blote repetisie van die teks bereik word nie. En dit is juis die probleem met die verkondiging in die huidige tyd, naamlik dat dit 'n blote herhaling van die teks is.

Al hierdie kritiek teen die prediking lig die feit baie duidelik uit dat daar ruimte vir verbetering is. **Die argument van hierdie proefskrif is dat hierdie verbetering niks anders is as dat hierdie homiletiese teorie die verskuiwing moet maak van 'n beweging van die situasie van die hoorders na die teks en terug van die teks na die hoorders, in plaas van die beweging van die teks na die preek alleen.**

## 1.7.2. 'N REFORMATORIESE SIENING VAN DIE PREDIKING IN DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE TWINTIGSTE EEU SOOS DEUR PIETERSE, LONG EN DINGEMANS VOORGESTAAN.

Deur die jare is daar al baie gedink, gepraat en geskryf oor die prediking. Skrywers het verskillende sienings en standpunte oor die waarde, die noodsaaklikheid, die doel en die belangrikheid van die prediking. Die standpunte wat hier na verwys word is in

breë trekke 'n reformatoriese siening van die prediking soos dit in die laaste dekades ontwikkel het.

Die prediking tydens die erediens verrig 'n baie belangrike rol in die funksionering van 'n gemeente. Die lidmate wil werklik gevoed en versterk word deur die Woord van God. Indien die prediking hierdie behoefte nie vervul nie, sal daar altyd 'n mate van kritiek heers. In die Gereformeerde tradisie word daar weekliks in gemeentes gepreek en die erediens waarby die prediking ingesluit is, behoort die hoogtepunt te wees van die gemeente se weeklikse werksaamhede. De Villiers (1977:5) sê, prediking is die bediening van die Woord van God aan 'n gemeente in sy konkrete situasie. Anders gestel kan dit ook as die realisering van die openbaringswaarheid in 'n konkreetgerigte aktualiteit omskryf word. Dit is 'n proklamasie, die aansegging en toesegging van die evangelie in die Naam van en op die gesag van Christus. Verder sê hy, prediking as verkondiging van God se Woord is die verstaanbaarmaking van God se Woord aan die vergaderde gemeente in 'n bepaalde tyd en situasie (De Villiers 1977:7-8; vgl. ook Vos 1988:210-218; Barnard 1985:2).

Barnard (1981:61-63) gebruik 'n hele aantal beelde om die belangrikheid van die erediens in gemeenteverband aan te dui, onder andere sê hy dat die erediens die gesig van die kerk is. Nêrens tree die geestelike lewe van die kerk sterker en sigbaarder na vore as in die erediens nie. Dit is ook die hart van die kerk. In die erediens word die kerk en gemeente geken soos wat hy voor die aangesig van God is.

Die polslag en die krag van die gemeente kom hier tot openbaring. Vanuit die erediens word die koers en weg van die gemeente aangedui. Die erediens is die naaf van die wiel van die kerklike lewe en arbeid. Alles in die kerklike lewe en arbeid loop uit op die erediens en word weer hiervandaan gevoed en gedra. Die erediens is die prisma wat die besondere kwaliteit van lewe en gehoorsaamheid van die kerklike lewe en arbeid opbreek in duidelike kleure.

Die erediens laat die kerk na vore tree in sy ware aard. Deur die erediens word die kerk homself, hy word bewus van homself en bely hy homself as 'n onderskeie grootheid. Die erediens is die operasiebasis vir die lewe en werk van die kerk in die wêreld. Hier geskied die besieling, die toerusting, die vorming, beplanning en koördinering van die arbeid en hiervandaan geskied die leiding vir die lewe en getuienis in die wêreld.

As die erediens 'n hoogtepunt is, dan is die prediking 'n hoogtepunt binne in hierdie hoogtepunt. In die voorwoord van Cilliers (1994) se boek sê Muller die volgende: "Die groot hervormer, Martin Luther het gesê dat die prediking te make het met die ***'cor ecclesiae'***, met ander woorde, met die hart van die kerk. Dus met die hart van die bediening, met die hart van die geloofs- en van die gemeentelike lewe. Want, sê hy, die prediking het te make met die hart van die evangelie, die boodskap van die heil, van die regverdiging van sondaars. Hiervan leef die prediking en hiervan leef die kerk ...

Prediking raak die hart van die kerk, want dit het te doen met die hart van die Skrif, ja, met die hart van God self. Die prediking luister na die stem van God (Calvyn), hoor daarin die taal van die liefde, van die bewoënheid van God vir 'n wêreld in nood. Prediking volg in die voetspore van God (Luther), dit volg die beweging van sy liefde in Jesus Christus en die beweging van sy sorg in die Heilige Gees. Dit "gee insig in die hart van God".

De Klerk (1977:9-10) sluit hierby aan as hy sê, met die prediking van die Woord staan ons by die hartstuk van die kerklike lewe. Die prediking was die primêre opdrag wat die Here Jesus Christus aan sy kerk gegee het. (Matteus 28:19; Markus 16:15; Romeine 10; Korintiërs 2:17, 21). In die diens van die kerk, wat in haar midde en op las van Christus en in sy Naam vervul word, neem die prediking van die Evangelie die eerste plek in.

Burger, Muller & Smit (1988:10-13) beklemtoon ook die

belangrikheid van die prediking en sê dat die grondvorm van die prediking is, dat dit altyd 'n verhaal wil vertel, terwyl dit nie altyd moontlik is nie. Prediking begin ook altyd by die verstaan van die betekenis van 'n teks. Burger (1994:90) kyk na die veranderde situasie in Suid-Afrika en dan sê hy onder andere, 'n geloofsgemeenskap leef binne sy verhale. En dit is die sentrale funksie van die prediking, om hierdie verhale met oortuiging en sanksie, so oor te vertel dat dit met redelikheid aanvaar kan word as 'n beter tekening van die volle werklikheid van die lewe, as die ander verhale wat in omloop is. Dit kan alleen 'n effek hê as ons die onlosmaaklike band tussen prediking en prediker, tussen wat gesê word en wie dit sê, weer voldoende honoreer. Die soort kommunikasie waarvan die kerk leef is nie in die eerste plek saaklike kommunikasie nie, maar kommunikasie wat bemiddel word deur mense en deur verhoudings. Burger sê dit na aanleiding van 'n probleem wat hy in die Nederduitse Gereformeerde Kerk beleef. Die kerk sit met die situasie dat die prediking oor jare heen totaal oorvra is. Die prediking moes alles doen, van die prediking is alles verwag.

Tydens die prediking word baie mooi dinge gesê, maar die hoorder weet dat hiervan niks gaan kom nie. Niemand gaan dit doen wat die prediker nou voor pleit nie, want die struktuur of ordening van die gemeente relativeer alles wat die prediker sê. Op die manier word die prediking totaal lamgelê. Dit is 'n wesenlike saak om te verstaan. Gemeenskappe en organisasies is sisteme waarin nie enige iets op enige gegewe moment met ewe veel gemak gedoen kan word nie. Wolfgang Huber (1985:147) is van mening, dat die werklike kerk wat die wêreld sien en ken, nie die kerk van die Skrif of die dogma is nie, of die kerk soos wat ons wil hê dit moet wees, of selfs dink hoe dit moet wees nie, of selfs die kerk soos wat ons hom preek nie, maar die kerk is soos wat hy in 'n spesifieke situasie en tyd geïnstitusionaliseer is en gestalte vind in 'n bepaalde sosiale vorm en beslag.

Dit kan gebeur dat in 'n bepaalde kerk die boodskap of prediking baie goed en suiwer verkondig word en dat die kerk 'n wonderlike

getuienis oor Jesus Christus aflê, maar dat niks daarvan deurkom in die wêreld of enige effek het nie, omdat die strukture, die ordening, die ongeskrewe 'etos' van die kerk 'n ander boodskap en ander waardes verkondig. Die prediking word gesmoor en van sy moontlike krag en effek beroof, omdat daar nie genoeg aandag gegee word aan die *"ordnung"* van die res van die kerklike en gemeentelike bestaan nie. 'n Omgee - en dienskultuur in die kerk sal meer aandag moet kry. Om te dink dat 'n goeie en mooi preek deur almal verstaan word en dat almal dit die volgende dag gaan begin toepas en doen, is naïef. Die prediking kan nie die volle lading van die bedieningsvrag alleen dra nie. Daar is ander kante van die bediening en bedieningstruktuur wat dringend om 'n regstelling vra (Burger 1994:88-90).

Long (1988:96) is van mening dat prediking die belangrikste aktiwiteit is waarmee die mens besig kan wees. Buttrick (1987:239-241) beskryf die prediking as gesaghebbend want dit handel oor die Woord van God. Pieterse (1985:14-15) sê dat die doel van prediking is om geloof in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees op te wek en te versterk. Verder sê hy Skrifprediking is ten diepste prediking van Jesus Christus op so 'n manier dat Hyself aan die woord kom (Pieterse 1988:23; vgl. ook Burger, Muller & Smit 1982:7).

Die preek as rede is 'n handeling maar dan 'n bepaalde soort handeling. Dit is 'n religieuse handeling. In die rede gaan dit om 'n religieuse inhoud, maar veral ook daarom dat die preek 'n aanspraak op die hoorder maak. Die aanspraak is gegrond op die aanname dat God in die erediens teenwoordig is. In die preek is God met sy heil by ons. Die preekteks verwys na die reddende God wat in die preek handel en die hoorder deur die preek kan verander en nuwe lewensmoontlikhede vir hom en haar in die hede open. Die aard van die evangelie is eenvoudig so dat die regte reaksie daarop nie net is om reg te praat, of reg te dink nie, maar ook om reg te doen (Vos 1995:129-130).

Die preek kan nie van die Woord losgemaak word nie, dit staan in

diens van die Woord. Diens aan die Woord beteken dat die preek God se evangelie wat deur Jesus Christus gerealiseer is en deur die Heilige Gees geëffekteer is, kommunikeer. Die verkondiging handel oor die reddende krag van die evangelie (Romeine 1:16). Die waarheid wat in die preek verkondig word, maak mense vry (Johannes 8:32). Daar word deur die preek 'n beslissingssituasie geskep waarin die hoorder deur die aankondiging tot 'n eksistensiële beslissing opgeroep word (Vos 1995:131-132).

Jonker (1976:116-117) skryf oor die relevansie van die Bybel en sê dat die Bybel nie kan verouder nie, en die funksie van die prediking is onder andere om die Bybel duidelik te maak. Die prediking open perspektiewe vir die gemeente, en stimuleer hul in 'n sekere rigting. Wanneer die gemeente onder die leiding van die Heilige Gees uitgaan in die alledaagse lewe en dit wat God aan hulle gesê het konkreet maak in hul lewe, word die uitwerking van die preek gesien (Pieterse 1979:126).

As die prediking so ingerig word dat die Woord van God verstaan word, spreek dit self en deel God Homself aan die mens mee. Egte verkondiging is dus aan die woord en kom van die Woord van God. Hierby moet onthou word dat die heil geskied en bemiddel word in die mondelinge gestalte van die Woord, met ander woorde in die gebeure van die prediking. Waar die Woord van God in waarheid aankom by die mens, word die totale situasie van die mens verander (Pieterse 1979:37).

Pieterse (1990a:88-95) bespreek die prediking as ontmoetingsgebeure soos wat Calvyn dit sien en dan sê hy dat hierdie lewende ontmoetingsgebeure met God in die prediking word moontlik gemaak deur die werk van die Heilige Gees. Calvyn betrek die prediking van die Woord van God in die Skrif en die werking van die Gees in ons harte ten nouste op mekaar. Calvyn stel die kern van sy siening kort en kragtig: God werk op tweërlei wyses in sy uitverkorenes, naamlik inwendig deur die Gees en uitwendig deur die Woord. Daar is geen skeiding van die gepredikte Woord en die Gees moontlik nie.

Dit is belangrik om op die agtergrond van Calvyn se teologiese opvatting oor prediking te let. Die Reformasie het die prediking veral weer herontdek. Vir die reformatore is die prediking nie meer 'n uiteensetting van die gebooie en leerstukke van die kerk of blote voorbereiding op die ontvangs van die genade in die sakrament soos in die Roomse kerk nie. Die prediking is self genademiddel. Daar gebeur iets in die prediking. Die prediking is ***viva vox dei*** (Dijkstra 1974:30). In die prediking word die heil nie net ontvang nie, maar God self word ontvang.

Wanneer die evangelie gepreek word, is dit as't ware so dat Jesus Christus sy koninklike troon onder ons oprig en ons oproep om sy volk te wees. Die evangelie moet ontvang word asof Jesus Christus in ons midde is en die apostels met hulle eie mond tot die gemeente spreek. As daar gepreek word, daal God self uit die hemel tot die hoorders daarvan neer. Die prediking is die unieke en eksklusiewe middel waardeur ons Christus deelagtig word, en dit word volbring deur die Heilige Gees (Veenhof 1978:95).

Bogenoemde siening van Calvyn oor die prediking (Pieterse 1990a:94) is gebou op die vertrekpunt dat die Woord van God vandag slegs deur die Skrif tot die mens kom. Die Skrif is deur die Gees ingegee. Hy is die outeur van die Skrif (Calvini Institutio 1957:83). Die Skrif ontleen sy geloofwaardigheid, die bewys van sy waarheid, aan die feit dat God self tot ons daarin spreek. Die Skrif is **autopistos** (Calvini Institutio 1957:70). Die getuienis van die Gees bring ons tot gelowige aanvaarding van die Skrif as Woord van God (Calvini Institutio 1957:65). Verder bou sy siening op die vertrekpunt dat die Heilige Gees die gepredikte Woord in die Skrif in ons lewens lewend toepas. Die Gees is die oorsaak, die middel, die Bewerker van die ontmoetingsgebeure met God in die prediking van die Skrif deurdat Hy die gepredikte Woord as instrument gebruik om die lewende ontmoeting te bewerk. Woord en Gees is in 'n onlosmaaklike verhouding tot mekaar gestel. Dit is die tipiese natuur van die Woord dat die krag van die Gees daarin openbaar word (Pieterse 1990a).

Uit Calvyn se preekstyl en sy manier van preek kan ook enkele belangrike insigte afgelei word. Die eerste is dat die teks die gang van die preek moet bepaal. Met hierdie insig sou 'n mens verder kon werk ten opsigte van die kommunikasie-intensie van die teks, die preekvorm en die struktuering van die preek (vgl. Pieterse 1985:142-238; Long 1988). Hierdie insig sou 'n mens daarteen bewaar om teen die nate en die grein van die teks in te preek. Calvyn het so gepreek met die doel dat die gemeente presies sou verstaan wat God vir hulle sê en wat Sy boodskap binne hul veelkleurige bestaan beteken (Veenhof 1978:57). Die insigte van die reformatoriese prediking in hierdie moderne homiletiese teorie vul Calvyn se insig aan deur die konteks van die hoorder op 'n gelyke vlak in die hermeneuties-etiese proses van die verstaan van die Skrif van die preek te beklemtoon.

Die tweede is dat hy die hele Skrif wou verstaan en elke teksgedeelte binne die boodskap van die hele Bybel geplaas het. Hierdie insig is belangrik vir die homiletiek omdat dit help om nie tekste los te kap van die geheel van die Skrif se teologiese lyne nie. 'n Prediker moet altyd 'n teks lees binne die geheel van die Skrifboodskap. Vandaar moet hy of sy weer in sy of haar meditasie die boodskap in 'n wyer konteks plaas (vgl. Dreyer 1989; Pieterse 1989). Vanweë hierdie insig het Calvyn getrag om die hele Bybel met sy gemeente deur te preek.

Die derde is dat hy hom voorgeneem het om so eenvoudig as moontlik te preek (Veenhof 1978:59). Sy prediking was egter nooit eentonig nie (Brienen 1974:294). Hy het gebruik gemaak van metafore uit die alledaagse werk en gesinslewe van sy gemeentelede, van spreekwoorde, skerts, ironie en dialoog. Die groot doel met die eenvoudige dog treffende oordrag van die evangelie was die heilsbemiddeling aan almal in sy gehoor. Dit het gegaan oor 'n ware ontmoetingsgebeure met die Heer self. Die gemeente is met Christus gekonfronteer en moes "ja" of "nee" antwoord. Vir diegene wat die heil aanvaar het, het die verlossing 'n werklikheid geword, en vir diegene wat dit afgewys het, was die oordeel 'n werklikheid (Brienen 1974:295). Maar

altyd het die **'doctrina'** gefunksioneer as prediking van die evangelie, en dit as 'n lewende gebeure (Pieterse 1990:95). Calvyn het die hoorder dus in ag geneem en seker gemaak dat die boodskap gehoor en reg verstaan word. In hierdie moderne homiletiese teorie is dit van wesenlike belang dat die prediking op so 'n wyse sal geskied.

Kellerman (1993:176) sê prediking is die koninkryksgebeure wat as bediening van die Woord van God die uitleg en toepassing is van die Godsopenbaring aan die mens van die hede in sy konkrete bestaan met die oog op geloofsvorming, geloofsgroei en geloofslewe tot die eer van God.

Hieruit is dit duidelik dat prediking 'n kommunikatiewe gebeure is. Die Skrif as openbaring van God is 'n kommunikasiegebeure tussen God en die mens. Prediking is volgens bogenoemde definisie die middel wat God gebruik volgens Romeine 10 om sy Woord uit te lê en toe te pas aan die persoon wat daarna luister. Die doel is om die hoorder tot aanvanklike geloof in God te lei en daarna sy geloof te versterk (vgl. ook Venter 1992:4-5).

Prediking wil die Woord van God hoorbaar en verstaanbaar vir die hoorder maak. Dit wil die mens inlei in die wêreld van God, 'n wêreld van vra en tas, hoor en sien (Firet 1973:54), maar wil die mens ook weer uitlei na die wêreld van sy bestaan om deur God se wil dit te gaan uitleef. Firet (1973:53) raak die kern van die prediking aan wanneer hy sê dat die sin daarvan is dat God in die lewe van die mens aan die Woord kom. Dat dit in die lewe van die mens moet wees, is belangrik, omdat daarmee die mens se hier en nou, die totaliteit van sy bestaan, sy lewe in konteks aangedui word.

Ten einde dit te vermag, moet die Woord van God uitgelê en toegepas word. En om dit te kan doen moet aan daardie bepaalde uitlegging en toepassing gestalte gegee word. Met ander woorde, dit moet 'n bepaalde vorm aanneem om daardie unieke inhoud as't ware sigbaar en tasbaar vir die hoorder te maak. Hiervoor is

taal nodig maar dan taal wat op 'n bepaalde wyse gestruktureer is sodat dit op die beste wyse die inhoud kan oordra. Anders gestel, die taal gee gedagte inhoude weer, wat op 'n bepaalde wyse georden moet word om die boodskap van die Skrif op die beste wyse oor te dra (Kellerman 1993:177).

Vos (1993:314-315) bespreek die perspektiewe van A.A. van Ruler wat sê, in die preek is die heil van God sentraal. Die mees omvattende omskrywing van heil is, dat dit verlossing en redding is. Heil wil sê dat die mense se sonde vergewe word, dat ons skuld nie aan ons toegereken word nie, en dat daar met ons straf weggedoen is. Die mens kan nie die heil op enige wyse verwerf of besit nie. Die heil kom van buite, van Christus af. Daarom moet die preek die konsentrasie op Christus volhou. Hy is die Heilsmiddelaar en die Heilsrealiseerder. Die Gees is die Persoon wat die heil bemiddel. Hy verlig die prediker en die hoorder. Die verligting het 'n Christologiese gerigtheid. Die Gees wil dat mense in Christus glo (vgl. ook Barnard 1985:2).

In die bemiddeling van die heil gebruik die Heilige Gees die skrifgeworde Woord wat verkondig word om die verhaal van God se heilsbemoeienis te vertel. In die Gereformeerde tradisie is die Woord 'n heilsmiddel. Die preek doen iets. Dit skenk heil. In die preek word nie net aspekte van die heil aan ons geskenk nie, maar die volle heil van God in Christus kom in die preek na die mens toe. Daarom moet die prediker die volle raad van God verkondig. Hy of sy mag nie met sy of haar liefhebberye besig wees nie. Die preek doen wel iets, maar nie alles nie. Die heil wat deur die preek geskenk word, moet aangeneem word. Daar is 'n verskil tussen ontvang en aanvaar. Die vraag is nie alleen, wat doen die preek met *my* nie, maar ook wat doen *ek* met die preek? Anders gestel, wat doen ek met die heil wat die Gees aan my skenk? Die Gees rand ons nie aan nie, maar oorreed ons tot die heil. Hy gee ons die geloof om die heil te aanvaar.

Oor die prediker laat Vos (1988:218-219) hom soos volg uit: 'n Prediker kan eers vir ander preek as die Woord vooraf deur sy of

haar eie hart gegaan het. 'n Prediker mag alleen iemand anders oproep om die gepredikte Woord te glo as hy of sy dit self glo. 'n Dienaar staan ook nie in sy eie diens nie, maar in sy eienaar se diens, met ander woorde in God se diens. Wanneer die prediker God se Woord bedien, is hy of sy met Godsdiens besig. Hy of sy is 'n bode met 'n boodskap. Prediking is die verkondiging van God se Woord aan mense. Daar word nie vir engele gepreek nie, maar vir mense. Daarom moet daar so gepreek word dat mense die Woord kan verstaan. Die prediker het die onontwykbare taak om die prediking verstaanbaar te maak. Daarom moet daar noulettend aandag gegee word aan die vereistes vir verstaanbare prediking. Onder andere moet die prediker die teks self goed verstaan. Hy of sy moet duidelikheid hê oor die historiese met ander woorde, die oorspronklike, korrekte en volledige teks; die geskiedenis van die teks soos die ontstaan, die groei en bedoeling daarvan. Die grammatiese, met ander woorde wat beteken die woorde, uitdrukkings en sinne. Hy of sy moet ook aandag gee aan die literêre vrae, soos die genre, konteks, struktuur, effek en literêre teorieë.

Die prediker moet altyd in gedagte hou dat die taal in diens van die boodskap staan. Dit is sy of haar taak om die taal in al sy seggingskrag te ontgin (vgl. ook Webb 1986:50-60). Die situasie waarbinne die prediking plaasvind moet altyd in ag geneem word. Die preek kan nie in die lug bly hang nie, maar moet altyd konkreet en kontekstueel gemaak word. Verder moet die prediker sensitief wees vir die vereistes van goeie kommunikasie. Hy of sy moet bewus wees van watter negatiewe sake egte kommunikasie benadeel. Daar is talle kommunikasie hindernisse, maar egtheid bly in die prediking altyd 'n onvervangbare deug.

Prediking is uitleg, verklaring en oopvouing van die Woord van God. Dit geskied na sy ware aard, in sy verband en na sy ware bedoeling sê Barnard (1985:2). Prediking is ook verkondiging van die Woord van God. Die heel besondere boodskap van God aan die mens, soos in die Woord opgeteken, word in die prediking bekend gemaak. Dit is 'n duidelike, openbare en gevolmagtigde

aankondiging. Hierdie besondere boodskap van die Bybel in die teks moet verwoord en tuisgebring word by mense in hulle konkrete lewe. Die boodskap moet gekonkretiseer word.

Prediking is 'n aankondiging van 'n boodskap met 'n spesifieke inhoud. Dit is die sentrale boodskap van die Skrif wat vanuit 'n bepaalde teks gekonkretiseer word. Die koninkryk van God het in die werk van Christus aangebreek. Hierdie boodskap is tot heil en redding van die mens in omvattende sin. Die heil word nie slegs aangekondig nie, maar word in die prediking gerealiseer. Die boodskap is die punt waar die werklikheid van God die mense se werklikheid deursny. Die verkondiging van hierdie boodskap van die veelkleurige heil, roep om 'n antwoord, 'n keuse teenoor Christus. Deur die prediking word ook die heil bevestig waar dit geglo word (Barnard 1985:2).

In 'n ondersoek na Prakties Teologiese grondslae vir die prediking vanuit die Nuwe Testament vir die daarstelling van basisteorieë, lê Venter (1992:15) die volgende stellings neer as 'n samevatting:

- God Drie-enig is die Subjek van die prediking en die bedienaar is die intermediêr in die verkondiging.
- Die dieptes van God soos geopenbaar in sy versoeningswerk is die kerninhoud van die prediking.
- 'n Sentrale doelwit met die prediking is die sistematiese opbou van die gemeente deur preekdoelwitte met as uiteindelike doelwit dat die gemeente homself in liefde sal opbou.
- Die Woordbediening is 'n eenheid en het vele gestaltes, gerig op verskillende mense in verskeie leeftyds- en ander situasies. Woordbediening is gerig op mense binne en buite die gemeente.
- Die gesag van die prediking rus in die Woord wat die prediker bring en nie in sy of haar persoon nie.
- Om die Woord reg te kommunikeer moet die situasie, taal en groeiagterstande van die hoorders verdiskonteer word in die

proses van hermeneuse, asook die ken van God in die situasie en die keuse op grond van die prediking.

- Doel van die roeping van die bedienaar is die bediening van die versoening.
- In die ontvangs en aanwakker van sy preekgawes moet daar kongruensie wees tussen die Heilige Gees en die gees van die bedienaar.
- Die prediker is eers kind van God dan prediker van God.
- In die prediking vind daar 'n neerslag plaas van die selfvoeding deur die bedienaar en die gemeentevoeding uit die Woord.

Die bogaande bespreking toon aan dat die terrein gereed gemaak is vir die toespitsing van 'n spesifieke homiletiese teorie vir ons tyd soos dit deur Pieterse, Long en Dingemans ontwikkel is.

## 1.8. DIE VERDERE VERLOOP VAN DIE STUDIE.

In hoofstuk een is daar in breë trekke aandag gegee aan die probleem, die doel, die probleem waarmee die kerk te doen het in 'n industriële gemeente, die metode wat gevolg word en 'n paar inleidende gedagtes oor die prediking.

Hoofstuk Twee handel oor die teorie van Professor H.J.C. Pieterse wat 'n hoogleraar is in die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika.

Hoofstuk Drie beskryf die teorie van Dr. T.G. Long wat 'n professor was in prediking en liturgie aan die Princeton Teologiese Seminarie in Princeton, New Jersey.

Hoofstuk Vier verwoord die teorie van Professor G.D.J. Dingemans, 'n hoogleraar van die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Teologiese Fakulteit van die Rijksuniversiteit te Groningen.

In Hoofstuk Vyf word die drie teorieë met mekaar vergelyk en daar word veral aandag gegee aan die punte van ooreenkoms.

Hoofstuk Ses is 'n kritiese evaluering van die drie teorieë.

Hoofstuk Sewe handel oor die sterkpunte van hierdie moderne homiletiese teorie en hoe dit sin maak in die prediking in 'n industriële situasie.

Die argument van hierdie studie is dat die drie homilete se homiletiese teorieë ontwikkel is in 'n interaksie met die behoeftes van die moderne hoorders van die preek volgens die siening van die interaksie tussen teorie en praxis in die Prakiese Teologie. Die drie skrywers het ook persoonlike kontak oor die homiletiek in die laaste vyftien jaar met mekaar gehad. Daar is dus groot ooreenkomste tussen die drie teorieë. Omdat dit ontwikkel is in interaksie met die aard en behoeftes van moderne mense maak die prediking volgens hierdie teorieë sin in die situasie van die industriële mens.

Die volgende hoofstuk handel oor die teorie van H.J.C. Pieterse.

# HOOFSTUK 2

## 2. DIE TEORIE VAN H.J.C. PIETERSE.

### 2.1. BENADERING TOT DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE.

#### 2.1.1. INLEIDING.

Om reg te laat geskied aan 'n teoretiese evaluering van hierdie moderne homiletiese teorie, soos dit ontwikkel het onder invloed van onder andere Habermas, Gadamer en Ricoeur, moet daar gekyk word na die bydrae wat Prof. H.J.C. Pieterse tot dusver gelewer het. Hy is verbonde aan die Departement Praktiese Teologie aan die Universiteit van Suid-Afrika, en was voorheen predikant in vier gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hy het ook vir vier jaar Praktiese Teologie gedoseer aan die Fakulteit Teologie (Afdeling B) aan die Universiteit van Pretoria.

Hy het verskeie boeke geskryf en kan met reg beskou word as een van die skrywers wat sekerlik van die grootste bydraes gelewer het in die ontwikkeling van hierdie teorie in die Gereformeerde kerklike wêreld.

Pieterse verkies 'n handelingswetenskaplike benadering tot die vak, veral soos dit in die jongste jare binne die paradigma van die kommunikatiewe handelingsteorie van Jürgen Habermas ontwikkel het. Binne hierdie paradigma word die praktiese teologie gesien as 'n teologiese kommunikatiewe handelingsteorie. Die perspektief waaruit hy die vak benader is vanuit die reformatoriese tradisie, maar die vak word beoefen in 'n ekumeniese verband aan 'n teologiese fakulteit wat met die kontekstuele teologie op 'n inklusiewe wyse besig is.

In aansluiting by Gadamer en Habermas werk Pieterse as praktiese teoloog met 'n praktiese belang om praktiese kennis in te samel. Dit is kennis wat uitloop op teorieë wat instaat behoort te wees om die Christelike-kommunikatiewe praxis te transformeer aan die

hand van die waardes van die koninkryk of heerskappy van God. Op hierdie wyse kan hierdie teorieë ook rasioneel geëvalueer word deur hulle in die praktyk te toets (Pieterse 1993:4).

### 2.1.2. DIE BEGRIP TEOLOGIE.

Volgens Pieterse (1991a:249) is dit uiters moeilik en haas onmoontlik om presies uit te spel wat teologie is. Daar is nie pasklaar antwoorde op die vraag, wat teologie is nie. Die begrip teologie word egter deur Heyns en Pieterse (1990:4-5) soos volg omskryf.

Die woord teologie is 'n samevoeging van twee Griekse woorde naamlik "theos" wat God en "logos" wat woord beteken. Teologie is daarom 'n woord oor God. In die teologie kan hoogstens mense se woord oor God en geloof in God bestudeer word. Teologie sou daarom beskryf kan word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God, mense se geloofsuitsprake oor God, en mense se kommunikasie, aanvaarding en opbou van die geloof, gemeet aan die aanspraak op mense soos dit betuig word in die Skrif. Teologie dink dus na oor, bespreek en kontroleer geloofsuitsprake. Hierdie nadenke geskied volgens wetenskaplike metodes, dit vra streng dissipline, volstrekte eerlikheid en moed om aan te hou om vrae te stel (vgl. ook Pieterse 1994:95).

### 2.1.3. PRAKTIESE TEOLOGIE.

Praktiese teologie is een van die studievelde van die teologie. Van die mees algemene en bekende studievelde in die teologie is die Ou- en Nuwe Testament, kerkgeskiedenis, sistematiese teologie, etiek, sendingwetenskap, godsdienswetenskap en die praktiese teologie (Heyns & Pieterse 1990:6).

Die teologie mag egter nie tot so 'n mate in selfstandige studievelde opgedeel word dat teologie die somtotaal van die verskillende studievelde word nie. 'n Studieveld is daarom nie 'n gedeelte van die teologie nie, maar 'n bepaalde perspektief

op die teologie as geheel. Die teologie bly 'n ondeelbare eenheid.

Heyns & Pieterse (1990:7-8) is van mening dat, in die praktiese teologie word die geloofshandelinge van mense onder die soeklig geplaas. Firet (soos aangehaal deur Heyns & Pieterse 1990:8) omskryf dit nader en sê praktiese teologie is die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Dit is handelinge wat die koms van God in hierdie wêreld dien. Die volgende omskrywing van praktiese teologie is vir Pieterse (1994:95) aanvaarbaar. Praktiese teologie bestudeer die kommunikatiewe gebeure tussen God en mens, en mens en mens, vanuit die realiteit van die koms van God deur sy Woord in die wêreld met die oog op die eskatologiese perspektief van die komende ryk van God in die wêreld.

Die klem lê onder andere op die term handeling. Die evangelie is die blye boodskap waar God die mens ontmoet. Hierdie ontmoeting vind in die wêreld plaas. God kom na die mens toe in sy Seun wat mens geword het en by ons in die wêreld kom woon het. God bly by die mens deur sy Gees wat in hierdie wêreld is. Die ontmoeting tussen God en die mens vind daarom altyd in hierdie wêreld plaas.

Praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat met hierdie ontmoetingsgebeure besig is, en wat veral belangstel in die rol van die mense in hierdie ontmoeting. Heitink (soos aangehaal deur Heyns & Pieterse 1990:8) sê dat die ander teologiese vakke die Bybel as teks het, maar dat die praktiese teologie die gelowiges as teks het. Bastian (soos aangehaal deur Heyns & Pieterse 1990:8) verklaar dat die ander teologiese vakke die Bybel en evangelie vir mense verstaanbaar maak, terwyl die praktiese teologie die wisselwerking tussen die evangelie en mense, verstaanbaar maak. Die eksegeet is geïnteresseerd of die prediker, die teks reg verstaan, in sy konteks begryp en korrek aan die gemeente oordra. Die praktiese teoloog is geïnteresseerd

of die prediker die gehoor en hul konteks reg verstaan sodat die prediker die boodskap doeltreffend aan hul kan kommunikeer.

### 2.1.4. **'N HERMENEUTIESE BENADERING.**

Pieterse se eerste boek (1979) het pionierswerk verrig om hierdie moderne homiletiek binne die nuwere hermeneutiese benadering te plaas. Hierdie benadering vorm die raam van al sy werk (vgl. Pieterse 1993). Hy sluit aan by Ebeling wat sê dat die uitleg van die teks vrugbaar gemaak moet word vir die verkondiging in hedendaagse taal. Die Woord 'God' moet verstaan word kragtens sy appellerende karakter. Die Woord spreek ons aan en deel in die gebeure, God aan ons mee. In die verstaan proses wat plaasvind vanaf die ontmoeting tussen teks en situasie tot by die uitvoering van die teks in die preek, kom God se Woord self tot spreke. Op grond hiervan kan die volgende onderskei word: Uitleg moet uitgebrei word tot die uitvoering van die teks in die preek; dit kan geskied omdat dit nie 'n uitleg in die laaste plek van die teks is nie, maar deur die teks; uitleg en die verstaanproses moet dus 'n eenlynige beweging van die teks tot in die prediking vorm; op hierdie wyse moet die tweedeling van uitleg en toepassing opgehef word. In hierdie verstaansontmoeting met die situasie van die teks word die eie situasie bewustelik vasgehou sodat die verstaan in die horisonversmelting plaasvind. In die verstaansontmoeting vind die vertaling plaas (Pieterse 1979:84).

Om hierdie insigte vrugbaar te maak vir die Gereformeerde homiletiek is daar enkele teologiese uitgangspunte wat belangrik is. Hierdie benadering word gevolg omdat daar gebruik gemaak word van die hermeneutiese metode, dit wil sê, om verstaan of insig te verkry in die regte begeleiding van die Skrifgeworde Woord tot die verkondigde Woord in die hede. Om dit saaklik en tegelyk teologies reg te kan doen, moet die wyse waarop dit gedoen word uit die Skrif self afgelei word. Die Skrif sélf is immers volgens Protestantse beginsels die bron van en norm vir sy eie verstaan (sacra scriptura sui ipsius interpres).

Wat die teologiese uitgangspunte betref, ten opsigte van die teks en die verstaan daarvan word die Heilige Skrif gesien as God se Woord en daarom kan dit weer God se Woord in die prediking word. Die teks van die Heilige Skrif is in wese preekteks. Dit is weliswaar geskiede verkondiging wat die drang het om weer te geskied. Die prediking is 'n beweging van die Skrifwoord na die mondelinge woord. Die prediking is as sodanig 'n verkondigingsgebeure, 'n Woordgebeure, waarin God self aan die woord kom (Pieterse 1979:85-86).

Die Heilige Skrif is die Woord van God. Daar kan verskillende gestaltes van die een Woord van die een God onderskei word, soos die Skeppingswoord, Voorsienigheidswoord, Verlossingswoord, Vleesgeworde Woord, Skrifgeworde Woord, Gepredikte Woord. God spreek sy Woord voortdurend, maar telkens op 'n ander wyse. Eindelik het God in Sy wysheid die gesproke Woord deur mense op Skrif laat stel sodat dit suiwer bewaar sou word (Pieterse 1979:86).

Die prediking is die Woord van God in soverre dit die Skrifwoord lewend deur die Heilige Gees verkondig. Ons bely dat die hoor van die lewende Woord in die prediking alleen kan geskied langs die weg van die werk van die Heilige Gees. Die Gees verlig ons oë en harte sodat ons die Skrif kan verstaan.

Vir die korrekte verstaan van die Skrif is dit verder belangrik dat die Skrif vertolk word vanuit 'n Trinitariese gesigspunt. Daar is egter 'n Christosentriese swaartepunt in die trinitariese-gerigte prediking. Die sentrum van die Skrif is die koninkryk van God, en die sentrum van die sentrum is Jesus Christus. Die bedoeling van die Skrif kan eers reg verstaan word as die Skrif vanuit Jesus Christus vertolk word (Pieterse 1979:91).

Die verstaan van die Skrif is nie 'n vanselfsprekende saak nie. Daarom bely ons dat ons niks van die Skrif kan verstaan sonder die werksaamheid van die Heilige Gees nie (Pieterse 1979:92).

Daar bestaan ook 'n ongelyke relasie tussen die prediker en die teks. Eers wanneer die Skrif as God se Woord benader word, met die doel om gelowig en gehoorsaam daarna te luister as die Woord van God, kan verwag word dat die teks tot spreke sal kom.

Die hermeneutiese benadering van Pieterse gaan egter nie net oor sekere teologiese uitgangspunte nie, maar ook oor kennis van die situasie van die gemeente en die hoorder.

Pieterse (1979:96) sluit by Ebeling aan wat groot klem lê op die analisering en verstaan van die eie tyd. As die eie tyd se verstaanshorison nie ten volle geken en verstaan word nie, kan die 'translatio' nie ten volle uitgevoer word nie en sal die uitleg as uitvoering faal. Hy sien die mens se situasie as 'n woordsituasie. Die mens het die vermoë om die werklikheid onder woorde ter sprake te bring. Indien die boodskap van die teks verstaan word, kan die saak in die teks deur die woord van die verkondiging ook meegedeel word. Die prediking is op die situasie van die hoorder in 'n spesifieke gemeente gerig. Die Woord van God is in die Skrif in 'n spesifieke situasie uitgespreek en wil nou ook weer in 'n ander spesifieke situasie spreek. God soek kontak met die mense van elke tyd. Wat dus belangrik is, is kennis van die taal as kennis van die werklikheid en kennis van die konkrete gemeente (Pieterse 1979:96-101).

Die eksegese van die teks is die volgende stap in hierdie verstaanproses. Die prediker moet die teks saaklik, wetenskaplik-eksegeties maar met begrip vir die konkrete situasie van die gemeente en hoorders benader. Daar moet 'n konfrontasie plaasvind tussen teks en situasie, maar voordat dit kan geskied moet die prediker weet wat in die teks staan en dit geskied deur behoorlike en intense eksegese van die teks (Pieterse 1979:101-112).

In die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie vind 'n Woordgebeure plaas waar die teks so tot spreke kom dat dit die

prediker in sy of haar eksistensie aanspreek. Vanweë hierdie Woordgebeure kom die prediker tot talende spreke waarin die Woord deur hom of haar heengaan en hom of haar meeneem om in die preek 'n Woordgebeure in die taal van die gemeente te voltrek. Hierdie verstaansproses geskied in die gebeure wat in die homiletiek met die begrip "meditasie" aangedui word. Dit is die proses waarin die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie plaasvind en deur die Woordgebeure gedring in gedagtes uitkristalliseer (Pieterse 1979:113).

Pieterse se hermeneutiese raamwerk is breed genoeg om al sy interpretasies en verklarings hierin op te neem. Dit sluit ook in 'n groot mate aan by die hermeneutiese uitgangspunt van Dingemans.

### 2.1.5. <u>KOMMUNIKASIEGEBEURE IN 'N BYBELSE PERSPEKTIEF.</u>

Pieterse (1993:5) is van mening dat praktiese teologie as handelingswetenskap binne die denkmodel van 'n kommunikatiewe handelingsteorie, kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, slegs verstaan kan word vanuit 'n voorgegewe sin, naamlik die werklikheid en die praxis van God. God neem alle inisiatief (vgl. ook Pieterse 1988:5). In Sy genadige en liefdevolle toewyding tot die mens het Hy Hom as lewende en sprekende God geopenbaar.

Die wese van God en sy openbaring is aan mekaar verbonde. In sy openbaring leer die mens God se wese ken. Hy openbaar hom as die Drieënige God (vgl. ook du Rand 1976:71-76). Sy skepping is 'n daad van liefde. Hy is die Skepper en neem altyd weer die inisiatief in die heilsgeskiedenis soos in die verbond, die versoening, bekering en voleinding. In Sy openbaring leer die mens God uit die Skrif ken as die dinamiese Drieënige God wat in die geskiedenis met inisiatief werksaam is, getrou bly aan Sy belofte en alles na die voleinding toe lei (Pieterse 1988:5).

Die hoogtepunt van God se openbaring is die versoeningswerk van

Jesus Christus (Pieterse 1993:5). As hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Skrif vir die prediking kies Pieterse (1988:2) vir Jesus Christus.

Jesus Christus is die Woord van God wat reeds voor die vleeswording gespreek is. Die Christelike prediking kan die genade, verlossing, liefde en openbaring van God alleen reg verstaan vanuit die lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Daarom sê H. Jonker (1983:94) het die geheel van God se openbaring op Hom betrekking. "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God" (Johannes 1:1). God Drieënig rig hom tot die mense met 'n appellerende Woord in die Openbaring. Die antwoord op hierdie appellerende Woord is primêr deur Jesus Christus. In hierdie sin is Hy die vervulling van die ou verbond. "Christus is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur Hom nie" (Johannes 14:6). In Hom is nie alleen die openbaring in een verbond gebring nie, maar ook die ganse werklikheid. "Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand" (Kolossense 1:17). Hy is die vaste rots wat die Alfa en die Omega is (Openbaring 22:13), ongeag die veranderlikes van historiese tye, menslike situasies en menslike ervaringe.

Wanneer Jesus Christus gepreek word, kom Hyself aan die woord, en tree Hy die mens tegemoet uit die bladsye van die Skrif deur die werk van die Heilige Gees. Die verhoogde Christus is self die groot Subjek van die prediking. So is die prediking 'n Woordgebeure (Pieterse 1988:3. vgl. ook Pieterse 1979:117-120; 1985:13).

Openbaring en Skrif moet altyd aan mekaar gekoppel word. In die Skrif openbaar God Hom as die sprekende God, en die Heilige Gees is die vertolker van die Skrif. God is vandag onder die mens lewend en sprekend teenwoordig deur Sy Woord en Gees. Daartoe neem Hy mense in diens. God spreek in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolkers in diens neem. So kom die mens in die kragveld van die Gees te staan.

Die Gees spreek egter die taal van die Skrif. Daarom lei die Gees, vertolker en hoorders in die spoor van die beloftes van God (Pieterse 1993:5). Die Gees werk wel deur mense, maar God spreek self na Sy welbehae. Die woorde van mense is diensbaar aan die Woord van God. Omdat God self spreek deur Sy Woord en Gees is daar 'n ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en so word Christus Heiland vir die mens.

Deur die werk van die Gees, wat 'n geheime werking is, ontvang die mens die verlossing deurdat geloof in Christus in ons gewek is. Deur die genadige verkiesing van God, word ons so ingeskakel in die verbondsgemeenskap met die gemeente van Christus (Pieterse 1993:6).

### 2.1.6. DIE HANDELINGSWETENSKAPLIKE BENADERING.

Die handelingswetenskaplike benadering wat Pieterse voorstaan is aangepas by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge en vir die praktiese teologie funksioneer dit op meta-teoretiese vlak. Dit is dus 'n teorie waarby verwante vakke op meta-teoretiese vlak kan aansluit. Die benadering of paradigma lewer 'n perspektief waarbinne die praktiese teologie op basisteoretiese vlak 'n prakties-teologiese basisteorie kan ontwikkel. So 'n basisteorie verskaf die perspektief of rigting waarbinne basisteorieë vir spesifieke sake in die vak soos byvoorbeeld 'n kommunikasieteorie, 'n ekklesiologie, 'n antropologie, ensovoorts asook praktyk teorieë vir spesifieke bedieninge of handelinge, ontwikkel kan word (Pieterse 1993:96).

In die Nederlands word die werkwoord 'handelen' gebruik om 'n aksie uit te druk. Dit beteken dat elke gelowige beskou word as subjek van kerklike handelinge. Die handelinge van alle gelowiges word nou objek van prakties-teologiese studies (Pieterse 1993:110-111).

Die handelingswetenskaplike benadering het 'n verbreiding van die objek van die vak teweeg gebring, die wetenskaplike karakter van

die vak gevestig en die perspektief van die vak verruim, sodat kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kan word (Pieterse 1993:107). In hierdie benadering word uitgegaan van 'n koninkryksperspektief. Deur 'n meer holistiese uitgangspunt op die werklikheid vanuit 'n koninkryksperspektief te neem, kan Woord en werklikheid saam gesien word. Dit open die moontlikheid om 'n praktiese teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en werklikheid, in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word (Pieterse 1993:108).

In hierdie benadering kan daar onderskei word tussen handelinge en handelingsvelde in die praktiese teologie, maar hulle kan nooit van mekaar losgemaak word nie. Sodra 'n handeling plaasvind, word 'n handelingsveld geskep. Handelinge in die praktiese teologie is die prediking, onderrig, sorg, viering en diens. Handelingsvelde is ondermeer die erediens, kategeseskool, diensaksies, huisgesin, kerkraad, werksituasie, skool, Bybelstudie, ensovoorts.

Die studieveld van die praktiese teologie word nie beperk tot formeel kerklike geloofshandelinge nie, maar dit sluit alle geloofshandelinge van mense in, soos byvoorbeeld handelinge binne die huisgesin en die gemeenskap. Die meeste word egter voltrek binne die aktiwiteite van die gemeente (Heyns & Pieterse 1990:9).

Sommige geesteswetenskappe wat menslike handelinge bestudeer soos die sosiologie, sielkunde, antropologie, opvoedkunde en kommunikasiekunde word ook handelingswetenskappe genoem (vgl. Lemmer 1991:11). In 1967 is voorgestel dat die praktiese teologie ook 'n handelingswetenskap genoem moet word. Sedertdien het die term ingeburger geraak en word die praktiese teologie deur baie teoloë as 'n teologiese handelingswetenskap beskryf.

In die praktiese teologie gaan dit oor die gebeure tussen God en mens. Die geloofshandelinge van mense is gegrond in God se handelinge met die mens in die verlede, die hede en die toekoms.

God het in die verlede na die mens gekom en kom nog steeds na die mens toe. In hierdie koms van God is die mens nie uitgeskakel nie (Heyns & Pieterse 1990:41-42). Daar kan dus gesê word: Omdat die praktiese teologie menslike geloofshandelinge bestudeer, veral daardie handelinge wat bemiddeld is vir die koms van God in hierdie wêreld, kan die praktiese teologie as 'n teologiese handelingswetenskap geklassifiseer word.

Deur hierdie benadering is 'n hele aantal winste vir die praktiese teologie behaal wat onder andere die volgende insluit:

- Die praktiese teologie het 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding verkry (Fuchs 1984:59). Vir die eerste keer sedert sy ontstaan as universiteitsvak in die agtiende eeu kon die praktiese teologie die eeuelange probleem van sy wetenskaplike status oorwin.

- 'n Verdere wins is dat die teorie-praxisprobleem met hierdie benadering oorkom is. Om 'n wetenskaplike greep op die konkrete handelinge te kry, kies die handelingswetenskaplike benadering vir empiriese-wetenskaplike ondersoeke. Empiriese ondersoeke kan alleen reg geskied as die gangbare metodes van die sosiale wetenskappe gebruik word (Pieterse 1993:109-110).

- Nog 'n wins is dat hierdie benadering die verhouding met die ander teologiese vakke verander het. Vir eeue het die praktiese teologie die ander dissiplines se teorieë vir die praktyk gebruik, maar nou kan die praktiese teologie vanuit sy eie perspektief die saak van die teologie beter dien.

- Hierdie handelingswetenskaplike benadering het ook 'n verandering teweeg gebring in die verhouding tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe. Daar het 'n interdissiplinêre verhouding ontstaan waarin die sosiale wetenskappe as dissiplines in eie reg en op gelyke vlak met

die praktiese teologie begin saamwerk het. Hulle word nie meer as hulpwetenskappe gesien nie (Fuchs 1984:58).

### 2.1.7. TEOLOGIESE BENADERING VIR BASISTEORIEë.

Pieterse se standpunt is dat die praktiese teologie gesien moet word as 'n teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Die praxis van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie word dus deur die praktiese teologie bestudeer waar dit ook al geskied: in die kerk, en in die samelewing met al sy terreine; en deur wie ook al - met ander woorde, individue soos geestelikes en ander gelowiges, groepe gelowiges en instellings, waardeur groepe en individue oor die evangelie met mekaar kommunikeer, en die evangelie aan ander oordra. Die praktiese teologie het uiteindelik die taak om op 'n krities-sistematiese wyse teorieë vir hierdie kommunikatiewe handelinge te ontwikkel en te verfyn (Pieterse 1993:131).

Basisteorieë is fundamentele prakties-teologiese teorieë binne die vak. Basisteorieë in die vak word volgens Pieterse gevoed deur interdissiplinêre diskussies met die ander teologiese dissiplines en met insigte uit die sosiale wetenskappe, asook insigte wat deur empiriese ondersoeke in die praktiese teologie gedoen is. Basisteorieë dien om die kommunikatiewe prosesse van die praxis in ons studieveld te verstaan, om as kritiese teorie dit te toets en te beoordeel, om die perspektief en normatiewe komponente vir praktyk-teorieë te verskaf, asook om as rigtingwyser vir die kommunikatiewe handelinge te funksioneer (Pieterse 1993:133-134).

Daar is veral vier velde waar basisteorieë ontwikkel moet word naamlik, 'n pneumatologie, 'n kommunikasieteorie, 'n ekklesiologie en 'n antropologie.

#### 2.1.7.1. 'N PNEUMATOLOGIE.

In kort kom dit daarop neer dat die Gees as Kommunikator optree

en die Subjek van kommunikasie is van die evangelie in die kerk en in die wêreld. Dit gaan hier oor die verstaan van die verhouding tussen die praxis van God en die praxis van die mens in diens van die evangelie (Pieterse 1993:142).

Die Woord en die Gees kan nie geskei word nie. Die Woordgebondenheid van die Gees en die Geesgebondenheid van die Woord moet ernstig geneem word (Pieterse 1993:135-136).

Die Gees tree op as Voorspreker, Getuie, Pleitbesorger, Aanklaer, Leraar, Vertolker, Helper en Trooster. Hierdie verskillende benaminge vertolk die Gees se kommunikasie van die heil aan diegene wat in Jesus Christus as Heer glo. Sy optrede is daarop gemik om mense aan Jesus en aan sy leer te verbind (Johannes 15:26; Johannes 14:26). Deur hierdie verbinding word Jesus verheerlik (Johannes 16:13-15). As Helper onderrig en lei Hy die gelowiges, en as Trooster bly Hy vir altyd by hulle (Johannes 14:16). In die Gees het die mens met God self te make. In die werk van die Gees kom God self as handelende God om mense te vernuwe en tot geloof te wek in Jesus Christus en sy soenverdienste. In die Gees tree die handelende God op om die geskiedenis na sy einddoel te lei (Pieterse 1993:138).

In hierdie praxis skakel die Gees egter mense in as medewerkers. Dit gaan om werklike deelname aan die werk van die Gees. Die mens is nie maar 'n instrument nie, maar word as selfstandige redelike mens as subjek met handelingsbevoegdheid en die vryheid om keuses te maak, ingeskakel. Alle gelowiges word ook in diens geneem in hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Pieterse 1993:138).

### 2.1.7.2. KOMMUNIKASIETEORIEë BINNE 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF.

Volgens Pieterse (1993:143) bestaan daar nie 'n eenvormige kommunikasieteorie oor intermenslike kommunikasie nie. Daar is verskillende benaderinge tot die verskynsel van intermenslike

kommunikasie wat elk op 'n sekere filosofiese of wetenskapsfilosofiese siening gebou is. Agter elke kommunikasieteorie skuil 'n teoretiese beskouing oor die wese van kommunikasie.

Om 'n kommunikasieteorie te skep waarby die praktiese teologie aanklank kan vind is dit belangrik om na die volgende te kyk: Basies bestaan intermenslike kommunikasie uit 'n mededeler (sender), 'n boodskap en 'n vertolker of ontvanger (vgl. van der Waals 1990:41-43; Chartier 1981:24-25). Die mededeler word uitgeken aan sy doelgerigte mededeling. Hy of sy wil iets aan iemand kommunikeer, meedeel of oordra.

Die middelste gedeelte is die boodskap. Om inhoud oor te dra, moet dit eers 'n uiterlike gestalte kan aanneem voordat dit vir iemand anders verstaanbaar sal word. Hierdie uiterlike gestalte word 'n teken genoem wat sintuiglik waarneembaar is. Hierdie betekening van die geestelike inhoud tot waarneembare betekenisse word in die kommunikasie teorie kodering genoem. Ons kry dus in 'n gemeenskap, 'n kode van tekens. Aan 'n besondere klank of teken word 'n bepaalde betekenis geheg wat algemeen aanvaar word. 'n Kode van tekens word 'n medium van kommunikasie genoem. Taal is 'n medium van kommunikasie, maar ook beelde soos foto's en skilderye. As 'n mededeler dus 'n boodskap aan 'n ontvanger wil stuur, moet hy of sy, sy of haar boodskap in 'n sekere medium kodeer. Die medium, byvoorbeeld taal, is dan die boodskapdraer.

Alle menslike aktiwiteite het boodskapswaarde. Aktiwiteit en onaktiwiteit, woorde en stilte dra 'n boodskap oor. Alle gedrag kommunikeer en niemand kan op 'n gegewe moment nie met gedrag besig wees nie. 'n Mens kommunikeer dus altyd.

Die derde deel is die ontvanger. Kommunikasie eindig nie by die uitstuur van die boodskap nie, dit wil sê, by die mededeling en kodering van 'n boodskap in 'n medium nie. Die boodskap moet eers ontvang en vertolk word deur die ontvanger voordat die kommunikasieproses voltooi is. Die ontvanger moet weer op sy beurt op hierdie boodskap antwoord, vrae stel of eie boodskappe

oor die saak waaroor gekommunikeer word, aan die oorspronklike mededeler kan terugstuur (Pieterse 1993:144-145).

Die ontvanger moet die boodskap ontvang - Dit beteken dat die persoon dit moet dekodeer. Hiervoor moet hy of sy die tekens wat uitgestuur word, ken en verstaan. 'n Ooreenstemmende woordeskat, net soos gebare en beelde, is dus nodig voordat die ontvanger en die mededeler mekaar sal kan verstaan. Verstaan is 'n volghandeling. Hierdie volghandeling is 'n vorm van redenering of verwerking in die ontvanger se gemoed. Die ontvanger is dus besig om die sender se boodskap te volg, maar op sy of haar eie manier. Hierin speel sy of haar eie perspektiewe, standpunte, ervaringe en so meer 'n rol. Die ontvanger registreer dus nie die boodskap soos 'n telegraafmasjien nie, maar vertolk dit op sy of haar eie wyse, volgens sy of haar eie verstaanskategorieë en volgens sy of haar eie siening en leefwêreld. Dit is net hier waar talle misverstande in die kommunikasieproses kan voorkom (Pieterse 1993:146).

Die geheelbeeld van kommunikasie behoort in gedagte gehou te word. Dit sluit in: die sfeer waarin kommunikasie geskied, die verhouding tussen die persone wat deelneem en die omstandighede waarin hulle leef, dink en funksioneer. Daar is dus 'n hele netwerk van betrekkinge in die proses op die spel. So 'n netwerk van betrekkinge vorm 'n sisteem. Dit beteken dat kommunikasie net in sisteme voorkom. So vorm 'n erediens, 'n preek daarbinne, of 'n groepsgesprek 'n kommunikasiesisteem (Pieterse 1993:146).

Die kortste omskrywing van die moderne siening van kommunikasie is dat: kommunikasie die verkeer is van die mededeling en vertolking van boodskappe.

#### 2.1.7.2.1. <u>DIE STANDPUNT VAN H.J.C. PIETERSE OOR DIE DIALOGIESE KOMMUNIKASIETEORIE.</u>

Die Homiletiek het vroeër die eeu 'n weerstand begin ontwikkel teenoor die eensydige dogmatiese benadering in die vak onder die

invloed van Karl Barth. Die verskil tussen die dogmatiese aansprake van wat die preek is, en die praktyk van die verkondiging het al hoe duideliker geword. Na aanleiding hiervan het kommunikasie 'n sentrale begrip in die godsdiens en in die kerk geword en het die Kommunikasiewetenskappe in die afgelope jare 'n toenemende invloed op die teologie uitgeoefen. Die invloed het veral in die praktiese teologie sterk na vore gekom.

Pieterse wat 'n voorstander is van die dialogiese kommunikasieteorie het baie hieroor geskryf en dit verder verfyn in samewerking met F. Wester in die boek wat handel oor die prediking van Desmond Tutu (Pieterse & Wester 1995:57-70). In die analise van die tekste van Tutu is die outoritêre kommunikasiestyl teenoor die dialogiese kommunikasieteorie gestel. Die begrippe is in vyf hoofkategorieë sistematies ingedeel naamlik: die siening van die ander/deelnemer in die kommunikasie, die kommunikasiesituasie, doel van die kommunikasie; vorm van die kommunikasie en inhoud van die kommunikasie. Onder elke hoofkategorie is weer vier konsepte van die outoritêre- en dialogiese kommunikasieteorieë teenoor mekaar gestel. Hierdie indeling is soos volg saamgestel:

a. Voorstelling van die ander/deelnemer in kommunikasie:
- Dit gee betekenis aan die boodskap en die handelinge wat daarop volg.
- Dit beskerm die ander teen vernedering en vernietiging.
- Aktiewe deelnemer.
- Mede-gelowige.

b. Kommunikasiesituasie:
- Heersersvry.
- Pastoraat.
- Evangeliegerigte kommunikasie.
- Betrokke by godsdienstige gemeenskap.

c. Doel van kommunikasie:
- Bou relasies met mense/God.
- Laat eie oortuiginge toe.
- Streef na gemeenskaplike verstaan.

- Bevryding.

d. Vorm van kommunikasie:
- Dialogiese preek.
- Verwisselbare rolle.
- "Open-ended".
- Preek as 'n stap in die proses.

e. Inhoud van kommunikasie:
- Sentrale plek van liefde/deernis.
- Goeie nuus van God.
- Bybelse boodskap oop vir gemeenskaplike interpretasie.
- Bevrydingsboodskap van God.

Die bevinding was dat die dialogiese kommunikasiestyl in hierdie geval die outoritêre kommunikasiestyl oorheers het. Vir die prediking is dit volgens Pieterse belangrik want die openbaring van God aan mense word in die Skrif as dialoog aangebied, in die sin dat die Bybelboeke uit 'n dialoogsituasie tussen God en mens ontstaan het. Die handelinge van God soos wat ons dit hier en nou beleef, geskied ook deur die Woord en Gees op 'n dialogiese wyse. Die dialogiese kommunikasieteorie skets die ideale toestand in die interpersoonlike kommunikasie wat veral in verhoudings tussen mense geskied.

Die praktiese teologie sal graag met die ideale kommunikasiesituasie in die koninkryk van God wil werk. Verder is die aard van interaksies en verhoudinge tussen mense, en mense en God, dialogies (Heyns & Pieterse 1990:58; vgl. ook Vos 1994:8-13).

Die hoogste vorm van God se kommunikasie aan die mens geskied in die menswording van Jesus Christus. Dit sluit sy geboorte, sy woorde en dade, sy sterwe en opstanding, en sy hemelvaart in. Die menswording van Jesus Christus sluit ook die gawe van die Heilige Gees in. Die Gees is die groot Kommunikator, die Bewerker van kommunikasie, wat die heil in Christus voortdurend

in die lewens van individue en die gemeente as gemeenskap toepas. Die Heilige Gees sorg dat ons kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie 'n lewende gebeure is. 'n Woordgebeure, waarin God waarlik en lewend ontmoet word en die kommunikasie met Hom volgehou word (Heyns & Pieterse 1990:55-56; vgl. ook Pieterse 1990:93-94).

Hierdie kommunikasieteorie moet aan sekere teologiese kriteria beantwoord. Die eerste kriteria is dat dit nie-outoritêre kommunikasie moet wees. Mense moet as vrye mense op gelyke voet met mekaar in die gemeente kan kommunikeer. Die dialoogrolle moet prinsipieel wisselbaar wees (Pieterse & Wester 1995:68). Elke persoon moet 'n gelyke kans hê om in elke fase van die proses handelend op te tree (vgl. Pieterse 1988:182).

Tweedens moet elke deelnemer die vryheid hê om self oor 'n saak te besluit en eie verantwoordelikheid vir sy besluit te aanvaar. Dit beteken ook dat elkeen die ander se vryheid erken in hulle kommunikasie oor hul gemeenskaplike geloof in Jesus Christus.

Derdens geld 'n onvoorwaardelike aanvaarding van die ander as volwaardige mens. Die totale mens is belangrik. Die rolverdelers moet 'n holistiese blik op die mens hê (Heyns & Pieterse 1990:56-57; vgl. ook Pieterse 1991:66-96; Pieterse & Wester 1995:62-63).

In 'n gemeente in 'n industriële konteks kan lidmate die gevoel beleef dat die bydra wat hulle in die gemeente lewer nie van waarde is nie omdat hulle standpunte en sienings nie in ag geneem word nie. Hierdie kritiese ingesteldheid teenoor die gemeente, se oorsprong lê dikwels in die gevoel of belewenis dat die vryheid van kommunikasie nie op gelyke voet geskied nie. Daar moet gewaak word dat die hiërargie wat in die industrie bestaan, naamlik, hoofbestuurders, onderbestuurders, afdelingsbestuurders, voormanne, leierhande, werkers, ensovoorts nie in die gemeente moet geld nie. Die posisie by die werk moet nie die posisie in die gemeente bepaal nie. Die kommunikasie moet op gelyke voet

geskied.

Hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie geskied binne in 'n geloofsgebeure. Hieruit kan 'n woordgebeure plaasvind waarin God hier en nou in die huidige situasie spreek en handel. Die doel van hierdie handelinge is om verandering teweeg te bring. God het in Jesus Christus ingegryp in die wêreld om sy loop te verander in die rigting waarin God daarmee oppad is (Heyns & Pieterse 1990:52; vgl. ook Breytenbach & Pieterse 1992:107-109).

Dit gebeur ook in die gemeente. Die kommunikasie tussen Christene vind nie sonder 'n doel plaas nie. Hierdie kommunikasie het te make met die onderlinge kommunikering van die waarhede van die geloof en met die opbou van die geloof. Die doel is dus voortdurende verandering wat probeer om die hede te slyp na die ideaal van God soos wat Hy die wêreld graag sal wil sien (Heyns & Pieterse 1990:52).

### 2.1.7.3. 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE EKKLESIOLOGIE.

Volgens Pieterse (1993:158) moet 'n praktiese-teologiese ekklesiologie beskou word vanuit 'n sekere perspektief wat veral op twee gesigspunte fokus, naamlik 'n kommunikatiewe perspektief en op die funksies van die kerk.

Hierdie studie handel oor sekere aspekte van die prediking onder spesifieke omstandighede en wat belangrik is, is die gemeente se deelname aan die preek. Die beskouing van die gemeente, het 'n belangrike invloed op die wyse waarop die gemeente aan die preek deelneem, en die boodskap daarvan vertolk en toepas in hul lewens (Pieterse 1991:36-37).

'n Prakties-teologiese perspektief op die gemeente sal dus veral bekyk moet word vanuit 'n kommunikasiehoek. Hierdie kommunikasie het te doen met die spreke van God hier en nou in die gemeente deur sy Woord en Gees en deur die diens van die pastorale

optrede.

Die spreke van God in die kommunikasie van die evangelie veronderstel dat daar 'n ontmoeting sal wees. In die dialogiese verkeer met God en sy gemeente in die prediking, maar ook in al die praxisvelde vind daar 'n ontmoeting plaas van die gemeente met hul lewende Heer. Dit is 'n lewensbelangrike gebeure. Trouens, die spreke van God in sy Woord en die eksistensiële kennis van die gemeente van hul Heer deur die spreke en ontmoeting heen, is die fondament en die wese van die Christelike geloof (Pieterse 1991:37). Die praktiese teologie is daardie deel van die teologie wat hom met hierdie gebeure besig hou. Dit gaan oor die ontmoeting tussen God en mens en dit is veral geïnteresseerd in die rol van die mense in hierdie ontmoeting (Pieterse 1991:38).

'n Gemeentebeskouing of 'n prakties-teologiese ekklesiologie wil graag die konkrete situasie van gemeentes beter verstaan, en die praktiese funksionering van gemeentes beter dien. Om dit te kan doen word kerkmodelle ontwerp.

### 2.1.7.3.1. <u>KERKMODELLE.</u>

Om die verkeer tussen teorie en praxis vlot te laat verloop, word modelle gebruik. Met behulp van modelle word die onverstaanbare meer toeganklik. Modelle kan ook gebruik word om die eiesoortigheid, 'n unieke of 'n bepaalde perspektief aan te dui en te beklemtoon. 'n Model is nie volledig nie, dit moet vereenvoudig, en maak die saak altyd meer verstaanbaar. Modelle is pogings om die waarheid kenbaar te maak of te beskrywe. Soos beelde, is modelle beperk en dien slegs as hulpmiddels. Dit verduidelik teorieë en is 'n hulpmiddel om teorieë onderliggend aan die praktyk, te ontdek.

Daar is baie verskillende kerkmodelle wat ontwerp is, waarvolgens gemeentes of kerke gestruktureer kan word. (vgl. Louw 1992:126-127; Hendriks 1992:14-34). Pieterse (1991:81) kies egter die

liggaam-van-Christus model as metaforiese verstaan van die kerk.

Paulus gebruik hierdie beeld om die noue verbondenheid tussen Christus en sy kerk verstaanbaar te maak. Die kerk se verbondenheid met Christus skep ook 'n onderlinge verbintenis tussen gelowiges. Die oorsprong van hierdie beeld word gevind in byvoorbeeld Romeine 12. Christus is die hoof van die liggaam, en die kerk is dus afhanklik van Christus. Die beeld van die liggaam, beklemtoon die eenheid van die kerk, maar laat ook ruimte vir 'n verskeidenheid. 'n Verskeidenheid in persoonlikhede, van leefwêreld, in lewensuitkyk, maar ook ten opsigte van 'n verskeidenheid bedieninge en gawes.

Die beeld van die liggaam visualiseer die interafhanklikheid van die lede. Die oog kan nie vir die hand sê dat hy hom nie nodig het nie en die hoof kan nie vir die voete sê dat hy hulle nie nodig het nie. Elke mens het 'n plek en 'n taak (Heyns & Theron 1986:150-155).

Die redes waarom hierdie model die meeste geskik is, is die volgende: Dit is 'n model waarin simmetriese kommunikasie geskied tussen alle lede van die gemeente. Die opboumotief staan sentraal. Groot klem word in hierdie tyd vanweë die aard van die moderne samelewing op gemeentebou gelê. Dit is 'n model waarin groepsbediening tot sy reg kan kom. Dit het geestelike volwassenheid en spiritualiteit ten doel. Vanweë sy simmetriese kommunikasie en groepsgestruktureerdheid bied dit ruimte vir diepgaande koinonia en eenheid in liefde. Dit is 'n model wat sigself as deel van die samelewing gesien kan word en sosiaal en polities ruimte skep vir die gemeente se taak in die samelewing (Pieterse 1993:159-160; vgl. ook Pieterse 1991:89-91).

#### 2.1.7.4. <u>ANTROPOLOGIESE INSIGTE BINNE DIE KOMMUNIKATIEWE HANDELINGSTEORETIESE BENADERING.</u>

Pieterse (1993:163) is van mening dat, 'n holistiese blik op die mens en 'n kommunikatiewe perspektief nodig is om die mens van

ons tyd binne sy konteks te verstaan. 'n Holistiese blik kan teologies verkry word deur die mens binne die perspektief van die eskatologie en dus die alomvattende koninkryk of heerskappy van God te sien.

Binne die prakties-teologiese perspektief sou 'n mens 'n teologiese siening van die mens kon ontwikkel waarin die relasies en die kommunikasie met God, medemense en die natuur tot volle bloei kan kom vanuit 'n teologiese raam van God se verhouding met die mense en die wêreld. Hierdie teologiese raam word gevind in die reformatoriese tradisie in die konsep van die verbond. Die antropologie moet in die praktiese teologie ontwikkel word binne die spesifieke prakties-teologiese konsep naamlik die kommunikatiewe handelingsteorie waarin die verbond as konsep nie ronddryf tussen ander teologiese konsepte nie, maar 'n sentrale begrip is ten opsigte van herstelde relasies, 'n koninkrykspersepktief en die integrerende krag van die liefde, wat geregtigheid, vrede en hoop as koninkrykswaardes vir die mens oopmaak.

'n Verdere rede vir die keuse van die verbond as antropologiese konsep is die feit dat dit die mens as individu en as gemeenskapswese binne 'n kommunikasieraam plaas. Die gemeente as verbondsgemeenskap is 'n kommunikasieruimte. Binne hierdie ruimte spreek God in sy aanspraak sy verbondsgemeente aan, en kan hulle individueel en kollektief op sy Woord antwoord (Pieterse 1993:164; vgl. ook Vos & Pieterse 1992:155-157).

'n Antropologie in koninkryksperspektief laat die lig val op die taak om ons te beywer vir sy heerskappy oor mens en wêreld. Hierdie heerskappy kry konkrete gestalte waar die mens as God se bondgenoot die waardes van die koninkryk begin uitleef. Hierdie waardes is liefde, geregtigheid, vrede en hoop. Wie dit begin uitleef, vind kommunikasie en onderlinge begrip met medemense en begin verantwoordelikheid vir die skepping aanvaar (Pieterse 1993:166).

## 2.1.8. DIE TEORIE-PRAXIS-VERHOUDING IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.

Oor die teorie-praxis-verhouding in die praktiese teologie is daar al baie geskryf. Teorie in die verhouding teorie-praxis in die praktiese teologie beteken spesifiek die teologiese teorie wat die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie in kerk en samelewing dien (vgl. Nel 1991:23). Hierdie teorieë word uit die verstaan van die boodskap van die evangelie in die tradisie, en kontemporêr afgelei, maar ook uit die insigte van die praktiese teologie in die kommunikatiewe praxis wat bestudeer word (Pieterse 1993:172).

Praxis beteken binne die praktiese teologie 'n gereflekteerde praktyk. Die mens is voortdurend besig om sy eie praktyk krities te reflekteer terwyl hy of sy daarmee besig is. Praxis beteken ook dat dit 'n praktyk is wat gerig is op transformasie van die huidige situasie in kerk en samelewing aan die hand van die eskatologiese werklikheid van die waardes van die komende koninkryk van God. Die praxis wat die praktiese teologie bestudeer, is die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van individue en groepe in die kerk en in die samelewing met die oog op die opwek en opbou van die geloof in God, soos geopenbaar deur die woorde en dade van Jesus Christus (Pieterse 1993: 173; vgl. ook Nel 1991:24; Heyns & Pieterse 1990:29).

Die praktiese teologie hou hom besig met die teorieë wat in die kerklike en geloofspraxis funksioneer. Dit is die verantwoordelikheid van die praktiese teologie om die prakties-teologiese teorieë, wat in die praktyk funksioneer, te identifiseer, krities te beoordeel, te wysig en indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel.

Teorie-kritiek en teorie-ontwikkeling is egter van empiriese ondersoeke afhanklik. Met empiriese ondersoeke word 'n analise van die praktyk deur die versamel, beskryf en bewerk van empiriese gegewens bedoel. Die betrokkendheid by die praktyk

staan in diens van teorie-kritiek en teorie-ontwikkeling. Grondliggend aan elke handeling is 'n teorie (Heyns & Pieterse 1990:21).

Die verhouding tussen teorie en praxis kan die beste beskryf word as 'n bipolêre spanningsverhouding (vgl. Nel 1991:28-34). 'n Ellips illustreer hierdie bipolêre spanningsverhouding die beste.

'n Ellips is twee sirkels wat "oopgemaak" het vir mekaar en saam 'n nuwe eenheid gevorm het, maar dan 'n eenheid met twee middelpunte. In 'n ellips is daar twee middelpunte en elke middelpunt lewer 'n selfstandige bydrae tot die ellips. Tussen hierdie middelpunte is daar 'n spanningsverhouding wat in 'n volmaakte balans is. Verslap hierdie verhouding, dan skuif die middelpunte oormekaar en vorm 'n sirkel met een middelpunt. Word die spanning te groot, breek die verhouding en word weer twee sirkels verkry.

Hierdie beeld wis nie die selfstandigheid van die teorie of die praxis uit nie. Tog wys dit dat hulle tegelykertyd interafhanklik van mekaar is. Hulle is 'n eenheid maar nie identies nie. Daar is 'n verskeidenheid maar nie verdeeldheid nie (Heyns & Pieterse 1990:34).

Die oorgang van die teorie na die praxis en omgekeerd bring 'n kwalitatiewe verandering teweeg. Die teorie moet voortdurend deur die praktyk getoets word, met ander woorde, waargemaak of verkeerd bewys word.

Die teorie moet voortdurend die praktyk te bowe gaan om sy kritiese afstand te bewaar. Dit beteken dat die teorie kritiese teorie moet wees, krities ten opsigte van die kerklike praxis deur te toets of dit tot heil van mense is. Daarteenoor moet die kerklike praxis kritiese praxis wees wat sy eie teoretiese grondslae, doelstellings, effektiwiteite en resultate voortdurend krities ontleed en beoordeel (Heyns & Pieterse 1990:34-35).

## 2.1.9. EMPIRIESE BENADERING TOT DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.

Pieterse (1993:25) sê praktiese teologie as handelingswetenskap werk met 'n empiriese metode. In die teologie was daar tradisioneel basies drie metodologiese wyses waarop die teologie beoefen is, naamlik die histories-kritiese, literêr-kritiese en sistematies-kritiese metodes. Die literêr-kritiese metode asook die histories-kritiese metode word in die Bybelwetenskappe gebruik. Die histories-kritiese metode word ook in die kerkgeskiedenis en die dogmageskiedenis gehanteer. Die sistematies-kritiese metode word veral in die sistematiese teologie gebruik. Die ontwikkeling in die praktiese teologie na die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe metode tot die metodes bygevoeg, naamlik die empiries-kritiese metode (vgl. Heitink 1991:530).

Die huidige geloofservaring van mense en kommunikatiewe praxis kan moeilik deur die literêr-kritiese, histories-kritiese en sistematies-kritiese metodes opgespoor word. Die huidige situasie met sy geloofservaring en Christelik-kommunikatiewe handelinge kan wetenskaplik die beste op 'n empiries-kritiese wyse ondersoek word (Pieterse 1993:26). Hierdie metode is 'n wins vir die teologie (Heitink 1991:530). Buitendien is die direkte objek van die teologie die geloof wat nie alleen vanuit die skriftelike bronne van die Christelike geloof afgelei kan word nie, maar ook in sy huidige verskyningsvorm onder Christene vandag ondersoek moet word. Vir die hermeneutiese proses is grondige kennis van die huidige religieuse ervaring noodsaaklik sodat die verstaanproses tussen tradisie en die huidige situasie behoorlik kan verloop (Pieterse 1993:26).

Empiriese ondersoek geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Die navorsingsproses moet deur ander navorsers gevolg en gekontroleer kan word. Vooroordele moet sover moontlik uitgeskakel word en noukeurigheid

en geldigheid is van die uiterste belang. Die gegewens wat ingesamel word is gegewens wat in die werklikheid bestaan en daarom heet dit empiriese gegewens. Die doel van hierdie navorsing is om die empiriese gegewens te verstaan, en daarom vind daar veralgemening van bevindings plaas aan die einde van 'n navorsingsprojek (Pieterse 1993:26-27; vgl. ook Mouton & Marais 1985).

Pieterse se standpunt is dat hierdie empiriese benadering beoefen word vanuit 'n interpretatiewe paradigma en dat daar ruimte is vir beide interpretasie en verklaring of kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoeke binne die praktiese teologie (vgl. ook van der Ven 1994:42-44), asook ander tipes ondersoeke soos die teoretiese, historiese en literêre ondersoeke, maar dat die empiriese metode die sinvolste is (Pieterse 1993:190).

## 2.2. HOMILETIESE TEORIE.

### 2.2.1. INLEIDING.

Daar is voorheen al verwys na die metateorieë en basisteorieë wat betrekking het op die teorie van H.J.C. Pieterse. By die formulering van 'n praktykteorie speel hierdie teorieë 'n belangrike rol.

Metateorieë word gedeel met ander handelingswetenskappe en met betrekking tot die vak praktiese teologie word daar verwys na die kommunikatiewe handelingsteorie en die algemene sisteemteorie. Met betrekking tot die handelingsisteem prediking, word daar byvoorbeeld gedink aan die hermeneutiese teorie, die kommunikasieteorie, taal- en literêre teorie, retoriese teorie en die leerteorie (Pieterse 1991:141).

Basisteorieë is fundamentele prakties-teologiese teorieë met insette vanuit die ander teologiese vakke, binne die perspektief van die metateorieë. Met betrekking tot die vak praktiese teologie kan die volgende voorbeelde genoem word: 'n Prakties-

teologiese ekklesiologie, prakties-teologiese kommunikasieteorie, prakties-teologiese hermeneutiese teorie en 'n prakties-teologiese antropologiese teorie.

Ten opsigte van die homiletiek kan daar byvoorbeeld gedink word aan die hermeneutiese aanpak, die verstaan van die evangelie in die huidige tyd, die pneumatologiese verstaan van die preekgebeure, 'n gemeentebeskouing, 'n kommunikasieteorie en taal- en literêre teorie (Pieterse 1991:142).

### 2.2.2. PRAKTYKTEORIEë.

Praktykteorieë in die homiletiek is teorieë oor die praktyk van die prediking. 'n Praktykteorie is volgens Pieterse (1991;129) 'n teorie wat handel oor die 'hoe' van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie vir 'n spesifieke handelingsisteem binne die handelingsisteem prediking. Dit gaan meerendeels oor die deelname van die gemeente aan die preek. Die formulering van hierdie teorieë het ontstaan uit die perspektiewe wat verkry is, en insigte wat opgebou is uit metateorieë, basisteorieë en empiriese ondersoeke. 'n Praktykteorie ontstaan uit die wisselwerking wat plaasvind tussen teorie en praxis (Pieterse 1991;129).

Voorbeelde van sulke teorieë in die homiletiek is onder andere die volgende: die proses tussen teks en preek of preekvoorbereiding, verwoording van die preek of preek as taal- en retoriese gebeure, kommunikasie in die prediking, preektipes en preekvorme, preeklewering, die hoorders van die preek, gemeentedeelname aan die preek, effek van die preek, ensovoorts (Pieterse 1991:142).

### 2.2.3. DIE HOMILETIESE TEORIE VAN H.J.C. PIETERSE.

#### 2.2.3.1. PREDIKING AS UITLEG EN TOEPASSING VAN DIE TEKS.

Die Gereformeerde siening van die preek is dat dit die

verkondiging van die Woord van God is, in die modus van die uitleg en toepassing van die teks, binne die boesem van die gemeente. Die begrip "uitleg" dui daarop dat 'n gedeelte uit die Bybel verstaan moet word in die konteks van die totstandkoming van die teks, en dat die bedoeling van die spesifieke teks verstaan moet word, en dat die boodskap van die teks binne sy verband in die Skrif vasgestel moet word. Die begrip "toepassing" dui weer daarop dat die spesifieke boodskap wat deur die eksegese vasgestel is, binne die konkrete situasie van die gemeente as 'n Godswoord vir die hoorders, hier en nou moet aktualiseer (Pieterse 1988:73).

### 2.2.3.2. 'N VERWIKKELDE KOMMUNIKASIEPROSES.

By die lees van die teks vind daar 'n kommunikasiegebeure plaas. Elke teks het ten minste 'n sender (skrywer), 'n medium (die letters), 'n kode (die taal), 'n boodskap, 'n ontvanger (leser) en 'n konteks (agtergrond). In die hermeneutiese proses tussen teks en preek vind daar egter 'n verwikkelde kommunikasiegebeure plaas, wat tegelyk of in stappe aan die gang is.

Die prediker staan in 'n kommunikasieverhouding tot die gemeente. Voortdurend is daar 'n kommunikasieaksie tussen hom of haar en die gemeente aan die gang binne die konteks van die samelewing met huisbesoek, pastorale gesprekke, kategese, vergaderings, funksies, ensovoorts. Boodskappe word voortdurend oorgedra in die hierdie ontmoetinge, handelinge en gesprekke. Persoonlike kontak en persoonlike verhoudinge word opgebou, vertroue word gebou en soms afgebreek. Ook die gemeentelede is onderling in kommunikasie met mekaar oor geloof, gebeure rakende die gemeente en selfs oor die optrede, gedagtes en persoonlikheid van die prediker. Kortom, die prediker wat die teks gaan lees met die oog op die preek, is in 'n netwerk van kommunikasie in die gemeente betrokke (Pieterse 88:73-74).

Die prediker is verder as luisteraar of ontvanger besig met die teks. Hy of sy wil 'n boodskap uit die Bybelse gedeelte kry vir

die gemeente. Daarom is daar 'n kommunikasiegebeure tussen hom of haar en die teks aan die gang (Pieterse 1988;74).

Die kommunikasie wat in die eksegese met die oog op die prediking geskied, verloop op twee vlakke. Daar was 'n kommunikasie van die Bybelskrywer aan die destydse, eerste hoorders. Hierdie kommunikasie het in 'n spesifieke konteks plaasgevind, die van die destydse wêreld. Die skrywer het vanuit 'n eie konteks aan lesers of hoorders met 'n eie konteks geskryf. Die Bybelskrywer, as sender, het sy boodskap gekodeer, wat neerslag gevind het in 'n teks wat deur die eerste hoorders gedekodeer moes word. Vandag se eksegeet skakel in by die kommunikasieproses van destyds. Hy of sy moet die boodskap van die destydse kommunikasie probeer dekodeer soos die ideale eerste hoorder dit min of meer sou doen (Pieterse 1988:74).

Verder moet die prediker die boodskap uit die teks dekodeer vir die gemeente van vandag. Die moderne konteks en die betekenis van die boodskap vir vandag moet in berekening gebring word. Die kommunikasie van die teks met die eerste hoorders, sowel as die kommunikasie van die teks met vandag se hoorders moet deur die prediker en die eksegese opgevang word.

Tydens die preek moet die prediker ook in kommunikasie tree met die gemeente aan wie hy of sy die boodskap kodeer. Die gemeente op sy beurt, moet die boodskap van die prediker ontvang. Dit wil sê, dekodeer. Verder is die gemeente met mekaar in gesprek oor die preek, nadat dit geskied het, en weer met die wêreld en die alledaagse lewe, waar die Woord van God sy veranderde werking uitvoer deur hulle kommunikasie heen (Pieterse 1988:74).

Die hermeneutiese proses, wat afspeel tussen teks en preek, is ten diepste 'n kommunikasieproses met vele kante. Vanuit die homiletiek gesien, is die hermeneuse dus nie net uitleg van die teks in die sin van blote eksegese nie, maar reik dit verder in die toepassing daarvan tot by die uitleg en doen van die boodskap deur die gemeente (Pieterse 1988:75; vgl. ook Pieterse 1979:125).

## 2.2.3.3. PREDIKING AS 'N VORM VAN MASSAKOMMUNIKASIE.

Volgens Pieterse (1985:123) is prediking 'n gewone rede, maar tog besit dit 'n eie karakter. Alhoewel dit 'n publieke rede is, is dit nie 'n publieke toespraak nie. Dit is geen lesing nie, alhoewel dit lerende kenmerke het. As 'n vorm van massakommunikasie het dit 'n eie aard.

Massakommunikasie besit sekere kenmerke wat ook vir die prediking geld. Die eerste is dat dit in die openbaar plaasvind. Die preek geskied ook in 'n oop kerk waarin elkeen welkom is. Dit is openbaar in die sin van openbaarmaking. Die boodskap word aan almal en niemand in die besonder nie, gerig, want daar is gewoonlik een sender en 'n massa ontvangers. Massakommunikasie wil soveel ontvangers, op dieselfde tyd, as moontlik bereik.

Die kommunikasiebeginsel wat hier geld, is die wet, dat wie tot die enkeling spreek, tegelyk ook tot vele spreek. Wie egter net tot baie spreek, raak dikwels nie 'n enkeling nie.

'n Tweede kenmerk van massakommunikasie is die feit dat die ewewig in die kommunikasieproses vervorm is, met ander woorde, die deelnemers verkeer op 'n ongelyke voet. Die sender het as't ware die laaste woord. In die prediking is die gesag van die prediker gewoonlik die rede vir die ongelyke vlak waarop die kommunikasie geskied. Die gemeente kan die prediker nie in die rede val tydens die preek nie en na die preek is daar meestal nie 'n geleentheid tot 'n gesprek oor die preek nie (Pieterse 1985:124).

Die derde kenmerk van die massamedia is dat terugvoering moeilik en twyfelagtig is. Die gevolg is dat mense eenvoudig van die kerk af wegbly as die prediking hulle nie aanstaan nie. Die geleentheid tot deelname, of die motivering daartoe vanweë 'n tradisie van nie-deelname, ontbreek en dit het 'n negatiewe uitwerking op die kommunikasiegebeure tydens die prediking.

In die praktyk lei dit daartoe dat die preek die vorm aanneem van 'n monoloog. Kommunikasie is egter in sy wese dialoog (Pieterse 1985:125). In die preek as monoloog kry ons dus 'n eenrigtingkommunikasie vanaf die sender (prediker) na die ontvangers (gemeente) en geleentheid vir misverstand, verkeerde interpretasie, afskakeling, ignorering, ensovoorts is volop (Pieterse 1985:125).

## 2.2.3.4. PREDIKING AS DIALOOG.

Al sou die preek uiterlik monologies lyk, is dit wesenlik dialogies. Kommunikasie geskied in 'n netwerk van verhoudinge. Daarom is goeie kommunikasie in die alledaagse verhoudinge tussen prediker en gemeente buite die erediens noodsaaklik vir 'n kans op goeie kommunikasie tydens die preek. Die preek moet dus deur dialoog omring word - voor, tydens en na die preek.

Pieterse (1985:127) is van mening dat daar veral twee belangrike beginsels in kommunikasie is wat voor die tyd reeds die sukses of mindere sukses van die preek bepaal. Dit is persoonlike kontak en vertroue waaraan lank gebou moet word.

Die prediker se pastorale werk is hier van groot belang. Al die elemente vir die opbou van 'n diepgaande verhouding in die geloof tussen prediker en gemeentelede lê in die pastorale gesprek opgesluit. Die grondhouding van die pastor is deurslaggewend. Hierin geld egtheid of kongruensie, onvoorwaardelike agting of respek, empatiese begrip, die skep van vertroue en responsiewe luister. Dit is 'n aanvaarde feit dat heling in die pastoraat ook beïnvloed word deur die verhouding tussen pastor en gemeentelid. Hiervoor is getroue huisbesoek, die betrokkenheid in groepsbediening en 'n pastorale hart nodig (Pieterse 1985:127). Goeie kommunikatiewe verhoudinge word oor jare heen opgebou, en dit sal alleen geskied as die prediker die ware situasie, behoeftes, nood en gedagtes van die gemeente ken.

Vir gemeentes in 'n industriële konteks is dit belangrik, want

makro gemeentes in Suid-Afrika neem toe omdat daar nie genoeg geld beskikbaar is om kerkgeboue te bou nie, en omdat baie gemeentes in die Nederduitse Gereformeerde Kerk saamsmelt. Dit geld ook vir gemeentes in industriële samelewings. Een van die probleme in hierdie groot gemeentes is die verhouding tussen leraars en die gemeentelede en hulle kommunikasie met mekaar. Weens die groot getal gemeentelede kan die leraar soms nie genoegsaam by almal besoek aflê nie. Daarom is getroue, intensiewe en sistematiese huisbesoek van die uiterste belang want dit is van die min geleenthede waar daar werklik met mekaar gekommunikeer kan word. Die besoek van nuwe intrekkers, pastoraat en die beklemtoning van groepsbetrokkenheid is sake wat deurlopend in 'n industriële gemeente spesiale aandag moet kry want dit is waar die prediker die behoeftes, nood en gedagtes van die gemeente leer ken.

'n Verdere belangrike aspek vir die dialoog en kommunikasie voor die erediens, is die betrekkinge en verhouding van die gemeentelede onder mekaar. Hoe beter hulle mekaar ken en hoe dieper hul geloofs- en gespreksverhoudinge is, hoe beter sal die kommunikasie met die prediker en met mekaar voor, tydens en na die preek verloop. As mense in 'n span saamwerk, groei en bloei hul kommunikasie met mekaar. 'n Lewendige, aktiewe en betrokke gemeente is uiters noodsaaklik vir kommunikasie in die prediking (Pieterse 1985:128; vgl. ook Pieterse 1988:99). Daar moet dus gepoog word om die liggaam-van-Christus-model in gemeentes te implementeer.

Nog 'n aspek waaraan ook aandag gegee moet word is die inrigting van die liturgiese ruimte in die kerk en die inrigting van die erediens. Dit het 'n beslissende invloed op kommunikasie in die prediking. Langtermyn beplanning is nodig, veral ten opsigte van kerkargitektuur en die inrigting van die ruimtes in die kerk. Daar moet ook aandag gegee word aan die liturgiese orde, sang en die skakeling met die orrelis, ensovoorts (Pieterse 1985:128).

Teologies is die herkoms, die aard en die doel van die

kommunikasie in die erediens geleë in die spreke van God waarop die mens antwoord. 'n Wesenskenmerk van die erediens is gevolglik gesprek of dialoog. Dit is 'n lewende gesprek vol aksie, vol deelname van woord en weerwoord. God spreek deur sy Woord en Gees, verbaal en sakramenteel en die mens antwoord. Die punt is egter dat God hierdie gesprek inisieer, begin en eindig (Pieterse 1985:128). Die doel van die gesprek is 'n ontmoeting, 'n omgang, 'n kommunikasie tussen God en sy gemeente. Vir 'n ware gesprek moet albei deelnemers waarlik deelneem (Pieterse 1985:129).

Die groot kommunikasiebeginsel is betrokkenheid. Die gemeente moet waarlik betrokke wees by die gebeure. Betrokkenheid kan bevorder word deur die gemeente op te voed en te onderrig in wat presies in die erediens gebeur. Wanneer die gemeente hom van harte toewy, veroorsaak dit hartlikheid. Om van harte deel te neem, is om betrokke te wees (Pieterse 1985:129).

Die rol van sang is belangrik by betrokkenheid. Sang behoort tot die wese van die erediens. Barnard (1981:602-603) sê dat sang 'n groter invloed en krag het op mense, as woorde. Dit laat die woord en die boodskap nog dieper in die hart indring. Dit bring mense se gemoed, se wese, in beweging. As die hele gemeente uit die hart sing, word aan nog 'n kommunikasie-vereiste voldoen, naamlik, dat die ontvangers op gelyke voet met die sender (prediker) en die kommunikasiegebeure staan (Pieterse 1985:130).

Gemeentelede in 'n industriële konteks hou van sang. Lofprysingsgroepe, kore, goed onderrigte sangleiers wat die gemeentesang sinvol kan lei en sangers van buite het 'n positiewe invloed op so 'n gemeente. Almal kan nie saampraat nie, maar almal kan saam sing.

#### 2.2.3.4.1. <u>DIALOOG IN PREEKWERKGROEPE</u>.

Pieterse (1985:135) is van mening dat preekwerkgroepe die kommunikasievermoë van die preek kan verhoog of verbeter. Uit

'n empiriese ondersoek wat deur hom gelei is, is aangetoon dat predikers nie presies weet wat die vlak van kennis, die verstaan en die assosiasies en interpretasies van gemeentelede is nie. Daarom het predikers moeite om die teks toe te pas en konkreet te maak vir die gemeente (Pieterse 1985:131). Dit is noodsaaklik vir goeie kommunikasie om met die preek oor 'n spesifieke teks op die vlak te begin waar die gemeentelede oor die algemeen met die verstaan en vertolking daarvan is. Met ander woorde, dit is nodig om konkreet uit te vind hoe die gemeente voel en dink oor 'n teks wat die prediker vir 'n spesifieke preek gekies het (vgl. ook Pieterse 1988:100).

'n Gemeente funksioneer gewoonweg deur sy kerkraad, kommunikasiewerksaamhede en gemeentelike aksies. Deur hierdie strukture kan daar baie gedoen word om deur preekwerkgroepe die kommunikasievermoë van die preek te verhoog of te verbeter. 'n Goeie begin is om 'n eredienskommissie as een van die kommissies van die kerkraad daar te stel met die taak om alles te ondersoek, sorg te dra om te evalueer wat alles tydens die erediens gebeur, met die oog op verbetering. Onder die kommissie se toesig kan preekwerkgroepe gestig word en preke kan geëvalueer word. Die industrie het baie bekwame mense in diens, sommige is daagliks besig om in werksverband sake en mense te evalueer en kan dus op kerlike terrein ook 'n groot bydrae lewer.

Die uitgangspunt tot so 'n groep behoort te wees dat hulle nie die preek maak nie, maar die prediker. Die prediker mag ook nie net hulle gedagtes oordra in die preek nie. God is ten diepste die Subjek van die prediking. Prediker en gemeente moet luister na die Woord en in hierdie gemeenskap kom die verstaan. Dit gaan in so 'n preekwerkgroep om gekonsentreerde dialoog rondom die vraag of die prediker die gemeente verstaan en of hulle hom of haar verstaan. Dit gaan ook daarom dat die prediker die gemeente se reaksies, voorbehoude, aanstote en begrip oor die teks kan verneem (Pieterse 1985:132).

So 'n preekwerkgroep behoort nie uit meer as tien of twaalf

persone te bestaan nie en moet 'n aand in die week voor die preek byeenkom om die kommunikasievermoë van die preek te versterk en agterna te beoordeel. Hieruit kan prediker en gemeentelede veel leer van die oordrag van die boodskap (Pieterse 1985:133).

So 'n groep kan bestaan uit gemeentelede wat die hele gemeente verteenwoordig, byvoorbeeld die jeug, die vroue, beroepsgroepe, bejaardes, ensovoorts. Pieterse (1985:134-136) stel egter voor dat so 'n preekwerkgroep saamgestel moet word uit 'n primêre groep en uit die opiniemakers in die gemeente.

'n Primêre groep is 'n informele groep mense wat noue kontak met mekaar het en met mekaar persoonlik omgaan. Dit is veral 'n groep mense wat mekaar se standpunte en sieninge onderling sterk beïnvloed. Die primêre groep bepaal in 'n groot mate 'n persoon se standpunte en wanneer so 'n persoon buite die groep in ander situasies kom, word sy of haar optrede en standpunte deur die primêre groep bepaal. Primêre groepe is byvoorbeeld die huisgesin, werksgroep, sportgroep, ensovoorts. Iemand kan dus aan meer as een primêre groep behoort. Ongelukkig is dit dikwels so dat die kerk selde 'n primêre groep word. Wanneer iemand dus 'n boodskap uit die evangelie hoor, sal hy of sy bewustelik of onbewustelik in sy of haar aanvaarding of verwerping daarvan gelei word deur vrae soos: hoe sal dit my famlie, kollegas of spanmaats raak. So 'n persoon kan die boodskap met sy of haar verstand aanvaar, maar Maandag tussen sy kollegas dit verwerp. Indien daar geen terugkoppeling op 'n meer direkte wyse na die preek plaasvind nie, sal die prediker nooit weet hoe die gemeente op die preek reageer nie.

Ten nouste met die invloed van die primêre groep gaan die invloed van die opiniemakers in die gemeente gepaard. Dit is die toonaangewende figure in die kerk en gemeenskap waarin die kerk bestaan. Hulle is diegene wat eerste 'n vernuwing of die noodsaak van vernuwing raaksien en die invloed het om die res van die gemeenskap na hulle sienswyse oor te haal. Hulle is die mense wat deur die gemeenskap vertrou word en wat as leiers 'n

sterk invloed op hul mense het. As hierdie mense in 'n preekwerkgroep opgeneem kan word en persoonlike kontak tussen die prediker en die opiniemakers in 'n soort primêre groep, waar die maak van die preek en die gevolge daarvan bespreek word, bied dit 'n uitstekende geleentheid om die kommunikasieproses aan die gang te kry en egte verandering by die opiniemakers te bewerk. Hulle beïnvloed weer op hulle beurt die res van die gemeente (Pieterse 1985:135; vgl. ook Pieterse 1988:100). Vir 'n gemeente in 'n industriële situasie is die preekwerkgroep-gedagte van besondere belang.

### 2.2.3.5. <u>DIE PROSES TUSSEN TEKS EN PREEK</u>.

Die preekvoorbereiding is ten diepste ook deel van die kommunikasieproses. Die prediker is as luisteraar of ontvanger besig met die teks. Hy of sy wil 'n boodskap uit die Skrifteks kry. Daarom is daar 'n kommunikasiegebeure tussen hom of haar en die teks aan die gang. Die stappe in preekvoorbereiding kan in drie fases verdeel word, naamlik die voorbereidende fase, die hooffase en die afrondingsfase.

By die voorbereidende fase moet die gekose gedeelte waaruit gepreek gaan word, voorlopig verken word. Daarna moet die perikoop of die samehangende gedeelte afgebaken word. Wanneer die prediker die gedeelte wat 'n eenheid vorm, afgebaken het, moet op 'n tekskritiese wyse vasgestel word of daar wesenlike veranderinge in die teks voorgekom het. Dit kan help om die grammatika en die betekenis van die teks te verstaan. Tydens die voorbereidende fase moet daar ook so met die teks omgegaan word dat daar al iets van 'n eie verstaan van die teks opgebou word. Hierdie verstaan word versterk of gewysig in die volgende fase (Pieterse 1985:144).

Die hooffase in die proses is die werklike eksegese van die teks. Die prediker moet die eksegetiese wetenskappe gebruik om hom of haar te lei en hy of sy moet stapsgewys te werk gaan. Daar is sekere aspekte van die eksegese wat nie uit die oog verloor mag

word nie. In die hooffase moet die makrostruktuur geanaliseer word. Dit het te doen met die identifisering en die funksie van die mikrostruktuur, met ander woorde, die perikoop of gedeelte wat gekies is om uit te preek. Hoe funksioneer die mikrostruktuur binne die groter geheel van die hoofstuk of Bybelboek? Wat word in hierdie gedeelte van die boek behandel? Hoe pas dit in by die boodskap van die geheel en wat is die doel van die skrywer?

Daarna volg die analise van die mikrostruktuur. Hierin is die struktuuranalise van groot hulp. Met die analise hang die vraag saam in welke literatuursoort die teks gegiet is. 'n Verhaal word effens anders geanaliseer as 'n redevoering. Literatuursoorte is Gattung en/of genres, byvoorbeeld 'n verhaal, 'n brief, 'n gedig, klaagliedere, individuele klaagpsalms, profetiese literatuur, wysheidsliteratuur, strydgesprekke, gelykenisse, redevoeringe, doksologieë, oordeelsaankondiginge, ensovoorts. Elke literatuursoort het 'n eie wyse van kommunikasie maar kan ook, afhangende van die konteks waarin dit voorkom, op verskillende wyses funksioneer (Pieterse 1985:144-145).

In die analise van die mikrostruktuur word die struktuur van die spesifieke gedeelte blootgelê. Deur gebruikmaking van grammatiese, stilistiese en inhoudelike kriteria word die perikoop in klein eenhede verdeel en die relasie van die eenhede tot mekaar bepaal. Deur die perikoop se struktuur te ontleed, kan vasgestel word hoe dit inmekaar sit, en kan die hoof- en newe-aksente van 'n perikoop aangetoon word. Dit help om die vers of preekteks uit die perikoop te kies. Dit help dus ook om 'n preekteks se funksie binne die perikoop te bepaal. Indien die prediker oor 'n hele perikoop wil preek, help die struktuur om die hoofaksente van die perikoop aan te toon (Pieterse 1985:145).

Die Bybelskrywers het binne 'n sekere literêre en teologiese klimaat en binne 'n sekere tradisie geskryf. 'n Tradisie is 'n

geykte vorm waarin die hoogtepunte van die verlossingsgeskiedenis van Israel oorgelewer en gebruik is. Van die belangrikste tradisies is die skeppingstradisie, aartsvadertradisie, uittogtradisie, woestyntradisie, Sinaitradisie, Dawids- en Sionstradisie. Hierdie tradisies word gekenmerk deur vaste uitdrukkings. Die prediker as eksegeet moet hierdie tradisies in die teks kan identifiseer en kan vasstel hoe dit binne die bepaalde konteks van die teks gebruik word. Dit dra alles by om die teks beter te verstaan. Net so is die redaksiegeskiedenis van die teks belangrik. In hierdie proses kan die outeurskap en datering van die boek vasgestel word.

Die derde fase is die afrondingsfase. Na die eksegese gedoen is, moet die verhoudingsinhoud of die boodskap van die hele eenheid geformuleer word. Dit is die doel van die eksegese en ook die laaste stap in die eksegese. Tot hier toe het die prediker gedekodeer of ontvang. Die kodering deur die prediker moet nou gedoen word. Die preekteks moet nou finaal gekies word.

Die volgende stap is om die skopus of blikrigting van die preekteks vas te stel. Wat wil die teks? In welke rigting wil hy gaan met die luisterende prediker? Die bedoeling van die teks is nou ter sprake. Wat is die bedoeling van die teks? Maar hiermee saam val 'n belangrike beslissing vir die prediker en dit is dat hy of sy in lyn met die skopus van die teks 'n preekdoel moet formuleer. Wat wil hy of sy met die preek, met hierdie boodskap in die gemeente bereik? As die skopus vasgestel is, moet die prediker in 'n volgende sin of twee die boodskap van die preekteks neerskryf. Met inagneming van die skopus, met ander woorde, die rigting waarin die teks kyk, en die boodskap van die teks, moet die preekdoel geformuleer word. Hier is dit belangrik om te weet dat die volle raad van God verkondig moet word. Die groot variasie van die gemeente se behoeftes en die roeping en bestemming van die gemeente moet afwisselend aan die orde gestel word. Navorsing het bevind dat die meeste mense uiters sewe onderwerpe het waaroor hulle kan praat of in staat is om oor te praat (Pieterse 1985:147). Eensydigheid kan 'n probleem word in

die prediking en daar moet gewaak word teen die oorbeklemtoning van net een of enkele sake. Sommige predikers kan die doel van prediking net sien as bekering, of slegs lering, of die behoeftes van die gemeente (Pieterse 1985:147).

Die volgende twee stappe in die afrondingsfase is die formulering van die preektema en die hoofgedagte van die preek. In die arbeid om hierdie tema in een sin neer te skryf, moet die prediker die boodskap van die preekteks en die situasie van die konkrete hoorders oormekaar laat skuif. 'n Preektema is 'n tema wat uit die teks self uit kom en op die gemeente betrek en gerig is. Die preektema moet in een helder sin geformuleer word. Hierdie een sin gee uiteindelik koers aan die preek en loop soos 'n rooi draad deur die preek. Hierdie formulering moet duidelik en eenvouding maar treffend wees. Die formulering moet ook verkondiging wees, en dit moet persoonlik en direk wees. Dit moet ook die hele boodskap van die preek dek (Pieterse 1985:148).

Die preekskema het betrekking op die strukturering en ordening van die preekstof. Struktuur is 'n noodsaaklikheid vir enige menslike kommunikasie. Verder is dit so dat inhoud en vorm 'n eenheid is. Wat iemand sê, hang in 'n groot mate af hoe hy of sy dit sê. Goeie struktuur dien die gerigte vloei van die kommunikasie van die boodskap, maar oorheers dit nie (Pieterse 1985:149).

Die volgende stap is om op 'n preekvorm te besluit, sodat die skema in die gekose vorm kan ontwikkel. Vroeër is gesê dat vorm en inhoud 'n eenheid is. Die vorm is dus belangrik. Met die preekvorm word bedoel dat daar gekies moet word vir 'n tekstematiese preek, of 'n homilie, of 'n verhalende preek, ensovoorts (Pieterse 1985:149).

#### 2.2.3.6. VERWOORDING VAN DIE PREEK.

Labuschagne & Eksteen (1993:904) beskryf taal as die vermoë van die mens om met taalklanke wat in duidelike onderskeibare eenhede

van vorm en betekenis en wat in 'n sisteem georden is, betekenis aan ander mense oor te dra.

Deur die taal word die werklikheid uitgedruk, soos die mens dit ervaar. Daarom is dit vanselfsprekend dat die prediker in sy poging om die huidige werklikheid te ken en te verstaan, die taal van die hede en dus ook die taal van die gemeente sal ken. Pieterse (1979:96) lê groot klem op die analisering en verstaan van die eie tyd. Hy sien die mens se situasie as 'n woordsituasie. Die mens is 'n wese wat woon in die taal (vgl. ook Buttrick 1987:173).

Die mens het die vermoë om die werklikheid onder woorde ter sprake te bring. Die syn is in die taal self. Die rol van die taal is om daarin die werklikheid soos die mens dit ervaar, uit te druk.

Dit is moontlik om in die prediking, in gewoon menslike taal oor God en die heil in Christus te praat, omdat God Homself in mensetaal bekend gestel het. Verder is die grond vir die verstaanbaarheid van die evangelie die menswording van Jesus Christus. Dit is juis deur die heilsdade van Jesus Christus dat die evangelie vir die mens verstaanbaar geword het. Jesus Christus het in eenvoudige menslike terme die evangelie verwoord. Hy maak van eenvoudige verhale en gelykenisse gebruik (Matteus 13:34). In die gelykenisse vertel Hy van dinge wat in die daaglikse lewe voorkom. Hy dwing ook nie sy punt op die hoorders af nie, maar laat hulle toe om self 'n keuse te maak (Pieterse 1988:105).

Dit geld ook vir die taal wat in die prediking gebruik word. Taal word gebruik in die betekenis van begrippe, terminologie en uitdrukkingswyse. Om goed te kommunikeer moet die prediker vertroud wees met die denk- taal- en begripswêreld van die hoorders en daarvolgens met hulle praat (Pieterse 1985:156). Vanweë die pluraliteit in die gemeente moet die prediker 'n gemeenskaplike taal gebruik. Dit is 'n taal wat almal verstaan.

So 'n taal is die omgangstaal. Omgangstaal is primêr die taal wat in die gesin, in die huislike en familielewe gebesig word. Dit is taalgebruik wat vir die hele gemeente toeganklik is en beelde en metafore uit hierdie milieu is aan almal bekend (Pieterse 1985:157-158; vgl. ook Pieterse 1988:111).

Dit is van kardinale belang om te onthou dat 'n preek as gesproke taal in spreektaal geskied en nie in skryftaal nie. Vrye voordrag in spreektaal is die beste vorm van talige kommunikasie. Liggaamstaal moet die gesproke taal vergesel op 'n natuurlike wyse sodat dit 'n positiewe bydrae kan lewer tot die oordrag van die boodskap. Spreektaal het gewoonlik nie baie adjektiewe nie en dit geskied gewoonlik in kort sober sinne (Pieterse 1988:110).

Predikers is geneig om vanweë die konteks waarin die preek geskied in 'n oormatige formele styl te preek. 'n Hiperformele styl skep afstand tussen spreker en hoorder en is kenmerkend van 'n situasie waarin daar 'n asimmetriese kommunikasiestruktuur bestaan. Teologiese vaktaal kan moeilik verstaanbaar wees vir die gemeente. Dit bestaan uit tegniese terme waaraan 'n spesifieke betekenis toegeken is, wat onbekend kan wees vir hoorders. Daar moet ook gewaak word teen 'n soort "Kerk-Afrikaans". Dit sluit oningewydes by die godsdienstige gesprek uit en skep 'n afstand tussen kerkmense en diegene wat ons met die boodskap wil bereik (Pieterse 1988:110). In 'n gemeente in 'n industriële konteks kan daar teologiese terme wees waarmee die hoorders nie vertroud is nie, daarom is verduideliking soms noodsaaklik vir sommige teologiese begrippe.

In 'n preek gaan dit nie net om taalgebruik nie. 'n Preek is 'n godsdienstige gebeurtenis waar ander faktore ook belangrik is, maar die regte taalgebruik kan help dat die hoorder die boodskap van die preek beter verstaan.

Die industriële mens moet gesien word as 'n mondige mens wat aanspraak kan maak op die erkenning van sy eie vermoëns en wat die reg het op regte en voorregte. Hulle moet dus tydens die

prediking in hulle mondigheid aangespreek word en nie blindelings aan gesag onderwerp word nie. Die taalgebruik en die manier hoe daar gekommunikeer word moet hierby aansluit. Prediking is nie net 'n kognitiewe proses nie, maar dit is ook 'n sosiale en emosionele proses (Webb 1986:44).

Predikers in 'n industrieel-georiënteerde gemeente moet hulle taalgebruik met insig versorg, want die sukses van kommunikasie hou direk verband met houdings, verwagtinge, norme, waardes, vooroordele en sosiale verhoudings van mense.

Die ideaal is dat die prediking 'n dialogiese koummunikatiewe handeling sal wees waar prediker en hoorder in gesprek tree met hulle God en met mekaar. Die realiteit is egter dat sommige lidmate tydens die erediens passiewe toehoorders is, en wat geestelik onbetrokke deelneem aan die verrigtinge. Die waarskynlike rede vir hierdie toedrag van sake is omdat die predikers nie altyd voldoen aan die verwagtinge van sommige lidmate nie.

Godsdiensbeoefening is 'n persoonlike saak en lidmate voel en beleef dit nie almal dieselfde nie, daarom is dit belangrik dat die prediker deeglik rekening sal hou met die hoorders se kennis, verwagtings, houdings en kommunikatiewe behoeftes. Die hoorders het die reg om te verwag dat hulle baat gaan vind by die preek en dat die prediker hulle intellektuele en emosionele behoeftes in ag sal neem.

Godsdiensbeoefening openbaar ook 'n groepskarakter. Die regte taalgebruik tydens die prediking kan help om 'n samesprekingsgevoel onder die hoorders te skep en die gemeenskaplikheid van godsdienstige norme, waardes en verwagtinge te vestig. In hierdie proses speel wederkerige, emosionele betrokkenheid ook 'n rol.

Regte taalgebruik vra beplanning asook deeglike voorbereiding. Die prediker moet sy of haar taalgebruik ten opsigte van hoe hy

of sy, sy of haar gedagtes gaan deurgee, wat hy of sy gaan sê, en in watter vorm hy of sy, sy of haar idees gaan aanbied, beplan.

Die hoorder wil graag iets nuuts hoor. Iets moet meegedeel word wat hulle nie reeds weet nie. Hulle wil ook emosioneel en geestelik verryk word, en verwag om iets te ontvang wat relevant is vir die wêreld waarin hulle leef en die situasies waarin hulle verkeer. Die predikers moet dus toesien dat hulle vertroud is met die eksistensiële worsteling van die hoorders en hierdie probleme moet aangespreek word (vgl. Webb 1986:49).

'n Voorvereiste vir effektiewe kommunikasie is dat die prediker die hoorder nie aanstoot sal gee deur die wyse waarop hy of sy die boodskap oordra nie. Tydens prediking moet die hoorder dus reg en hoflik behandel word vir wat hulle is, met ander woorde soos 'n ingeligte volwassene wat in 'n geïndustrialiseerde samelewing woon en werk. Dit is die taak van die prediker om hoordersbetrokkenheid te bewerkstellig tydens die prediking (Webb 1986:49-50).

Naas die omgangstaal wat afkomstig is uit die leefwêreld van die hoorder, moet daar ook gebruik gemaak word van die Bybelse taal wat aan die gereelde kerkganger bekend is. Dit is die taal wat gereeld deur die gelowige gelees en oordink word en wat weekliks tydens die erediens gehoor word. Vir die meeste gelowiges is dit bekend en die betekenis daarvan ken en verstaan hulle. Die Bybel is die belangrike bron waaruit die hoorders hulle kennis put aangaande hulle godsdiens, en daarom verwag hulle dat daar tydens die prediking verwys sal word na dit wat in die Bybel staan.

Die preektaal behoort deurspek te wees met beelde en metafore. Die Bybel praat in die rykste en mooiste metafore oor God. Die prediker kan kies uit bestaande metafore, Bybelse metafore en idiomatiese uitdrukkinge in Afrikaans. Metafore het 'n kragtige assosiatiewe werking. Dit prikkel die verbeelding van die

gemeente en laat die hoorders mee-dink oor die boodskap (Pieterse 1988:111).

## 2.2.3.7. PREEKVORME.

Voorheen is al gesê dat vorm en inhoud 'n eenheid moet vorm. Albei aspekte moet beklemtoon word en albei aspekte vorm deel van 'n teologiese teorie vir die prediking. Vir die optimale oordrag van die boodskap in die preek is goeie preekstrukturering noodsaaklik. Die gedagtes wat 'n persoon dink, kan alleen aan ander mense oorgedra word as dit in 'n bepaalde vorm gestalte kry. Daar bestaan geen bewussynsinhoude sonder 'n bepaalde vorm nie (Pieterse 1985:170). Strukturering en die sorgvuldige oorweging van die preekvorm is 'n noodsaaklikheid. Die boodskap wat in 'n bepaalde Skrifteks ontdek word, is ook in 'n bepaalde vorm gegiet. Die Bybelskrywer het ook gestruktureer met die oog op 'n goeie kommunikasie van sy boodskap (Pieterse 1988:101).

'n Goeie struktuur, orde en vorm is onontbeerlik as 'n hulp vir die hoorder van die preek. Die mondelinge verkondiging geskied as 'n moment in die tyd. As 'n woord of sin uitgespreek is, is dit verby. Struktuur is ook vir die prediker self noodsaaklik. Dit help die prediker om sy of haar gedagtes te orden, en om onnodige herhaling te vermy. Dit perk hom of haar af tot 'n begin en 'n einde (Pieterse 1985:171).

Wanneer die prediker die preektema in 'n preekskema begin ontvou, moet hy of sy 'n bewuste keuse maak vir die vorm van sy of haar preek wat die intensie van die teks die beste tot die hoorders sal bring. Met die begrip preekvorme word bedoel die vorm waarin die boodskap gestruktureer en verwoord word. Dit het met genres te doen soos die betogende, verhalende, poëtiese, ensovoorts. Dit het met vorme te doen wat 'n eiendomlike kommunikatiewe aard het (Pieterse 1985:172). In die Bybel wemel dit van 'n ryke verskeidenheid van literêre vorme, soos verhale, gelykenisse, biografieë, briewe, gedigte, argumentasies, redes, spreuke, ensovoorts. Hierdie verskeidenheid van literêre vorme is deur

die Bybelskrywers gebruik om die boodskap te kommunikeer. Elke vorm het 'n eiesoortige wyse van kommunikasie.

Pieterse (1985:176-239) bespreek die vier belangrikste preekvorme naamlik die tekstematiese preekvorm, die verhalende preekvorm, die homilie en die poëtiese preekvorm.

Die tekstematiese preekvorm is veral daarop ingestel om die hoorder te oortuig. Met argument en bewysvoering word die hoorder tot die standpunt van die prediker se boodskap oorgehaal.

Die verhalende preekvorm dra menslike ervaring oor, ook geloofservaring. Dit boei uitnemend en is uiters geskik om 'n waarheid met groot effek tuis te bring. So dien die vertellings in die Ou Testament om groot waarhede van God se verbond en sy verlossing kragtens sy verbondstrou tuis te bring. Hierdie preekvorm kommunikeer veral ook deur identifikasie met 'n sekere karakter.

Die homilie het veral 'n gesprekskarakter. Dit het 'n eenvoudige informele styl en is nie oor- of ondergestruktureer nie. Die homilie het in sy oorspronklike vorm 'n dialogiese styl geopenbaar, en ook 'n gesprek tussen voorganger en gemeente bewerk.

Die poëtiese preekvorm is gerig op die digterlike. 'n Gedig skep 'n wêreld van sy eie. Daar kan gepraat word van twee wêrelde: die wêreld van die werklikheid of die prosa en die poëtiese wêreld. Grové (1953:2) noem die wêreld van die poësie die land van die verbeelding. Die digter bou vir hom of haar uit verskeie bekende dinge, of 'n verbinding daarvan, 'n nuwe wêreld op. Die kommunikasie-aard van poësie is dus van 'n verwysende aard. Dit betrek wêrelde bymekaar, dit verbind dinge op so 'n wyse dat dit 'n mens dinge laat sien, soos dit nog nie voorheen gesien is nie. Dit werk assosiatief. Dit stimuleer die verbeelding. Die krag van die poëtiese spreke lê op die emosionele vlak. Dit open 'n wêreld waarin die hoorder iets beleef (Pieterse 1985:178).

By die keuse van 'n preekvorm speel die aard van die teks, die aard van die gemeente en die persoonlikheid van die prediker 'n rol. Die belangrikste aspek by die keuse van 'n preekvorm is egter die boodskap van die teks wat in die preek optimaal oorgedra moet word (Pieterse 1985:238-239).

### 2.2.3.8. PREEKLEWERING.

'n Preek "gebeur" eers as dit afgelewer, oorgelewer of tuisgebring is. 'n Preek moet ook in die hoorders gebore word, dan het dit geskied (Pieterse 1985:159). Die mondelinge gebeure is die groot moment van die prediking. Alles wat oor die prediking gedink en gesê word, is gemik op hierdie mondelinge gebeure tussen mense, met ander woorde, die gemeente van die Here.

Die prediker hoef nie skugter te wees oor die mondelinge woorde wat in die prediking tussen hom of haar en die gemeente gaan geskied nie. In die gesproke woord lê 'n groot krag. Taal is die liggaam van die gees. Woorde is dade. Wie die regte woorde in 'n gegewe situasie vind en uitspreek, is besig om sin uit die chaos te skep, want God het deur sy Woord, geskep uit die chaos en die mens deel in hierdie skepping (Pieterse 1985:160).

Die dialogiese aard van die prediking kom tydens die lewering van die preek na vore. Hierdie dialoog het daarmee te doen dat die gemeente se wêreld in die prediking betrek word en hulle gedwing word om op die appèl van die Woord te antwoord. Dit was by uitstek ook die wyse waarop Jesus gepreek het (Pieterse 1985:160).

Tydens die preek moet die preekgebeure 'n dialogiese karakter handhaaf. Dit kan verseker word deur die beginsel van nie-verbale kommunikasie wat voortdurend tussen prediker en hoorders aan die gang is. Vir hierdie dialoog waarin prediker en gemeente opmekaar reageer, op 'n nie-verbale wyse, is die volgende sake egter voorwaardes:

Oordrewe styfheid, deftigheid en waardigheid in die erediens bemoeilik dialogiese prediking. Dit skep 'n onpersoonlike klimaat. Die prediker sal moeite moet doen om 'n meer persoonlike klimaat te skep (Pieterse 1985:161).

Die prediker sal deurgaans bewus moet wees van die reaksies van die gemeentelede. Dit is reaksies in die oë, die gesig en die liggaamshouding. Hierdeur stuur die gemeentelede boodskappe aan die prediker. Die prediker moet op sy of haar beurt aanleer om oop te staan tydens die preek vir hierdie reaksies en self daarop reageer.

Vrye voordrag skep 'n persoonlike en dialogiese atmosfeer. 'n Prediker wat vry voordra en spontaan sy of haar gedagtes en woorde oordra, is besig om te praat soos iemand wat 'n gesprek voer. Nie-verbale dialoog in die preek wat positief sal verloop, is afhanklik van egtheid by die prediker. Mense let in die eerste plek nie op wat 'n mens sê nie, maar hoe 'n mens dit sê (Pieterse 1985:161).

Die persoonlikheid van die prediker het ook 'n groot invloed op hierdie nie-verbale dialoog wat aan die gang is tydens die preek. Elkeen behoort volgens sy eie persoonlikheid te preek, of anders gestel, die prediker moet sy of haar persoonlikheid laat deurkom in die preek (Pieterse 1985:161; vgl. ook Pieterse 1988:69-71).

Die prediker moet nie skroom om volledig mens te wees op en onder die kansel nie. Om jouself te gee in 'n preek beteken ook om jouself te wees. Ook op die kansel is die prediker mens onder mense. Hy of sy moet so met die gemeente praat dat hulle die gevoel kry dat hy of sy saam met hulle leef, worstel en glo (Pieterse 1985:162; vgl. ook Pieterse 1988:71).

Saam met persoonlikheid gaan ook liggaamstaal, in die sin van die gebruik van jou liggaam. Die prediking is nie net 'n hoorgebeure nie, maar ook 'n visuele gebeure. Die gemeente se oë is op die liggaam van die prediker vasgenael. Met die hande en met die

beweeg van die liggaam kan iets wat met woorde oorgedra word heel konkreet voorgestel word (Pieterse 1985:162).

Terwyl die preek geskied word ook baie van die gemeente vereis. Luister is 'n aktiwiteit. Dit is een van die belangrikste handelinge in kommunikasie. 'n Goeie luisteraar sal tydens die preek net soveel inspanning en energie insit as die prediker. Luister is 'n kuns. Deur met die prediker te wees in die gang van sy gedagtes is die hoorder ook in staat om te respondeer deur liggaamstaal en so terugvoering aan die prediker te verskaf. Sonder hierdie aktiewe kommunikasie tussen prediker en hoorder tydens die preek kan daar nie van dialoog sprake wees nie (Pieterse 1985:162-163).

### 2.2.3.9. DIE HOORDERS VAN DIE PREEK.

Daar is 'n hele reeks faktore wat 'n rol speel by die hoor- verstaan- vertolking - en doenproses van die hoorder. Van hierdie faktore is kultuur, sosiale omstandighede, persoonlike situasie, psigiese en liggaamlike gesteldheid, vlak van kennis, primêre groepe, beeld van die prediker, ensovoorts (Pieterse 1985:165).

Wat belangrik is, is die stappe in die kommunikasieproses wat mekaar opvolg en wat deurgevoer moet word voordat 'n egte verandering van gesindheid kan plaasvind. Kommunikasie kan verbreek word by elkeen van hierdie stappe as dit nie goed verloop nie. Die volgende sewe fases of stappe in die kommunikasieproses kan in die gebeure rondom die prediking onderskei word:

Die eerste is die versending van die boodskap. Dit gebeur wanneer die prediker begin preek en sy of haar boodskap oordra en die gemeente daarna luister. Die prediker aanvaar so dikwels dat kommunikasie plaasvind wanneer hy of sy preek en met die gemeente praat. Dit kan egter gebeur dat mense na die prediker kyk, maar glad nie luister na wat hy of sy sê nie. Mense moet

eers luister voordat die eerste stap in die proses aan die gang kom (Pieterse 1985:166).

Die tweede stap is kontak. Dit gebeur wanneer die gemeente die boodskap gehoor het. Mense luister op verskillende vlakke. Hul kan heel oppervlakkig luister terwyl hul gedagtes met iets anders besig is. Hulle kan net met rukke luister, of hulle kan intens luister. Sonder kontak op een of ander vlak is die boodskap nie gehoor nie.

Die derde stap is terugkoppeling. Dit is die proses waarin die hoorder inligting teruggee aan die prediker. Op een of ander manier moet die hoorder aan die prediker oordra dat hy of sy die boodskap gehoor het. Dit skep die geleentheid vir 'n dialoog wat kan ontwikkel en waarin opklarings en die verwydering van misverstande of verkeerde interpretasies kan plaasvind.

Die vierde stap is begrip. Begrip kom wanneer die gemeentelid regtig verstaan wat die prediker bedoel het met die boodskap. Begrip kom nadat die prediker in die dialoog die misverstande en misinterpretasies kon opklaar en presies sê wat hy of sy bedoel.

Die vyfde stap in die proses is aanvaarding. Dit is moontlik vir 'n gemeentelid om die preek te hoor, te verstaan en die presiese bedoeling van die prediker te begryp en die boodskap dan tog te verwerp.

Die sesde stap in die kommunikasieproses is internalisering. Dit beteken dat as die boodskap aanvaar word, dit nie net verstandelik aanvaar word nie, maar met die hele hart en dat dit in die persoonlikheid geïntegreer word as 'n standpunt waaragter 'n mens met jou hele hart staan.

Die laaste stap is optrede met die daad. Kommunikasiekundiges is vandag daarvan oortuig dat kommunikasie nog onvolledig is as die boodskap nie gelei het tot dade nie. Die prediker en die gemeente moet 'n gemeenskaplike en gedeelde begrip en standpunt

oor die boodskap hê en daarvolgens optree. Dan is die boodskap wat oorgekom het waarskynlik verstaan (Pieterse 1985:167). Die oplossing om dit te bewerkstellig lê in die begrip dialoog. Die preek moet omring wees met die begrip dialoog, voor die preek, tydens die preek en na die preek (Pieterse 1985:168).

Pieterse (1991:97-128) het 'n hele hoofstuk gewy oor die hermeneutiek van die hoorder. Daarin sê hy dat die gelowige gemeentelid na die preek luister met die verwagting om 'n Woord van God te hoor, asook 'n lewende ontmoeting met God self in sy spreke (Pieterse 1991:98-101). Die verstaanproses moet uitloop op 'n ervaring, 'n ontmoeting, wat 'n gebeure-karakter het, en die verstaner bring tot selfverstaan, tot 'n ander bewussyn, tot 'n nuwe bestaan in die wêreld (Pieterse 1991:101).

Die hoorder verstaan die preek binne sy of haar teologiese tradisie. Dit is ingebed in al die aktiwiteite en verhoudinge in die gemeente en het sy spitspunt in die erediens. Verder is dit so dat die hoorder die preek selektief binne sy of haar eie werklikheid verstaan, dit wil sê, binne die grense van vorige ervarings en opvattinge (Pieterse 1991:127).

Luister is 'n volgaksie binne die gemoed van die hoorder. Die prediker word in sy of haar verbale en nie-verbale kommunikasie, in sy of haar gedagtes en opvattinge, gevolg deur die hoorder. Luister word ingrypend verbeter deur besprekingsgroepe na die preek waarin gedagtes en emosies daaroor met mekaar gedeel word.

Bewuste aandag en aandagtige luister kan bevorder word met die oog op verandering van bestaande houdinge en veranderinge deur 'n bedieningsaksie waarin die verbondskinders van kindsbeen af positief in die geloof gevorm word sodat hulle toegewyde en meelewende lidmate van die gemeente word, wat uitsien na die preek omdat hulle van die Woorde van God leef. Dit kan ook bevorder word deur retoriese middele, waarvan die deelname op gelyke vlak, die interaksie, in 'n liggaam-van-Christus-tipe gemeente in ons tyd uiters belangrik is (Pieterse 1991:128).

## 2.2.3.10. GEMEENTE-DEELNAME AAN DIE PREEK.

Pieterse (1991:129) wys daarop dat die tendens vandag is dat daar gesoek word na 'n prediking wat niemand uitsluit nie. Moderne retoriese prediking beteken ook om die gemeente te betrek in die gesprek. Die boodskap moet tot almal in die gemeente en daarbuite kom. 'n Prediking wat niemand uitsluit nie, beteken ook dat die gemeente as deelnemers aan die preekgebeure beskou moet word (vgl. Pieterse & Wester 1995:69-70).

Indien die gemeente groter deelname aan die preek wil bekom, sal ruimte daarvoor geskep moet word. Die gemeente as liggaam van Christus bied die ruimte vir gemeentelede om in gesprek met mekaar en die prediker te tree. Die gemeente as liggaam van Christus het 'n charismatiese struktuur. Die leraar en kerkraad is inisieerders en begeleiers van gemeentelede wat volgens hul gawes dienswerk lewer. Omdat die gemeente as liggaam van Christus 'n balans tussen al die funksies van die kerk het, is daar ruimte vir elkeen om sy of haar gawe te beoefen (Pieterse 1991:130).

Die groepstruktuur van die gemeente as liggaam van Christus bied die geleentheid vir die gemeente om in preekwerkgroepe, besprekingsgroepe na die preek en ondersteuningsgroepe in die week deel te neem aan die inhoud, interpretasie en verstaan van die preek. Hierdie deelname verhoog hul betrokkenheid by die preekgebeure en dien tot 'n beter luisteraktiwiteit. Binne hierdie model is daar steeds plek vir die indiviuduele omgang van die predikant met die gemeentelede. Huisbesoek en pastorale sorg op 'n basis van persoonlike kontak mag nooit verwaarloos word nie. Dit bou persoonlike verhoudinge en skep vertroue. Die prediker is steeds herder, maar daar vind 'n uitbreiding plaas. Die gemeentelede word self dienswerkers en daar word geleenthede geskep vir die uiters noodsaaklike groepsgesprek voor die diens, tydens die diens, na die diens en in die week (Pieterse 1991:130).

Nog 'n belangrike insig vir die deelname van die gemeente aan die preek, is dat 'n simmetriese kommunikasiestruktuur gebou op 'n dialogiese kommunikasieteorie binne die gemeente, as liggaam van Christus moet geld. Hierin dien die ideale kommunikasie-situasie in die koninkryk van God, soos ons dit in die Skrif vind, as rigsnoer vir die kommunikasie in die gemeente. Reëls vir hierdie soort kommunikasie is openheid, gelykheid, deelname en solidariteit. Jesus se verkondigingstyl was so ingerig. Sy hoorders het 'n prinsipiële gelyke kans gehad om aan die gesprek deel te neem, al het Hy met gesag geleer. Die dissipels het dikwels na sy openbare lering 'n gesprek met Hom daaroor gevoer om tot beter verstaan te kom (Pieterse 1991:130-131).

'n Verdere insig wat kan bydra om die deelname van die gemeente in die preekgebeure te verhoog, is om hul bewuste, aktiewe aandagsvlak hoog te hou gedurende die preek. Dit geskied deur hul diepgaande betrokkenheid by die saak waarom dit in die preek gaan. Ten diepste word dit bepaal deur hul vorige ervaringe, opvattinge en houdinge van die prediking. Prediker en gemeente moet dieselfde verwysingsraamwerk hê. Hulle moet dieselfde geloof deel, hulle moet aan Christus en sy gemeente toegewy wees en hulle moet dieselfde "taal" praat. Dit kan bereik word deur deeglike, positiewe vorming in die geloof van kindsbeen af. In die huisgesin, in die gemeente met al sy werksaamhede en kringe, moet die verbondskinders op 'n positiewe wyse gevorm word in die waardes en norme, opvattinge, houdinge en ervaringe in die Christelike geloof. Wanneer die betrokkenheid by die preek en die prediker, en die saak waarom dit in die preek gaan verhoog, word die deelname deur aktiewe aandagtige luister verhoog (Pieterse 1991:131).

'n Laaste insig waardeur die gemeente-deelname aan die prediking verhoog kan word, is deur kommunikatiewe prediking. Met hierdie begrip word alle aspekte ook die inhoud, vorm en voordrag van die preek ingesluit. Kommunikatiewe prediking sluit dus sake in soos aktuele prediking; die persoonlikheid; egtheid en kompetensie van die prediker; retoriese hulpmiddele; die taal; konsepte en

metafore in die preek; die persoonlike verhoudinge wat die prediker met die gemeente handhaaf; die beeld van die prediker by die gemeentelede; die vermoë van die prediker om die boodskap van die Skrif in die persoonlike, huislike, arbeids- en samelewingsverbande van die gemeente konkreet toe te pas. Al hierdie dinge help die hoorder om beter en aktief te luister (Pieterse 1991:132).

**2.2.3.11. <u>EFFEK VAN DIE PREEK</u>.**

Die prediker en die gemeente moet 'n gemeenskaplike en gedeelde begrip en standpunt oor die boodskap hê en daarvolgens optree. Dan is die boodskap wat oorgekom het waarlik verstaan. Die werkingsveld van die preek is die gemeente (Pieterse 1979:125). Dit beteken dat die ware verstaan van die Woord van God in die gemeente plaasvind. Dan is die mens in die gemeente deur die Woord aangespreek en gekorrigeer tot die wil van God. Die Woord is reg gehoor en word gehoorsaam. Dit is die verstaan, die kommunikasie in die vorm van die aangegryp-word, van in beslag geneem word deur die Woordverkondiging in die krag van die Heilige Gees. Die verstaan word dan voltrek binne die raamwerk van die gemeente as 'n interpreterende gemeenskap wat saam eers ten volle verstaan (Efesiërs 3:18).

Eers wanneer die boodskap in die dade van die gemeente gesien kan word, is daar ten volle verstaan en het die kommunikasie geslaag. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in Thessalonicense 2:13. "Daarom dank ons God ook sonder ophou dat toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, julle dit aangeneem het nie as woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo." Juis die feit dat die Woord 'n sekere werkingsgeskiedenis in die gemeente van Thessalonika het, is 'n bewys dat dit die Woord van God is wat aan hulle verkondig is en dat die gemeente dit verstaan het (Pieterse 1985:169; vgl. ook Pieterse 1979:125-126).

Deur 'n goeie kommunikasieproses en deur die werk van die Gees

moet sorg gedra word dat die Woord nie verdraaid anderkant uitkom nie, maar reg verstaan en uitgevoer word. Die werkingsgeskiedenis van die preek in die gemeente wat in hulle dade uitkristalliseer, is die toets van die ware verstaan, die ware Woord wat gehoor is. Dit is 'n Woord wat nie net in die hart tref nie, maar juis daarom beweeg tot die daad (Pieterse 1985:168).

### 2.2.4. GEVOLGTREKKING.

Pieterse is daarvan oortuig dat die preek kragtens sy oorsprong, opdrag en doel behou moet word, maar dan moet sy dialogiese karakter versterk word. Die preekvoorbereiding moet met dialoog omring word, dialoog tussen prediker en gemeente en tussen die prediker en die teks. Tydens en na die preek moet die dialogiese karakter van die preek en 'n dialogiese praktyk gehandhaaf word. Slegs op hierdie wyse kan die prediking 'n egte kommunikatiewe gebeure word. As dit gebeur en die Woord word waarlik gehoor, is die preek 'n Woordgebeure (Pieterse 1985:169).

Vervolgens word daar gekyk na die teorie van T.G. Long.

# HOOFSTUK 3.

## 3. DIE TEORIE VAN T.G. LONG.

### 3.1. INLEIDING.

Thomas G. Long was 'n professor in prediking en liturgie aan die Princeton Teologiese Seminaar te Princeton, New Jersey. Hy het verskeie boeke geskryf oor die homiletiek en het jarelange ondervinding in prediking en onderrig.

In sy boek "The Witness of Preaching" het hy uit die praktyk stof versamel oor die prediking en teorieë vir die homiletiek geformuleer. Die basis vir sy uitgangspunt, word reeds in die voorwoord gevind waar hy sê dat predikers gemeentelede is. Hulle kom vanuit die gemeentes, nie van buite af nie. "Preachers come from God's people". Predikers is lede van die liggaam van Christus, daarom moet Christus se stem gehoor word en die gemeenskap met Hom gevier word (Long, 1989:9-17).

### 3.2. WAT BETEKEN DIT OM TE PREEK.

Predikers kan impulsief en voortvarend optree as dit by prediking kom en hulleself as gesagsfigure sien sonder om die gevare te besef en die verantwoordelikheid wat dit meebring. 'n Prediker het by geleentheid gesê "I used to preach better, before I understood the issues." Daar is uitdagings, maar ook grense wat in berekening gebring moet word (Long 1989:19).

Prediking kan ook as moeilik, onredelik en as 'n las beleef word. Verhoogvrees kan onder andere 'n rol speel, of die verwagting van die gemeente in terme van voordrag, of in terme van die inhoud van die boodskap (Long 1989:20).

Maar dit en ander sake is nie waaroor dit ten eerste gaan nie. Prediking gaan ten diepste oor die verlossing wat deur Jesus Christus bewerkstellig is (Long 1989:20). Dit is natuurlik so

dat sommige predikers meer gawes besit as ander in terme van voordrag en oordrag, maar prediking vra meer as dit. Gemeentes is meer ingestel op verantwoordelike, sinvolle en getroue prediking, en dit kan die meeste predikers doen. Dit vra kennis, studie, volharding en harde werk. Daar moet 'n sensitiwiteit ontwikkel word vir menslike nood, 'n oog om die verband tussen geloof en lewe raak te sien en 'n oor om die stem van die Skrif te hoor. 'n Wil om persoonlik geestelik te groei, en om eerlik met die waarheid om te gaan. Daar is dus baie wat oor die prediking aangeleer kan word (Long 1989:21).

### 3.2.1. <u>**DIE GEBEURE RONDOM DIE PREDIKING**</u>.

Dit gaan hier oor die vraag, wat is prediking? Een manier om die vraag te beantwoord is om 'n definisie te formuleer, maar dit gaan nie alles sê oor wat prediking is nie. 'n Ander manier is om te kyk wat alles tydens 'n erediens gebeur en wie almal betrokke is. Onder andere kan daar gedink word aan die gemeente, die prediker, die preek en die teenwoordigheid van Christus. Wat nog kortkom is die verstaan van hoe hierdie aspekte saamwerk rondom die totale preekgebeure. Om hierdie vraag te beantwoord is dit ook belangrik om te vra: wie is die prediker? (Long 1989:22-23).

### 3.2.2. <u>**BEELDE VAN DIE PREDIKER**</u>.

Die rol wat leraars ten opsigte van hul taak in die gemeente vervul, kan gekoppel word aan hoe hulle hulself sien, byvoorbeeld herders of profete of ondersteuners of evangeliste of siekegenesers, ensovoorts. Dieselfde geld ook vir die prediking. Daar is drie basiese metafore wat hier van toepassing is naamlik die boodskapper, die pastor en die storieverteller (Long 1989:24). Daar is baie punte van ooreenkoms en oorvleueling tussen die drie beelde maar ook baie verskille. Vervolgens word daar nou aandag aan elkeen van hierdie drie metafore gegee.

### 3.2.2.1. DIE BOODSKAPPER.

Die beeld van die boodskapper is 'n Bybelse beeld (Long 1989:24). Die prediker wat homself of haarself as 'n boodskapper sien, lê baie klem op die boodskap (message). Die boodskap moet reguit, direk en saaklik op 'n eenvoudige manier oorgedra word. Die Koning vertel vir die boodskapper wat om aan te kondig en die boodskapper gehoorsaam deur net dit te sê wat aan hom of haar oorgedra is sonder enige veranderings (Long 1989:26). Die prediker se dinamiese persoonlikheid, sy of haar persoonlike voorkeure en religieuse ervarings is nie belangrik nie, net die boodskap is belangrik. Prediking is dus van God, en dit geskied deur die boodskapper na die hoorders toe (Long 1989:27-28).

Daar is ook swakhede in hierdie beeld van die boodskapper. Spraaktegnieke, kommunikasie, illustrasies en die retoriek kry nie veel aandag nie. Die konteks waarin die prediking plaasvind, die spesifieke geleentheid, die hoorders wat teenwoordig is en die kulturele agtergrond word ook selde in berekening gebring, terwyl dit vir die oordrag van die boodskap belangrik is (Long 1989:29).

### 3.2.2.2. DIE PASTOR.

Die tweede beeld wat die identiteit van die prediker beskryf is dié van die pastor. Ander terme word ook soms gebruik soos priesterlik, terapeuties en opvoedkundig. Maar in kort kom dit daarop neer dat die pastor graag wil hê dat iets goeds moet gebeur met die hoorders as resultaat van die prediking. Die prediker as pastor wil hê dat verandering moet plaasvind in die lewe van die hoorders sodat hulle lewe sinvol kan wees (Long 1989:31).

Die behoeftes van die hoorders word baie meer beklemtoon as in die geval van die prediker as boodskapper. Vir die boodskapper is die belangrike dimensie van prediking, die boodskap. Maar vir die pastor is die belangrike dimensie die gebeure wat binne die

hoorder plaasvind. Of dit bewerkstellig word deur psigologiese-, etiese- of evangelistiese taal is nie werklik van belang nie. Na die prediking moet daar 'n verandering plaasgevind het by die hoorders en hulle moet nou beter mense wees as voor die preek (Long 1989:31).

Die boodskapper begin met die Bybel as bron, maar die pastor begin by die nood van die mens en gebruik die Bybel dan as hulpbron. Vir die pastor is die primêre vraag nie "What shall I say?" nie, maar "What do I want to happen?"

Vir die pastor is styl, persoonlikheid, karakter, huidige ondervinding, ensovoorts 'n kritiese dimensie in die pastorale en terapeutiese proses. Die pastorale prediker is 'n aktiewe en verantwoordelike verteenwoordiger vir verandering en daar is ruimte in sy beeld om krities te dink oor strategieë vir prediking wat meer effektief sal wees as ander. Taal word ernstig geneem asook die konteks van die prediking sodat dit die intensiteit van die preekgebeure kan verhoog (Long 1989:32-33).

Die historiese verstaan van die Skrif word beklemtoon, veral die interaksie van die evangelie met die konkrete realiteite van menslike situasies. In die Bybel is dit werklike mense wat lag, huil, steel, loof, jok, wonder, rebelleer, beheer en wat strewe om op baie maniere uit te vind wie hulle werklik is en wat hulle moet doen met hulle lewens, in die lig van God se Woord (Long 1989:33).

Van die swakhede in hierdie beeld is onder andere dat die prediker die hoorders eerder benader as 'n versameling individue met probleme en nood in plaas van 'n groep, 'n gemeenskap of 'n kerk met 'n opdrag. Persoonlike, menslike temas kry voorkeur bo ander Bybelse temas. Die fokus val op mense wat swaarkry en wat hulp nodig het. Wat vergeet word is dat mense met hul geloofsvertroue, sterkte, vreugdes en gawes sowel as met hul swakhede en moeilikhede kerk toe gaan. Die kerk mag "a hospital for sinners" wees, maar dit is nie al nie. Die kerk is ook die

gemeenskap van gelowiges waar energie en intelligensie gebruik word vir die opbou van die saak van Jesus Christus (Long 1989:33).

Die volle boodskap van die evangelie moet verkondig word, anders lei dit tot 'n versmalling en 'n eensydigheid. Daar kan nie net gepraat word oor dit wat bruikbaar vir die huidige is nie. Prediking vanuit die Skrif het 'n verlede tyd, 'n teenwoordige tyd en 'n toekomstige tyd. Prediking moet meer doen as om mense te help met die uitdagings wat hulle vandag moet trotseer. Hulle moet ook vorentoe kan kyk en kan leef uit die beloftes van die Woord vir die toekoms (Long 1989:34). Die prediker as boodskapper doen wat dit betref beter as die prediker as pastor.

Die boodskap van die boodskapper is primêr nuus oor wat God in Christus gedoen het. Die prediker as pastor loop die risiko om teologie te verwerk in 'n antropologie (Long 1989:35).

3.2.2.3. **DIE STORIEVERTELLER.**

Die derde beeld is dié van die storieverteller. Die beeld lê tussen die boodskapper en die pastor. Die prediker as storieverteller kies die narratiewe vorm van die Bybel omdat dit volgens hulle, teologies en kommunikatief die beste is (vgl. Buttrick 1987:12). Die Bybel as 'n geheel kan beskryf word as 'n storie, God se storie, alhoewel daar ook nie-narratiewe dele is soos spreuke, gedigte, leerstellige argumentasies, ensovoorts. Mense luister ook graag na stories. Daarom het Jesus self gebruik gemaak van stories en gelykenisse om die boodskap van die evangelie aan hulle te verduidelik (Long 1989:36-38).

As die beelde van die boodskapper en die pastor met die beeld van die storieverteller vergelyk word dan hou dit sekere implikasies in vir die prediking.

Die boodskapper en die storieverteller maak erns met die Bybel en die uitleg daarvan. Die verskil is egter dat die

storieverteller die narratiewe vorm verkies. Inteendeel, hulle sien die narratiewe vorm nie as een manier om die Bybel te verklaar nie, maar as die normatiewe manier. Die boodskapper verbind hom nie net tot een vorm nie (Long 1989:38-39).

Soos die pastor, is die storieverteller weer ingestel op kommunikasie en die luisterproses. Die pastor wil weet "What is it like to hear?" Die storieverteller wil weet "What is the process of hearing?" Die doel van die prediking is om die storie van die evangelie en die storie van die hoorder aan mekaar te verbind (Long 1989:39).

Die persoon van die prediker is vir die storieverteller belangrik. Nie as pastor nie, maar as iemand wat die kuns van die narratiewe vorm bemeester het. Die lewensverhaal van die prediker het ook 'n pertinente rol. Die prediker staan nie buite die gemeenskap van die hoorders nie, hy is 'n lid daarvan. Sy verhaal kan heel moontlik deur die hoorders erken word as hul eie ervaring en ondervinding (Long 1989:39).

Soos die pastor is die doel van die storieverteller dat daar iets sinvols met die hoorder sal gebeur tydens die preek. Die pastor hoop vir genesing en transformasie, maar die storieverteller se doelwitte is breër. Miskien kan die hoorders na hulle lewe en na hulleself kyk op 'n nuwe manier, of miskien kan hulle met 'n karakter uit die Skrif identifiseer, of die teenwoordigheid van God aanvoel of beter die verhouding verstaan wat daar tussen geloof en hulle daaglikse roetine is (Long:1989:39-40).

Die swakhede van die beeld van die storieverteller is dat hulle hul net op die narratiewe vorm toespits. Prediking moet op 'n breër basis geskied. Verder is daar 'n teologiese gevaar aan verbonde om die geslaagdheid van preke te meet aan godsdienstige ervaringe. Long (1989:41) sê in dié verband "God does not always move us when we desire to be moved, and everything that moves us deeply is not God." Nog 'n gevaar wat na vore kan kom is dat die storie van die mens belangriker kan word as die storie van die

evangelie. Dit is goed om met die karakters van die Bybel te identifiseer, en om God se storie en die mens se storie met mekaar te verbind, want dit kan lei tot 'n kragtige netwerk tussen die Bybel en die lewe van die mens, maar daar moet altyd onthou word dat God hoër en belangriker is as die mens (Long 1989:41).

### 3.2.2.4. DIE PREDIKER AS GETUIE.

Die boodskapper, pastor en storieverteller is die basiese beelde wat die optrede van die prediker beskryf. Onder sekere omstandighede sal dit beter wees om byvoorbeeld 'n boodskapper te wees in plaas van 'n pastor of 'n storieverteller. In ander omstandighede sal dit beter wees om 'n pastor te wees of 'n storieverteller, in plaas van 'n boodskapper, ensovoorts. Baie predikers sal miskien met al drie beelde kan assosieer of met sekere aspekte daarvan (Long 1989:41).

Long (1989:42) stel egter 'n vierde beeld voor waarvan hy 'n voorstander is, en dit is die prediker as getuie (witness).

Dit is 'n Bybelse beeld wat onder andere in Jesaja 43:8-13 gevind word. Dit kom ook na vore in Handelinge 20:24. Daar staan "Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God." (1953 Vertaling).

Getuig of getuienis lewer is 'n woord wat algemeen gebruik word tydens 'n hofsaak. Dit het te doen met wet en orde. Wat gebeur tydens 'n hofsaak? So 'n verhoor geskied in die openbaar, in 'n gebou wat toeganklik is vir die publiek, want dit is 'n publieke aangeleentheid. Die verhoor is daarop ingestel om by die waarheid uit te kom. Om by die waarheid uit te kom is getuienisse nodig wat getoets kan word. Die getuie wat getuig is een van die mense van die gemeenskap wat hom of haar in dié

posisie bevind as gevolg van twee redes. Eerstens het die persoon iets gesien en tweedens is hy of sy gewillig om die waarheid te praat oor dit wat gesien is. Die hele waarheid en niks anders as die waarheid nie. Die persoonlikheid van die getuie is enersyds nie belangrik nie. Die hof stel belang in waarheid en geregtigheid en nie in die getuie as persoon nie. Andersyds is die karakter van die getuie van kritiese belang. As die getuie jok kan die jurie nie 'n regverdige beslissing maak nie (vgl. Ricoeur 1980:128-129). Die hof kan alleen aanspraak maak op die waarheid deur die getuie. Wat die getuie as die waarheid glo is deel van die bewyse in die saak (Long 1989:43).

Hierdie beeld as getuie is betekenisvol vir die prediker. Die prediker is nie outoritêr as gevolg van sy rang of mag wat hy of sy besit nie, maar die prediker kan wel iets sê op grond van dit wat hy of sy sien en hoor. Die prediker luister na God deur die teks. As dit nie gebeur nie het die prediker niks om te sê nie. As dit gebeur word die prediker 'n getuie van wat hy of sy sien en hoor deur die Skrif. Hy of sy besit ook nie outoriteit omdat hy of sy meer Christelike ervaring of geloofservaring as ander in die gemeente het nie. Hy of sy is ook nie wyser en slimmer as ander nie. Sy of haar outoriteit lê daarin dat hy of sy namens die gemeente eenkant gesit word vir die bediening. Sy of haar outoriteit kom van die feit dat hy of sy ingesweer is as 'n getuie (Long 1989:44). Getuienisse word getoets deur bewyse, en die bewyse waaraan die prediker getoets word is die wisselwerking en betrokkenheid tussen God en die mens. Dit word in die Bybel gevind, want die Skrif is die geloofwaardige getuie om ons te vertel van die interaksie tussen God en die hele skepping. Ons leer God ken as die hoofkarakter wat in 'n verhouding staan tot mense deur te skep, oordeel, red, liefhê, vernietig, bou, vergewe en wat nuut maak (Long 1989:45).

Die prentjie van die prediker wat alleen in sy studeerkamer sit en 'n Bybelteks voorberei vir 'n preek is misleidend. Dit is eintlik nie die prediker wat na die Skrif toe gaan nie, maar die kerk of gemeente deur die prediker. Die prediker is lid van die

gemeente en is deur hulle afgesonder om die Skrif te deursoek en te bestudeer en om in gehoorsaamheid namens hulle te luister (Long 1989:45).

Die getuie is nie 'n objektiewe waarnemer nie. Die waarheid is groter as die getuie se persoonlike ervaring. Die prediker as getuie moet altyd getoets word aan die evangelie wat groter is as die persoonlike geloof van die prediker. Die prediker het dit egter tog tot op 'n sekere dieptevlak ervaar en daarom is hy of sy daarby betrokke. Omdat dit oor die waarheid gaan, kan hy of sy teenkanting, beskuldigings, dreigemente en onpopulariteit ervaar. Soms is daar groot risiko's aan verbonde om as getuie op te tree. Paul Ricoeur (1980:131) sluit hierby aan as hy sê "This profession (of a witness) implies a total engagement not only of words but of acts, and, in the extreme, in the sacrifice of a life." Jesus Christus het self gesê "Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom (Johannes 18:37), en in Johannes 15:27 sê Hy: "En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My". Prediking is nie net die taak van 'n individuele prediker nie, dit is eerder die geloofsaksie van die hele kerk (Long:1989:46-47).

## 3.3. <u>**DIE BYBELSE GETUIENIS IN PREDIKING**</u>.

Vir Long (1989:48) is prediking Bybels wanneer die prediker die teks van die Bybel toelaat om leiding te neem om die preek te skaaf totdat die preekdoel bereik is. Om uit die Bybel te praat is nie noodwendig Bybelse prediking nie. Bybelse prediking gebeur wanneer die prediker biddend na die Bybel luister namens die gemeente en dan namens Christus praat oor wat hy of sy gehoor het.

### 3.3.1. <u>**BYBELSE PREDIKING AS NORMATIEF**</u>.

Bybelse prediking is die normatiewe vorm van Christelike prediking. Hierdie stelling kan op twee maniere verstaan word.

As 'n sekere handeling normatief genoem word bedoel ons daarmee dit is hoe dit gewoonlik gedoen word, of 'n sekere standaard word vasgelê waaraan bepaalde handelinge gemeet word. Wanneer daar gesê word dat Bybelse prediking normatief is, word albei bedoel. Historiese Bybelse prediking is normatief omdat dit die algemene vorm van prediking is, of Bybelse prediking is normatief omdat dit 'n standaard stel waarteen alle ander tipes van prediking gemeet word. Wanneer ons sê Bybelse prediking is normatief dan sê ons meer as net dat die Bybel die agtergrond vorm vir alle Christelike prediking. Ons sê eintlik, dit moet die reël wees en nie die uitsondering nie (Long 1989:49).

### 3.3.2. **SKRIF, TEOLOGIE EN KONTEMPORêRE ERVARING.**

Die prediker gaan namens die kerk na die Bybel toe, maar hy of sy is reeds persoonlik gevorm deur baie faktore soos sy of haar agtergrond, 'n geloofsgemeenskap met sy eie teologiese tradisies, 'n sekere verstaan van die Bybel, ensovoorts. Hierdie faktore het 'n invloed op hom of haar tydens die proses wanneer hy of sy besig is om die teks te interpreteer. Daar is veral drie grense van verstaan wat belangrik is en wat spesiale aandag verlang.

#### 3.3.2.1. **'N KRITIESE INGESTELDE VISIE OP DIE SKRIF.**

Die Bybel bestaan uit baie geskrifte wat geskryf is deur mense wat in sekere omstandighede en spesifieke tye en plekke geleef het. Hulle het 'n sekere geloofsvisie gehad en was deel van 'n sekere kulturele agtergrond. Die kerk moes dus na die woorde van die Bybel luister, maar ook onthou dit is deur mense geskryf wat betrokke was by hulle eie tyd. Dit is soms moeilik om die evangelie in die Bybelse teks te skei van die tydsgebonde materiaal wat ook in die teks aanwesig is (Long 1989:51). Soms bots die evangelie in 'n teks met die teologiese tradisies van daardie tyd wat vandag nie meer aanvaar word nie (Long 1989:52).

#### 3.3.2.2. **'N TEOLOGIESE ERFENIS.**

Predikers gaan nie net na die Skrif toe met 'n kritiese verstaan

van die Bybel nie, maar ook met ryk teologiese tradisies. Hierdie teologiese tradisies verskil onderling. Die Pinkstergroepe verskil van die Presbiteriane, die Metodiste van die Roomse Kerk of die Lutherane, ensovoorts. Alle Christene aanbid, sing, preek dieselfde evangelie maar met hulle eie beklemtonings en style. Predikers gaan na die Bybel toe, nie as universele Christene nie, maar elkeen met sy eie teologiese erfenis en standpunt. Teologiese tradisies lei mense met hul omgang met die Bybel, maar teologiese tradisies kan ook gevaarlik wees. Dit is hoekom ekumeniese bande met mekaar so belangrik is (Long 1989:53-54).

Volwassenes beleef dinge ook nie op dieselfde manier as bejaardes of as jong mense of as kinders nie. Die prediker se eie geloofservaring is belangrik vir die prediking, maar die kerk se teologiese erfenis is belangriker. Dit is minder privaat, meer openbaarmakend as die standpunt van die individu (Long 1989:54).

#### 3.3.2.3. <u>'N BEWUSTHEID VIR DIE OMSTANDIGHEDE VAN DIE HOORDERS</u>.

Wanneer 'n prediker na die Skrif toe gaan moet hy of sy die mense saam met hom of haar neem. Hy of sy moet 'n woord vir hulle hoor. Die nood en situasies van die ander moet in ag geneem word. Hy of sy moet almal in ag neem. Die kinders, die volwassenes, enkelouers, hulle wat aktief by die kerk betrokke is, hulle met wie dit goed gaan, die vreemdelinge, die nuwe intrekkers, die besoekers, ensovoorts. Om na die Bybel toe te gaan namens die gemeente is 'n priesterlike handeling, en dan moet die priester die getuie word (Long 1989:55-57. vgl. ook Keck 1978:62). Vos (1996:151) vat hierdie gedagte saam deur te sê as religieuse rede vorm die preek deel van die interaksie met die hoorder en is dit in die lewenssamehang van die hoorder ingebed. Om die preek binne die ervaringswêreld van die hoorder te laat spreek, moet die Bybelse teks nie net uitgelê word nie, maar in die leefwêreld gekonkretiseer word. Van die preek word lewensoriëntering verwag. Dit moet aanwysings gee wat die Christen vandag te doen staan.

## 3.4. **BYBELSE EKSEGESE VIR PREDIKING.**

Globaal gesien, is eksegese 'n sistematiese plan om tot die verstaan van die Bybelse teks te kom (Long 1989:60). Die volgende eksegetiese metode vir die prediking word deur Long beskryf.

### 3.4.1. **'N UITEENSETTING VAN 'N EKSEGETIESE METODE VIR DIE PREDIKING.**

#### 3.4.1.1. **KRY DIE TEKS ONDER Oë.**

A. UITSOEK VAN DIE TEKS.

Daar is vier basiese maniere vir die prediker om 'n Bybelse teks vir die preek uit te soek.

I. LECTIO CONTINUA

Hierdie metode is om die Bybel, boek vir boek, en teks vir teks, deur te werk. Waar die vorige preek geëindig het, van daar af word die volgende preek uitgewerk. Predikers van die vroeë era het die metode baie gebruik (Long 1989:62).

II. LECTIONARY.

Dit is 'n lys van Bybelse gedeeltes wat gebruik word vir prediking op spesifieke dae volgens die kerkjaar. Die "Lectio Continua" metode het die voordeel dat daar oor die hele Bybel gepreek word. Die "Lectionary" metode het weer die voordeel dat die belangrike temas in die Bybel behandel word volgens die kerkjaar en dat daar tog planmatig met die Bybel omgegaan word. Die hele Bybel word egter nie gedek nie en dele van die Bybel kan moontlik geen aandag kry nie (Long 1989:62-63).

III. PLAASLIKE PLAN.

Die plaaslike gemeente kan 'n preekprogram opstel soos wat dit hulle pas. Dit kan die seisoene van die Christelike jaar bevat, 'n program van spesiale dae, die gemeentekalender, ensovoorts. Alles kan ook gekombineer word (Long 1989:63).

IV. PREDIKER SE KEUSE.
Die prediker kies die teks volgens die huidige behoefte van die gemeente. Dit geskied gewoonlik op 'n week tot week basis. Die groot voordeel van hierdie metode is sy buigsaamheid. Dit kan egter ook 'n nadeel wees. Die prediker begin gewoonlik met 'n tema en soek dan 'n teks wat daarby aanpas. Dit is die enigste metode van die vier metodes waar die prediker alleen die tekskeuse maak. Die prediker kan baie maklik by Bybel gedeeltes bly wat hy of sy goed ken en die ander Bybelgedeeltes afskeep (Long 1989:63-64).

B. HEROORWEGING WAAR DIE TEKS BEGIN EN EINDIG.
Die Bybel bestaan uit klein teksgedeeltes of perikope. 'n Teks moet in sy konteks gelees word. Daar moet nie 'n teks gesoek word wat alleen staan nie. Alle tekste is op een of ander manier verbind aan 'n groter eenheid.
In die eksegetiese proses moet daar op hierdie stadium net tentatief op die grense van 'n teks besluit word, want met verdere eksegese oor die teks kan daar later van mening verander word oor die grense van die teks (Long 1989:64-65).

C. KRY 'N BETROUBARE VERTALING VAN DIE TEKS.
Werk sover as moontlik met die oorspronklike taal van die teks, en maak dan 'n eie vertaling daarvan (Long 1989:65).

**3.4.1.2. RAAK BETROKKE BY DIE TEKS.**

D. LEES DIE TEKS VIR 'N BASIESE VERSTAAN DAARVAN.
Tydens hierdie stap word die teks net deurgelees en daar moet seker gemaak word dat die gedeelte verstaan word. Moeilike terme moet opgesoek word sodat die betekenis daarvan verstaan word.

E. PLAAS DIE TEKS IN 'N GROTER KONTEKS.
Gebruik kommentare en ensiklopedieë om die groter geheel vas te stel waarin die teks voorkom. Hier kan gedink word aan die spesifieke Bybelboek waarin die teks voorkom, en veral

die agtergrond, rede, doel, ensovoorts van die boek. As dieselfde teks ook in 'n ander boek voorkom kan die twee gedeeltes met mekaar vergelyk word (Long 1989:65-66).

### 3.4.1.3. <u>AANDAG GEE AAN DIE TEKS</u>.

F. <u>LUISTER AANDAGTIG NA DIE TEKS</u>.

Die aard van Bybelse eksegese is om te leer om vrae na aanleiding van die teks te vra. Die twee hoof probleme wat ondervind kan word is om die verkeerde vrae te vra en om nie te luister na die terugvoering wat die teks op vrae gee nie. As die prediker vrae vra, waarvan die antwoorde reeds bekend is, is dit die verkeerde vrae wat gevra is. Die vrae wat gevra word sal voortspruit uit die teologiese tradisie van die prediker, of oor die kerkjaar, of oor die huidige situasie waarin die gemeente leef of dit sal uit die teks self kom (Long 1989:66).

Dit is belangrik om nie nou al die kommentare oor die teks te raadpleeg nie. Dit moet op 'n latere stadium gedoen word. 'n Goeie werkswyse is om die teks eenkant te sit nadat dit deurgelees is en om die teks dan oor te skryf in die prediker se eie woorde. Vergelyk dan die geskrewe stuk met die teks self. As daar 'n verskil in betekenis is, kan aandag daaraan gegee word.

As die teks in die narratiewe vorm geskryf is moet die prediker met al die karakters identifiseer en die verhaal van hulle kant af beleef (Long 1989:68). Skenk ook aandag aan detail wat met die eerste oogopslag ongewoon is of wat uit hulle plek is.

Kyk of die teks 'n sentrale gedagte het wat ondersteun word deur die res van die teks. Probeer agterkom of konflik teenwoordig is in die teks of agter die teks. Menslike kommunikasie is 'n krag wat kan wys op huidige weerstand in die teks. 'n Bevel wys op die teenwoordigheid van aksie en

interaksie. 'n Vraag kom van 'n stryd tussen sekerheid en onsekerheid ensovoorts. Kyk vir verbindings tussen die teks en dit wat voor en agter die teks staan. Beskou die teks vanuit verskillende gesigspunte. Hoe sal die teks 'n invloed hê op 'n man, 'n vrou, 'n kind, rykes, armes, boere, stedelinge, werkers, werkgewers, ensovoorts? (Long 1989:70).

Dink oor die teks soos iemand wat 'n antwoord moet verskaf op belangrike vrae wat gevra word (vgl. Nichols 1980:128). Vra, wat doen die teks? Is dit 'n bevel, 'n lied, die narratiewe vorm, 'n verduideliking, 'n waarskuwing, 'n debat, 'n gebed, ensovoorts (vgl. Craddock 1985:123)? Tot op hierdie stadium moet die teks gebombardeer word met vrae. Baie vrae sal heel waarskynlik nie van toepassing wees nie, maar ander wel. Hierdie proses maak egter dat die teks beter verstaan word (Long 1989:71).

### 3.4.1.4. **TOETSING VAN DIT WAT GEHOOR IS IN DIE TEKS.**

G. ONDERSOEK DIE TEKS HISTORIES.

Die Bybelse teks spreek gewoonlik van gebeurtenisse in die geskiedenis. Die Bybelse teks het ook 'n geskiedenis, in die sin dat hulle geskryf is deur 'n sekere skrywer in 'n sekere moment van die geskiedenis en somtyds is die inhoud van die gebeure verbeter of verander soos wat dit oorgedra is van geslag tot geslag. Daar kan dus gepraat word van die geskiedenis in die teks en van die geskiedenis van die teks (Long 1989:72).

Die doel van die prediker is om soveel as moontlik stof te versamel van al die historiese vlakke van die teks.

H. ONDERSOEK DIE LITERÊRE KARAKTER VAN DIE TEKS.

Die prediker moet die literêre karakter en die funksie van die teks vasstel. Daar is ses kategorieë waarin Bybeltekste gegroepeer kan word volgens Brueggemann (1977:45-58). Hulle is: "The primal narrative, the expanded narrative,

derivative narratives, literature of institutionalization, literature of mature theological reflection and literature of instruction and vocation" (Long 1989:73-74).

Long (1989a:24-34) behandel 'n indeling volgens genre om die verband tussen genre en prediking te verduidelik deur die volgende sleutelvrae te vra:

1. Wat is die genre van die teks?
2. Wat is die retoriese funksie van die teks?
3. Watter literêre strategieë gebruik die genre om sy retoriese effek te bereik?
4. Hoe beliggaam die teks binne sy literêre konteks die kenmerke en dinamiek wat in die voorafgaande vrae beskryf is?
5. Hoe kan die preek, in 'n nuwe konteks, sê en doen wat die teks in sy konteks sê en doen?

I. <u>ONDERSOEK DIE TEKS TEOLOGIES</u>.

Die teks moet krities teologies ondersoek word. Daar moet vasgestel word watter spesifieke toe-eienings en eise teenwoordig is in die teks, in die verhouding tussen God en die mens. Die teks moet nie in 'n teologiese betekenis ingedwing word wat nie in die teks staan nie. Nog 'n belangrike faktor is dat woorde soos geloof, genade, Here, verbond, vlees, heerlikheid en Verlosser, kragtige en ryk teologiese konsepte is wat wissel met herinnerings en betekenis waar hulle ookal gebruik word (Long 1989:75).

J. <u>TOETS DIE TEKS MET DIE KOMMENTARE</u>.

Tot nou toe het die prediker sy of haar eie eksegetiese werk gedoen, maar nou moet die teks ondersoek word met behulp van Bybelse kommentare. 'n Individualistiese evaluering van die teks kan lei tot 'n eensydige en miskien 'n foutiewe resultaat en daarom is dit veilig om ons standpunt te vergelyk en te toets met ander se standpunte. Dit is waar kommentare 'n groot rol vervul. 'n Wyer interpretasie van die teks kan ook lei tot verdieping, toetsing, en reg-

stelling van die individuele standpunt (Long 1989:76; vgl. ook Anderson 1982:342-343).

Oor eksegete en homilete sê Long dat die eksegeet die verantwoordelikheid het om vir die homileet 'n pad te baan na die homiletiese huis. Maar dit is die homileet se taak om die huis vir die gemeente bewoonbaar te maak.

#### 3.4.1.5. <u>BEWEGING NA DIE PREEK TOE</u>.

Nadat die eksegese gedoen is moet dit oorgedra word aan die gemeente in die vorm van 'n preek. Die lewering van die preek is die taak van die prediker. Hy of sy moet besluit hoe dit gedoen moet word, hiermee kan die eksegese nie help nie. Om dit sinvol te doen moet die prediker die gemeente ken. Die prediker moet weet wie hulle is, wat hulle behoeftes, wense, verlangens, omstandighede en nood is. Die prediker moet die teks indra in die lewe van die mense van die gemeente (Long 1989:77; vgl. ook Long 1989a:23-39).

## 3.5. <u>DIE FOKUS EN FUNKSIE VAN DIE PREEK</u>.

Die werkwoord vir getuienis het twee betekenisse, naamlik: om te sien of te aanskou, en om te verklaar of te bevestig. Om te sien, beteken om teenwoordig te wees en aktief waar te neem. Met ander woorde om iets in te neem. Die ander betekenis van getuienis, naamlik om te verklaar wys meer in die teenoorgestelde rigting. Eerder as om iets in te neem beteken dit om iets uit te gee. In plaas daarvan om iets te sien, beteken dit om iets te sê. Eerder as om bewus te word van 'n gebeure, beteken dit om ander bewus te maak van dieselfde gebeure. Die twee betekenisse is egter onverbreekbaar aan mekaar verbind (Long 1989:78).

### 3.5.1. <u>DIE BRUG TUSSEN DIE TEKS EN DIE PREEK</u>.

Op die punt in die preekontwikkelingsproses wanneer die prediker

wegbeweeg van die eksegese van die Bybelse teks na die preek self toe, beweeg hy of sy van die eerste betekenis na die tweede betekenis toe. Die een wat na die Skrif toe gestuur is namens die gemeente en wat nou eerstehandse kennis ingewin het oor die teks, moet nou omdraai en die waarheid aan hulle oordra van dit wat hy of sy ervaar het. Die beweging van die teks na die preek is 'n beweging van sien of aanskou na verklaar of bevestig, van sien na praat, van luister na vertel, van waarneem na verklaar, "from being a witness to bearing witness" (Long 1989:79).

Hierdie oorgang is baie moeilik, want een van die gevare is dat die Skrif gesien kan word as 'n deel wat aan die eenkant van die brug is en dat die gemeente aan die anderkant is. Daar moet onthou word dat die prediker vanuit die gemeente deur die gemeente gestuur is om die teks te ondersoek. Verder is dit ook so dat eksegese die werk van die kerk is, maar dat dit deur die prediker gedoen word. Long (1989:79) sê, die brug wat die prediker nou moet oor is die een tussen "the-text-in-congregational-context and the sermon-in-congregational-context."

Vroeër was die homiletiese standpunt dat 'n hoofgedagte in die teks gevind moet word en dat die teks verder in punte verdeel moet word, en hierdie punte dien dan as die punte wat in die preek gepreek word. Hierdie tipe van preekstruktuur maak dit makliker vir die hoorder om daarna te luister, en dit is ook 'n riglyn om die teks te ondersoek (Long 1989:80).

Later is kritiek uitgespreek oor die idee van die hoofgedagte. 'n Teks het nie noodwendig net een hoofgedagte nie. Hierdie struktuur kan ook nie gevoelens, bewegings, konflik ensovoorts uitdruk nie, en die voorstanders van die hoofgedagte idee kan nie alles sê wat die teks werklik sê nie. Die volle dra wydte van die teks of krag, gaan met hierdie benadering verlore (Long 1989:80).

Ander was weer gekant teen die gedagte dat die preek in verskillende punte verdeel moet word. Die hoorder verstaan so

'n tipe preek makliker, maar vind dit nie noodwendig interessant nie. Later kan die persepsie ook posvat dat die evangelie uit 'n lys proposisies en didaktiese advies bestaan wat maak dat die gemeenskap met God skade lei.

Volgens Long (1989:81) het 'n verandering in denke begin bestaan toe Cradock gesê het, "The inductive anticipation of exegesis is replaced by the deductive exhortation of the sermon" (Cradock 1971:124-125). In kort kom dit daarop neer, dat in die preek moet die prediker die hoorders uitnooi om 'n reeks klein ontdekkings oor die Bybelse teks te maak en dit dan uit te bou na 'n groter gedagte oor dit wat die gedeelte besig is om vir hulle te sê (Long 1989:82).

Dit het aan die een kant aanleiding gegee tot verhalende prediking, beeldryke prediking, metafore, dialoog prediking, ensovoorts - enige iets behalwe preke met 'n hoofgedagte en drie punte (Long 1989:82). Aan die anderkant het dit daartoe gelei dat daar uitgekom is by die gedagte dat die brug die verkeer van beide kante af moet kan dra, die woord sowel as die gebeure. Die prediker moet na die preek toe bring, dit wat die teks sê en dit wat die teks doen of om dit anders te stel, dit wat die teks doen deur dit wat dit sê (Long 1989:85). In dié verband sê Long (1989:86) "This is what the preacher should bring from text to sermon: the claim of the text, the intention of the text to say and do something to and with the hearers. The preacher has witnessed this in the exegesis and now bears witness to it in the sermon".

### 3.5.2. <u>FOKUS EN FUNKSIE</u>.

Wat die Bybelse teks bedoel om te sê en te doen, hoop die prediker nou om te sê en te doen in die preek. Dit waarna die preek mik om te sê kan die fokus genoem word, en dit waarna die preek mik om te doen kan die funksie genoem word. Die prediker sal presies moet weet wat die preekfokus en preekfunksie is, as die eerste stap in die proses om die preek te ontwikkel (Long

1989:86). Die onderskeid kan noukeuriger verwoord word. "A *focus statement* is a concise description of the central, controlling, and unifying theme of the sermon. In short, this is what the whole sermon is 'about'."

"A *functional statement* is a description of what the preacher hopes the sermon will create or cause to happen for the hearers. Sermons make demands upon the hearers, which is another way of saying that they provoke change in die hearers (even if the change is a deepening of something already present). The function statement names the hoped-for change."

Die fokus kan verklaar word as 'n kernagtige beskrywing van die sentrale, kontrolering en eenheidsmakende tema van die preek. Dit is waaroor die hele preek moet gaan. Die funksie kan verklaar word as 'n beskrywing van wat die prediker hoop die preek sal voortbring sodat daar iets gebeur met die hoorders (Long 1989:86).

Om die fokus en funksie verklarings werklik bruikbaar vir die prediker in die ontwikkeling van die preek te maak, moet hulle aan die volgende drie beginsels voldoen: Eerstens moet hulle albei direk uit die eksegese van die Bybelse teks groei. Tweedens moet hulle in verband met mekaar staan, en derdens moet hulle duidelik, eenheidsmakend en redelik eenvoudig wees (Long 1989:86-91).

## 3.6. DIE BASIESE VORM VAN DIE PREEK.

Preekvorme is soos vlerke. Vlerke stel die preek in staat om vlug te beweeg en sy bestemming te bereik (Vos 1996a:169). Die noodsaak van 'n preekvorm word deur Long (1989:92) met nadruk beklemtoon. "Like the silently shifting of gears in a car's automatic transmission, sermon form translates the potential energy of the sermon into productive movement, while remaining itself quietly out of view."

Die vorm is 'n belangrike deel van die inhoud van die preek. Dit ondersteun of ondermyn die kommunikasie van die evangelie. As die vorm van die preek duidelik, lewendig en eervol vir die hoorders is, beleef hulle dit positief en verhoog dit die geslaagdheid van die prediking. Daar is natuurlik baie moontlikhede, maar die vraag wat die prediker moet beantwoord is, hoe skep hy of sy 'n vorm vir 'n sekere preek sodat die boodskap en mikpunte geslaagd is en bereik kan word? (Long 1989:92-93).

In die homiletiek is daar al baie nagedink maar minder geskryf oor die vorm. In die verlede was die hoofpunte wat in berekening gebring is hoofsaaklik die eenheid tussen die verskillende punte. Elke punt moes die hoofgedagte ondersteun. Die orde, waar elke hoofindeling ewe belangrik was. Beweging, waar elke hoofindeling 'n stappie verder moet gaan as die voorafgaande. Verhouding, waar die hoofindelings in 'n paralelle konstruksie met mekaar moet staan en die klimaks waar die hoofindelings so gerangskik moet word, dat 'n skaal van inpak in berekening gebring kan word (Long 1989:95).

Cradock (1978:66) se siening gaan oor die "Inductive sermon form", en kortweg gaan dit oor "...the preacher should imagine that the hearers are going to solve a spesific problem, and then design the sermon to give them all the necessary information, and in the proper order, to resolve that problem for themselves" Hierdie siening van Cradock moet gelees word teen die agtergrond van die vraag wat hy altyd vra naamlik "What does this Biblical text mean for us today?" (Long 1989:98).

Lowrey (1980:76) is van mening dat die volgende punte in berekening gebring moet word as daar gedink word aan die vorm van die preek. "Upsetting the equilibrium, analyzing the discrepancy, disclosing the clue to resolution, experiencing the gospel and anticipating the concequences" (vgl. Long 1989:99-100).

Die verhouding tussen die preekvorm en die luisterproses van die

hoorders word deur Buttrick (1981:55-56) vergelyk met 'n kamera. Enige iets in die wêreld stroom deur die lens van die menslike bewussyn, maar nie alles is geskik om op film vas te lê nie. Die fotograaf moet keuses maak wat hy of sy wil fotografeer. Daar moet ook gedink word aan die voorgrond en agtergrond. Die denke van die mens kies ook 'n veld om op te fokus. Die fotograaf kies 'n wye-hoek lens of hy of sy wil 'n enkele smal gedeelte fotografeer. Daar kan filters wees, te veel sonlig of te min, ensovoorts. Wanneer alles reg opgestel is, open die sluiter en 'n beeld word vasgevang vir 'n gedagtenis. Daarna sluit die sluiter en die film skuif aan vir die volgende foto.

Predikers is soos fotograwe. Hulle interpreteer die Skrif en dink na oor die velde van verstaan en gee dit deur, deur simbole en openbaarmaking. Die taak van die prediking is om die huidige gebeure op so 'n manier deur te gee aan die hoorders dat die preek in hulle geheue bly vassteek. Hierdie proses moet nou aangaan. Nog 'n foto word geneem, en nog een. Die eerste eenheid word opgevolg deur 'n tweede en 'n derde. Teen die einde van die preek is daar 'n reeks van eenhede wat opgeneem is in die geheue van die hoorders. Dan is prediking 'n beweging van taal van een eenheid na 'n ander. Buttrick verkies om eerder van bewegings in die preek te praat as van idees of eenhede. Die opbou van hierdie bewegings bestaan volgens hom uit drie dele, naamlik, 'n openingsverklaring, 'n ontwikkeling en 'n slot (Long 1989:103).

Long (1989:106-111) se standpunt oor preekvorme is dat 'n goeie preekvorm die resultaat is van weldeurdagte denke en goeie beplanning. Hy sê vir elke preek moet daar 'n preekvorm ontwerp word. Die variasie is so groot en die omstandighede van die gemeente en die situasie waarin daar gepreek word wissel so vinnig dat daar nouliks net van een tipe struktuur vir preekvorme gebruik gemaak kan word. Daar is egter sekere basiese stappe wat gevolg kan word, wat betrekking het op die hoofmomente om 'n preekvorm sinvol te maak.

Die eerste is, begin met die fokus en die funksie. Wat wil die preek sê en doen? Die fokus en die funksie moet ingesluit wees by die struktuur of indeling van die preek. Dit wat nie help om die mikpunt van die preek te bereik nie, moet uitgelaat word. Sê in die begin van die preek wat die fokus en funksie is. Dink na wat die beste vorm gaan wees om dit te sê. Hoe moet dit gesê word sodat die hoorders dit die beste kan hoor? (Long 1989:106-107).

Die tweede is om die groter dele in kleiner komponente te verdeel. Die fokus en funksie verklaar die algehele taak van die preek. Maar die oordra van die inhoud van die boodskap moet stukkie vir stukkie gedoen word. Verdeel dus die inhoud in kleiner dele (Long 1989:107).

Die derde is, besluit op die volgorde waarin elke taak verrig moet word. Daar moet byvoorbeeld besluit word of die Bybelse teks eerste verduidelik moet word, of moet die preek begin by die nood en omstandighede van die mense? Die vraag is altyd wat moet die volgorde wees sodat die hoorders die preek die sinvolste kan beleef? (Long 1989:108).

Tot op hierdie punt weet die prediker nou wat die fokus en funksie van die preek is, hy of sy het die kleiner indelings van die preek gemaak en die volgorde waarin dit gaan geskied is reeds vasgestel. Die volgende stap is om energie en lewe in hierdie vorm te plaas deur te dink hoe hierdie take dinamies aan mekaar verbind is, en hoe hierdie take gedoen gaan word?

## 3.7. <u>VERFYNING VAN DIE VORM</u>.

Hoe mense na 'n preek luister en wat hulle hoor verskil van mens tot mens. Dit maak dit vir die prediking moeilik. Die preek wil die evangelie so oorbring dat die mense dit verstaan en dat hulle daarop kan reageer. Die vorm van die preek moet dus verfyn word sodat die oordra daarvan, die luisterproses vergemaklik. Een van die vereistes om dit te bewerkstellig is dat die prediker die

hoorders goed moet ken.

Die eerste stap is dus om inligting bymekaar te maak wat die denke van die hoorders sal stimuleer. Dit kan inligting wees oor hulle eie ervaring van verliese, swaarkry, eensaamheid en geloofskrisisse. Verder moet daar gedink word aan watter soort kommunikasie wek herinnerings op? Daar is verskillende moontlikhede soos bronne uit die geskiedenis, verhale, ensovoorts. Die Bybel is ook 'n bron. Bybelse verhale kan as voorbeelde dien. Ander materiaal wat gebruik kan word is beskrywings, definisies, leersessies, gedigte, dialoog, beelde, praktiese voorbeelde, rympies, persoonlike getuienisse, teksverse uit die Skrif, eksegetiese inligting en nog baie meer (Long 1989:112-119).

Wat nou gebeur is dat die preek 'n sisteem word vir kommunikasie, en die vorm van die preek word 'n beskrywing van die sisteem. Elke deel van die preek moet saam met die ander dele 'n eenheidseffek bewerkstellig. Elke stap van die preek word 'n stuk van die totale preektaak en dan moet die prediker besluit watter bronne is nodig vir elke deel sodat die groter taak verrig kan word (Long 1989:119).

Die preekvorm is 'n kreatiewe aktiwiteit waar die interaksie tussen die eis van 'n spesifieke preek en die luisterproses van besondere hoorders deurdink moet word. Geen twee preke geskied onder dieselfde omstandighede nie. Elkeen verskil en daarom moet daar by elke preek weer nuut gekyk word na die verfyning van die preekvorm. Long gee 'n paar voorbeelde van hoe dit gedoen kan word.

- *As dit ... dan dit ... en dus dit.*

  In hierdie vorm bou elke stap van die preek logies op die vorige stap. Die volle eis van die preek kan teen die einde as die finale skakel in 'n ketting van kleiner eise gesien word. Hierdie vorm is geskik waar onderrig die funksie van

die preek is.

- *Dit is waar ... op hierdie manier ... en ook op hierdie manier ... en op hierdie ander manier ook.*

  Hierdie vorm word gebruik waar die sentrale eis vanuit verskillende gesigspunte gesien kan word.

- *Dit is die probleem ... dit is die antwoord van die evangelie ... dit is die implikasies.*

  Dit word ook die probleem-oplossingsvorm genoem.

- *Dit is die belofte van die evangelie ... hier is die manier hoe ons die belofte mag uitleef.*

  Dit kan veral gebruik word waar die funksie van die preek etiese implikasies het.

- *Dit is die historiese situasie in die teks ... dit is die betekenis nou vir die gemeente.*

  Dit kan gebruik word wanneer die verlede en die hede met mekaar vergelyk word.

- *Nie dit nie ... of dit ... of dit ... of dit ... maar dit.*

  Hierdie preekvorm begin gewoonlik met een of ander tipe van vraag. Daarna volg onvolledige antwoorde. Hulle word egter later uitgeskakel sodat die volle eis van die teks gehoor kan word.

- *Hier is die heersende visie ... maar hier is die eis van die evangelie.*

  Dit verwys na iets in die heersende kulturele situasie en dan word dit gekorrigeer, vervang of uitgedaag deur die

evangelie sodat 'n nuwe visie gevorm kan word.

- *Dit ... maar wat hiervan? ... wel, dan dit ... ja, maar wat hiervan? ... en so aan.*

  Hier word 'n dialoog verkry in die gestalte van 'n monoloog. Elke stap in die preek word gevolg deur 'n vraag.

- *Hier is 'n storie.*

  Daar is meer as een vorm wat 'n storie kan aanneem.

  * *'n Enkel storie.* Somtyds is die hele preek 'n storie. 'n Storie word vertel of 'n Bybelstorie word oorvertel. Die storie vertoon gewoonlik sy eie insigte.

  * *Storie/weerkaatsing.*
    In hierdie vorm word 'n storie vertel en dan weerkaats vir insig en leiding.
  * *Deel van 'n storie/weerkaatsing/res van die storie.*
    Somtyds wil die prediker oor die eerste deel van die storie iets sê. Die verhaal word dan verbreek en later hervat.
  * *Saak/storie.*
    Die storie dien as terugvoering op een of ander saak.

- *Hier is 'n brief.*
  Die preek word hier hanteer as 'n brief. Geadresseer aan die gemeente of aan iemand anders.

- *Dit? ...of dat?... albei dit of dat.*
  Dit is wanneer die preek verwys na 'n paradoks of 'n tweesydigheid byvoorbeeld: Jesus is 'n dienskneg of Jesus is die Here (Long 1989:126-129).

Hierdie lys kan uitgebrei word en verskillende variasies en kombinasies en ander moontlikhede kan toegepas en bygevoeg word. Wat belangrik is, is dat ons nie met hierdie vorme moet begin en

die preek daarin moet maak pas nie. Daar moet met die fokus en funksie begin word en dan moet die regte vorm geskep word (Long 1989:129).

Hoorders het baie verskillende style om na predikers te luister. Baie wil na Bybelse beginsels uit die teks luister, ander weer na Bybelse beelde. Daar is ook baie interaksie tussen die prediker en die hoorders al lyk dit asof die hoorders passief luister. Verrassings, konflik, eenstemmigheid, bevraagtekening, ensovoorts is alles deel van hierdie interaksie en dit hou die kommunikasie lewendig. Die hoorders se luisterstyle is baie kompleks en word nie heeltemal verstaan nie en kan tot nou toe nie heeltemal verklaar word nie. Dit is dié dat die vorm so belangrik is (Long 1989:130-132).

## 3.8. INLEIDINGS, VERBINDINGS EN AFSLUITINGS.

### 3.8.1. DIE PREEK INLEIDING.

Die inleidende deel van die preek is baie belangrik. Skrywers wat oor hierdie onderwerp skryf, is van mening dat daar veral twee komponente is wat baie aandag moet kry. Die eerste is dat die aandag van die hoorders getrek moet word. "Introductions, have the task of pricking the ears of the hearers" (Long 1989:134). Die tweede is om die hele preek aan die hoorders bekend te stel. "To introduce the whole sermon" (Long 1989:135).

Long verskil van hierdie skrywers en sê dat die taak van die inleiding meer is as net dit. Die hoorders woon 'n erediens by om iets te hoor en daarom is dit nie noodwendig so dat hulle aandag in die inleiding getrek moet word nie (Long 1989:134). Die tweede punt, om die preek aan die hoorders bekend te stel, hoef nie noodwendig al in die inleiding plaas te vind nie. Dit is soms beter om met die verloop van die preek hierdie bekendstelling stap vir stap te laat plaasvind.

Long (1989:138-147) bespreek vier spesiale doelwitte wat in die inleiding nagestreef moet word.

- *Die eerste is dat die inleiding implesiet of eksplisiet 'n belofte aan die hoorders moet maak.*

Wanneer mense na iemand anders luister, neem hulle in wat gesê word, maar hulle loop ook die spreker vooruit. Mense luister vinniger as wat mense praat en dit maak dat die hoorder homself of haarself vooruit by 'n punt bring waar hy of sy glo dat die gesprek op pad na toe is.

Wanneer 'n preek begin, loop die hoorders ook die preek vooruit. Hulle gebruik die openingsverklaring van die preek om te raai of te spekuleer oor dit wat die preek verder vir hulle gaan inhou. Predikers gee wenke en maak dus beloftes aan die gemeente in die openingsinne van die preek oor hoe die preek gaan verloop (Long 1989:138).

Wat die hoorders dus aan die begin van die preek nodig het is nie 'n opsomming van die hele preek nie, maar eerder 'n oriëntasie, 'n rigting om in te luister. Dit is hoekom die woord belofte gebruik word. Om 'n belofte te maak is om na 'n sekere punt in die toekoms te verwys, sonder om presies te sê hoe dit gaan gebeur. Long (189:139) sê, "... a preacher should begin a sermon in such a way that the hearers can accurately anticipate something of what the whole sermon will be about". Afhangende van die spesifieke preek en die omstandighede waarin die preek plaasvind.

- *Die tweede is dat die preek inleiding beloftes moet maak wat die hoorders graag sal wil bewaar en dit hul eie wil maak.*

Die hoorders moet dit waardevol vind, dit moet betekenis hê vir hulle lewe (Long 1989:141).

- *Die derde is dat die preek inleiding 'n belofte moet maak op dieselfde kommunikasievlak as die res van die preek (Long 1989:145; vgl. ook Long 1988:67).*

- *Die vierde is dat die preekinleiding die hele preek moet antisipeer, maar dit moet ook verbind kan word aan die direkte volgende stap wat volg in die preek (Long 1989:146).*

Killinger (1985:83) verwys na die preekinleiding en dan sê hy, "A good introduction is conductive. It leads people into the sermon". Dit beteken dat die inleiding die hoorders in die hele preek inlei. "In addition to leading the hearers into the whole sermon, though, there is a smaller sense in which the introduction simply leads people into the next part of the sermon" (Long 1989:146). Die hoorders moet 'n idee hê waarheen die totale preek gaan en hulle sal ook gereed moet wees om die volgende stap te neem (Long 1989:146).

### 3.8.2. <u>OM VERBINDINGS TE MAAK</u>.

Baie woorde word gebruik om die verskillende komponente van die preek te beskryf soos: punte, bewegings, stappe, episodes, eenhede ens. Die onderliggende gedagte is dat 'n preek uit 'n reeks segmente bestaan as 'n logiese eenheid. Hierdie segmente moet aan mekaar verbind word deur verbindingswoorde of sinne sodat die kommunikasie vloeiend kan wees. Daar is drie kommunikasietake wat hierdie verbindings moet verrig en volgens Long (1989:148-150) is dit die volgende:

- Verbindings moet die afsluiting van die vorige segment van die preek verskaf om sodoende aan die hoorders die versekering te gee dat hulle nog reg na die boodskap van die preek luister. Saam daarmee moet die essensie van die vorige segment herhaal word, sodat dié wat die strekking van die preek verloor het, weer kan saam luister (Long 1989:148-149).

- Verbindings moet ook aanwys hoe die volgende stap van die preek logies in verband staan met die huidige stap. Daar is baie logiese verbindings wat gebruik kan word. Van die meer algemene verbindings is die volgende:

+ *Die "en" verbinding.* Hierdie tipe verbinding bou kumulatief. Hulle sê, "dit is waar en die is ook waar". Ander terme wat dieselfde funksie verrig is byvoorbeeld, so ook, weer, maar ook, ander, ensovoorts.

+ *Die "maar/nogtans" verbinding.* Dié tipe verbinding skep logiese kontraste. Voorbeelde hiervan is: alhoewel, ten spyte van, aan die ander kant, ensovoorts.

+ *Die "as...dan" verbinding.* Hierdie verbinding wys daarop dat die inhoud van die volgende verbinding op een of ander manier afhang van die voorafgaande segment. Voorbeelde hiervan is: so, omdat, daarvoor, ensovoorts.

+ *Die "weer oorweging" verbinding.* Dié tipe verbinding sein die boodskap uit dat 'n segment van die preek oor dieselfde grondbeginsel sal teruggaan as die vorige, maar dié keer sal dit vanaf 'n ander hoek benader word. Tipiese voorbeelde is: miskien, kyk weer, hoekom is dit so?, ensovoorts.

+ *Die "nuwe vertrek" verbinding.* Hierdie redelike seldsame verbinding breek die logiese lyn van die preek deur 'n onderbreking tussen die segmente aan te kondig. Tipiese voorbeelde is: wat as; los hierdie agter; die werklike vraag is; ensovoorts (Long 1989:149).

- Verbindings antisipeer die inhoud van die volgende stap van die preek. 'n Goeie verbinder noem die essensie van die vorige afdeling en dit gee 'n leidraad van dit wat gaan volg. Dit help die hoorder om te luister na die volgende segment en sy boodskap. As dit nie gedoen word nie, is dit moeilik om die strekking van die preek te volg want dan

luister hulle na afsonderlike segmente wat nie aan mekaar verbind is nie. As hierdie verbindings oordoen word, kan die hoorders voel dat die prediker dink dat hulle te 'dom' is om die preek te volg (Long 1989:150).

### 3.8.3. <u>**DIE AFSLUITING**</u>.

Daar is twee belangrike vrae om te vra oor preekafsluitings. Die eerste is 'wanneer' om af te sluit en die tweede is 'hoe' om af te sluit?

Die hoorders weet wanneer die preek verby is, en as die preek verby hierdie punt nog steeds aanhou is dit 'n irritasie en 'n frustrasie vir hulle.

Afsluitings moet tydens voorbereiding beplan word. 'n Goed voorbereide, ekonomiese en duidelike preek maak afsluitings maklik. 'n Preek met 'n skerp fokus en funksie wat net een ding wil sê en dit doen, se afsluitings sal nie sommer 'n probleem skep nie. Die doel van die preek sal die 'wanneer' en die 'hoe' van die afsluiting bepaal (Long 1989:151).

Goeie preke sluit nie werklik af nie. Natuurlik sluit dit af met die laaste woorde van die prediker tydens die erediens, maar goeie preke word voortgesit in die gedagtes van die hoorders lank nadat hulle die erediens verlaat het (Long 189:155).

### 3.9. <u>**BEELDE EN VERHALE IN PREKE**</u>.

In die Bybel is daar baie voorbeelde waar beelde gebruik is om die boodskap van die Bybel te verduidelik. Maar die vraag is, watter soort beelde sal in preke gebruik word? Stories of verhale, beelde, analogieë en ervarings is nie maar net dekorasies wat gebruik word tydens preke nie, hulle is aktiewe faktore vir kommunikasie. Hulle wil hê sekere dinge moet gebeur in die denke van die hoorders en daarom is hulle kragtig (Long 1989:157). Beelde kan iets verduidelik en opklaar. Tydens die

prediking word daar gekyk na 'n sekere aspek van die lewe, " A slice of life", en die beeld moet op daardie spesifieke aspek van toepassing gemaak word. Die tipe beeldspraak wat gekies word moet implisiet of eksplisiet 'n verbinding bewerkstellig tussen die alledaagse lewe en die teks van die Bybel (Long 1989:157).

Die Bybel is 'n verhaalboek. In die Boek gaan dit om God se verhaal met mense en die wêreld. Daarom is dit ook nie vreemd dat die verhalende preek 'n uitstekende manier is om God se verhaal met mense vir vandag te vertel nie. Die rede waarom verhale mense bekoor, is omdat dit mense meevoer en iets met en vir hulle doen. Die metafoor het net so 'n impak op mense. 'n Metafoor is soos 'n lading plofstof. Dit skiet nuwe wêrelde oop en ruk mense tot nuwe insigte. Ons stel nie net in ander mense se verhale belang omdat dit dikwels interessant is nie, maar ook omdat dit krag het om moontlikhede vir ons eie te open (Long 1989:73). Verhale betrek hoorders in die verhaalgebeure. Dit is nie net maar 'n verhaal oor mense nie, maar dit is 'n verhaal vir hierdie mense wat luister. Deur die verhaal kan hulle met die karakters, die gebeure en die waardes wat die verhaal kommunikeer, vereenselwig of dit selfs van die hand wys. Een belangrike sentrale moment in 'n verhalende preek is beweging. 'n Verhaal is nie soos 'n stillewe nie. "In a story the frame is not frozen; there is movement through time" (Long 1989a:70).

Long (1989:158) beweer, om te illustreer beteken om lig te bring. Vroeër is illustrasies gesien as die vensters van die Woord. Die preek is gesien as 'n huis wat gebou word van redes en logika, en illustrasies was die vensters wat lig moes bring om dit verstaanbaar te maak. Die probleem wat ontstaan het was dat die illustrasies te veel klem gekry het en nie dit waarvoor dit staan nie. Dit het daartoe gelei dat die hoorders die illustrasies makliker onthou het en nie die boodskap van die teks nie. Die fout was dat die predikers te veel illustrasies gebruik het, asook die verkeerde soort illustrasies wat nie altyd die betekenis reg geïllustreer het nie. Preke het glashuise geword met te veel vensters (Long 1989:159-160).

Craddock (1985:204) gebruik die term illustrasies. Long (1989:161) sê egter dat die begrip te wyd gebruik word, en dat te veel tipes taalgebruik daaronder verstaan word. Hy is 'n voorstander daarvan dat predikers die verskillende vorme van beeldspraak moet ken sodat hulle die funksie van elke vorm reg kan gebruik.

Jesus het baie van beeldspraak gebruik gemaak. In sy prediking het Jesus gebruik gemaak van beelde uit die natuur, die familie en algemene menslike ervarings wat bekend was aan die mense van daardie tyd (Long 1989:156). Long bespreek drie vorme van beeldspraak naamlik: die vergelyking, die sinekdogee en die metafoor. Vervolgens word elkeen kortliks bespreek.

### 3.9.1. DIE VERGELYKING.

In die vergelyking gaan dit oor twee sake wat met mekaar vergelyk word, en wat langs mekaar staan. Hulle word verbind en gelyk geskakel, deur die woorde "soos" of "nes". Long (1989:163) wys daarop dat daar in 'n vergelyking vir 'n sekere moment 'n gelykstelling is. Die doel is om klarigheid te bring oor iets, dit wil vereenvoudig en dit wil verstaanbaar maak.

Buttrick (1987:70-74) stel voor dat 'n vergelyking eers getoets moet word voordat dit gebruik word, om seker te maak dit is geskik vir 'n sekere preek. Die toets behels dat daar 'n duidelike analogie tussen die idee en die preekinhoud en 'n aspek van die illustrasie sal wees, daar moet 'n parallel bestaan tussen die struktuur van die inhoud en die vorm van die illustrasie en die illustrasie moet toepaslik wees op die inhoud.

### 3.9.2. SINEKDOGEE.

Sinekdogee word beskryf as 'n stylfiguur wat die geheel deur 'n onderdeel daarvan aandui. Met ander woorde, 'n deel van iets word gebruik om te staan vir die geheel (Long 1989:165). As daar gesê word "my skip vaar oor die golwe", dan word daar eintlik

bedoel "my skip vaar oor die see". Een deel van die see word genoem naamlik, die golwe, maar met golwe word eintlik see bedoel (Long 1989:165). Sinekdogee wil nie vergelyk nie, maar dit gee 'n naam aan die essensie van een saak.

Hierdie styl is vir die prediking baie belangrik want dit gee inhoud en betekenis aan teologiese konsepte. Dit maak konsepte duideliker. Nog 'n rede hoekom hierdie styl belangrik is, is omdat die hoorder die ervaring kan hê dat die realiteit van die lewe in die verduideliking teenwoordig is (Long 1989:166).

### 3.9.3. <u>METAFOOR</u>.

Die metafoor is die mees direkte vorm van beeldspraak. Twee sake word nie langs mekaar gestel nie. In die metafoor word die eintlike voorstelling, die nuwe waarneming, nie regstreeks genoem nie. Dit word aangedui met 'n bekender waarneming. Die beeld neem die plek van die eintlike voorstelling in. Daar word gepraat van "lokomotiewe" as "ysterperde" of van die "sonsondergang" as die "sterwe van die lig". 'n Metafoor poog om 'n nuwe betekenis te skep, om ons te help, om die realiteit van iets op 'n nuwe manier te ervaar (Long 1989:172).

As Long (1989:172) die vergelyking met die metafoor vergelyk, dan sê hy, "A simile is the tool of good teachers; a metaphor is the instrument of poets". Daar is 'n misterie in die hart van die metafoor. Dit terg die gedagtes tot aktiewe denke, sodat die mens meer en meer maniere kan ontdek, om nuut te dink oor dinge wat hulle reeds weet (Long 1989:173).

### 3.9.4. <u>BEELDSPRAAK EN DIE PREDIKING</u>.

Beeldspraak is 'n belangrike hulpmiddel vir die prediking. Vir alle illustrasies, wat beeldspraak insluit, moet die prediker vir homself of haarself die vraag afvra of die deur wyd genoeg oop is om al die hoorders deur te laat? Die antwoord sal natuurlik nee wees, want die verskeidenheid mense met hulle verskillende

denke, werksomstandighede, ouderdomme, uitgangspunte, ervaringe, ensovoorts maak dit nie moontlik om almal te betrek nie. Dit lei daartoe dat daar goed nagedink moet word oor wat gebruik moet word (Long 1989:175-177).

In 'n ondersoek (Gerber 1993) oor die gebruik van beeldspraak tydens die prediking, wat vroeër in die Nederduitse Gereformeerde gemeente Secunda gedoen is en wat in 'n industriële gebied geleë is, het die volgende feite na vore gekom:

- Die algemene gevoel was dat beeldspraak die verstaan van die prediking vergemaklik. Wat die verskillende vorme van beeldspraak betref, was dit duidelik dat die bekendste vorme die vergelyking, die metafoor en die simbool is. Personifikasie en allegorie was in 'n mate bekend en sinestesie en antonomasia was net by hoë uitsondering by enkeles van die ondervraers bekend.

- Die kinders het 'n goeie kennis van die verskillende vorme gehad omdat hulle op skool daarvan geleer het. Die verskillende vorme was vir die volwassenes nie baie belangrik nie, en hulle verstaan meestal al die vorme onder een term naamlik beeldspraak.

- Die verskeidenheid van mense bemoeilik beslis die gebruik van beeldspraak tydens die prediking. Sommige beelde is aan die meeste hoorders bekend, terwyl ander net aan sekere groepe bekend is. Beelde wat betrekking het op die huis, gesin, familie, natuur, diereryk, ensovoorts is aan die meeste mense bekend, maar beelde wat betrekking het op die kuns, musiek, mynbou en die industrieë is nie noodwendig aan almal bekend nie.

Waar vind die prediker illustrasies? Long (1989:177) beskryf "The pulpit is a hungry place. How do we collect the quantity of illustrative material we need for weekly preaching?" Volgens Long is daar vier basiese bronne naamlik: die prediker se eie lewe; die prediker se voorstellings; die wêreld rondom ons; en die media (Long 1989:177-180).

Daar moet ook onthou word dat te veel illustrasie in 'n preek die teologiese gehalte van die preek kan beïnvloed. Nuwe beelde het ook baie meer trefkrag as ou beelde. Om nuwe beelde te vind is een van die probleme met beeldspraak. Die beelde moet ook eenvoudig en verstaanbaar wees en verbind wees aan die alledaagse lewe. As daar tydens die prediking eers stilgestaan moet word om 'n beeld te verduidelik, verloor dit sy trefkrag (Long 1989:175).

## 3.10. VANAF DIE SKRYFTAFEL TOT BY DIE PREEKSTOEL.

Prediking is 'n gesproke aksie, die handeling geskied nie as 'n geskrewe aksie nie. Die effek van die gesproke woord is anders as dié van die geskrewe woord. Een verskil is dat die gesproke woord aan 'n groep geadresseer kan word terwyl die geskrewe woord gerig is op die individu of 'n reeks van individuele lesers. Die gesproke woord het die krag om kommunikasie te ontwikkel. Dit is waar dat die prediker vir 'n gemeente preek, maar dit is ook waar dat deur die prediking word die hoorders 'n gemeente (Long 1989:181).

Nog 'n belangrike faset van spreek is dat dit plaasvind in die aktiewe teenwoordigheid van dié wat die kommunikasie ontvang. Skrywers kan vir hulleself voorstel wie hulle woorde gaan lees, maar sprekers het nie hierdie voorstelling oor wie hulle hoorders gaan wees, nodig nie. Die hoorders is teenwoordig in die moment van die spreke en hulle teenwoordigheid is 'n skawende krag in die kommunikasie, maar die spreker weet nie presies hoe die preek gaan verloop nie. Die preek vind plaas alleen wanneer die prediker sy of haar mond oopmaak en die hoorders hulle ore oopmaak (Long 1989:182).

Die voorbereiding van 'n preek geskied gewoonlik in 'n geskrewe vorm, maar daarna moet dit gespreek word. Die keuse wat nou gemaak moet word is, neem die prediker die volle uitgewerkte preek kansel toe, of 'n opsomming of geen geskrewe stuk nie? Al

drie metodes is aanvaarbaar en kan effektief wees (Long 1989:182).

Die voordeel van die volle manuskrip is dat die prediker met 'n voorbereide stuk op die kansel verskyn. Verder kan die voorbereiding tot in die fynste besonderhede geskied. Moeilike sinne, aksentdraende woorde, goeie formulering ensovoorts kan maklik oorgedra word. Die nadeel is dat die stuk net so afgelees kan word en sodoende die kommunikasie tussen prediker en hoorder belemmer (Long 1989:183).

Die tweede metode is die opsomming. Die voordeel is dat die kommunikasie makliker en vloeiender kan verloop in vergelyking met die volle manuskrip. Die nadeel is dat dele van die stof vergeet kan word of die formulerings van die stof kan swakker wees as dié van die volle manuskrip (Long 1989:184).

Die derde is dat geen geskrewe stuk kansel toe geneem word nie. In dié geval kan die interaksie tussen prediker en hoorder baie goed wees en kan die prediker vry praat sonder om gebonde te wees aan 'n manuskrip. Die nadeel is dat die inhoud skade kan lei omdat die prediker geen stuk voor hom of haar het wat leiding kan gee nie. Dit kan aanleiding gee tot eensydigheid en 'n herhaling van woorde en gedagtes. Die preekvorm kan ook skade lei (Long 1989:183).

'n Verdere punt wat aandag vra is die gebruik van aanhalings. Daar is twee goeie redes hoekom aanhalings in preke gebruik kan word. Die eerste is die persoon wat aangehaal word. Hier gaan dit oor sy betroubaarheid, bekendheid en sy gesagvolheid. Die tweede is die krag van die taal waarin dit gesê word (Long 1989:184).

Aanhalings verloor gewoonlik hulle effektiwiteit in die oordra van die bron na die kansel. Hulle het gewoonlik 'n groter inslag op die prediker as die eerste leser, as op die hoorders. As gevolg hiervan moet aanhalings maar spaarsaam gebruik word, en

as dit wel gedoen word moet die aanhalings kort wees (Long 1989:186).

In die preekvoorbereiding is dit ook van waarde as die prediker die preek hardop voordra. Dit leer die prediker om hom of haar in die rol van die hoorder te plaas. As die preek hardop voorgedra word, word die prediker die eerste hoorder daarvan. Dit kan daartoe lei dat sinne verander word omdat hulle nie goed klink nie of lang sinne word korter gemaak sodat die hoorders beter daarna kan luister. Die prediker kan dan ook agterkom waar stiltes ingebring moet word of waar stadiger gepraat moet word of vinniger of harder, ensovoorts. Die praktiese inoefening van die preek help die prediker om dit te verwerk en te absorbeer. Die prediker sal nie maklik deur hierdie handeling alleen, die preek memoriseer nie, maar hy of sy kan dit hul eie maak wat baie vir die hoorders sal beteken (Long 1989:186-187).

Tydens die oordra van die boodskap is daar baie dinge wat verkeerd kan loop of wat nie presies gebeur soos wat die prediker dit tydens sy voorbereiding voorsien het nie. 'n Gestruikel oor die uitspreek van sekere woorde, 'n bril wat afskuif, beklemtoning van verkeerde woorde, hoorders wat nie na die preek luister nie, spanning wat die prediker beleef, ensovoorts. Al hierdie faktore kan 'n invloed op die preek hê, maar die belangrike is, dat die prediker met geloofsvertroue die waarheid so goed as moontlik moet verkondig. 'n Persoon wat weekliks die waarheid in liefde verkondig, word later so geken en deur die hoorders aanvaar (Long 1989:187-188).

## 3.11. <u>GESPREKKE LANGS DIE PELGRIMSWEG</u>.

In hierdie gedeelte bespreek Long (1989:190-198) aktuele vrae wat betrekking het op die prediking. Die eerste vraag is:

- *Hoeveel vooruitbeplanning moet 'n prediker doen vir preke?* Daar is predikers wat hulle preke maande voor die tyd beplan en uitwerk. Ander neem 'n week studieverlof om 'n

jaarbeplanning vir preke op te stel. Die meeste begin 'n nuwe preek nadat die vorige een gelewer is.

Goeie raad is om aan ses preke gelyk te werk. Ses lêers moet aangeskaf word en alle inligting wat betrekking het op 'n sekere preek moet in die lêer geplaas word, totdat die preek uitgewerk word. Die Bybeltekste moet gekies word en genoeg eksegetiese werk moet voor die tyd gedoen word sodat die algemene rigting van elke preek bepaal kan word. Uitknipsels, notas, aanhalings uit geskrifte, pastorale ondervindings, ensovoorts kan in die lêers geplaas word. As 'n preek afgehandel is, word die lêer vervang met 'n nuwe en by die bestaande lêers gevoeg. Die ouer homilete noem hierdie metode 'n "homiletical garden" (Long 1989:190).

- *Hoe word illustratiewe materiaal vir toekomstige gebruik gebêre?*

Dit is gewoonlik baie moeilik om die stof kategories te klassifiseer, want gewoonlik val dit onder meer as een kategorie. Sommige stoor dit op rekenaar. Ander stoor dit glad nie. Die beste is om die inligting in lêers te bêre en 'n indekskaart te ontwerp waarop aantekeninge gemaak kan word (Long 1989:191).

- *Moet preke titels hê? Indien wel, watter soort?*

Die meeste preke het titels. As mense 'n titel lees, begin hulle dadelik oor die preek te dink. Met 'n titel maak die prediker 'n belofte om die vrae en antwoorde wat betrekking het op die titel te behandel. Sommige titels sê te veel, en dan vervaag die belangstelling vir die preek. Die beste is kort, eenvoudige titels vir preke (Long 1989:191-192).

- *Hoe lank moet 'n preek wees?*

'n Maklike manier om die vraag te beantwoord is om te sê,

as die preek sy doel bereik het, sy taak voltooi het, moet die preek eindig. Die probeem is egter groter as dit.

As die preek te kort is, kan die gemeente voel dat hulle afgeskeep is. As die preek te lank is, kan dit lei tot frustrasie en ongeduld. Elke gemeente het normaalweg 'n sekere hoeveelheid tyd opsy gesit waarin die prediking moet geskied, en preke moet so na as moontlik by daardie tydskedule hou, want is waaraan die gemeente gewoond is (Long 1989:192-194).

- *Is kinderpreke 'n goeie gedagte?*

Long (1989:194-195) is van mening dat dit wel 'n goeie gedagte is. 'n Alternatief is om die kinders by gewone eredienste te betrek. Dele van die preekinhoud kan aangepas word vir kinders, of hulle kan op 'n spesiale manier betrek word by gebede, sang, die offergawes, vrae, ensovoorts.

As daar wel op kinderpreke besluit word, is daar sekere gevare waarop gelet moet word. Eerstens, moet dit werklike preke wees. Die evangelie moet verkondig word, dit mag nie net morele lesse wees wat voorgehou word nie. Die tweede is dat dit tot die kinders gerig moet wees, en nie deur die kinders aan die volwassenes nie. Derdens moet onthou word dat daar ouderdomsverskille en verskillende ontwikkelingstadiums by kinders teenwoordig is. Vierdens moet oop-einde preke vermy word. Sulke preke vra abstrakte denke en kinders het gewoonlik nog nie genoegsaam ontwikkel om dit te kan hanteer nie. Dit plaas ook die ouers onder druk wat na die preek sekere vrae sal moet beantwoord. Dit kan tot verwarring lei by die kind (Long 1989:194-195).

- Hoe hanteer die prediker "droë periodes" in sy of haar prediking?

Alle predikers beleef sulke tye en dan is prediking meer

pynlik as gewoonlik. Baie keer is hierdie tye die tye wat mense geloofsgroei beleef. Die beste is om in sulke tye 'n verandering rondom die prediking te bewerkstellig. Beweeg weg van die bekende stof en hanteer die stof wat minder bekend is. Maak byvoorbeeld 'n reeks preke oor populêre onderwerpe, of leerstellige preke of preek oor tekste wat minder bekend is. Die prediker moet homself of haarself op 'n nuwe terrein inforseer. Hy of sy moet gedwing word om te lees, te studeer of te worstel en te bid tydens preekvoorbereiding (Long 1989:195).

- *Hoe kom die prediker uit 'n stylistiese groef rondom prediking?*

Baie predikers begin hulle preke altyd dieselfde. Ander gebruik sekere woorde, gesegdes, sinne, ensovoorts, oor en oor. Sommige se preekvorm of boodskap is of lyk dieselfde, net met 'n ander teks.

'n Oplossing is om verskeie preke op band te neem en dit dan met mekaar te vergelyk. Iemand kan ook gevra word om krities te luister en veral op te let na herhalings, clichés, taalvorme, ensovoorts (Long 189:195-196).

- *Moet daar 'n balans wees tussen pastorale preke en profetiese preke?*

Die fout wat gemaak word is heelwaarskynlik die onderskeid tussen pastorale en profetiese prediking. Die volle boodskap van die Bybel moet verkondig word. Die bepalende faktor is hoe aktueel 'n sekere boodskap vir die gemeente is. Soms moet 'n preek 'n meer pastorale aanslag hê en 'n ander keer weer, 'n meer profetiese aanslag (Long 1989:197-198).

## 3.12. GEVOLGTREKKING.

Long het die preekvoorbereidingsproses en die preeklewerings-proses op 'n praktiese wyse by mekaar uitgebring. Aan die teks sowel as aan die hoorder moet reg geskied. Die prediker staan ook nie buite die gemeente nie maar is deel van die gemeente. Hy of sy is lid van die gemeente wat deur hulle afgesonder is om die Skrif te ondersoek en te bestudeer en om in gehoorsaamheid namens hulle te luister. Hy of sy moet 'n woord vir hulle hoor ten opsigte van hulle nood, situasies en omstandighede. Die prediking moet dus volgens Long, die ontwikkelinge in die moderne samelewing in ag neem sodat dit sin sal maak vir die hoorder van vandag.

Dit is dan die teorie van T.G. Long. Vervolgens word daar gekyk na die teorie van G.D.J. Dingemans.

# HOOFSTUK 4.

## 4. DIE TEORIE VAN G.D.J. DINGEMANS.

## A. BENADERING TOT DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE.

### 4.1. INLEIDING.

Professor G.D.J. Dingemans is hoogleraar van die Nederlandse Hervormde Kerk aan die Teologiese Fakulteit van die Rijksuniversiteit te Gröningin. Hy doseer Praktiese Teologie en spits hom veral toe op kategetiek en homiletiek.

In sy boek "Manieren van doen" gaan dit oor die inleiding tot die studie van die praktiese teologie. Dit handel oor die werksterrein van die praktiese teologie en die wetenskaplike metodes wat in die vak gebruik word. Die vraag oor die teologiese normatiwiteit en die verhouding tot die werkers in die kerk word ook gestel. Verder word 'n basisteorie vir die praktiese teologie ontwerp, wat handel oor 'n algemene interpretasieteorie en 'n korrelasieteologie. Hierdie basisteorie word verbind aan praktykteorieë en word toegepas op drie interaksievelde: Die bydrae van die evangelie aan die samelewing; die betekenis van geloof in die lewe van individuele mense en die kerk as brug tussen evangelie, mens en samelewing.

### 4.2. STAND VAN SAKE.

#### 4.2.1. DIE PRAXIS VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.

Met betrekking tot die ander teologiese wetenskappe soos die geskiedenis en die sistematiese teologie is die praktiese teologie 'n betreklike jong wetenskap (Dingemans 1996:14). Dat daar nog baie gedink, gepraat en geskryf gaan word oor die praktiese teologie is dus voor die hand liggend.

Die praxis van die praktiese teologie kan kortweg beskryf word

as die praxis van die funksionering van die gemeente binne 'n bepaalde samelewing en in 'n bepaalde kultuur (Dingemans 1996:22). Vroeër het dit gegaan oor die rol en die werk van die predikant as vertolker van die boodskap van die evangelie en as voorganger en leidsman van die gemeente (Dingemans 1996:16). Later was die uitgangspunt van die praktiese teologie nie meer net die ampswerk van die predikant nie, maar die funksies van die gemeente. Praktiese teologie is toe gerig op die praxis van alle kerklike handelinge (Dingemans 1996:20). Nie alleen die voorganger nie, maar die hele gemeente staan op die kruispunt tussen die Christelike tradisie en die huidige kultuur.

Die gemeente as geloofsgemeenskap en as 'n getuie van die evangelie het 'n hele aantal funksies. Sommige is meer intern gerig op die funksionering van die gemeente self en ander is meer ekstern gerig op die taak van die gemeente in die konteks van 'n bepaalde samelewing en binne 'n kultuur van 'n bepaalde tyd (Dingemans 1996:21). Intern gaan dit oor die erediens wat bestaan uit sang, gebede, skriflesing, meditasies, die bediening van die sakramente en die preek, waar die verhouding tussen die Christelike tradisie en die gemeente direk ervaar en beleef word. Hierdie funksies strek egter verder as net die erediens. Dit gaan ook oor leergroepe en leeraktiwiteite, soos die kategeseskool, vorming- en toerustingswerk en die opleiding vir spesiale take. Hierdie leeraktiwiteite van die gemeente staan nie los van die leerkultuur van die samelewing nie (Dingemans 1996:21).

Dit het ook te doen met die onderlinge sorg van mense en hulle probleme in en buite die gemeente (Dingemans 1996:21). Op sosiale en materiële nood reageer die gemeente deur die diakonaat. Dit gaan nie net oor barmhartigheid nie, maar ook oor geregtigheid. Die gemeente probeer antwoorde vind op die vrae en probleme van die samelewing as sodanig en op die nood van groepe en enkelinge (Dingemans 1996:22).

Die praktiese teologie moet ook ekstern kyk na die verskillende

gestaltes van die Christelike geloof, nie net in die kerk nie, maar ook in die gesin, skool, vakbond, pers, radio, televisie, ensovoorts (Dingemans 1996 : 24). Dit gaan ook nie net oor een bepaalde kerkgenootskap nie. Die praktiese teologie bestudeer die praxis van die evangelie (Dingemans 1996:25).

Geloofsoordrag het ook in 'n breë, historiese kader plaasgevind. Dit is die produk van 'n lang tradisie. Opvattings en sienings het gegroei uit die opeenstapeling van interpretasies oor geslagte heen. Die praktiese teologie het ook 'n taak en 'n opdrag om hieraan aandag te gee (Dingemans 1996:25).

Geloofsgemeenskappe staan ook nie los van hulle sosiale- en kulturele konteks nie. Kultuur word omring deur taal, kommunikasiemiddele, daaglikse omgang met ander deur die werk, skool en verenigingslewe. Sosiaal-wetenskaplike ondersoeke deur die godsdienssosiologie, godsdienspsigologie en antropologie is dus vir die praktiese teologie van groot belang (Dingemans 1996 :26). Daar moet ook gekyk word na die werking van die evangelie in die hele wêreld en dan gaan dit verder as die grense van die tradisionele institusionele kerke (Dingemans 1996:27).

Die praxis van die praktiese teologie moet ook aandag gee aan die bevrydingsteologie, waar dit gaan oor die armes wat onderdruk word. Dit gaan oor die bevrydende handelinge binne die samelewing in die perspektief van God se beloftes van vrede en geregtigheid (Dingemans 1996:29).

Die praxis van die individu vra ook die praktiese teologie se aandag. Dit gaan oor die enkeling, waar die mens self subjek word van sy eie teologie (Dingemans 1996:31). Vanuit die gesekulariseerde, pluralistiese en rasionele Westerse wêreld is daar plek vir die mondige individu wat self in die daaglikse gang van die lewe 'n weg moet soek en sy eie identiteit moet probeer vind (Dingemans 1996:32). Wat vir Dingemans (1996:35) egter belangrik is, is dat die kerk die "intermediair" moet wees tussen die evangelie, die mens en die samelewing.

**4.2.2. PRAKTIESE TEOLOGIE AS WETENSKAP.**

Dingemans (1996:41-57) is van mening dat daar huidiglik drie benaderings in die praktiese teologie is, wat belangrik is as daar gedink word aan die praktiese teologie as wetenskap.

Die eerste is die praktiese teologie as empiries-analitiese handelingswetenskap. Kortliks kom dit daarop neer dat die religieuse of kerklike praxis met die metodes van die sosiale wetenskappe ondersoek word (Dingemans 1996:42). Die handelinge van mense word ondersoek in so verre hulle beïnvloed word deur religieuse faktore, oortuigings en ervarings (Dingemans 1996:44). Die voordeel van hierdie benaderingswyse is dat feitelike en gekontroleerde kennis versamel kan word oor die religieuse praxis.

Die tweede is die praktiese teologie as hermeneutiese interpretasie-wetenskap. In hierdie benadering word nie net alleen gebruik gemaak van die sosiaal-wetenskaplike metodes nie, maar ook van die literêre, taal-wetenskaplike metodes en teks analises. Die term handelingswetenskap bring die praktiese teologie in direkte verbinding met die sosiale wetenskappe of maatskappy-wetenskappe, terwyl die begrip hermeneutiese wetenskap in die eerste plek ontleen is aan die geesteswetenskappe, en by name die taalwetenskap (Dingemans 1996:46).

Die interpretasie van die teks is van groot belang. In die agtergrond van gelowige handelinge staan die teks van die Bybel, die teks van die Christelike tradisie, die belydenisskrifte, teologiese verklarings, Bybelkommentare, kerkordes, reglemente, en ander dokumente van gesamentlike ooreenkomste, ensovoorts (Dingemans 1996:48). Verder word die teologie gesien as die interpretasie van die tradisie in wisselwerking met die konteks. Elke tydperk lees die Bybel vanuit sy eie interpretasiekader, met ander woorde, sekere aspekte van die Bybelse boodskap word moontlik nou meer beklemtoon as vroeër en anders om. Die hermeneutiese praktiese teologie formuleer 'n standpunt binne 'n

bepaalde praxis en vanuit hierdie bronne word die konteks krities ondersoek en sal dan graag 'n aanbeveling wil maak vir 'n nuwe praxis (Dingemans 1996:49-50).

Nog 'n kenmerk van die praktiese teologie as hermeneutiese interpretasiewetenskap is dat daar nie objektiewe ondersoekers is nie. Die ondersoeker is medebetrokke. Hy of sy is die ondersoeker, nie 'n terapeut of prosesbegeleier nie. Dit is nie net die ondersoekvraag wat saam met die veld vasgestel moet word nie, maar ook die ondersoekdoel. Die ondersoek is 'n samewerkingsvorm tussen die ondersoeker en die ondersoekveld. Dit gaan nie net oor die ondersoekwyse nie, maar ook oor die betekenis (Dingemans 1996:51).

Die derde is die praktiese teologie as bevrydingsteologie. In die voorafgaande is die praktiese teologie geskets as 'n akademiese dissipline, maar hier is die akademiese status nie die hoogste prioriteit nie (Dingemans 1996:51-52). In die bevrydingsteologie asook in die feministiese praktiese teologie en die emansipasie-teologie is die uitgangspunt nie primêr dié van die akademie of die kerk as instituut nie, maar dié van die mondige gelowige, en sy situasie moet geanaliseer, beoordeel en verander word met die hulp van die wetenskaplike metodes en teorieë (Dingemans 1996:52-53). Dit gaan oor die vraag, hoe mense self bevry kan word uit armoede en onderdrukking en sodoende 'n sinvolle lewe kan lei (Dingemans 1996:53). Dit gaan egter nie net om ekonomiese bevryding nie, maar ook om politieke en sosiale bevryding, en meer in die algemeen, 'n bevryding uit die sonde van diskriminasie en marginalisering (Dingemans 1996:53; vgl. ook Pieterse 1993:116-126).

Die standpunt van Dingemans (1996:55-57) is dat die praktiese teologie na 'n kombinasie moet soek tussen hierdie drie benaderingswyses. In 'n groot mate sluit hy egter by Pieterse (1993) aan wat vanuit 'n geïntegreerde basisteorie die praktiese teologie opbou. Dingemans wil hieruit 'n prakties-teologiese interpretasieteorie ontwikkel. Waar Pieterse by Habermas

aansluit, wil Dingemans eerder by Gadamer en Ricoeur aansluit vir sy pneumatologiese teologie. Verder wil hy die gemeente nie net sien as 'n handelingsgemeenskap nie, maar veral as 'n interpretasiegemeenskap. Vir hom gaan dit primêr oor die praxis van die Christelike gemeente (Dingemans 1996:56-57).

### 4.2.3. METODES IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.

In die praktiese teologie gaan dit nie meer net om die ondersoek van tekste nie, maar dit gaan ook oor die ondersoek van mense en hulle wyses van handeling. Die praktiese teologie maak gebruik van sosiaalwetenskaplike metodes asook van geesteswetenskaplike metodes (Dingemans 1996:60). Daar is drie soorte ondersoeke wat onderskei kan word, naamlik: die analiserende beskrywing van die prakties-teologiese situasie; 'n ondersoek na die normatiewe gesigspunte en die ontwikkeling van veranderingstrategieë op grond van die beskrywing en normatiewe uitgangspunte (Dingemans 1996:62).

Die analitiese ondersoek wat gerig is op die praxis van Christelike handelinge sal altyd eers begin met 'n analise van die situasie. Die praktyk moet verstaan en verklaar word. Daarna volg die aanvanklike vasstelling van die probleem. Vervolgens moet tot 'n diepere analise en die verklaring van die probleem gekom word. Dit kan gedoen word deur hipoteses op te stel. Daarna kan meer gegewens versamel word of die gegewens kan verklaar word op grond van reeds bestaande teorieë (Dingemans 1996:63).

In die meer handelingswetenskaplike hantering van die probleem, sal voorkeur gegee word deur die gebruikmaking van kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes en daar sal geprobeer word om die praxis so presies en noukeurig as moontlik te beskryf. Indien moontlik in kwantifiseerbare en gekontroleerde eenhede (Dingemans 1996:64).

In die hermeneutiese hantering van die probleem sal gepoog word

om die situasie van die gegewe praxis so breed as moontlik te analiseer. Hier word gesoek na die motivering agter die gedrag. Die feitelike situasie van die interpreterende geloofsgemeenskap en die "Wirkungsgeschichte" van die normatiewe tradisie staan in 'n verhouding tot mekaar. Dit wil sê dat die feitelike situasie veral vanuit 'n historiese perspektief geïnterpreteer sal word teen die agtergrond van die normatiewe betekenis, en dit word gedoen aan die hand van die Bybel en die kerkleer. In die hermeneutiese praktiese teologie geld die reël ook dat daar begin word met die analise van die situasie (Dingemans 1996:65).

By die bevrydingsteologie word daar altyd begin met 'n analise van die situasie. Maar hier sal die metodes van die algemene akademiese sosiale wetenskappe nie voorop staan nie, maar die kritiese deurwerking van die praxis (Dingemans 1996:65).

Die ondersoek wat deur die normatiewe gesigspunt gelei word, sal op een of ander wyse die tradisie in sy evaluasie van die praxis in berekening bring. Die resultaat van die ondersoek sal gekonfronteer word met die Bybelse inspirasie, die dogmatiek of met kerklike uitsprake (Dingemans 1996:66-67).

Die ondersoeke wat gerig is op veranderingstrategie het 'transformasie' en verbetering van die huidige praktyk in die oog. Die doel is om aanbevelings te formuleer vir 'n beter maatskaplike en kerklike praktyk. Die metode om verandering te bewerkstellig word in die algemeen 'agogiese' teorieë genoem (Dingemans 1996:68-69).

Die metode in die praktiese teologie waarvan Dingemans 'n voorstander is begin met 'n analise van die praxis. Die praxis word dan vervolgens vergelyk met die gewenste situasie of die normatiewe visie, sodat 'n evaluasie gemaak kan word en aanbevelings of suggesties voorgelê kan word vir 'n beleid of vir strategieë. Dingemans gee voorkeur aan die hermeneutiese-kwalitatiewe metode wat aangevul kan word met 'n meer empiriese-kwantitatiewe metode (Dingemans 1996:78).

### 4.2.4. PRAKTIESE TEOLOGIE AS 'N TEOLOGIESE WETENSKAP.

Kerke verstaan hulle opdrag om die boodskap van die evangelie en die bevrydende handelinge van Christus deur te gee en voort te sit in diens van mense. Praktiese teologie is lank gesien as die hulpmiddel wat hierdie opdrag in die praktyk moes toepas op voorskrif van die Bybel, die dogmatiek en die kerk. Die praktiese teologie het toe die wetenskap geword wat die offisiële leer of die gangbare teologie moes verwerk in hanteerbare preke, gespreksmodelle en lesings. Dit het daartoe gelei dat die praktiese teologie in diens gestaan het van die dogmatiek en veral as die verlengstuk van die handelende kerk (Dingemans 1996:79).

Hierdie siening oor die praktiese teologie het egter verander. As volwaardige teologiese wetenskap moet die praktiese teologie sy eie veld van ondersoek hê en moet sy eie teorieë kan ontwikkel en ontwerp.

Dingemans (1996:103-105) is van mening dat die praktiese teologie as teologiese wetenskap die taak het om 'n analise van die praxis te maak. Daar moet rekening gehou word met die praxis "geïmpliciteerde theologie". Dit beteken dat daar 'n breë beskrywing en analise van gegewens vanuit die historiese agtergrond van die steeds groeiende praxis moet plaasvind, meer as wat tot nou toe die geval was. Die sosiale verhoudings van mense speel net so 'n belangrike rol as tekste, verhale, simbole, rites, waardes, teologiese verwagtings, ensovoorts. Vanuit 'n teologiese gesigspunt moet die praktiese teologie soek na die spore van die Heilige Gees in die hedendaagse werklikheid en daar moet ook rekening gehou word met die kritiese funksie van die Heilige Gees ten opsigte van onreg, onderdrukking, sonde en vervreemding (Dingemans 1996:103; vgl. ook Schippers 1990:181-211; Pieterse 1993:25-27).

Don Browning (1991) beskryf vyf belangrike dimensies van die praktiese rede naamlik: die dimensie van die visie; die

dimensie van verpligtinge; die dimensie van menslike strewes en behoeftes; die analise van die konteks; en konkrete reëls en rolle. Dingemans gebruik hierdie dimensies maar hy maak van 'n omgekeerde volgorde gebruik want vir hom gaan dit ten eerste om die behoeftes waarop die evangelie bevrydend inwerk. Daarom sê hy moet die ondersoek begin met die vrae: wat is die reëls en rolle in die huidige praxis? Wat is die sosiale konteks en wat is die kritiese refleksie op die verhouding tot die konteks? Oor watter mense en watter menslike behoeftes en belange gaan dit? Wat is die praktiese prinsipes agter die handelinge van mense? Watter doel moet eintlik gedien word? Wat is die normatiewe en narratiewe redes waarmee die handelinge van mense gevoed word? En wat is die Bybelse en teologiese oorwegings agter hierdie praxis? Hoe kan die praktiese rolle van mense en hulle behoeftes in verband gebring word met die bevrydende werking van die evangelie? (Dingemans 1996:103-104).

In die fase van die kritiese evaluering is die volgende vrae vir Dingemans belangrik: in hoeverre kan 'n mens in die gegewe praxis rekening hou met die sosiale wetenskappe met betrekking tot reëls en wetmatighede? Hoe funksioneer die etiek en hoe speel die lydende mens 'n deurslaggewende rol in die handeling? Hoe word die nood en behoeftes van mense vervul? Hoe kan daar vanuit 'n gegewe konteks beter geluister word na die tradisie en by name na die Skrif? Hier is die Christologie belangrik in die praktiese teologie (Dingemans 1996:104).

Menslike belange en behoeftes beskou Dingemans nie as "premoreel" nie, maar die vervulling daarvan is die doelstelling, waarop alle handelinge gerig behoort te wees. Die verborge en openbare handelinge van God staan van die grondlegging van die wêreld af tot aan die einde van die tyd gerig op die vervulling en voltooiing van die skepping. Die vrae, behoeftes, konflik en vervreemding van die mens se bestaan sal opgelos word in die koninkryk van geregtigheid (Dingemans 1996:105).

Wat nog moet bykom, is die "participerende" gemeentelede en veral

die mense met 'n probleem. Die stem van die lydendes, die hongeriges, armes, siekes, verminktes, onderdruktes, sondaars, ensovoorts moet teologies voorrang geniet. Want in die visioen van die koninkryk van God gaan dit juis om die herstel van die skepping, en oor die heil van die lydende mense (Dingemans 1996:105).

### 4.2.5. DIE VAK EN SY VELD.

Praktiese teologie is nie net 'n akademiese teologiese wetenskap nie, dit het ook 'n praktykvlak. Daar is 'n intensiewe interaksie tussen die akademiese beoefening van die praktiese teologie, die professionele werkers in die veld, en deelname aan kerklike aktiwiteite (Dingemans 1996:106). Dit is so dat kennis versamel moet word oor die kerklike en religieuse praxis en dat hierdie kennis getoets en geëvalueer moet word om metodes te ontwerp sodat die praxis verbeter kan word. Maar dit nie al waaroor dit gaan nie, in baie kerke en gemeentes het insig so gegroei en uitgebrei dat gemeentelede 'n eie ontwikkelingsgang begin toon oor hul geloofsake.

Baie gemeentelede is aktief betrokke binne die kerk as vrywilligers en lewer op talle terreine 'n bydrae. Hulle is dus nie-professionele opgeleide of nie-opgeleide medewerkers wat 'n belangrike rol vervul in die kerklike organisasie.

Daar is ook ampsdraers, ouderlinge en diakens wat sekere take verrig, asook opgeleide professionele leraars wat moet leiding neem. Die tyd is verby toe eenrigting verkeer toegepas is deur akademici, leraars en ampsdraers, en waar gemeentelede deur hulle voorgeskryf is hoe die kerk moet funksioneer. Daar bestaan 'n ingewikkelde verhouding tussen akademici, leraars, ampsdraers en gemeentelede, en elkeen se rol, taak en verantwoordelikheid moet erken word (Dingemans 1996:106-112).

Saam hiermee sê Dingemans (1996:113) is daar sprake van 'n dubbele kommunikasie: Die eerste is geloofskommunikasie en hier

gaan dit oor die persoonlike kommunikasie tussen God en mens. Dan is daar ook kommunikasie tussen mense onderling, dit noem hy pastorale kommunikasie. In hierdie skema is die gemeente die instrument tussen God en wêreld. Die gemeentelede vervul 'n belangrike rol om die evangelie in die samelewing te laat deursuur, en daarom het hulle 'n taak om saam te praat en besluite te neem oor sake wat die werksaamhede van die gemeente raak (Dingemans 1996:115). Om die praxis te verbeter sal die akademici, die leraars, ampsdraers en gemeentelede moet leer om saam te werk. Almal sal betrokke moet wees by praktykanalises, 'n gesamentlike teologiese visie, die bepaling van 'n beleid en opleiding (Dingemans 1996:116-122).

## 4.3. **'N PRAKTIES-TEOLOGIESE KORRELASIETEORIE.**

### 4.3.1. **BASISTEORIE.**

#### 4.3.1.1. **'N ALGEMENE BASISTEORIE.**

Dingemans het in sy boek 'De tijd van de verborgen God' (1990) drie dimensies aangedui waarbinne die praktiese teologie moet funksioneer.

Die eerste dimensie gaan oor die analise van die huidige kerklike of religieuse praktyk. Die tweede dimensie het te doen met die hermeneutiese gesprek met die tradisie en die bestudering van die praktyk en dat dit moet deurwerk as 'n geïmplimenteerde teologie. Die derde dimensie gaan oor die agogiese omgang met die gemeente en gemeentelede oor die toekomstige vormgewing en transformasie van die Christelike praxis (Dingemans 1996:127-129).

Hierdie drie het nou verander om te dien as 'n praktiese-teologiese basisteorie met die vorm van 'n algemene 'netwerk-teorie' of 'n 'korrelasieteorie', en dit steun op 'n breë (hermeneutiese) interpretasie-teorie en 'n (kritiese) korrelasie-teologie waarin die teologiese elemente verbind word met die

sosiaal-wetenskaplike elemente en waarin die praktykteorieë 'n algemeen-eksegetiese inpak kan kry (Dingemans 1996:129).

Dingemans (1996:131) is van mening dat 'n basisteorie nie net beperk kan word tot 'n algemene handelingsteorie nie. Hy sê dit gaan oor meer as net die handelinge van mense. Dit is ook belangrik om te weet, hoe en waarom handel mense soos wat hulle handel. Tradisies, die interpretasie van bronne, die hantering van die situasie, oortuigings, ensovoorts moet alles in berekening gebring word.

Opsommendergewys lyk die prakties-teologiese teorie van Dingemans (1996:139) soos volg: Dit bestaan uit drie hoof indelings naamlik 'n basisteorie, praktyk-teorieë en praxiologiese teorieë. Onder die basisteorie word die volgende gevind: 'n (hermeneutiese) interpretasieteorie (fundamenteel wetenskaplike korrelasieteorie), 'n (kritiese) korrelasieteorieteologie (fundamenteel teologiese teorie). Onder praktyk-teorieë kry ons kommunikasieteorieë, agogiese teorieë, leerteorieë, terapeutiese teorieë, pedagogiese teorieë, organisasieteorieë, retoriek en ideologiekritiek. Bybelse teologie, kerkgeskiedenis en dogmatiek. Onder praxiologiese teorieë sorteer die teorieë van akademici, vrywilligers en deelnemers uit die praktyk. Interaksie vind ook onderling plaas.

#### 4.3.1.2. <u>PRAKTYKVELDE AS INTERAKSIEVELDE.</u>

Dit gaan hier oor die funksies van die evangelie soos dit plaasvind in die kerk en in die samelewing, waarmee die praktiese teologie hom besig hou en waarop die praktyk-teorieë gerig is. In hierdie praktykvelde is daar 'n voortdurende spanningsverhouding tussen die evangelie of die Christelike tradisie aan die een kant en die kulturele en politieke situasie aan die anderkant. Daarom word daar nie gepraat van handelingsvelde nie, maar van interaksievelde. Daar is permanente interaksie en selfs spanning tussen die Christelike tradisie en die samelewing, die Christelike geloof en individue,

en die deurwerking van die evangelie in die kerk (Dingemans 1996:140-141).

Die hoofindeling van die interaksievelde in die praktiese teologie is: die situasie, samelewing, individue, kerk en die evangelie. Daar is ook subvelde binne hierdie verskillende interaksievelde wat relevant is in die interaksie tussen die Christendom en die samelewing. Hierdie subvelde behels die volgende:

- wêreldprobleme (vrede, geregtigheid, verhouding tussen arm en ryk, rassisme, nasionalisme, fundamentalisme, ensovoorts).
- politieke probleme (demokrasie teenoor diktatoriale bestuursvorme, die invloed van die burgers op die regering, ensovoorts).
- samelewingsopbou (integrasie van verskillende groepe in die samelewing, gelyke geleenthede vir almal, bekamping van misdaad, ensovoorts).
- kultuur in die algemeen;
- opvoeding;
- sport;

Die interaksieveld vir die betekenis van die geloof in die lewe van die individu het die volgende subvelde:

- die persoonlike ontwikkeling van mense;
- die beleweniswêreld (persoonlike oortuigings, Bybelstudie, meditasie, gebed, stilte); verhouding tot die gemeenskap.
- onderrig (opvoeding);
- wedersydse sorg en diens aan mekaar;

Die interaksieveld van die kerk as brug tussen die evangelie, mens en samelewing het die volgende subvelde:

- diens (diakonia) aan die samelewing (geregtigheid en barmhartigheid);
- wedersydse sorg (sowel as onderlinge pastoraat en professionele hulpverlening aan mense);

- onderrig (kategese);
- geloofskommunikasie in die erediens en tydens ander byeenkomste van die geloofsgemeenskap;
- geloofsbelewenis in die erediens en in kleiner kringe;
- opbou van die gemeente;
- getuienis en missie van die gemeente;
- beleidsformulering oor die prioriteite in die gemeente (Dingemans 1996:142).

#### 4.3.1.3. AKTIWITEITE BINNE DIE INTERAKSIEVELDE.

Binne die praktykvelde speel die aard van die interaksie ook 'n groot rol. Die volgende aktiwiteite word binne die interaksievelde onderskei (Dingemans 1996:147): die aktiwiteite is kommunikasie, leer, belewing, sorg, diens en ideologiekritiek.

Die velde is die samelewing, die enkeling en die kerk.

Kommunikasie in die samelewing het betrekking op die media en uitruiling. Oor die enkeling gaan dit oor besoek en oorleg. In die kerk gaan dit oor preek en gesprek.

Leer in die samelewing is toegespits op voorligting. Teenoor die enkeling gaan dit oor kategese en inligting. In die kerk speel die kategeseskool 'n belangrike rol.

Belewing in die samelewing is ingestel op die goeie wil ("goodwill"). Teenoor die enkeling word meditasie voorop gestel en in die kerk gaan dit oor liturgie en gebed.

Sorg in die samelewing probeer samewerking bewerkstellig. Teenoor die enkeling gaan dit oor omsien en in die kerk moet groepe gestig word om dit te doen.

Diens in die samelewing moet aandag gee aan geregtigheid, vrede en hulp. Hulp moet ook aan die enkeling verleen word en in die kerk moet diensbetoning voorop gestel word.

Ideologiekritiek in die samelewing moet 'n saak propageer. Die enkeling moet krities daarna kyk en die kerk oproep tot aksie (Dingemans 1996:147).

**4.3.1.4. <u>'N INHOUDELIKE BASISTEORIE.</u>**

Die inhoud van 'n algemene praktiese-teologiese basisteorie het twee fundamentele komponente. Die een is 'n algemene (hermeneutiese) interpretasieteorie (as 'n bestuuringsisteem vir die praktiese teologie) en parallel daaraan 'n (kritiese) korrelasieteologie ('n inhoudelike program vir die praktiese teologie). Vervolgens word daar nou om die beurt aandag gegee aan hierdie twee komponente.

1a. Interpretasieteorie.

\- Dingemans (1996:150) sê, elke hermeneutiese teorie begin met die beginsel dat daar geen 'Archimedische punt' bestaan waarvan die mens die wêreld objektief en onomstootlik kan verklaar nie.

1b. Korrelasieteologie.

\+ Dingemans verkies die term korrelasieteologie in plaas van kontekstuele teologie waarvan Cochrane, de Gruchy & Pietersen (1991) 'n voorstander is, omdat die woord 'korrelasie' op verskillende verhoudings kan wys (Dingemans 1996:149). Vir die teologie is daar ook geen vaste punt, waaruit die mens vanselfsprekend kan begin nie (Dingemans 1996:151).

2a. Interpretasieteorie.

\- Ons hoef egter nie in absolute twyfel te verval nie, want hermeneutiese teorieë gaan van die standpunt af uit dat subjek en objek ten nouste aan mekaar verbonde is. Hoewel die mens direk betrokke en selfs afhanklik is van die syn, kan daar ook afstand bewerkstellig word van die werklikheid. In hierdie betrokkenheid en afstand lê die moontlikheid om kennis te versamel. Die hermeneutiek beteken, om dit wat vreemd is, ons eie te maak (Dingemans 1996:152).

2b. Korrelasieteologie.

\+ Die uitgangspunt in die korrelasieteologie is dat dit oor

die verhouding tussen God en mens handel, soos dit beleef word in die geloof van mense binne die Christelike geloofsgemeenskap en soos dit gedokumenteerd is in die tekste van die Bybel en die tradisie. Geloof berus op die 'onmiddellikheid'. Die direkte ervaring soos dit beleef word binne die geloof- of leefgemeenskap. Die relasie of verhouding ontstaan op grond van die 'Wirkungsgeschichte' van die evangelie en deur kerke en gelowiges se interpretasies daarvan, soos dit deur die eeue te midde van wisselende kulture bly groei het. Geloof en geloofsekerheid ontstaan by die wisselwerking tussen die oorgelewerde tradisie en die huidige menslike ervaring (Dingemans 1996:153). Dit gaan dus om die pneumatologiese wisselwerking tussen God en mens (Dingemans 1996:155; vgl. ook Pieterse 1993:134 e.v.; Pieterse en Vos 1991:8-12).

3a. Interpretasieteorie.

- In die proses om kennis te verwerf is daar twee bewegings wat ten nouste aan mekaar verbind is. Eerstens is daar die weg van die 'syn' na die mens toe, met ander woorde die 'syn' openbaar homself, en tweedens is daar die weg van 'interaksie', waar die syn probeer verstaan word. Alle kennis lê tussen hierdie twee pole. Dié van betekenis ontvang en betekenis gee. Kennisverwerwing is 'n proses wat nooit ophou nie, dit verloop soos 'n spiraal. Absolute waarheid en absolute sekerheid word nooit bereik nie (Dingemans 1996:156).

3b. Korrelasieteologie.

\+ Die hart van alle teologie is die relasie, die wederkerigheid en wisselwerking tussen God en mens, en dit gaan oor openbaring en ervaring. Binne die verbond roep God die mens om sy weg te volg, en die mens antwoord op God se roepstem deur na hom te luister en hom te volg. Die sonde veroorsaak egter 'n versteuring, en daarom word die proses van sonde en genade, van menslike vervreemding en goddelike ontferming nooit afgesluit nie (Dingemans 1996:157).

4a. Interpretasieteorie.

- Ricoeur (Volgens Dingemans 1996:158) verbind betekenis

ontvang, en betekenis gee, met mekaar as die 'dialektiek' van verstaan en begryp.

4b. Korrelasieteologie.

\+ Teologie lê nie aan die basis van geloof nie, maar geloof lê aan die basis van die teologie. Eers geloof, dan (kritiese) nadenke. Teologie kan ontstaan binne geloofsgemeenskappe as 'n interne refleksie op dit wat geglo word, maar teologie vind ook plaas as 'n wetenskap van buite af. Teologie as besinning oor die geloof in Jesus Christus is vloeibaar (Dingemans 1996:159).

5a. Interpretasieteorie.

\- Die verbinding tussen die 'interpretator' en die 'interpretandum' en tussen verstaan en verklaar word gevorm deur 'n netwerk van die taal. Vir Gadamer, Habermas en Ricoeur is die taal die eindelike struktuur waarin die werklikheid ervaar en geïnterpreteer word (Dingemans 1996:160).

5b. Korrelasieteologie.

\+ Geloof word ook uitgedruk in taal. Die wonder van die Joodse en Christelike godsdiens is, dat God spreek. Die Bybel begin al met die skepping deur die spreke van God. In die Nuwe Testament het die Woord alles geword (Dingemans 1996:161).

6a. Interpretasieteorie.

\- Binne die proses van kennisverwerwing wat neergelê is in taal, is daar verskillende moontlikhede ingebou vir die toetsing van ons uitsprake of hipoteses (Dingemans 1996:162).

6b. Korrelasieteologie.

\+ Die verskillende interpretasies moet getoets word aan die hand van die Bybel, literêre en historiese ondersoeke, die eie tradisie van die interpretasiegemeenskap, die algemene nasionaliteitstruktuur van die kultuur en aan die relevansie van die praktyk (Dingemans 1996:163).

7a. Interpretasieteorie.

\- Die werklikheid is 'n netwerk, waarin feite en interpretasies in wisselwerking by mekaar betrokke is. Feite is slegs feite binne 'n bepaalde interpretasiekader. 'Paradigmata'

of interpretasiekaders ontstaan deur die interpretasie van feite. Die werklikheid kan beskou word as 'n teks, waarin die struktuur, die betekenis en die interpretasie van die leser nou met mekaar verweef is (Dingemans 1996:166).

7b. Korrelasieteologie.

\+ Geloof en die daarop gereflekteerde teologie berus op 'n bepaalde fundamentele interpretasie van die werklikheid. Die identiteitspunt van die Christelike geloof is die belydenis, die ontdekking, dat Jesus, die Messias, of die Christus is. Oor hierdie fundamentele interpretasie is alle Christene eens. Dit is die grond van die Christelike geloof, waarop alle ander interpretasies steun (Dingemans 1996:167).

8a. Interpretasieteorie.

\- Tekste bestaan uit sinne en daarom het hul baie keer, meer as een betekenis. Dit lok verskillende interpretasies uit en prikkel die kreatiwiteit van die lesers. So word nuwe moontlikhede geopen. Hermeneutiese interpretasieteorieë het die funksie om stukragte van tekste weer bloot te lê, te vertaal en toe te pas op die huidige situasie (Dingemans 1996:171-172).

8b. Korrelasieteologie.

\+ Die hart van die geskiedenis tussen God en mens is 'n geloofsrelasie, maar dit word gedurig versteur deur vervreemding, verwaarlosing, traagheid, frustrasies, angs, skuld, opstandigheid, ensovoorts. In die sentrum van die Christelike geloof staan die vergewing en versoening as herstel van die relasie tussen God en mens sentraal. Vergewing en versoening is geen statiese gegewenheid wat net eenmaal plaasgevind het nie. Dit is 'n permanente Goddelike beweging van liefde wat oor en oor gebeur (Dingemans 1996:173).

9a. Interpretasieteorie.

\- Binne die werklikheid moet ons tot 'n pluriformiteit van opvattinge kom. Verskillende opvattinge sal hul geldigheid moet bewys en kompromieë sal bereik moet word (Dingemans 1996:174).

9b. Korrelasieteologie.

\+ 'n Korrelasieteologie sal 'n pluriformiteit van opvattinge,

lewenswyses en individuele verskille moet akkommodeer. Eenheid is nie noodwendig eendersheid nie. Eenheid kan verskille bevat, al steun dit op die fundamentele verbondenheid met Christus. Hierdie geloofsrelasie is die grond van die Christelike kerk. Oor die betekenis en interpretasie daarvan kan gesprek gevoer word (Dingemans 1996:175).

10a. Interpretasieteorie.

- Die verstaan en interpretasieproses is nie die enigste middel om tot insig van die werklikheid te kom nie. Daar is ook etiese konsekwensies. Dit gaan ook oor die gelykwaardigheid van alle mense. Alle mense moet tot 'n sinvolle interpretasie van hulle bestaan kan kom. Dit gaan oor die outonomie en vryheid van alle mense, sodat die gemeenskaplikheid en solidariteit 'n fundamentele waarde kan verteenwoordig. Dit gaan om 'n menswaardige, vrye en geëmansipeerde samelewing, waarin alle mense gelykwaardig is, en in geregtigheid en vrede met mekaar kan lewe (Dingemans 1996:176).

10b. Korrelasieteologie.

\+ Alle mense en volke word deur God op 'n gelyke wyse aanvaar soos hulle is. Alle mense is afhanklik van God se genade. Dit is die prinsipiële uitgangspunt van die Christelike boodskap en dus ook die prinsipiële uitgangspunt van die Christelike praxis (Dingemans 1996:177).

Dit is in breë trekke die inhoud van die interpretasieteorie en die korrelasieteologie van Dingemans.

### 4.3.2. <u>INTERAKSIEVELDE</u>.

#### 4.3.2.1. <u>DIE BYDRAE VAN DIE CHRISTELIKE TRADISIE AAN DIE SAMELEWING</u>.

Dingemans (1996:183) begin die velde van die praktiese teologie met die terrein van die samelewing en vra watter rol kan die Christelike tradisie en die kerke daarin speel.

Volgens Dingemans het die huidige Westerse samelewing kortliks die volgende kenmerke:

- "Mondiale" karakter: Daar word in 'n 'global village' gelewe. Alle gebeurtenisse hang met alle gebeurtenisse oor die hele wêreld saam (Dingemans 1996:183-184).

- Pluriforme en multi-kulturele karakter: Daar word in 'n gelyktydigheid van ongelyktydige lewensvorme en opvattings gelewe. Mitologiese, moderne en postmoderne lewensienings kom in een straat en in een geloofsgemeenskap langs mekaar voor.

- Multi-religieuse karakter: Christene, Moslems, Hindoes, ongelowiges, ensovoorts ontmoet mekaar daagliks op straat, by die werk, op skool, ensovoorts.

- Gesekulariseerde karakter: Religie vervul geen amptelike rol in die staat of maatskappy nie, al is daar baie individue wat religieuse opvattings het.

- Pragmatiese karakter: Probleme word meer pragmaties en rasioneel opgelos as ideologies.

- Burokratiese karakter: Pragmatisme lei gewoonlik tot burokrasie. Alles word opgelos met 'maatregelen' (Dingemans 1996:184).

- Individualistiese karakter: Daar word in 'n gemeenskap gelewe waarin die tradisionele gemeenskapsverhoudings soos die familie, verenigingslewe, kerklike en politieke samehorigheid deur mobiliteit, migrasie, oorbevolking, ensovoorts besig is om te verbrokkel. Individue soek hulle eie weg deur die lewe, deur op of nie op, hierdie relasies te steun nie.

- Vryblywende karakter: Weens die snel wisseling in die Westerse samelewing wil mense hulle nie vas verbind op die lang termyn nie. Môre kan heel anders lyk as vandag (Dingemans

1996:185). Die kerk is direk betrokke by al hierdie kenmerke. Die gemeente kan natuurlik nie direk iets aan al hierdie wêreldprobleme doen nie, maar kan wel 'n platvorm skep vir gespreksmoontlikhede. Die klem moet verskuif van die sogenaamde 'profetische' met ander woorde om vir die owerheid en die volk die waarheid voor te hou, na diens van die onderlinge gemeenskap, deur leiding te gee aan die dialoog in die gemeente. Daar moet georganiseer word vir intensiewe kommunikasie tussen godsdiens en samelewing (Dingemans 1996:185-192).

Kerke het ook 'n opvoedingsfunksie. Kerke moet kan meepraat in breë samelewingsverband. Nie outoritêr of amptelik nie, maar meedenkend en meeluisterend op grond van Bybelse interpretasie, betrokkenheid en deskundigheid. Kerke verkondig aan die owerheid en samelewing nie van die Bybel na die realiteit toe nie, maar andersom. Oplossings moet gesoek word vir die nood en probleme van die realiteit, wat die toets van die kritiek van die Skrif kan deurstaan (Dingemans 1996:192). Argumente, oortuigingskrag, of geldigheidsaansprake is belangriker as magsuitsprake. Dit gaan dus nie om magsdenke nie maar oorredingskrag. Kerke praat ook nie meer deur amptelike vergaderings nie, maar deur kerklede. Binne die samelewing moet kerke interreligieuse gesprekke en interkulturele dialoog bevorder. Die vraag is nie meer hoe kan ons as Christene soveel as moontlik terreine verower nie, maar hoe kan ons gesamentlik, as Christene, Moslems, Hindoes, nie gelowiges, ensovoorts, sorg dat die wêreld leefbaar bly. Christus moet egter sorg dat die 'leefbare wêreld' na die Vrederyk van God verwys. Daarvoor is gesprek met ander godsdienste en kulture noodsaaklik (Dingemans 1996:192-194).

In die praktiese teologie is daar voortdurend 'n spanningsveld tussen die evangelie en die kultuur en politiek-sosiale wêreld. Enersyds moet daar 'n diens verrig word in die bestaande strukture en andersyds moet die evangelie krities die kultuur en samelewing toets en tot verantwoording roep (Dingemans 1996:194-195).

Nog 'n veld waarby die praktiese teologie betrokke is, is die diakonaat. Wêreldwyd moet die nood in die wêreld bestry word. Voorligting en opleiding aan helpers is 'n kerklike taak (Dingemans 1996:195-196). Al hierdie aspekte is ook van toepassing in 'n industriële konteks.

### 4.3.2.2. DIE BETEKENIS VAN GELOOF IN DIE LEWE VAN INDIVIDUELE MENSE.

Die klem op die individuele mens of die enkeling as persoon is 'n tipiese produk van die Westerse samelewing. Gemeenskap en individu kan nie maklik teenoor mekaar gestel word nie. Op baie maniere is die individu en die gemeenskap aan mekaar verbind. Die invloed van die gemeenskap op die individu is egter minder as vroeër. Individualisering neem in die huidige tyd meer die vorm aan van fragmentarisering (Dingemans 1996:197-199). 'n Individu leef nog in 'n gemeenskap maar het verskillende rolle om te vervul. Elke rol vra eintlik spesiale opleiding. Mense laat hulle ook nie maklik bind nie. Die individu sluit eerder korttermyn kontrakte as langtermyn. Ons lewe is "gerationaliseerd". Prioriteite moet gedurig bepaal word, alles moet georganiseerd wees, verantwoordelikheid moet aanvaar word. Meestal gaan dit oor agendas, begrotings en beplanning. In die proses word gevoelens en emosies onderdruk en heel dikwels lei dit tot negatiewe gedrag (Dingemans 1996:200-202).

Dingemans (1996:203) sê daar moet aandag gegee word aan die posisie van die 'lekentheologie' teenoor 'theologentheologie'. Nie net teoloë nie, maar ook gemeentelede probeer om insig te verkry oor God en formulerings te vind wat aanpas by die Christelike tradisie en wat van toepassing is op hulle persoonlike lewe. Die ou amptelike dogmatiese teologie wat agter die studeertafel geformuleer is en dan deurgegee is vir ander om daarvolgens op te tree is nie meer van toepassing nie.

Hierdie persoonlike teologiese spiritualiteit bring mense by 'religionskritiek'. Mense volg nie meer so maklik nie. Deur eie

lewenservaring, die televisie, en bekombare inligting maak dat individue baie alternatiewe het en dat hulle standpunte kan vergelyk (Dingemans 1996:204).

In die teologiese besinning moet daar ook iets gesê word oor die sonde. Die kwaad wat in elke mens is. Dit vervreem die individu van sy omgewing en van homself, want dit veroorsaak tweespalt tussen die goed georganiseerde rasionele lewe, waarvan die individu deel uitmaak en 'het beest in mij' wat meebring dat die individu liefhet en verafsku. Hierdie wêreld is nie alleen fragmentaries op weg na eenheid en heelheid in God nie, maar daar is ook soveel onbegryplike kwaad, soveel sinlose lyding, soveel angs, soveel vervreemding, en daar moet 'n oplossing vir al hierdie dinge gevind word (Dingemans 1996:205-206).

In die teologiese besinning oor die geloof van individuele mense, moet die woorde van versoening en vernuwing, van hoop en verwagting, van opstanding en inspirasie, van wysheid en singewing weerklink. Dit is die hartklop van die Christelike geloof. God tree die individu in opperste solidariteit tegemoet om die verhouding tussen ons en Hom te herstel (Dingemans 1996:206).

In die kader van 'n beleid vir die toekoms moet oor die aard van geloofsgemeenskappe in die lewe van moderne gelowiges gedink word. Daar is minstens drie vorme van gemeenskap waaraan die moderne gelowige 'n behoefte het.

Die eerste is leergemeenskappe. Groepe, leerskole, kursusse, ensovoorts, is belangrik sodat mense gesamentlik tot leerervaring kan kom op grond van die Christelike tradisie in konteks met die moderne lewe.

Die tweede is ervaringsgemeenskappe. Dit is waar mense hulle ervaring kan deel met ander en waar hulle bemoedig en gehelp kan word in hulle daaglikse stryd teen die lewe. Gespreksgroepe kan

georganiseer word waar mense hulle ondervindings met mekaar kan kommunikeer.

Die derde is belewingsgemeenskappe. Dit is waar die teenwoordigheid van die Here beleef kan word in gesamentlike stilte, liturgiese vieringe of meditasie, sang, gebed, Bybellees, ensovoorts, (Dingemans 1996:207-208; vgl. ook Vos 1996a:295-296).

Pastoraat, vormingswerk, kategese en individuele sorg sal in die toekoms sterk moet aansluit by individuele vrae, behoeftes en probleme van mense.

Pastoraat is nie meer die verkondiging van die Woord van God aan enkelinge nie, maar eerder die gesamentlike soeke na 'n identiteit en dit verbind aan die Bybelse tradisie, Bybelse verhale en dié Bybelse boodskap (Dingemans 1996:208-209).

Kategese is nie meer die uitleg van die Bybelse tradisie en die geloofsleer van die kerk aan jong mense nie, maar eerder kursusse vir alle ouderdomme waar kennis oorgedra word oor geloof en die Christelike tradisie (Dingemans 1996:209; vgl. ook Dingemans 1986).

Die prediking is ook nie meer die verkondiging of proklamasie van die evangelie in die erediens nie, maar 'n gesamentlike soeke na antwoorde en vrae van mense in verhaalvorm (Dingemans 1996:209; vgl. ook Lange 1982).

In die kerk van die toekoms sal die individu meer sorg en aandag moet kry. Kort kursusse, gespreksgroepe, eredienste, die instelling van spreekure en opleiding van vrywillige gespreksvoerders sal meer aan die orde moet kom (Dingemans 1996:210).

#### 4.3.2.3. DIE KERK AS BRUG TUSSEN EVANGELIE, MENS EN SAMELEWING.

Die afgelope twintig jaar het die invloed van die kerk in Europa

sterk afgeneem. Deur individualisering en pluriformigheid binne die samelewing het mense minder 'n behoefte aan institute wat 'n bepaalde geloof of lewenshouding voorskryf (Dingemans 1996:211).

As 'n basis vir 'n ekklesiologiese ontwerp, gebruik Dingemans die bydraes wat van der Ven (113:39-77) gelewer het op dié gebied. Van der Ven (1993:39) sien die kerk as 'n vereniging. Die teologiese betekenis van hierdie vereniging is die 'gemeenskap van die gelowiges'. Die funksie van die kerk omskryf hy in terme van religieuse kommunikasie (Van der Ven 1993:52). Ander kernfunksies is identiteit, integrasie, beleid en beheer (Dingemans 1996:214).

Ekklesiologies, waar dit gaan oor die funksionering van die kerk sien Dingemans (1996:225) die kerk as die brug tussen die evangelie enersyds en die mens en samelewing andersyds. Die kerk staan elke dag op die kruispunt tussen tradisie en situasie. Dit beteken dat die kerk 'n spesiale instituut is, wat voortdurend soek na weë om die brug tussen God en mens begaanbaar te maak. Om dit reg te kry is daar vier prakties-teologiese brandpunte van die gemeentelewe wat belangrik is.

Die eerste is, dat dit altyd gaan om kommunikasie. Die hart van die geloofsgemeenskap is kommunikasie. Kommunikasie met God, kommunikasie tussen die lede onderling, waar die ampsdraers 'n spesiale rol vervul en kommunikasie met die samelewing waarbinne die mense leef (Dingemans 1996:225).

Die tweede is dat dit voortdurend moet gaan oor aktiwiteite wat toegespits is op sorg en diens.

Die derde is die belewing van gemeenskap en onderlinge steun.

Die vierde is, dat dit gaan oor leer, individueel en gesamentlik. Leer is 'n lewenslange proses wat soek na oriëntasie en singewing, binne-in die konkrete werklikheid van elke dag. 'Leraren', wil saam met die'leerlingen' iets leer van God en die

werklikheid (Dingemans 1996:226-228).

Hierdie vier punte van die gemeentelewe kan nie van mekaar geskei word nie. Hulle hoort bymekaar. By al vier handel dit om die verhouding tussen die omgang met God en die sorg vir mense (Dingemans 1996:228). In 'n industriële gemeenskap waar mense werklik 'n tydsprobleem het as gevolg van lang werksure, skofwerk, bystandsdiens, ensovoorts, vra hierdie vier brandpunte spesiale aandag, anders ly die werksaamhede van die gemeente skade.

Vervolgens word daar gekyk na Dingemans se homiletiese teorie.

## B. <u>HOMILETIESE TEORIE.</u>

### 4.4. <u>INLEIDING</u>.

In sy boek "Als hoorder onder de hoorders" staan die preek sentraal en dit handel veral oor wat 'n preek eintlik is, wat deur die preek bereik wil word, en hoe 'n preek voorberei moet word. Sy uitgangspunt is egter gerig op die hoorders. Dié hoorders wat Sondae die erediens bywoon, en wat ingestel is op 'n ontmoeting met God, sodat hulle rigting in hulle lewe kan vind.

#### 4.4.1. <u>MENSE SOEK NA GOD.</u>

Dingemans is van mening dat mense iets in die kerk 'soek'. Hulle kom kerk toe vir 'n bepaalde rede en hulle wil een of ander behoefte bevredig. Hulle soek gemeenskap en bemoediging, of rigting vir hulle lewe, of 'n inspirerende visie en grond waaraan hulle kan vashou. Dit kan egter ook kritiek wees, of miskien bevryding uit 'n situasie waarteen hulle hul vasgeloop het. In die liturgiese vormgewing van die erediens staan die ontmoeting met God sentraal en die preek speel 'n beslissende rol in hierdie ontmoeting (Dingemans 1991:11).

### 4.4.2. DIE HOORDERS IS DIE UITGANGSPUNT.

Die preek staan sentraal, maar die uitgangspunt van Dingemans is nie dat dit die prediker is nie, maar die hoorders waarby begin moet word. Daar moet by hulle begin word in die soeke na die sin en die betekenis van die preek. Hierdie benadering is deurslaggewend vir 'n teorie oor prediking in 'n industriële situasie.

Voor 1970 het dit uitsluitlik gegaan oor tekste, skrywers, preke en predikers, maar nou kom die lesers en hoorders ook in die belangstellingsveld. Wolfgang Iser en Hans Jauss het met hulle 'resepsieteorie' die aandag hierop gevestig, asook Schleiermacher, Gadamer en Ricoeur. Die lesers en die hoorders word deel van die interpretasie van die werklikheid. Die hoorder as aktiewe luisteraar en as gespreksgenoot word ernstig geneem veral deur Hans-Dieter Bastian en Ernst Lange. In die homiletiek sal die rol van die kerkgangers as mondige hoorders meer aandag moet kry (Dingemans 1991:13).

### 4.4.3. DIE HOORDERS LUISTER SELEKTIEF.

Kerkgangers luister na preke met 'n sekere verwagting. Hulle soek veral na geborgenheid, 'n anker waarop hulle hul lewe kan vestig. Hulle soek ook na bevryding, na 'n nuwe begin, of na verandering. Mense word van jongsaf geleer om keuses te maak in die lewe. In die prediking gebeur dit ook, en hulle neem net dele van die preek op in hul beperkte konsentrasievermoë. Mense luister selektief en neem net dit op wat hulle in hulle lewe kan gebruik (Dingemans 1991:14).

### 4.4.4. DIE PREDIKANT AS HOORDER ONDER DIE HOORDERS.

Die vraag waarom dit gaan is: "hoe kunnen predikanten mensen, die in de kerk gekomen zijn om God te ontmoeten en een inspirerende en bevrijdende visie voor hun leven te krijgen, verder helpen door middel van hun preek?" (Dingemans 1991:14). Die prediker

is in die preekmaakproses 'n hoorder saam met die gemeentelede as hoorders van die teks, wat hy of sy aan die gemeente uitlê.

Die prediker word gesien "als hoorder onder de hoorders". Hy of sy is die "primus inter pares". Die prediker hoor die woorde van die Skrif, op presies dieselfde wyse as die mense wat Sondag kerk toe kom, naamlik as mens, as gelowige, as sondaar en as soeker (Dingemans 1991: 14).

### 4.4.5. 'N HERMENEUTIESE HOMILETIEK.

Dingemans werk vanuit 'n hermeneutiese invalshoek met die homiletiek, want dit gaan uit van die spanningsveld tussen die hoorders en die teks. Die hoorders word ook in die uitleggingsproses betrek, omdat dit in die prediking ten diepste handel om die hoorder in kontak met God te bring (Dingemans 1991:15-16). Ook hierdie hermeneutiese impak is deurslaggewend vir prediking in 'n industriële konteks.

## 4.5. AGTERGROND EN UITGANGSPUNTE.
(Fundamentele homiletiek)

### 4.5.1. WAAROM MOET DAAR GEPREEK WORD?

Besware wat teen die preek genoem word, is dat dit onder andere uit die tyd is. Die preek as medium van verkondiging behoort tot die geskiedenis. Inligting word vandag oorgedra deur boeke, nuusblaaie, die radio en televisie. Daarom moet daar eerder meer gebruik gemaak word van die massamedia, moderne leer- en oordragmetodes soos kursusse, gesprekke en boekbesprekings (vgl. Vos 1996:2).

Verder is die preek 'n duidelike vorm van eenrigtingverkeer, terwyl ons in die tyd van die dialoog lewe. Daarom is dit 'n verouderde kommunikasiemiddel.

Nog 'n beswaar is dat die effek van die preek uiters gering is.

Min mense kan 'n preek volledig oorvertel. Navorsing het getoon dat die meeste mense maar enkele beelde en gedagtes uit 'n preek kan aanhaal (Dingemans 1991:22).

Vir godsdienstige vorming bly prediking 'n unieke kommunikasiemiddel. Dit is egter nie die enigste media in die geloofslewe van die mens nie en naas dit kan daar ook van meer moderne media gebruik gemaak word. Die preek is 'n onderdeel van die erediens wat gerig is op die opbou van die gemeente en as sulks is dit nie die enigste vorm van omgang met die evangelie nie. Dat dit meer dialogies moet word is wel waar en oor wat die effek van 'n preek moet wees, moet nog verder oor nagedink word (Dingemans 1991:22-24).

Mense wil vandag nie meer onvoorwaardelik die gesag van die kerk en sy ampsdraers aanvaar nie. As prediking uitleg van die Skrif is, sal kerke die plek van die Bybel in hulle geloofslewens moet deurdink. Die Bybel moet volgens Dingemans (1991:26) die bron van die prediking bly, maar in die hermeneutiese benadering moet die verlede en die hede nie teen mekaar afgespeel word nie. Die Bybel moet in terme van die hermeneutiese sirkel benader word, asook deur 'n proses van interpretasie. Die relevansie en normerende invloed van die ou tekste moet telkens opnuut weer ontdek word (Dingemans 1991:24-27).

Preke behoort te gaan oor menslike ervaring. Lewenservaring, menslike ervaring met hul medemens en menslike ervaring met God. In die preek gaan dit oor vreugde en verdriet as menslike gevoelens, maar ook oor angs en twyfel, suksesvolle aksies en mislukte pogings. Dit gaan oor haat en liefde, wrok en vergewing, pyn en die dood. Die eintlike vraag is nie of die preek 'n goeie kommunikasievorm is nie, maar of predikers iets te sê het, sodat die hoorders vanuit hulle gevoelens en belewenisse iets relevants oor hulle lewe ervaar (Dingemans 1991:28).

God moet in die preek herkenbaar gemaak word. Preke is nie

vertoës oor God nie, maar getuienisse van mense wat ervarings met God gehad het. Preke moet gewortel wees in geloofservaringe. God kan alleen indirek ter sprake gebring word, maar dan moet dit tog duidelik blyk dat God vir die prediker 'n werklikheid is.

Die preek moet 'n persoonlike ontmoeting wees tussen die prediker en God, tussen die predikant en gemeentelede en tussen die gemeentelede en God. Die preek is eintlik 'n unieke religieuse kommunikasiemiddel (Dingemans 1991:29).

## 4.6. TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE VIR 'N HOMILETIESE TEORIE.

### 4.6.1. DIE BRON VAN DIE PREDIKING.

Die Bybel is die bron van die Christelike geloof en ook van die prediking. Wanneer die standpunt gehuldig word dat alles wat die mens van God kan weet in die Bybel afgesluit is, met die kanonvorming, is die Bybel die enigste bron en die norm vir die prediking. Maar daar kan ook gesê word dat daar 'n voortgaande openbaring in die tradisie en in die harte van die mense van die kerk is. Saam met die Bybel word die geloofsgemeenskap dus bron vir die prediking (vgl. ook Vos 1995:66).

Binne die Roomse Kerk word na die tweede Vatikaanse konsilie net van die aktuele gedeeltes in die Bybel gebruik gemaak as bron van die prediking. Die Gereformeerdes het probeer om tot 'n nuwe visie te kom. Prediking word verstaan as die verkondiging van die groot dade van God soos dit in die Bybel aangetref word. Preek is 'n toespraak wat die kommunikasie en interaksie tussen God en mens aan die gang hou of bring (Dingemans 1991:30-33).

### 4.6.2. DIE PREEK AS DERDE GESTALTE VAN DIE WOORD OF AS WISSELWERKING VAN DIE GEES MET ONS GEES.

Aan die hand van Barth word Christus gesien as die eerste gestalte van die Woord, die Skrif as die tweede gestalte en die prediking dan as die derde gestalte. Christus as die suiwerste

gestalte is dan die bron en die norm van die geloof. Die Skrif is Goddelike Woorde wat oorgegiet is in mensewoorde deur die Gees. Prediking daarenteen is 'n onmoontlike moontlikheid. Dit is afgeleide woorde wat uitgegaan het van die primêre Woord.

Daar is dan 'n wisselwerking tussen die werking van die Gees en die hoorders (Dingemans 1991:34-36).

### 4.6.3. VERSKILLENDE WYSES VAN PREEK.

In die homiletiese literatuur word daar gewoonlik onderskei tussen verskillende teologiese wyses of vorme van preke. Dit impliseer egter nie dat daar 'n absolute onderskeiding tussen hierdie vorme is nie. Dingemans bespreek vier wyses naamlik 'kerugma' of verkondiging, 'didache' of uitleg, 'marturion' of getuienis en 'homilia' of interaksie.

Met die preek as 'kerugma' of verkondiging word bedoel dat die oordra van 'n boodskap uit die verlede op verstaanbare wyse moet geskied. Die verhouding van die prediker tot die gemeentelede is asimmetries want die rol van die predikant is die van 'n 'herout' (boodskapper) of 'n tolk. Dit is eenrigting verkeer want die prediker staan 'bo' die gemeente as die boodskapper. Menslike verkondiging van die Woord word nou deur die werking van God, Woord van God.

Met die preek as 'didache' of uitleg word daar gedink aan die leerpreek of kategismusdiens en dit handel oor die onderrig van die gemeente. In sodanige prediking word gepoog om 'n teks of kerkleer so saaklik as moontlik uit te lê, sonder om te veel klem op verkondiging of die toepassing daarvan te plaas.

Met die preek as 'marturion' of getuienis is die prediker 'n getuie van sy of haar geloof en dit word oorgedra aan die hoorders. Die prediker tree op as hoorder wat die evangelie gehoor het en dit nagevolg het.

Met die preek as 'homilia' of ontmoeting vind ons die eerste model wat nie eenrigting verkeer is nie en wat meer dialogies van aard is. In die Grieks beteken die woord 'homilia' omgang of gesprek en in die preek gaan dit dan om die ontmoeting met God wat in en deur die Bybelfigure tot ons spreek. Die luisteraar speel 'n aktiewe rol en soek self uit wat in sy of haar eie lewe geïnkorporeer gaan word. Die erediens word 'n ontmoetingsplek en die preek word 'n handelingsveld waar mense luisterende en sprekende probeer om tot verstaan te kom (Dingemans 1991:37-43).

### 4.6.4. <u>DIE PREEK IN DIE EREDIENS.</u>

Die kerkdiens op Sondae is 'n unieke gestalte van die Christelike lewe waarin die liturgiese ontmoeting met die Here en met mekaar sentraal staan. Dit is 'n heen-en-weer aksie tussen die woorde en dade van God en die woorde en dade van die mense. Die hele erediens moet 'n ontmoetingsgebeure tussen God en mens wees. Direkte en indirekte ontmoetingsmomente moet mekaar gedurig afwissel. Die hoorders kan teenstand bied en dan word die preek 'n worsteling tussen die hoorders en die saak van die Bybel en dus met God self. Stilte is in hierdie proses 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel (Dingemans 1991:43-44).

### 4.6.5. <u>DIE PREDIKANT AS HOMILEET.</u>

As 'n mens die preek benader as 'n homilie, moet die prediker ruimte skep vir 'n eksistensiële ontmoeting tussen God en mens. Die identifikasiefigure in die teks moet lewend gemaak word vir die gemeente sodat hulle met die karakters in die Bybel kan identifiseer. Die prediker tree dus as bemiddelaar op. Die prediker help die gemeente om met die Bybelse figure te identifiseer en so leer hulle iets vir hulle eie lewens. Die prediker is dienaar van Christus en van die gemeente en deur sy of haar kundigheid met eksegese en teologiese opleiding word hy of sy meer preekbevoeg, as 'n gemeentelid wat geen opleiding ontvang het nie, om die homileet te wees (Dingemans 1991:45-47).

### 4.6.6. DIE PREEK AS INTERAKSIE OF ONTMOETING.

Die preek moet mense laat dink en nadink en die verbinding tussen die hoorders en die teks loop gewoonlik deur identifikasiefigure en brugwoorde. "Begrippen en symbolen waarin traditie en situatie samenkomen en door beelden, associaties, tekstbewegingen, geschiedenissen en gelijkenissen, die tekst en situasie kunnen verbinden" (Dingemans 1991:48). Daar moet 'n ontmoeting plaasvind in die preek tussen die gelowiges en God en daar moet onthou word dat kerkgangers nie in die eerste plek kerk toe kom om iets te leer nie, maar om hulle gevoelens, vrese en vreugdes tot uitdrukking te bring en dit met ander te deel. Hierdie beskouing van die preek as ontmoetingsplek vra om 'n kommunikasieteorie wat die hoorder as kreatiewe luisteraar opneem in die kommunikasieproses. Die prediker is in die preek nie primêr as verkondiger teenwoordig nie, maar as bemiddelaar (Dingemans 1991:48-49).

Dingemans (1991:50) se voorlopige teologiese homiletiese teorie kan soos volg geformuleer word: Die preek is die element van die erediens waarin die prediker as 'hoorder onder die hoorders' deur middel van uitleg, dramatisering en toepassing van die Skrif in sy velerlei gestaltes en beweginge, aan die kerkgangers hulp probeer verleen in hulle eie kommunikasie met die Bybel en die evangelie en hulle kommunikasie met God self (Dingemans 1991:50)

## 4.7. MET DIE OOG OP DIE HOORDERS.

### 4.7.1. TIPOLOGIE VAN DIE HOORDERS.

Kerkgangers word veral geken in hulle diversiteit. 'n Erediens bestaan uit 'n groot verskeidenheid van mense. Mans, vroue, bejaardes, kinders, armes, rykes, goed opgeleide mense, ongeskooldes, leiers, ondergeskiktes ensovoorts. Op grond hiervan is dit onmoontlik om al die mense in die erediens met 'n preek aan te spreek. Dit kan alleen gebeur in persoonlike kontak en pastoraat waar mens tot mens in 'n persoonlike gesprek tree.

Predikers kan egter deur pluriformiteit in verskillende preke hulle tot verskillende groepe en verskillende gemeentelede rig. Dit is ook moontlik om in een preek meer as een groep te bereik (Dingemans 1991:52).

Mense woon 'n erediens by met 'n bepaalde verwagting. Hulle wil graag iets hoor wat hulle van toepassing kan maak in hulle lewens, en daarom luister hulle selektief. Dit wat hulle nie van toepassing kan maak nie, word gou vergeet. Vir sinvolle prediking is dit belangrik om te weet dat die ontwikkelingspsigologie insig gee in die proses van menslike ontwikkeling en singewing. Die prediker moet daarmee rekening hou dat die gemeentelede in verskillende ontwikkelingsfases is. Elke mens het ook 'n eie lewensverhaal en soek ook altyd na 'n sekere mate van ewewig in hulle denke en in hulle emosies. Dingemans (1991:51) is van mening dat 'n homiletiek wat sy vertrekpunt in die hoorder het, nie 'n 'analise' van die hoorder wat Sondae kerk toe kom om die evangelie te hoor, kan ontbeer nie. Wanneer Dingemans die term 'hoorder' gebruik, gee hy duidelik te kenne dat die begrip nie op 'n passiewe aanwesigheid tydens die erediens dui nie, maar dat die hoorder 'n aktiewe rol in die diens speel (Vos 1996:199-200).

Die ontwikkeling van mense kan ook benader word vanuit die fenomeen van die taal. Die mees integrerende deel van die taal is dat verhale gemaak kan word. Verhale uit taal gee identiteit aan mense. Taal funksioneer as instrument om die buitewêreld te verstaan en om die individu se eie gedagtes te orden. Elke mens het 'n verhaal en elke mens vertel verhale. Die prediking kan hulp verleen omdat preke ook verhale vertolk. Die predikant moet weet dat voor hom of haar mense sit wat besig is om 'n verhaal te maak en hiervoor aansluitings soek in die preek. Alle mense in die erediens het ook 'n eie geskiedenis met God (Dingemans 1991:57-58).

## 4.7.2. TEOLOGIESE VISIE OP DIE HOORDERS.

### 4.7.2.1. STANDPUNTE VAN VERSKILLENDE TEOLOË OOR DIE HOORDERS.

In die klassieke Gereformeerde teologie word die hoorders gesien as sondaars wat deur Christus verlos moet word en dit vorm hulle tot 'n homogene groep.

Barth sien die mens as een wat gered moet word. Die prediking moet dit aan die hoorders deurgee sodat hulle kan besef dat hulle begenadigde sondaars is.

Bohren beskou die hoorders as meer as die som van 'n versameling mense wat psigologies aangespreek moet word. Hulle is die gemeentelede, "mensen die in de straling staan van Gods Geest" (Dingemans 1991:60).

Mildenberger wil die hoorder vanuit God se tyd benader, waarin die mens se tyd opgeneem word in God se tyd.

Vir Lange staan die preek in 'n homiletiese situasie en dit is 'n noodsituasie. Die hoorder eis sy tema, en die preek is 'n gesprek met die hoorder wat inhoudelik aangewys is op die oorlewering van die Skrif.

Van der Geest sien die kerkgangers as mense op soek na Godsvertroue, bevryding en insig. Hulle vewagtings word deur die evangelie self geskep, en die vernuwing van die mens moet in die verband van die Verbond gesien word (Dingemans 1991:58-63).

### 4.7.2.2. DIE AMBIVALENSIE VAN DIE HOORDERS AS TEOLOGIESE UITGANGSPUNT.

Daar is verskillende momente wat onderskei kan word: Die hoorders sit in die kerk in 'n ambivalente situasie. Hulle is angstig en hoopvol, skuldig en tog vergewe, moeg vir die Woord maar ook hoopvol vir nuwe inligting uit die Woord. Die hoorders is ook

op weg in 'n proses. Hulle staan nie stil nie. Met val en opstaan doen hulle ervaring van genade en van liefde en van hoop op in die kerk. Die hoorders is in die middel van 'n proses en besig met hulle eie geskiedenis met God.

Die hoorders lewe tussen 'eina en amen'. Hulle sit in die kerk met hulle pyn, skuld en angs. Maar ook met hulle hoop, drome en verwagtinge (Dingemans 1991:64). Eintlik is hulle met die 'eina en amen' op pad. Mense leef op die breuklyn van die geskiedenis. In hierdie opweg wees is daar nog die sugte en luste van die ou mens (sarks), maar ook die sugte en vernuwing van die Gees (Romeine 8;12:1-2). Daar is sprake van verwagtinge en behoeftes in die opweg wees. Om Christen te wees, beteken om met die hoop gevul te wees, maar om nog op die aarde te leef (Vos 1996:208).

Die hoorders moet pneumatologies beskou word en dus gesien word as onder die werking van die Gees. Die erediens is ook die plek waar Gees en vlees, die mens se verlangens en God se koninkryk mekaar ontmoet. God en mens ontmoet mekaar deur die kommunikasie van die prediking en soms gaan dit met troos en vreugde gepaard en soms met wrywing (Dingemans 1991:64-65).

## 4.8. TUSSEN TEKS EN PREEK (HOMILETIESE HERMENEUTIEK)

### 4.8.1. HERMENEUTIESE AGTERGRONDE.

#### 4.8.1.1. DIE KLASSIEKE HERMENEUTIEK.

Die klassieke hermeneutiek of die leer van die verstaan, was altyd belangrik as daar gedink word in terme van die metode van teksverklaring. Die vraag is, hoe kan 'n mens die betekenis van die ou teks vasstel? Die reël was dat die teks se geheel uit die dele en die dele uit die geheel verklaar moes word. Die betekenis van die teks word getoets aan die betekenis van die samestellende dele.

### 4.8.1.2. VERSKILLENDE BENADERINGSVLAKKE.

Die teks kan op verskillende wyses benader word. Die teks kan letterlik gelees word of simbolies of allegories bekyk word om die diepere betekenis daarvan te verstaan. Daar kan ook gesê word, die teks kan op verskillende vlakke betree word. Daar is die letterlike betekenis, die morele betekenis en die geestelike betekenis (Dingemans:1991:69-70).

### 4.8.1.3. MODERNE ONTWIKKELINGS.

In die Reformasie het die klem op die historiese benadering en filologie geval. Die groot hermeneutiese vraag wat gaandeweg ontstaan het was: Hoe kan mense van die moderne tyd tekste uit die verlede na hulle diepste betekenis verstaan? J.G. Herder formuleer die beginsel dat die uitlegger hom of haar moet inleef in die gesteldheid van die skrywer van die teks. Schleiermacher kom met 'n nuwe hermeneutiek waarby die uitlegger as subjek van die teks 'n bepalende invloed het op die verstaan van die teks. Die teks moet iets aan die leser doen en hom of haar verander (Dingemans 1991:70-72).

### 4.8.1.4. DIE NUWE HERMENEUTIESE TRADISIE.

Deur die invloed van Dilthey word die hermeneutiek 'n universele filosofies-historiese wetenskap. Dit gaan nie meer oor die uitlegreëls van die ou teks nie, maar dit gaan nou oor die uitlegging van die menslike bestaan as sodanig. Daar word nou gepoog om die betekenis van tekste so objektief as moontlik vas te stel deur skrif met skrif te vergelyk, woordbetekenis, afleidings en deeglike historiese ondersoeke.

Gadamer, onder invloed van Heidegger, werk met mense wat verstaan omdat hulle be-staan. Alle mense kom eers tot 'n voorverstaan in verhouding tot die wêreld in 'n verstaansirkel. Mense interpreteer die wêreld in woorde, taal, verhale en simbole (Dingemans 1991:72-74).

### 4.8.1.5. 'N HERMENEUTIESE MODEL GEBASEER OP GADAMER EN RICOEUR.

Elke mens het 'n vooroordeel of mening wat berus op onmiddellike indrukke wat nog getoets moet word. Deur middel van interpretasiesirkels en verifikasiesirkels word die subjektiewe mening meer objektief. Ou tekste het 'n interpretasiegeskiedenis met diepgaande invloed op ons kultuur en denke. Ou tekste word dus met 'n sekere verwagting gelees. Elke kultuur en tyd moet die Bybel op 'n eie wyse lees en verstaan. Die skrywers van die verlede moet ontmoet word in die saak waaroor dit vir hulle en vir ons gaan. Volgens die teorie van horisonversmelting is die verstaansmoontlikheid, die saak waaroor dit gaan. Die horisonne van die verlede en die hede moet saamvloei. In die belewing van 'n teks is daar dan tegelyk herkenning en vervreemding, nabyheid en afstand. Die gesprek of dialoog is 'n belangrike middel om tot verstaan te kom. En taal is die belangrikste kommunikasiemedium. Al ons uitinge, kennis en wetenskap is 'n interpretasie van die werklikheid in taal (Dingemans 1991:74-83).

### 4.8.1.6. DIE BETROUBAARHEID VAN MENSLIKE KENNIS EN KOMMUNIKASIE.

Verstaan is 'n ontmoeting met iets wat hom as waarheid wil laat geld. "Omdat we in een waarheidsgebeuren zijn opgenomen kunnen we er ook deel aan krijgen, ook al kunnen we de waarheid niet "objektief" te "pakken krijgen" (Dingemans 1991:83). Gadamer en Ricoeur gaan uit van die betroubaarheid van die teks en die eerlike intensies van die skrywers (Dingemans 1991:83).

## 4.9. PARADIGMATIESE TEKSBENADERINGS.

### 4.9.1. 'N DUBBELE BEWEGING.

Dit gaan veral oor die betekenis, inhoud of boodskap van die teks, asook die invloed en krag wat die teks op die hoorders van vandag het. Die Bybelse teologie van 'n teks moet ondersoek word en die volgende vrae moet dan gevra word: Wat het die hoorders van die verlede gehoor? Hoekom het die hoorders van die hede nog

'n belangstelling in die teks? Die invloed van die teks op die hoorders van die hede moet dus ondersoek word.

### 4.9.2. **INTERPRETASIEMODELLE OF PARADIGMATA.**

Die boodskap van die evangelie het in verskillende tye op verskillende wyses na mense toe gekom, en daarom is dit op verskillende wyses geïnterpreteer en saamgevat. Dit het gebeur omdat mense vanuit verskillende situasies en kontekste na die evangelie geluister het. Ons kan dus sê dat die evangelie so baie kante en fasette het dat verskillende tye en kulture verskillende aandagspunte daarop gehad het. 'n Hele aantal interpretasie modelle is gebruik om die evangelie meer verstaanbaar vir die hoorders te maak. Vervolgens word 'n paar belangrike paradigmatiese modelle bespreek.

#### 4.9.2.1. **DIE KLASSIEKE INTERPRETASIEMODELLE.**

Verskillende Bybelse woorde het al vroeg in die kerkgeskiedenis gefunksioneer as brugwoorde of sleutelwoorde. Met hierdie brugwoorde is geprobeer om die evangelie saam te vat, en om die sentrale momente in die Bybel aan te dui. Woorde soos geloof, hoop, liefde, verlossing, sondevergifnis en so meer is bekende voorbeelde. In die eerste eeue is die Bybel gelees in terme van die begrip onsterflikheid in die ooste en in die weste het die begrippe natuur en genade weer die toneel oorheers. Die regverdiging van die goddelose en die regverdiging deur die geloof alleen was die hermeneutiese sleutels van die Reformasie. Die Gereformeerde tradisie werk met die driedeling van die Heidelbergse Kategismus, naamlik sonde, verlossing en dankbaarheid. Christus as die middelpunt en Heer van die kerk het ook die prediking sterk beïnvloed (Dingemans 1991:86-88).

#### 4.9.2.2. **MODERNE PARADIGMATA.**

Elke tyd soek sy eie sleutelwoorde om tot die hart van die Bybelse boodskap deur te dring. Onder die invloed van die

sosialisme en die liberalisme het die Christelike geloof in die vorige eeu 'n rooskleurige toekoms aan mense voorgehou en het prediking 'n opvoedkundige inslag gehad. Die mens van die twintigste eeu vra angsvrae oor sy of haar bestaan en daarom bevredig die optimistiese paradigmata nie meer nie. Dingemans (1991:90) vra dan die vraag: "Kunnen we weer zo leren preken, dat we aansluiten bij en ingaan op de vragen van moderne hoorders en tegelijk elkaar kunnen vinden in het putten van oude en nieuwe dingen uit de veelheid en pluriformiteit van de Schriften en de traditie?"

#### 4.9.2.3. DIE EKSODUS-MODEL.

Moltmann het hierdie model vir die prediking geformuleer in antwoord op die vraag wat hierbo gestel is. Die gemeente is uit die mag van die magte en maghebbers geroep tot bevryding, soos Israel lank gelede uitgelei is uit Egipte. Dit gaan oor Christus as die Bevryder. Dit werk met die driedeling naamlik, uittog, deurtog en intog. Mense moet uit sonde gelei word, deur die moeilike periode van sekularisasie kom, en dan die bevryde lewe ingaan. Hierdie paradigma lê sterk klem op die politieke en maatskaplike konsekwensies van die evangelie en bevredig kerkgangers nie altyd nie (Dingemans 1991:90-92).

#### 4.9.2.4. DIE EKSIEL-MODEL.

Die ballingskapmodel of eksielmodel word as aanvulling by die uittogmodel of eksodus-model gebruik. Christene voel vandag soos vreemdelinge en bywoners in die wêreld. Die klem val hier op volharding in plaas van op die beloofde land. Die oordeel wat mense oor hulle self haal word in hierdie model gepreek. Die boodskappe van bekering van die profete en Johannes die Doper is vandag weer baie aktueel, terwyl die sonde hoogty vier.

'n Ander antropologie geld ook in hierdie model. Die mens word nie gesien as inherent goed nie, maar word gesien as geneig tot die kwaad en terselfdertyd het hulle ook 'n verlange na die

goeie. Bekering tot God staan in die sentrum as die antwoord op die vraag na verlossing, en soos die Jode in hulle ballingskap in die sinagoges bymekaar gekom het, moet die gelowiges vandag in die erediens saamkom en die ou verhale weer aanhoor. Die geloof dat God se liefde die kwaad sal oorwin, moet altyd behou word. In hierdie model gaan dit dus oor hoop en oor volharding (Dingemans 1991:92-97).

#### 4.9.2.5. PREEK UIT DIE OU TESTAMENT.

In die homiletiek was daar al verskillende benaderingswyses gewees oor prediking uit die Ou Testament in 'n Nuwe Testamentiese gemeente. Die opvattinge wat deur Dingemans (1991:98-99) afgewys word is dié wat die Ou Testament heeltemal afwys as onnodig, en die wat met die skema van belofte en vervulling werk. Die volgende homiletiese beginsels kan by die hantering van die Ou Testament gebruik word: Altwee Testamente praat oor dieselfde God wat Hom op dieselfde wyse in Israel geopenbaar het as in Christus. In die Nuwe Testament openbaar dieselfde God Hom meer en beter. 'n Derde moontlikheid is om die Nuwe Testament te sien as die bevestiging en verbreding van die Ou Testament en dat die Ou Testament die mees diepgaande beeld van God gee. Die Nuwe Testament word ook deur sommige gesien as die interpretasie van die Ou Testament.
Al die paradigmas vir die homiletiek wat hierbo bespreek is, dien aanvanklik as openbarings of moontlikhede, maar word later inperkend, daarom is dit meer sinvol om aandag aan gedetailleerde Bybeleksegese te gee in die preekvoorbereiding.

## 4.10. EKSEGETIES-HOMILETIESE TEKSANALISE.

### 4.10.1. DIE VERSKILLENDE LAE IN DIE BYBEL.

Hier word gepoog om 'n eksegetiese aanpak met homiletiese analise te verbind. Aan die hand van Venetz se benadering word drie dinge in 'n teks nagevors: wat presies gebeur het; wat die boodskap is wat die skrywer of eindredakteur wou deurgee aan die

eerste hoorders; en wat die betekenis van die teks vir die hoorders van vandag is.

Homileties is dit van groot belang dat die hoorders in kontak gebring word met die eerste laag, die historiese laag. "Wie de boodschap of de betekenis losmaakt van het historische, houdt slechts algemene waarheden over; wie het historische probeert los te weken uit de redactionele interpretatie, komt gemakkelijk terecht in het fundamentalisme (Dingemans 1991:105).

### 4.10.2. DIE SEMIOTIESE BENADERINGSWYSE.

Die semiotiese aanpak word deur Van Wolde verdedig en sy konstateer dat eksegete die betekenis van tekste nie objektief kan vasstel nie, maar alleen die intensie van tekste kan nagaan. In 'n teks kom verskillende mense en opvattinge aan die woord en die lesers kom ook met verskillende intensies en opvattinge na 'n teks. Tekste het ook 'n pragmatiese effek, mat ander woorde hulle word in die tradisie opgeneem en het daarin 'n bepaalde funksie om te verrig. Die interpretasie wat deur die geskiedenis aan 'n teks geheg is, het dan ook 'n invloed op die homiletiese proses (Dingemans 1991:105-107).

### 4.10.3. DIACHRONIESE EN SINCHRONIESE BENADERING.

Vir die homiletiek maak Dingemans (1991:109) die konklusie dat die teks die uitgangspunt moet wees, maar dat in gedagte gehou moet word dat die teks interpretasie van die gebeure is. Die historiese van 'n teks moet nagegaan word om te verhoed dat 'n teks vergeestelik word, maar die histories-kritiese ondersoek mag ook nie die totaliteit van die boodskap oorheers nie.

### 4.10.4. DIE BEWEGINGS BINNE TEKSTE.

Die taal in die Bybelgedeelte is in beweging en gee die boodskap in 'n reeks "plots", wat soos 'n film ontwikkel. Die preek moet

dan parallel met hierdie bewegings loop.

### 4.10.5. <u>TEKSANALISE EN HOMILETIESE ANALISE</u>.

Die teksanalise is aan die hand van Buttrick die eerste stap in die homiletiese proses. Dit behels dat die teks afgebaken en vasgestel moet word, dat die skrywer en die historiese agtergrond ondersoek word, dat die betekenis van woorde en begrippe aan die hand van parallelle tekste nagegaan word en dat die "plot" van die teks bepaal word. Hierna volg die homiletiese fase. Hier word gekyk na die Bybelfigure wat in die teks optree. Die intensie van die teks word vasgestel. Die bepaalde invalshoek en identifikasiefigure moet hierna deur die prediker gekies word afhangende van die gemeente-situasie asook die tyd in die kerkjaar en die tema van die diens.

Op grond van die gegewens van die eksegese en die homiletiese analise word 'n skema vir die preek opgestel. Die skema volg die bewegings van die preek en word stadig aangevul tot 'n preekskets. Die hoorder staan steeds in die sentrum van die aandag (Dingemans 1991:111-113).

### 4.10.6. <u>BEMIDDELING VAN GELOOFSERVARINGS</u>.

Tekste moet gelees word as die neerslag van geloofservaringe. Die skrywers wil iets van die geloof deurgee waardeur hulle aangegryp is.

### 4.10.7. <u>KONKLUSIE</u>.

Die geskrewe eksegetiese benadering is meer oop as die vorige paradigmatiese benadering, omdat die hoorder direk in aanraking gebring word met die werking van die bepaalde Bybelteks (Dingemans 1991:114-116).

## 4.11. DIE PREEK AS INSTRUMENT VAN OORDRAG (HOMILETIESE KOMMUNIKASIE).

### 4.11.1. DIE PREEK AS KOMMUNIKASIEMIDDEL.

#### 4.11.1.1. KOMMUNIKASIEWETENSKAP.

Die moderne kommunikasiewetenskap het ontstaan in die kader van die tegniek. Dit wil tot diens wees tot die moderne media om mee te help in die mees geslaagde oordrag van 'n boodskap vanaf 'n sender na 'n ontvanger.

#### 4.11.1.2. KOMMUNIKASIEVELDE.

Daar is drie velde van kommunikasie naamlik: massakommunikasie, persoonlike kommunikasie en skriftelike kommunikasie.

Massakommunikasie word gekenmerk deur die feit dat 'n spreker of skrywer baie mense tegelyk bereik deur tegniese middels waardeur die groot afstand tussen sprekers en hoorders oorbrug kan word sonder dat die hoorders direk kan reageer. Dit het verskeie voordele soos vinnige oordrag en dat baie mense bereik kan word. Van die nadele is, eenrigtingverkeer en die manipulasie van die mense (Dingemans 1991:138-139).

Persoonlike kommunikasie of "face-to-face" kommunikasie word gekenmerk deurdat dit beperk bly tot twee persone of 'n klein groepie, sonder tegniese hulpmiddels, in 'n gesprek wat tussen mense plaasvind en dat die rolle van spreker en hoorder vinnig kan wissel. Direkte terugvoer is dus moontlik. Die voordele van hierdie kommunikasie is die moontlikheid om direk met mekaar in gesprek te tree en tot wedersydse verstaan te kom en hulle staan in 'n verhouding tot mekaar. Die nadeel is dat die gesprek van die onderwerp kan afdwaal (Dingemans 1991:139).

Massakommunikasie is as 'n reël gerig op die oordrag van geordende informasie of algemene gevoelens en oordele, terwyl

persoonlike kommunikasie veral gerig is op diepere insig, persoonlike kontak en die bereiking van ooreenstemmigheid tussen persone of die meedeling van gevoelens.

Paul Ricoeur het die aandag gevestig op die derde vorm van kommunikasie naamlik skriftelike kommunikasie. Skriftelike kommunikasie wat uit tekste tot ons kom, is gestolde persoonlike kommunikasie. Tekste gee die werklikheid nie presies weer nie, maar skep ook nie 'n totaal nuwe werklikheid nie. Tekste help lesers om hulle eie werklikheid te vind en te verander (Dingemans 1991:140-141).

**4.11.1.3. DRIE WYSES VAN KOMMUNIKASIE.**

Dit gaan hier oor die aard van kommunikasie, en die drie wyses waarna gekyk word is liniêre kommunikasie, sirkulêre kommunikasie en interaksionele simboolkommunikasie.

Liniêre kommunikasie het betrekking op eenrigtingverkeer. Die sender kodeer sy boodskap en dra dit oor aan die ontvanger deur middel van 'n medium. Die ontvanger dekodeer die boodskap. Later is daar aandag gegee aan die verskynsel van terugvoer waardeur getoets kan word of die boodskap suksesvol oorgekom het, en waarmee gepoog word om die prediking meer dialogies te maak.

Sirkulêre kommunikasie is die vorm waarin mense met mekaar gesprekke voer. Die rol van sender en ontvanger ruil dikwels om. Volgens Dingemans kan hierdie model in die prediking, nie slaag nie. Die pastorale gesprek pas byvoorbeeld beter onder hierdie model.

Interaksionele simboolkommunikasie staan ook bekend as indirekte kommunikasie. Die model veronderstel dat daar 'n voorgegewe betrokkenheid van die hoorders en die spreker by 'n saak is waaroor hulle wil saampraat. Sprekers en hoorders maak albei gebruik van simboolsisteme om hulle saak te stel en tot wedersydse verstaan te kom.

In die erediens sit mense met 'n persoonlike geloofstaal en in die preek probeer die predikant vanuit sy of haar omgang met die evangelie om die hoorders te help met hulle kommunikasie met God. Die hoorders kom na die kerk met 'n sekere verwagting en die prediker se taak is om in die preek 'n gesprek te begin oor die kommunikasie wat mense het of nie het nie met God.

Daar is dus sprake van drievoudige kommunikasie: met die teks en sodoende met God; die hoorders kommunikeer op 'n eie-wyse deur die liturgie met God op grond van hulle ervaring met die evangelie; en die prediker probeer 'n kommunikasie bewerkstellig tussen die Bybelse tradisie en die hoorders deur die preek, sodat die hoorders se verhouding met God kan verdiep (Dingemans 1991:141-152).

**4.11.1.4. <u>DIE PERSOON VAN DIE KOMMUNIKATOR</u>.**

Daar word op vier vlakke gekommunikeer:

- Op saaklike vlak probeer die spreker 'n saak oordra.
- Op relasionele vlak druk die spreker sy begaandheid of onverskilligheid, sy simpatie of antipatie teenoor die hoorders uit.
- Op uitdrukkingsvlak wys die spreker sy of haar eie opvattings en emosies of wys dit juis nie.
- Op appellerende vlak roep die spreker die hoorders op tot iets.

Hierdie vier vlakke van kommunikasie vereis sekere vaardighede van die prediker, naamlik teologiese kompetensie, verhoudingsvaardighede, vaardigheid om op outentieke wyse met homself of haarself om te gaan, en persoonlike geloof in die saak van die evangelie.

Om die kommunikatiewe gebeure wat tussen die predikant en die hoorders plaasvind te verduidelik, gebruik Dingemans (1991:154-157) 'n bepaalde insig van die psigologiese persoonlikheidsleer, naamlik die Transaksionele Analise. Hiervolgens kommunikeer alle

mense vanuit 'n kombinasie uit drie egolae, naamlik die ouer, kind en volwassene. Die prediker moet op grond van die effek wat hy of sy wil bereik met die preek, kies uit watter egoposisie die hoorders die beste bereik kan word.

## 4.12. **DIE PREEK AS BETOOG EN AS HOMILIE.**

### 4.12.1. **DIE PREEK AS BETOOG.**

Die klassieke retoriek onderskei tussen drie tipes redevoeringe: Die juridiese betoog; die politieke betoog en die lofrede. Op grond hiervan het Zerfass die preek soos volg onderverdeel: Bevestiging van die gemeenskaplike geloof en die verstewiging van 'n vertrouensbasis; informasieoordrag en 'n appèl wat tot die hoorders gerig word. Hierdie retoriese modelle veronderstel egter eenrigtingverkeer (Dingemans 1991:159-163).

Paulus het met sy briewe waarskynlik nie 'n nuwe kommunikasievorm in gedagte gehad nie, maar hulle het wel dié effek in die geskiedenis gehad. Ook die evangelies verteenwoordig 'n eie literêre genre wat net soos die briewe van Paulus, mense deur 'n reaksie tot geloof wil bring.

### 4.12.2. **DIE PREEK AS HOMILIE.**

#### 4.12.2.1. **DIE NARRATIEWE VORM.**

Die verhaal het meer 'n sirkelgang wat stil staan by mense en dinge en dit is geduldig. Vir die preek is dit dus beter as 'n redevoering wat eenlynig en haastig is. Verhale kan diepere betekenisse hê en sit die selfwerksaamheid van die hoorder aan die gang. Verhale laat mense dink en laat hulle fantaseer. Dit gee mense die moontlikheid om verder te dink, nuwe weë te soek en insig te ontwikkel (Dingemans 1991:164:166).

### 4.12.2.2. DIE BEWEGING IN DIE TEKS.

In die Bybelverhale is daar beweging wat baie ruimte laat vir eie interpretasie. Hierdie beweging moet in die preek gebruik word en dan gaan dit nie oor die oordra van 'n boodskap nie, maar oor transformasie wat moet plaasvind.

## 4.13. DIE BETEKENIS EN DIE BESIELENDE KRAG VAN DIE TAAL.

Taal het nie net 'n simboliese of verwysende karakter nie, maar taal het ook 'n ekspressiewe, vokatiewe en appellerende krag. Tradisioneel is daar in die homiletiek uitgegaan van die betekenis van tekste en of hulle waar is of nie waar is nie. Die waarheid van woorde en sinne word egter nie altyd eenduidig vasgelê in "een strak gekodeerde boodschap, die maar voor een uitleg vatbaar is" (Dingemans 1991:168). In godsdienstige kommunikasie word van simbooltaal gebruik gemaak en dit gee ruimte waarbinne verskillende interpretasies moontlik is.

Hierdie oop taalvorme staan teenoor geslote taalvorme waar begrippe en sinne slegs een betekenis het. Tog laat oop taal nie onbeperkte interpretasies toe nie. Die assosiasies speel hulle af binne die omheining van die woordbetekenis. In godsdienstige taal word daar dan van brugwoorde gebruik gemaak. Dit is woorde waar die moderne diskoers verbind word met die Bybelse diskoers.

Die preek gebruik ook simbole, oop begrippe, woorde en verhale wat aan die hoorders sekere interpretasieruimte toelaat. Sommige verhale in die Bybel is vir ons makliker herkenbaar, omdat hulle in die vorm van paradigmatiese verhale oorgelewer is. Dit wys op 'n waarheid wat vir baie mense herkenbaar is. Daar word ook van tipologieë gebruik gemaak sodat mense figure met Jesus en met hulleself kan identifiseer (Dingemans 1991:168-174).

In plaas van om te vra na die betekenis van 'n teks, moet daar gevra word na die werking van 'n teks. In tekste skuil 'n oproep wat mense in beweging wil sit. Ebeling noem dit "Wortgeschehem"

(Dingemans 1991:176). Die prediker het die plig om op verantwoordelike wyse om te gaan met die gevoelens en die reaksies van die hoorders. Daar ontstaan 'n relasie tussen spreker en hoorders op grond van verskeie faktore soos die estetika en die betroubaarheid van die spreker. Die preek lê ook 'n relasie tussen die hoorders en die saak waarom dit gaan deur middel van die taal (Dingemans 1991:177-178).

Hoorders kom met verskillende verwagtings na 'n preek luister en elke hoorder maak dan sy of haar eie preek. Die prediker moet sorg dat daar vir soveel as moontlik mense iets te vinde is (Dingemans 1991:178).

## 4.14. **DIE PRAKTYK VAN DIE PREEKVOORBEREIDING** (PRAKTIESE HOMILETIEK).

### 4.14.1. **KONSENTRASIE OP DIE PREEKTEKS.**

#### 4.14.1.1. **DIE EERSTE VOORBEREIDING** (INVENTIO).

By die voorbereiding van die preek staan die prediker tussen twee pole naamlik die Bybelteks aan die een kant en die hoorders aan die ander kant. Dit is die bedoeling dat die preek die hoorders by die teks van die Bybel sal uitbring sodat die hoorders in beweging gebring kan word deur die erediens in die geheel en deur die Bybelteks in die besonder. Die doel is om hulle te lei tot verdieping en aktivering van hulle geloof. Die eerste wat gedoen moet word is om 'n teks te kies. So 'n tekskeuse word in die praktyk deur vyf faktore bepaal naamlik: Die kerklike jaar, die leesrooster, Lectio Continua, vrye tekskeuse en die spesiale dienste.

Onmiddellik nadat die teks gekies is op grond van een van die bogenoemde vyf faktore, moet die prediker hom- of haarself afvra wie die hoorders gaan wees. Daarom moet hy of sy insig hê in die algemene kulturele, sosiologiese en ekonomiese situasie van die tyd. In die tweede plek moet hy of sy as die pastor van die

gemeente op hoogte wees van die spesifieke vrae wat in die gemeente gevra word. Ook moet hy of sy op hoogte wees van die godsdienstige tradisies waarbinne die hoorders opgegroei het. Dit is verkieslik dat die hoorders self aktief deelneem aan voorbereidingsgroepe en -gesprekke of besprekings na afloop van die preek (Dingemans 1991:184-185).

Die preek vorm verder deel van die liturgiese orde en dit moet deur die prediker in ag geneem word. Die inkleding van die hele diens bepaal ook die wyse waarop die teks en die preek gehoor sal word (Dingemans 1991:185-186).

Die prediker lees die teks in sy of haar voorbereidingswerk vir die eerste maal deur in die vertaling wat in die diens gebruik gaan word. Dit word gedoen sonder die gebruikmaking van kommentare of ander hulpmiddels. Verkieslik moet die teks hardop gelees word, omdat dit om die gehoorde teks gaan. Die prediker lees en hoor dan die teks op dieselfde manier soos wat die hoorders dit sal lees en hoor. Hierdeur vereenselwig die prediker hom of haar met die hoorders en kom sake na vore wat op 'n bepaalde wyse aandag moet geniet. Die prediker stel ook 'n lys op van dinge wat met die eerste aanhoor onbegryplik of onverstaanbaar is (Dingemans 1991:186-188).

#### 4.14.1.2. <u>**DIE EKSEGESE** (PRAEPARATIO)</u>.

Die teks word nou uit die grondteks en uit kommentare bestudeer. Die taal van die kommentare moet egter nie aan die woord kom nie, maar moet in die eie taal omgesit word.

Daar moet aandag gegee word aan die teksanalise. Tekskritiek en die afbakening van die teks moet nou gedoen word. Die histories-kritiese ondersoek na die agtergrond en die ontvangers van die teks word nagegaan en die literatuursoort van die teks word bepaal. Die werking van die teks word bestudeer sodat die betekenis kan begin deurskyn.

Vervolgens moet daar gekyk word na die homiletiese analise. Die geantisipeerde vrae van die gemeente by die eerste lesing of die opmerkings van die preekvoorbereidingsgroep kom nou weer na vore. Verskillende vrae moet beantwoord word, byvoorbeeld, hoe werk die teks in op die mense van ons tyd? Wat is hulle vrae en herkenningspunte? Waar is die konflikpunte tussen die teks en die hoorders?

### 4.14.2. VERSKILLENDE WYSES VAN PREEK.

In die homiletiese literatuur word daar 'n onderskeid gemaak tussen die verskillende 'kaders' waarin 'n preek gepreek moet word. Saam daarmee word daar ook gepraat van verskillende soorte preke. In die voorbereiding sal die prediker 'n beslissing moet maak oor die karakter van die preek. Preke word per slot van rekening vir verskillende geleenthede gemaak en gelewer. Die liturgiese opset van die erediens is van deurslaggewende belang. Die tyd in die kerkjaar maak ook dat preke sal verskil in aard. 'n Preek kan 'n tema volg (sintetiese preek) of 'n Bybelgedeelte nougeset volg (analitiese preek).

Die prediker moet ook bepaal wat hy of sy met die preek wil bereik en wat die effek van die teks is. Skematies kan sekere moontlikhede soos volg voorgestel word:

| DOELE | MIDDELS | PREDIKANT | EFFEK |
|---|---|---|---|
| 1. Leer | Uitleg | Leraar | Verwerking |
| 2. Bekeer | Verkondiging | Gesant | Verandering |
| 3. Help | Getuienis | Helper | Vreugde |
| 4. Oriëntasie | Homilie | Bemiddelaar | Emansipasie |
| 5. Inlig | Toespraak | Informant | Insig |
| 6. Relasie | Praatjie | Vermaker | Positiewe gevoelens |
| 7. Troos | Bemoediging | Pastor | Troos |

Hierdie sewe wyses kan ook met mekaar verweef word in een preek (Dingemans 1991:193).

'n Indeling volgens preeksoorte kan soos volg daar uitsien:
Gemeenteprediking:

- Die homilie volgens 'n lectionarum, in lectio continua, as vrye keuse van die teks.
- Temaprediking na aanleiding van die Bybelteks, uitlegging in 'n leerdiens, eties oordenkend in 'n leerdiens.
- Geleentheidspreke saam met die sakramente, rituele en spesiale geleenthede.

Informasie, uitleg en verkondiging vir buitestaanders:

- Missionêre toesprake.
- Radio- en televisietoesprake.

Nadere omskrywing van die karakter van die verskillende soorte preke behels die volgende:

- Tekspreke.

Hier word die Bybelteks sover moontlik in sy eie beweging gevolg.

- Temapreke.

'n Tema staan in die sentrum en nie 'n perikoop nie. Die tema kan op twee maniere behandel word: Na die historiese ontwikkeling en eie aard van die tema, of aan die hand van vrae of probleme wat die hoorders met die tema het. 'n Temapreek word sterk beïnvloed deur die insigte van die prediker.

- Sacramentalia:

Sakramentsdienste moet volgens Dingemans (1991:198) gesien word as deel van die gewone Sondageredienste en nie as spesiale dienste nie. Maar die prediker kan natuurlik die fokus van die preek op die sakrament laat val en daarom noem hy die dienste sacramentalia. Die bevestiging van lidmate en ampsdraers is nie sakramente nie, maar verg tog spesiale tekskeuses.

- Ritualia (of pseudosacramentalia):

Hiermee word bedoel huweliks- en begrafnisdienste. Binne die Protestantse tradisie het hierdie dienste hulle sakramentele karakter verloor. Huweliksluitings en begrafnisse hoort volgens Dingemans (1991:201) wel tuis in die kerkdiens. Hier kan gemeentelede met mekaar meeleef in mekaar se vreugdes en

verdriet. Voorbidding vir beide dienste is belangrik en beide dienste moet gekenmerk word as gebedsdienste. Miskien kan hierdie dienste ritueel gesproke meer ingekleur word om die mense meer aan te spreek.

- Die eintlike casualia of geleentheidspreke:

Rondom hierdie dienste word daar hewige debat gevoer, omdat daar krag en gevaar in hulle is. Geleentheidspreke gaan in op die werklike nood van mense. In engere sin word met casualia bedoel spesiale dienste wat na aanleiding van besondere gebeure gehou word. Die casus mag egter nooit die Woord oorheers nie.

- Toesprake wat bedoel is vir buitestaanders:
- Kerklike aktiwiteite:

Met sodanige dienste word bedoel dienste soos kerssangdienste wat gerig is op mense wat nie meer gereeld die gewone eredienste bywoon nie, maar tog nog aangespreek word deur hierdie dienste. Die oproep en boodskap word hier in aantreklikhede ingeweef en moet daarom sober en kort wees.

- Die media:

Kerkdienste oor die radio en die televisie het ten doel om mense wat weens siekte of ouderdom nie meer die eredienste kan bywoon nie, te bereik. Ook mense wat meer afstand in hulle godsdiens soek luister na hierdie dienste. Die prediker moet nou nog meer ingestel wees op 'n gedifferensieerde gehoor. Die televisie kan ook meer benut word as uitstekende media vir die oordra van verhale. Die regisseur het hier 'n groot rol om te vervul in die geslaagdheid van kerkdienste oor die media. Vir die oordra van inligting deur rubrieke en geselsprogramme is die media uiters nuttig. "Het wordt tijd dat ook kerken en theologen zich diepgaand bezinnen op het probleem van de vertaling van het Woord in woorden ("woordjes"), vormen beelden en klanken binnen en buiten de liturgie" (Dingemans 1991:208).

### 4.14.3. DIE VORMGEWING VAN DIE PREEK.

#### 4.14.3.1. DIE "INVAL" OF DIE KREATIEWE MOMENT.

Predikers moet in die begin van die week die voorbereidingswerk, met ander woorde, die inventio en die praeparatio, vir die preek doen. Daarna moet die saak twee dae gegun word om in die onderbewuste te broei, sodat 'n idee vir die preek skielik kan opborrel. Hiervoor is deeglike voorbereiding essensieel. Vir

ingeval die idee nie opborrel nie, gee Dingemans (1991:210-215) 'n paar komposisiereëls.

#### 4.14.3.2. KOMPOSISIEREëLS.

- Die klassieke retoriese opbou:

Daar is vyf werksfases in die voorbereiding. Eerstens moet die presiese onderwerp gevind word. Daarna die ordening van die argumente, die korrekte taalgebruik, die vaslê in die geheue en vyfdens die uitvoer van die rede.

Die argumentatiewe opbou staan in die retorika voorop. Daarom moes redevoeringe die volgende opbou hê: Inleiding, aankondiging van die probleem, uiteensetting van die argumente en die konklusie (vgl. ook Vos 1996a:270-271).

Hierdie planne word huidiglik deur politici en wetenskaplikes gebruik, maar ook homilete soos Zerfass maak hiervan gebruik (Dingemans 1991:211-212).

- Vyf-stap planne:

Geissner stel die volgende kettingskema voor:
standpunt, oorwegings en bewyse, voorbeelde, gevolgtrekkings, konklusie en oproep (vgl. ook Vos 1996a:271).

Daar is ook die dialektiese opbou as alternatief. Die breedwydte van die verhaal moet gememoriseer word. Die sentrale motiewe in

die teks word behandel en die probleme van die hoorders kom aan die orde. Die verskillende standpunte word dan vergelyk, en die begaanbaarste weg om dit te doen moet dan aangewys word (vgl. Vos 1996a:272).

By 'n verhalende teks kan die volgende skema gebruik word: Ons ervaring is ..., die teks sê..., die gronde daarvoor is ..., in vergelyking met ons ervarings, en konklusie ..., en die konkrete betekenis vir ons (appèl) ... (Dingemans 1991:212-213; vgl. ook Vos 1996a:273).

- Die leerpsigologiese model:

Hierdie model het drie fases: Motivering, informasie en verwerking. Ook hierdie model bly net 'n hulpmiddel en moet nie verabsoluteer word nie. Kognitiewe informasieoordrag kry gewoonlik in sulke skemas te veel klem (vgl. ook Vos 1996a:278-280).

- Verhaalmodelle:

Vir die preek as homilie is dit die beste om eers te soek na herkenningspunte en identifikasiefigure in die teks. Daarna kan die prediker besluit of hy of sy met 'n beskrywing van die figuur sal begin of dat die figure in 'n bepaalde volgorde op die toneel gebring sal word. Die preek moet steeds die gedagtegang van die verhaal volg, en die boodskap van die skrywer moet sentraal staan asook die aktualiteit daarvan vir die hoorders van vandag.

#### 4.14.3.3. DIE BEGIN VAN DIE PREEK.

Dit maak nie saak watter skema gekies word nie, die kreatiewe moment van die preek lê altyd in die begin. Die eerste woorde van die preek moet die stof inlei en ook 'n band op emosionele en relasionele vlak lê tussen die prediker en die hoorders (Dingemans 1991:215-217).

**4.14.3.4. DIE TAAL VAN DIE PREEK.**

Preke word dikwels in skryftaal gemaak. Maar dit is beter om die hoorders in gewone, alledaagse taal aan te spreek. Beeldtaal in plaas van abstrakte taal is ook meer doeltreffend.

In die praktyk vra dit van die prediker om eers die preek op papier volledig uit te skryf en daarna op 'n afloerpapiertjie die skema te skryf wat dan saamgeneem word na die kansel. Hierdie taaloorsig moenie meer as een folio beslaan nie.

Preke moet in spreektaal wees, maar dit beteken nie slordige taal nie. Die taal moet die volgende kenmerke hê: kort sinne; die aktiewe vorm in plaas van die passiewe vorm; konkrete woorde en voorbeelde; min byvoeglike naamwoorde; hoofsaak in die hoofsin; funksionele herhalings; pouserings; nie ek-taal nie; en nie die "royal we" nie. Die preek moet dus 'n helder struktuur en helder taal hê (Dingemans 1991:218-222).

**4.14.3.5. DIE SLOT VAN DIE PREEK.**

Elke preek het 'n einde. Wanneer een van die voorgestelde skemas gebruik word, kom die prediker vanself by 'n slot uit. Die slot moet die inhoud van die preek kort saamvat, die hoorders oproep tot iets en oop wees sodat die hoorders self die res kan invul. Esteties beskou is dit goed as die slot die begin van die preek weer opneem. Goeie voorbereiding is in ieder geval nodig vir die begin en die slot en die bewoording moet saamgeneem word kansel toe (Dingemans 1991:222-223).

Dit is dan in breë trekke die teorie van G.D.J. Dingemans. Vervolgens word daar aandag gegee aan 'n vergelyking tussen die teorieë van H.J.C. Pieterse, T.G. Long en G.D.J. Dingemans.

# HOOFSTUK 5.

## 5. 'N VERGELYKING TUSSEN DIE TEORIEë VAN H.J.C. PIETERSE, T.G.LONG EN G.D.J. DINGEMANS.

In die voorafgaande hoofstukke is die teorieë van Pieterse, Long en Dingemans bespreek. In hierdie hoofstuk word hierdie teorieë met mekaar vergelyk. Die doel is om die punte van ooreenkoms tussen hierdie teorieë vas te stel sodat daar 'n evaluering van hierdie moderne homiletiese teorie gedoen kan word.

## 5.1. DIE BENADERING TOT DIE VAK PRAKTIESE TEOLOGIE.

### 5.1.1. INLEIDING.

Hierdie moderne homiletiese teorie handel oor 'n nuwe metodologie wat in die praktiese teologie plaasvind. Pieterse (1993:1) sê daar het 'n paradigma-wisseling in die laaste dekade in die teologie plaasgevind wat al die vakke in die teologie beïnvloed het.

Pieterse, Long en Dingemans is drie praktiese teoloë wat meehelp om teorieë te ontwikkel in hierdie nuwe ontwikkeling. Pieterse (1993:4) wat aansluiting vind by Gadamer en Habermas werk as praktiese teoloog met 'n praktiese belang om praktiese kennis in te samel. Dit is kennis wat uitloop op teorieë wat in staat behoort te wees om die Christelik-kommunikatiewe praxis te transformeer aan die hand van die waardes van die koninkryk of heerskappy van God. Op hierdie wyse kan hierdie teorieë ook rasioneel geëvalueer word deur hulle in die praktyk te toets.

Dingemans (1996:78) sluit by hierdie gedagtegang aan deur te sê, dat daar met 'n analise van die praxis begin moet word. Die praxis word dan vergelyk met die gewenste situasie of met die normatiewe visie, sodat 'n evaluasie kan plaasvind en aanbevelings of suggesties gemaak kan word vir beleid of strategie.

In hulle benaderings oor die praktiese teologie as 'n wetenskap is daar wel verskille, sowel as ooreenkomste. Albei het 'n basisteorie ontwerp. Hieroor sê Dingemans (1996:56-57), dat Pieterse in aansluiting met Habermas 'n pneumatologiese teologie daarstel, terwyl hy liewer vanuit Gadamer en Ricoeur 'n netwerkteorie wil koppel met 'n prosesmatige pneumatologiese teologie.

Dingemans (1996:56) ondersteun die gedagte, wat die gemeente as uitgangspunt neem vir die praktiese teologie. Hy doen dit omdat die gemeente volgens hom die belangrikste intermediêr is tussen die boodskap van Jesus Christus, soos dit deur die Bybel tot ons kom vir die huidige mens en die moderne samelewing.

Verder sluit hy veral aan by die hermeneutiese georiënteerde opvatting van die vak. Hy sien die gemeente nie alleen as 'n handelingsgemeenskap nie, maar veral as 'n interpretasiegemeenskap. Volgens hom gaan dit in die praktiese teologie om die praxis van die Christelike gemeente, met ander woorde, die evangelie van Jesus Christus wat gehoor moet word deur die Bybel en die Christelike tradisie, die viering van die liturgie, die kategese, prediking, pastoraat, diakonaat en maatskaplike handelinge. Daar moet ook aandag gegee word aan die boodskap van bevryding. Die handelinge van die Christelike gemeente berus op 'n lang geskiedenis van interpretasie en toepassing van die boodskap van die evangelie. Tekste, interpretasies, interpretasie-netwerke, simbole, rituele, maar ook persoonlike interpretasies en belewing speel 'n groot rol. Vir die analise hiervan bied die hermeneutiese en kultureelantropologiese benaderingswyse vir hom die beste moontlikhede (Dingemans 1996:57; vgl. ook Muller 1992:27 ev, s.v. 'Hermeneutiek').

As wetenskap sê Pieterse (1993:52) moet die praktiese teologie vanuit 'n empiriese opvatting benader word. Die studieveld is kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie waarin die ontmoetingsgestaltes van God en mens, en mens en mens, asook die

oordrag en opbou van die Christelike geloof in kerk en samelewing bestudeer word. Uiteindelik moet hierdie studie die pastorale praxis bevorder in die lig van die eskatologiese dimensie van die koninkryk van God. Alhoewel dit 'n Christelik-kommunikatiewe praxis bestudeer vanuit 'n empiriese benadering, is dit 'n teologiese vak met 'n eie teologiese identiteit. Hierdie empiriese benadering word beoefen vanuit 'n interpretatiewe paradigma. Interpretasie en verklaring kan volgens Pieterse binne 'n breë hermeneutiese raam maklik saamleef (Pieterse 1993:187).

Teologie is vir Pieterse (1985:2) die wetenskaplike bestudering van die grond en inhoud van die geloof. Geloof is 'n algemeen-menslike verskynsel en kan dus wetenskaplik bestudeer word. Teologie het nie net te doen met die kennis van God nie, maar ook met die kenne van God. Teologie is menslike spreke oor God. Praktiese Teologie het te make met daardie aspek van die teologie wat die menslike handelinge wat ten dienste staan van die kommunikering van geloof, bestudeer. Praktiese Teologie kan dus omskryf word as 'n teologiese teorie van die Christelik-kommunikatiewe handelinge wat dit in staat stel om geloof deur te gee in spraak, simbool en gedrag (vgl. ook van Wyk 1991:82).

### 5.1.2. <u>DIE NORMVRAAG AS ONDERSKEIDINGSBEGINSEL</u>.

Die norm van die praktiese teologie speel 'n deurslaggewende rol in die benadering tot die vak. Burger (1991:40) kies as norm die gebondenheid aan die Skrif of die Christelike boodskap of die evangelie. Daar is ook ander sake wat as onderskeidingsbeginsel aangewend sou kon word, byvoorbeeld die metodologie (vgl. Poling en Miller 1985). Pieterse (1993:101), kies egter die evangelie. Met evangelie as norm gaan dit oor die saak waaroor dit in die Bybel, die teologie en die kerk gaan. Dit is die saak wat deur Christene gekommunikeer word en 'n praxis daarstel, wat deur die praktiese teologie bestudeer word (Pieterse 1993:101; vgl. ook Vos 1989:187; Firet 1987:260).

Vir Pieterse (1993:5) is die wese van God en sy Openbaring aan mekaar verbonde. In sy openbaring leer die mens God se wese ken. Hy openbaar hom as die Drieënige God. Hy is die Skepper en neem altyd die inisiatief in die heilsgeskiedenis soos in die verbond, versoening, bekering en voleinding. Die hoogtepunt van God se openbaring is die versoeningswerk van Jesus Christus. As hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Skrif vir die prediking kies Pieterse (1988:2) dus vir Jesus Christus. Jesus Christus is die Woord van God wat reeds voor die vleeswording gespreek is. Die Christelike prediking kan die genade, verlossing, liefde en openbaring van God alleen reg verstaan vanuit die lewe, sterwe, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus (vgl. ook Pieterse 1991b:44).

Wanneer Jesus Christus gepreek word, kom Hyself aan die woord, en tree Hy die mens tegemoet uit die Skrif deur die werk van die Heilige Gees. Die verhoogde Christus is subjek van die prediking, en so word die prediking Woordgebeure (Pieterse 1988:3). In die Skrif openbaar God Hom as die sprekende God, en die Heilige Gees is die vertolker van die Skrif. God spreek in ons midde deur die vertolking van die Skrifwoorde deurdat Hy die vertolkers in diens neem. So kom die mens in die kragveld van die Gees te staan. Die Gees spreek egter die taal van die Skrif. Daarom lei die Gees, vertolker en hoorders in die spoor van die beloftes van God (Pieterse 1993:5). Die Gees werk wel deur mense, maar God spreek self na sy welbehae. Omdat God self spreek deur sy Woord en Gees is daar 'n ontmoetingsgebeure tussen God en mens, en so word Christus Heiland vir die mens (vgl. ook Pieterse 1990a:94-95).

Die Bybel is die bron van die prediking sê Dingemans (1996:80; vgl. ook Dingemans 1991:30). Dit is ook die bron van die Christelike geloof en die Christelike tradisie (Dingemans 1991:16). Wanneer die standpunt gehuldig word dat alles wat die mens van God kan weet in die Bybel afgesluit is met die kanonvorming, is die Bybel die enigste bron en die norm van die prediking. Maar daar kan ook gesê word dat daar 'n voortgaande

openbaring in die tradisie en in die harte van die mense van die kerk is. Saam met die Bybel word die geloofsgemeenskap dan ook bron vir die prediking (vgl. ook Vos 1994a:56).

Die Gereformeerdes verstaan prediking as die verkondiging van die groot dade van God soos dit in die Bybel vermeld word. Preek is dus 'n toespraak wat die kommunikasie en interaksie tussen God en mens aan die gang hou of bring. Dingemans is van mening dat prediking nie net 'n ontmoeting met Jesus Christus is nie, maar met God Drieënig (vgl. Vos 1990:145).

Aan die hand van Barth wys Dingemans (1996:80 vgl. ook Dingemans 1991:34) daarop dat Christus gesien moet word as die eerste gestalte van die Woord, die Skrif as die tweede gestalte en die prediking as die derde gestalte. Christus as die suiwerste gestalte is dan die bron en die norm van die geloof. Die Skrif is Goddelike Woorde oorgegiet in mensewoorde deur die Gees. Prediking daarenteen is 'n onmoontlike moontlikheid. Dit is afgeleide woorde wat uitgaan van die primêre Woord. So is daar dan 'n wisselwerking tussen die werking van die Gees en die hoorders.

Long (1989:48-50) kies net soos Pieterse en Dingemans vir Bybelse prediking. Hy sê dit is die normatiewe vorm van Christelike prediking. Christelike geloof is egter nie geloof in die Bybel nie, maar geloof in Christus. Dit is deur Christus dat die gelowige by God uitkom. Deur die Bybel ontmoet ons God en kommunikeer Hy met ons (Long 1989:50).

### 5.1.3. <u>VERSKILLENDE BENADERINGS</u>.

Dingemans (1996:41-57) is van mening dat daar huidiglik drie benaderings in Nederland in die praktiese teologie is, wat belangrik is as daar gedink word aan die praktiese teologie as wetenskap.

Die eerste is die praktiese teologie as empiriese-analitiese

handelingswetenskap. Die tweede is die hermeneutiese interpretasie benadering en die derde is die praktiese teologie as bevrydingsteologie.

Volgens Dingemans (1996:42) kom die praktiese teologie as empiries-analitiese handelingswetenskap kortliks daarop neer dat die religieuse of kerklike praxis met die metodes van die sosiale wetenskappe ondersoek moet word. Die handelinge van mense word ondersoek in so verre hulle beïnvloed word deur religieuse faktore, oortuigings en ervarings.

In die praktiese teologie as hermeneutiese interpretasie-wetenskap word wel van die sosiaal-wetenskaplike metodes gebruik gemaak, maar dit gaan veral oor literêre, taal-wetenskaplike metodes en teks analises. Die interpretasie van die teks is van groot belang. In die agtergrond van die gelowige handelinge staan die teks van die Christelike tradisie, die belydenisskrifte, teologiese verklarings, Bybelkommentare, kerkordes, reglemente en ander dokumente van gesamentlike ooreenkomste in die kollig. Verder word die teologie gesien as die interpretasie van die tradisie in wisselwerking met die konteks. Elke tydperk lees die Bybel vanuit sy eie interpretasiekader (Dingemans 1996:49-50). Pieterse (1979) sluit basies by hierdie hermeneutiese interpretasie benadering aan, sy teorie is egter meer omvattend as die teorie van Dingemans.

Die praktiese teologie as bevrydingsteologie is die derde benadering. Akademiese status is in hierdie benadering nie die hoogste prioriteit nie (Dingemans 1996:51-52). Dit gaan hier oor die mondige gelowige. Sy of haar situasie moet geanaliseer, beoordeel en verander word met die hulp van wetenskaplike metodes en teorieë. Dit gaan oor ekonomiese-politieke-en sosiale bevryding, asook 'n bevryding uit die sonde van diskriminasie en marginalisering (Dingemans 1996:53).

Pieterse weer, sluit krities aan by die kommunikatiewe handelingsteorie van Jürgen Habermas (Nel 1996:6). Vir die

praktiese teologie funksioneer dit op 'n meta-teoretiese vlak. Hierdie benadering van Pieterse open vir die praktiese teologie perspektiewe waarbinne die ontwikkeling van basisteorieë en die vorming van praktykteorieë kan plaasvind. Tipiese basisteorieë vir spesifieke sake in die vak is byvoorbeeld 'n kommunikasie-teorie, 'n ekklesiologie, 'n antropologie, ensovoorts. Praktykteorieë gaan weer oor spesifieke bedieninge en handelinge (Pieterse 1993:96).

Die handelingswetenskaplike benadering het 'n verbreiding van die objek van die vak teweeg gebring, die wetenskaplike karakter van die vak gevestig en die perspektief van die vak verruim, sodat die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook buite die kerk, in die konkrete konteks van die samelewing, bestudeer kan word (vgl. Pieterse 1993:110). In hierdie benadering word uitgegaan van 'n koninkryksperspektief. Deur 'n meer holistiese uitgangspunt op die werklikheid vanuit 'n koninkryksperspektief te neem, kan Woord en werklikheid saam gesien word. Dit open die moontlikheid om 'n praktiese teologie te bedryf waarin teorie en praktyk, Woord en Werklikheid, in 'n bipolêre spanningseenheid op mekaar betrek kan word (Pieterse 1993:108; vgl. ook Pieterse 1985:3). Hierdie benadering is breër as die drie benaderings wat Dingemans noem en wat in Nederland gevolg word. Dit sluit die empiries-analitiese handelingswetenskap, die hermeneutiese interpretasie (Pieterse 1979) en die bevrydingsteologie in (vgl. Pieterse en Wester 1995).

Pieterse is net soos Dingemans ten gunste daarvan dat daar gesprek gevoer moet word in die praktiese teologie met teoloë wat voorstanders is van ander benaderings. Daar hoef nie noodwendig keuses gemaak te word nie maar gesprek kan lei tot die verbreding van die praktiese teologie as 'n wetenskap (Pieterse 1993:130). In die Suid-Afrikaanse situasie praat Pieterse op die voetspoor van Burger (1991) van die diakoniologiese benadering, die handelingswetenskaplike benadering en die kontekstuele benadering (Pieterse 1993:99-130). Hierdie benaderings stem in breë trekke

ooreen met die benaderings wat Dingemans ook noem. Groter aandag moet gegee word aan die winspunte van die benaderings. Onderlinge gesprek kan ook lei tot groter begrip en 'n eerlike kennisname en verdieping in ander situasies, interpretasies, belange en teologiese posisies (Pieterse 1993:130).

### 5.1.4. FORMULERING VAN TEORIEë BY PIETERSE EN DINGEMANS.

Pieterse (1993:131) sien die vak kortweg as 'n teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Dit word bestudeer in die kerk, en in die samelewing met al sy terreine, en deur wie ook al - met ander woorde, individue soos geestelikes en ander gelowiges, groepe gelowiges, en instellings waardeur groepe en individue oor die evangelie met mekaar kommunikeer, en die evangelie aan ander oordra. Die praktiese teologie het uiteindelik die taak om op 'n krities-sistematiese wyse teorieë vir kommunikatiewe handelinge te ontwikkel en te verfyn (vgl. ook Nel 1991:23-24).

Pieterse onderskei tussen drie tipes van teorieë naamlik, metateorieë, basisteorieë en praktykteorieë.

Die begrip metateorie word gebruik om die wetenskaplike vertrekpunte van die vak aan te dui: Die metateorie gee rigting aan ons kyk op die werklikheid, en dus ook op die perspektief waarmee ons na die werklikheid van ons studieveld kyk (Pieterse 1993:133). Die begrip 'wetenskapsteorie' druk die aard van hierdie soort teorie uit.

Basisteorieë is fundamentele praktiese-teologiese teorieë binne die vak. Basisteorieë of teologiese teorieë, in die vak word gevoed deur interdissiplinêre diskussies met die ander teologiese dissiplines en met insigte uit die sosiale wetenskappe, asook insigte wat deur empiriese ondersoeke in die praktiese teologie gedoen is.

Basisteorieë dien om die kommunikatiewe prosesse van die praxis

in die studieveld te verstaan, om as kritiese teorie dit te toets en te beoordeel, om die perspektief en normatiewe komponente vir praktykteorieë te verskaf, asook om as rigtingwyser vir kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie te funksioneer (Pieterse 1993:134).

Praktykteorieë, is teorieë oor die praktyk van die prediking. Dit gaan merendeels oor die deelname van die gemeente aan die preek. Die formulering van hierdie teorieë het ontstaan uit die perspektiewe wat verkry is, en insigte wat opgebou is uit metateorieë, basisteorieë en empiriese ondersoeke.

Dingemans het drie dimensies aangedui waarbinne die praktiese teologie moet funksioneer. Die eerste gaan oor die analise van die huidige kerklike praktyk. Die tweede het te doen met die hermeneutiese gesprek wat plaasvind met die Christelike tradisie, en die derde dimensie gaan oor die agogiese omgang met die gemeente en gemeentelede oor die toekomstige vormgewing en transformasie van die Christelike praxis (Dingemans 1996:127-130; vgl. ook Firet 1974, s.v. 'Agogiese').

Hierdie drie dimensies is toe verander om te dien as 'n prakties teologiese basisteorie met die vorm van 'n algemene netwerkteorie of 'n korrelasieteorie. Dit steun op 'n breë interpretasieteorie en 'n korrelasieteologie waarin die teologiese elemente verbind word met die sosiaal-wetenskaplike elemente en waarin die praktykteorieë 'n algemeen-eksegetiese inpak kry.

Volgens Dingemans (1996:131) kan 'n basisteorie nie net beperk word tot 'n algemene handelingsteorie nie, want dit gaan oor meer as net die handelinge van mense. Dit is ook belangrik om te weet, hoe en waarom handel mense soos wat hulle handel. Tradisies, die interpretasie van bronne, die hantering van die situasie, oortuigings, ensovoorts, moet alles in berekening gebring word.

Die prakties teologiese teorie van Dingemans (1996:139) bestaan dus uit drie hoof indelings naamlik 'n basisteorie, praktyk-

teorieë en praxiologiese teorieë.

Onder die basisteorie word die volgende gevind: 'n (hermeneutiese) interpretasieteorie (fundamenteel wetenskaplike korrelasieteorie). 'n (kritiese) korrelasieteorieteologie (fundamenteel-teologiese teorie). Onder praktyk-teorieë word kommunikasieteorieë, agogieseteorieë, leërteorieë, terapeutieseteorieë, pedagogiese teorieë, organsisasieteorieë, retoriek en ideologiekritiek verkry, asook Bybelse teologie, kerkgeskiedenis en dogmatiek. Onder praxiologiese teorie sorteer die teorieë van akademici, vrywilligers en deelnemers uit die praktyk, asook die interaksie wat onderling plaasvind (Dingemans 1996:138-139).

In die formulering en indelings van hulle teorieë verskil Pieterse en Dingemans dus van mekaar. As daar egter na 'n paar basisteoretiese kontoere gekyk word, word gesien dat daar ook ooreenkomste is.

### 5.1.4.1. <u>PNEUMATOLOGIE</u>.

In aansluiting by die Reformatoriese teologie in 'n ekumeniese konteks, is die standpunt van Pieterse (1993:134-142) dat die Gees as Kommunikator optree en die Subjek van kommunikasie is, van die evangelie in die kerk en in die wêreld. Pieterse volg die gedagtegang van Vos (vgl. Pieterse en Vos, 1991:8-12) wat sê dat die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie verstaan moet word deur twee grondlyne te bepaal. Die eerste verhoudingslyn het te make met die Gees as gawe aan Jesus, die tweede met die Gees as gawe van Christus (vgl. Vos 1995:111-128).

In die eerste verhoudingslyn is dit die Heilige Gees wat Jesus tot lewe wek en die opstanding uit die dood bewerk. Die Gees bevestig die Messiasskap van Jesus deur leweskeppend by sy opstanding teenwoordig te wees. Die opstanding, in die krag van die Gees, is die Messiaanse oorwinning.

Die tweede verhoudingslyn het te make met die Gees as gawe van Christus. Sedert Pinkster tree die Gees op as die Vader en die Seun se Liefdesbode. Hy moet tot in elke uithoek mense bewus maak van die Vader en die Seun se liefde, en wederliefde by hulle wek. Hy skenk en vra liefde op grond van Christus se oorwinning deur die opstanding heen (Pieterse 1993:136-137). Met die uitstorting van die Heilige Gees het daar 'n nuwe werklikheid vir die gelowiges en die kerk aangebreek. Dit is die era van die Gees. In die Gees tree die handelende God op om die geskiedenis na sy einddoel te lei (Pieterse 1993:138; vgl. ook Vos 1993:314-326).

Hiermee stem Dingemans (1996:155) saam, maar voeg die volgende by. Hy sê die werk van die Gees is die Christelike interpretasie van die 'Wirkungsgeschichte' van die evangelie en dit kan nie beperk bly tot die bewussyn van mense nie. Die invloed van die Gees reik verder en neem ook gestalte aan in tradisies, liturgiese vorme, gewoontes, gebruike, ensovoorts. Verder moet gesê word dat die werk van die Gees gemeng word met mensewerk. Die werk van die Gees word altyd gesien in die bedding van menslike vorme. Daar is 'n wisselwerking tussen die Gees van God en menslike interpretasies daarvan. Daar kan ook gesê word, dat daar voortdurend spanning is tussen die werk van God en mensewerk in die kerk, want die menslike interpretasies is nie altyd suiwer nie. Eie belang en heersersdrang word altyd vermeng in die interpretasies van die mens (Dingemans 1996:155).

### 5.1.4.2. KOMMUNIKASIETEORIEë.

Pieterse lê baie klem op die dialogiese kommunikasie teorie (Pieterse 1993:156). Hierdie teorie pas binne die aard van die dinamiese kommunikasie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Pieterse en Wester (1995:56-71) het die dialogiese benadering verfyn en dit in die volgende hoofkategorieë en dimensies ingedeel:

a. Voorstelling van die ander/deelnemer in kommunikasie:
- Dit gee betekenis aan die boodskap en die handelinge wat daarop volg.
- Dit beskerm die ander teen vernedering en vernietiging.
- Aktiewe deelnemer.
- Mede-gelowige.

b. Kommunikasiesituasie:
- Heersersvry.

- Pastoraal.
- Evangeliegerigte kommunikasie.
- Betrokke by godsdienstige gemeenskap.

c. Doel van kommunikasie:
- Bou relasies met mense/God.
- Laat eie oortuigings toe.
- Streef na gemeenskaplike verstaan.
- Bevryding.

d. Vorm van kommunikasie:
- Dialogiese preek.
- Verwisselbare rolle.
- "Open-ended".
- Preek as 'n stap in die proses.

e. Inhoud van kommunikasie:
- Sentrale plek van liefde/deernis.
- Goeie nuus van God.
- Bybelse boodskap oop vir gemeenskaplike interpretasie.
- Bevrydingsboodskap van God.

Dialogies moet in 'n breë sin verstaan word, naamlik dat dit 'n gelyktydige gebeure is by al die deelnemers wat besig is om betekenis aan mekaar oor te dra. Die begrip dialoog dui veral op die aard van hierdie kommunikasie (Pieterse 1993:156; vgl. ook Pieterse 1985:92-169; Pieterse 1991:7).

Die hoogste vorm van God se kommunikasie aan die mens geskied in die menswording van Jesus Christus. Die Gees is die groot Kommunikator, die Bewerker van kommunikasie, wat die heil in Christus voortdurend in die lewens van individue en die gemeente as gemeenskap toepas.

Hierdie kommunikatiewe handelinge geskied binne in 'n geloofsgebeure. Hieruit kan 'n woordgebeure plaasvind waarin God hier en nou in die huidige situasie spreek en handel. Die doel van hierdie handelinge is om verandering teweeg te bring. Dit gebeur ook in die gemeente. Hierdie kommunikasie het te make met die onderlinge kommunikering van die waarhede van die geloof en met die opbou van die geloof. Die doel is dus voortdurende verandering wat probeer om die hede te slyp na die ideaal van God soos wat Hy die wêreld graag sal wil sien (Heyns & Pieterse 1990:52; vgl. ook Nel 1991:24).

Dingemans (1996:112-115) praat van 'n dubbele kommunikasie. Die eerste is 'n persoonlike kommunikasie tussen God en mens en dit noem hy geloofskommunikasie. Die tweede is die kommunikasie tussen mense onderling waar hulle oor God praat, en dit word pastorale kommunikasie genoem.

Die ampsdraer of pastor is deel van die geloofsgemeenskap en maak deel uit van die pastorale kommunikasie. Vanuit die gemeente is hy of sy geroepe om professionele hulp te verleen aan medegemeentelede en om hulle by te staan in hulle kommunikasie met God en met mekaar. Die pastor staan dus nie tussen God en mens nie. Hy of sy staan aan die kant van die mense.

Dingemans se kommunikasieteorie kan beskou word as sy swakheid. Die preek as kommunikasiegebeure kom nie tot sy reg in die gemeente nie. Pieterse het sy kommunikasie teorie baie verder uitgebrei as wat Dingemans gedoen het en lê ook baie meer klem op dialogiese kommunikasie in die gemeente en tydens die prediking.

### 5.1.4.3. EKKLESIOLOGIE.

Dingemans (1996:213) gebruik as basis vir 'n ekklesiologiese ontwerp, die gemeenskap van die gelowiges. Die funksie van die kerk omskryf hy in terme van religieuse kommunikasie.
Ander kernfunksies is identiteit, integrasie, beleid en beheer. Die kerk word gesien as die brug tussen die evangelie en die mens en die samelewing. Die kerk staan elke dag op die kruispunt tussen tradisie en situasie.

Daar is vier prakties-teologiese brandpunte van die gemeentelewe wat belangrik is. Die eerste is dat dit altyd gaan om kommunikasie. Die tweede is dat dit gaan oor aktiwiteite wat toegespits is op sorg en diens. Die derde is die belewing van gemeenskap en onderlinge steun, en die vierde gaan oor leer.

Hierdie vier punte van die gemeentelewe kan nie van mekaar geskei word nie. By al vier gaan dit oor die verhouding tussen die omgang met God en die sorg vir mense (Dingemans 1996:228).

Pieterse (1993:158) beskou 'n praktiese-teologiese ekklesiologie vanuit twee gesigspunte. Die eerste is 'n kommunikatiewe perspektief en die ander een is die funksies van die kerk.

As Dingemans se indeling basies in twee verdeel word, sê dit dieselfde as wat Pieterse sê. Die gemeente moet veral bekyk word vanuit 'n kommunikasiehoek. Hierdie kommunikasie het te doen met die spreke van God hier en nou in die gemeente deur sy Woord en Gees en deur die diens van die pastorale optrede.

Die spreke van God in die kommunikasie van die evangelie veronderstel dat daar 'n ontmoeting sal wees. Dit is 'n lewensbelangrike gebeure. Trouens, die spreke van God in sy Woord en die eksistensiële kennis van die gemeente van hul Heer deur die spreke en ontmoeting heen, is die fondament en die wese van die Christelike geloof (Pieterse 1991:37). Uit baie verskillende kerkmodelle wat deur baie skrywers ontwerp is, kies

Pieterse (1993:159-160) die liggaam-van-Christus model (vgl. ook Pieterse 1991:71-96).

Daar is dus groot ooreenstemming tussen Dingemans en Pieterse oor 'n prakties-teologiese ekklesiologie.

**5.1.4.4. HERMENEUTIEK AS DIE BREë RAAM VAN ALLE INTERPRETASIES.**

Dingemans benader die praktiese teologie as 'n hermeneutiese interpretasie-wetenskap. Die werklikheid en veral die verstaan en bestudering van die geloofsgemeenskappe in die samelewing moet gesien word as 'n interpretasie-netwerk. In hierdie benadering word daar gebruik gemaak van sosiaal-wetenskaplike metodes asook van literêre, taal-wetenskaplike metodes en teks analises. Die interpretasie van die teks is van groot belang. In die agtergrond van gelowige handelinge staan die teks van die Bybel, die teks van die Christelike tradisie, die belydenisskrifte, teologiese verklarings, Bybelkommentare, ensovoorts. Die teologie moet ook gesien word as die interpretasie van die tradisie in wisselwerking met die konteks. Die hermeneutiese praktiese teologie wil graag 'n standpunt formuleer binne 'n bepaalde praxis en vanuit hierdie praxis word die konteks krities ondersoek en dan moet daar 'n aanbeveling gemaak word vir 'n nuwe praxis (Dingemans 1996:45-51).

Dingemans se boek wat handel oor die homiletiek se titel is "Als hoorder onder de hoorders ... Een hermeneutische homiletiek." Dit is 'n duidelike aanduiding dat hy met 'n hermeneutiese invalshoek die homiletiek benader. Daar is 'n spanningsveld tussen die hoorders en die teks en die hoorders word in die uitleggingsproses betrek, omdat dit in die prediking ten diepste gaan om die hoorders in kontak met God te bring (Dingemans 1991:15-16).

Pieterse se benadering tot die praktiese teologie en tot die homiletiek word deur die hermeneutiese benadering omraam. In die verstaanproses wat plaasvind vanaf die ontmoeting tussen teks en

situasie tot by die uitvoering van die teks in die preek, kom God se Woord self tot sprake. In hierdie verstaansontmoeting met die situasie van die teks word die eie situasie bewustelik vasgehou sodat die verstaan in die horisonversmelting plaasvind. Die teks van die Heilige Skrif is in wese preekteks. Die prediking is 'n beweging van die Skrifwoord na die mondelinge woord (Pieterse 1979:85-86).

Die prediking is die Woord van God in soverre dit die Skrifwoord lewend deur die Heilige Gees verkondig. Die Gees verlig ons oë en harte sodat ons die Skrif kan verstaan. Die Skrif moet verstaan word vanuit 'n trinitariese gesigspunt waarvan Jesus Christus die sentrum is.

Pieterse se hermeneutiese benadering sluit ook die kennis en verstaan van die situasie van die gemeente en die hoorder in. Die eie tyd moet verstaan word. God soek kontak met die mense van elke tyd. Die prediking is op die situasie van die hoorder in 'n spesifieke gemeente gerig. Wat dus belangrik is, is kennis van die taal as kennis van die werklikheid en kennis van die konkrete gemeente (Pieterse 1979:96-101).

Die eksegese van die teks is 'n belangrike fase in hierdie verstaanproses. Die prediker moet die teks saaklik, wetenskaplik-eksegeties maar ook met begrip vir die konkrete situasie van die gemeente en hoorders benader (Pieterse 1979:101-112).

Pieterse en Dingemans gebruik die hermeneutiek as breë raamwerk vir alle interpretasies in hulle teorieë. Die inhoud van hulle hermeneutiese raamwerk stem ook baie ooreen.

### 5.1.5. <u>DIE PRAXIS VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE</u>.

Volgens Pieterse (1993:173) beteken praxis binne die praktiese teologie 'n gereflekteerde praktyk. Die mens is voortdurend besig om sy eie praktyk krities te reflekteer terwyl hy of sy

daarmee besig is. Praxis beteken ook dat dit 'n praktyk is wat gerig is op transformasie van die huidige situasie in kerk en samelewing aan die hand van die eskatologiese werklikheid van die waardes van die komende koninkryk van God. Die praxis wat die praktiese teologie bestudeer, is die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van individue en groepe in die kerk en in die samelewing met die oog op die opwek en opbou van die geloof in God, soos geopenbaar deur die woorde en dade van Jesus Christus (vgl. ook Pieterse 1985:4; Nel 1991:24).

Dingemans (1996:22) beskryf die praxis van die praktiese teologie as die praxis van die funksionering van die gemeente binne 'n bepaalde samelewing en in 'n bepaalde kultuur. Die gemeente as geloofsgemeenskap en as 'n getuie van die evangelie het 'n hele aantal funksies. Sommige is intern en ander weer ekstern gerig op die taak van die gemeente. Intern gaan dit oor die erediens wat bestaan uit sang, Skriflesing, meditasies, die bediening van die sakramente en die preek. Verder gaan dit ook oor leergroepe en leeraktiwiteite, soos die kategeseskool, vorming- en toerustingswerk en die opleiding vir spesiale take. Dit het ook te doen met die onderlinge sorg van mense en hulle probleme in en buite die gemeente (Dingemans 1996:21). Op sosiale en materiële nood reageer die gemeente deur die diakonaat. Dit gaan nie net oor barmhartigheid nie, maar ook oor geregtigheid. Die gemeente probeer antwoorde vind op die vrae en probleme van die samelewing as sodanig en op die nood van groepe en enkelinge (Dingemans 1996:22).

Die praktiese teologie moet kyk na die verskillende gestaltes van die Christelike geloof, nie net in die kerk nie, maar ook in die gesin, skool, vakbond, pers, radio, televisie, ensovoorts (Dingemans 1996:24). Dit gaan ook nie net oor een bepaalde kerkgenootskap nie. Die praktiese teologie bestudeer die praxis van die evangelie (Dingemans 1996:25). Die kerk moet die intermediêr wees tussen die evangelie, die mens en die samelewing.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Pieterse en Dingemans basies dieselfde siening het oor die praxis van die praktiese teologie.

### 5.1.6. <u>PRAKTYKVELDE</u>.

Volgens Dingemans (1996:140-141) gaan dit hier oor die funksies van die evangelie soos dit plaasvind in die kerk en in die samelewing, waarmee die praktiese teologie hom besig hou en waarop die praktyk-teorieë gerig is. In hierdie praktykvelde is daar 'n voortdurende spanningsverhouding tussen die evangelie en die kulturele en politieke situasie. Daarom praat Dingemans nie van handelingsvelde nie, maar van interaksievelde.

Die hoofindeling van die interaksievelde in die praktiese teologie soos Dingemans dit sien is: die situasie, die samelewing, die individu en die kerk en die evangelie. Daar is ook subvelde wat hieruit voortspruit soos wêreldprobleme, politieke probleme, samelewingsprobleme, kultuur in die algemeen, opvoeding en sport.

Die interaksieveld vir die betekenis van die geloof in die lewe van die individu het die volgende subvelde: die persoonlike ontwikkeling van mense, die beleweniswêreld, wedersydse sorg en diens aan mekaar.

Die interaksieveld van die kerk as brug tussen die evangelie, mens en samelewing het die volgende subvelde: diens, sorg, onderrig, geloofskommunikasie, geloofsbelewenis, getuienis en missie van die gemeente en beleidsformulering (Dingemans 1996:142).

Pieterse (1993:51) onderskei tussen drie tipes teorieë naamlik, metateorieë, basisteorieë en praktykteorieë. Metateorieë is 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word, wat ons met ander vakke universeel deel - vakke wat objekte van dieselfde aard bestudeer.

'n Basisteorie is 'n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak. In die praktiese teologie is voorbeelde hiervan 'n ekklesiologie waar dit gaan oor die erediens, gemeentebou, ensovoorts. 'n Kommunikasieteorie, hermeneutiese teorie, 'n antropologie, ensovoorts. Met betrekking tot die homiletiek gaan dit oor 'n hermeneutiese impak, verstaan van die evangelie in 'n eietydse situasie, die pneumatologiese verstaan van die preekgebeure, 'n gemeentebeskouing, kommunikasieteorie, taal- en literêre teorie ensovoorts (Pieterse 1991:142).

Praktykteorieë word ontwerp vir elke kommunikatiewe handeling, soos byvoorbeeld vir preekvoorbereiding, kommunikasie tydens die preek, die retoriese aspekte van die preek, die sang in die erediens, die kategetiese optrede van die kategeet, die pastorale gesprek tydens groepshuisbesoek, ensovoorts (Pieterse 1993:52).

Uit dit alles blyk dit dat daar meer ooreenkomste is as verskille tussen Dingemans en Pieterse en dat albei basies dieselfde praktykvelde in die oog het vir die praktiese teologie.

### 5.1.7. **METODOLOGIE**.

Pieterse (1993:25) sê die praktiese teologie as handelingswetenskap werk met 'n empiriese metode. In die teologie was daar tradisioneel basies drie metodologiese wyses waarop die teologie beoefen is, naamlik die histories-kritiese, literêr-kritiese en sistematies-kritiese metodes. Die ontwikkeling in die praktiese teologie na die Tweede Wêreldoorlog het 'n nuwe metode tot die metodes gevoeg, naamlik die empiries-kritiese metode.

Empiriese ondersoeke geskied deur distansiëring, objektivering en deur beskrywing, verkenning en verklaring. Empiriese navorsing verloop ordelik en sistematies. Navorsingsdata word volgens 'n vaste en sistematiese metode ingesamel. Noukeurigheid en geldigheid is van die uiterste belang.

Daar is ruimte vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe ondersoeke binne die praktiese teologie, sê Pieterse, met sy empiriese benadering, asook vir ander tipes ondersoeke soos die teoretiese, historiese en literêre ondersoeke, maar die empiriese metode is die sinvolste.

Dingemans wat aansluit by die hermeneutiese benadering is van mening dat daar eers gepoog sal moet word om die praxis so breed as moontlik te analiseer. Daar word gesoek na die motivering agter die gedrag. Die feitelike situasie sal veral vanuit 'n historiese perspektief geïnterpreteer word teen die agtergrond van die normatiewe betekenis en dit word gedoen aan die hand van die Bybel en die kerkleer. Dingemans is van mening dat daar begin moet word met 'n analise van die praxis. Die praxis moet dan vergelyk word met die gewenste situasie of die normatiewe visie, sodat 'n evaluasie gemaak kan word en aanbevelings of suggesties voorgelê kan word vir 'n beleid of strategieë. Dingemans gee voorkeur aan die hermeneutiese-kwalitatiewe metode wat aangevul kan word met 'n meer empiriese kwantitatiewe metode.

Alhoewel Dingemans en Pieterse van mekaar verskil, skep hulle tog genoeg ruimte sodat meer as een ondersoek metode in die praktiese teologie gebruik kan word.

Vervolgens word daar nou aandag gegee aan die ooreenkomste tussen die homiletiese teorieë van Pieterse, Long en Dingemans.

## 5.2. OOREENKOMSTE TUSSEN PIETERSE, LONG EN DINGEMANS OOR HULLE HOMILETIESE TEORIEë.

### 5.2.1. INLEIDING.

Praktykteorieë in die homiletiek is teorieë wat handel oor die praktyk van die prediking. Dit sluit alles in wat handel oor die 'hoe' van die prediking. Voorbeelde van sulke teorieë is onder andere: die proses tussen teks en preek of preekvoorbereiding, verwoording van die preek of preek as taal- en retoriese gebeure,

kommunikasie in die prediking, preektipes en preekvorme, preeklewering, die hoorders van die preek, gemeentedeelname aan die preek, die effek van die preek ensovoorts. Vervolgens word daar nou gekyk na die ooreenkomste tussen Dingemans, Long en Pieterse se homiletiese teorieë en hoe hulle by mekaar aansluiting vind.

### 5.2.2. <u>BESKOUINGS OOR DIE PREEK</u>.

Kernagtig is Pieterse (1988:73) se siening oor die preek dat dit die verkondiging van die Woord van God is. Dit geskied in die modus van uitleg en toepassing. Die begrip 'uitleg' dui daarop dat 'n gedeelte uit die Bybel verstaan moet word in die konteks van die totstandkoming van die teks en dat die bedoeling van die spesifieke teks verstaan moet word en dat die boodskap van die teks binne sy verband in die Skrif vasgestel moet word. Die begrip 'toepassing' dui weer daarop dat die spesifieke boodskap wat deur die eksegese vasgestel is, binne die konkrete situasie van die gemeente as 'n Godswoord vir die hoorders, hier en nou moet aktualiseer (Pieterse 1988:73).

Dingemans (1991:50) se teorie oor die preek is dat dit dié element van die erediens is waarin die predikant as hoorder onder die hoorders - deur middel van 'n uitleg, dramatisering en toepassing van die Skrif in sy velerlei gestaltes en beweginge, aan die kerkgangers hulp probeer verleen met hulle eie kommunikasie met die Bybel en die evangelie en hulle kommunikasie met God self.

Long sien in die prediking die prediker as getuie wat deel is van die gemeente en wat van die waarheid moet getuig. Bybelse prediking gebeur wanneer die prediker biddend na die Bybel luister namens die gemeente en dan namens Christus praat oor dit wat hy of sy gehoor het (Long 1989:48). Om te preek beteken ten diepste om te praat oor die verlossing wat deur Jesus Christus bewerkstellig is (Long 1989:20). 'n Preek is 'n Bybelse boodskap

wat oorgedra word aan 'n spesifieke gemeente vir vandag, op 'n gegewe plek (Long 1989:46).

Long (1989) se standpunt is dat prediking nie net die taak van die individuele prediker is nie, maar dit is 'n geloofsaksie van die hele gemeente. Prediking kom uit die gemeente na die kansel toe. Sy vertrekpunt is dus vanuit die hoorders en dit is ook die vertrekpunte van Pieterse en Dingemans.

### 5.2.3. DIE PREDIKER.

Long, Dingemans en Pieterse het basies dieselfde siening oor die prediker. Pieterse (1988:62-72) wy 'n hele hoofstuk oor die prediker en dan sê hy onder andere: "Die prediker moet nie skroom om volledig mens te wees op en onder die kansel nie. Op en onder die kansel is die prediker 'n mens onder mense. Hy moet só leef en met die gemeente praat dat hulle die gevoel kry dat hy of sy saam met hulle leef en worstel - en glo. 'n Goeie prediker is 'n mens wat midde-in die lewe staan en daar getuie van Christus is" (Pieterse 1988:71).

By Dingemans staan die prediker onder die kansel saam met die gemeente en worstel hy of sy saam met hulle aan die teks. Tog vorm hulle nie 'n homogene groep nie. Die prediker is hoorder onder die hoorders en dus tog spesiaal. Hy of sy het naamlik die besondere kundigheid om eksegeties met die teks om te gaan, die vaardigheid om vanuit die teks 'n preek te skep, soos wat 'n skildery geskep word en dan het hy of sy die vermoë om op die preekstoel te gaan en die hoorder-kollegas aan te raak met woorde en hulle en hom- of haarself in kontak met God te bring (Verhoef 1992:72).

Long (1989:23-47) bespreek 'n paar beelde wat die rol en uitgangspunt van die prediker beskryf. Die beelde wat hy gebruik is die boodskapper, die pastor, die storieverteller en die getuie. Sy keuse is die beeld as getuie. Die prediker kan wel iets sê op grond van dit wat hy of sy sien en hoor. Die prediker

luister na God deur die teks. En so word hy of sy getuie van dit wat hy of sy sien en hoor deur die Skrif. Hy is eenkant gesit namens die gemeente vir die bediening. Die prediker is ingesweer as getuie (Long 1989:44). Getuienisse word getoets deur bewyse, en die bewyse waaraan die prediker getoets word is die wisselwerking en betrokkenheid tussen God en mens. Die prediker is lid van die gemeente en is deur hulle afgesonder om die Skrif te deursoek en te bestudeer en om in gehoorsaamheid namens hulle te luister (Long 1989:45).

Long beklemtoon ook die feit, net soos Pieterse en Dingemans, dat die prediker nie buite die gemeenskap van die hoorders staan nie, maar dat hy of sy lid van die gemeente is (Long 1989:39,55-56; vgl. ook Long 1988:16-21).

**5.2.4. <u>DIE HOORDERS</u>.**

Nog 'n punt waaroor daar ooreenstemming is tussen Dingemans, Pieterse en Long is hulle onderskeie standpunte oor die hoorders. Al drie plaas 'n hoë prioriteit op hoe die hoorders die boodskap hoor en verstaan. Al drie se vertrekpunte vir hulle teorieë is by die hoorders.

Long (1989) verwys baie na die hoorders. Onder andere voer hy aan dat as die predikers na die Skrif toe gaan moet hulle die mense saam met hulle neem. Die prediker moet 'n woord vir die hoorder hoor. Die nood en situasies van ander moet in ag geneem word. (vgl. Long 1988:16). Onder die hoorders is daar kinders, volwassenes, enkelouers, betrokke lidmate, vreemdelinge, nuwe intrekkers, bejaardes, ensovoorts. Die prediker tree op namens die gemeente. Dit moet 'n priesterlike handeling wees, en die priester moet 'n getuie wees (Long 1989:55-57).

Dingemans (1991) lê baie sterk klem op die hoorder. Verhoef (1992:71-72) sê, Dingemans stel dit duidelik en herhaaldelik dat die hoorder die vertrekpunt van sy homiletiek is. Sy homiletiek is hermeneuse waar interpretasie en verstaan sentraal staan.

Hierbinne kom die hoorders in aksie en so word die hoorders se konstruktiewe aandeel in die preek erken. Die posisie van die prediker as gesagsfiguur word verreken in die feit dat hy of sy konstruktiewe uitlaatkleppe moet skep vir die bestaande hoorders-aktiwiteit binne die gemeenskaplike opset. Ook is dit belangrik dat die prediker in hierdie opset as een van die hoorders gereken word.

Vir Pieterse (1991) is die hoorder deel van die preekgebeure. Hy is van mening dat daar nie gepreek kan word sonder 'n ontleding van die situasie van die hoorder nie (Nel 1996:5). Hy het ook 'n teorie ontwikkel oor die hoorder, 'n saak wat tot dusver in die homiletiek min aandag gekry het (Pieterse 1991:97-128).

Samevattend gaan dit vir Pieterse oor die wyse waarop die gemeente na die preek luister. Dit gaan ten diepste oor hul hoor en verstaan van die preek. 'n Hermeneutiese proses speel ook hier af. Die hoorder verstaan die preek binne sy of haar teologiese tradisie. Dit is ingebed in al die aktiwiteite en verhoudinge in die gemeente en het sy spitspunt in die erediens. Binne hierdie konteks geskied die verstaan. Verder is dit so dat die hoorder die preek selektief binne sy eie werklikheid verstaan, met ander woorde, binne die grense van die vorige ervaringe en opvattinge. Dit bestaan uit drie fases - 'n selektiewe instelling, selektiewe waarneming en selektiewe onthou (vgl. ook Vos 1992:240).

Luister is 'n volgaksie binne die gemoed van die hoorder. Die prediker word in sy verbale en nie-verbale kommunikasie, in sy gedagtes en opvattinge en in die beelde wat hy of sy gebruik, gevolg deur die hoorder. Die volgaksie word vergemaklik deur 'n konstruktiewe gebruik van die "spaartyd" waarin die reeds uitgesproke gedagtes deur die prediker gememoriseer word en die metafore gevisualiseer word (Pieterse 1991:127).

Pieterse, Long en Dingemans plaas dus 'n hoë prioriteit op die hoorders, inteendeel, dit is hulle vertrekpunt in die homiletiek.

## 5.2.5. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE TEKS.

Daar was 'n tyd in die homiletiek toe al die aandag so te sê aan die teks gewy is en min aandag aan die hoorders gegee is. Hierdie moderne homiletiek probeer om die balans te herstel tussen die teks en die hoorders. Die titel van een van Dingemans se boeke "Als hoorder onder de hoorders" sê reeds iets van hierdie herstel. Die prediker word as een van die hoorders beskou. Dieselfde word by Long gevind. Sy basiese uitgangspunt is dat die prediker een van die gemeentelede is. Pieterse met sy dialogiese kommunikasieteorie beweeg weg van die monologiese preekvorm en beklemtoon die deelname van die gemeentelede in die prediking. Alhoewel al drie skrywers nader na die hoorders toe beweeg, beklemtoon al drie die belangrikheid van die teks. Die teks mag nie afgeskeep word nie, maar die hoorders mag ook nie vergeet word nie. Al drie verduidelik intensief hoe daar met die teks omgegaan moet word in die preekmaakproses.

Dingemans (1996:46) sê die interpretasie van die teks is van groot belang. Die Bybel moet die bron van die prediking bly (1991:26), want dit is die bron van die Christelike geloof.

Long (1989:48) sien prediking as Bybels wanneer die prediker die teks van die Bybel toelaat om leiding te neem totdat die preekdoel bereik is.

Pieterse (1988:73; vgl. ook Pieterse 1985:12) wys op die belangrikheid van die teks deur te sê dat die Gereformeerde siening van die preek, is dat dit die verkondiging van die Woord van God is, in die modus van die uitleg en toepassing van die teks, binne die boesem van die gemeente. Dit is die basiese struktuur van alle Skrifprediking. Die preek moet die Skrif toelaat om sodanig te kan spreek sodat die Woord van God daarin gehoor kan word. Die preek moet altyd 'n teksbinding hê. Die

gebondenheid van 'n preek aan 'n preekteks help mee sodat die prediking in ooreenstemming met die oorsprong van die Christelike geloof kan wees (Pieterse 1985:12).

### 5.2.6. <u>STAPPE IN DIE PREEKVOORBEREIDING</u>.

Dingemans, Long en Pieterse het baie aandag gegee aan die preekvoorbereidingsfases in hulle boeke. Al drie het die stappe van die preekvoorbereiding so volledig as moontlik beskryf en oor die belangrike aksies stem hulle ooreen. So hier en daar verskil hulle oor sekere fynere punte of lê die een meer klem op 'n sekere faset as die ander.

Volgens Pieterse is preekvoorbereiding ten diepste deel van 'n kommunikasieproses. Die prediker is as luisteraar en ontvanger besig met die teks. Hy of sy wil 'n boodskap uit die Skrifteks kry en daarom is daar 'n kommunikasie gebeure aan die gang. Die stappe in preekvoorbereiding kan in drie fases verdeel word, naamlik die voorbereidende fase, die hooffase en die afrondingsfase (Pieterse 1985:144).

In die voorbereidende fase gaan dit oor 'n voorlopige verkenning van die gekose gedeelte en die afbakening van die perikoop. Verder moet daar tekskrities na die teks gekyk word (Pieterse 1985:144).

In die hooffase word die werklike eksegese van die teks gedoen. Die makrostruktuur en die mikrostruktuur moet ook nou geanaliseer word (Pieterse 1985:144-145).

In die afrondingsfase moet die verkondigingsinhoud of die boodskap van die hele eenheid geformuleer word. Die preekteks word nou finaal gekies en die skopus moet vasgestel word. Daarna word die preekdoel geformuleer en na dit die hoofgedagte van die preek. Die volgende twee stappe is die formulering van die preektema en die preekskema. Daarna moet op 'n preekvorm besluit word (Pieterse 1985).

Dingemans (1991:181-184) begin by die tekskeuse. Hy sê die tekskeuse word deur vyf faktore bepaal, naamlik die kerkjaar, die leesrooster, lectio continua, vrye tekskeuse en spesiale dienste.

Nadat die teks gekies is moet aandag aan die hoorders gegee word. Hier gaan dit oor wie die hoorders is. Wat is die kulturele, sosiologiese en ekonomiese situasie van die tyd. Verder moet daar gedink word oor dit wat in die gemeente plaasvind. Die mense se vreugdes, terugslae en vrae, asook die godsdienstige tradisies waarbinne die mense opgegroei het.

Die liturgiese konteks waarbinne die preek gaan plaasvind is ook belangrik. Daarna moet die leeswerk en eksegese gedoen word. Die doel van die preek moet bepaal word. Die preeksoort moet gekies word en daar moet gewerk word aan die vormgewing van die preek. Die preekinleiding, taal en slot vra ook besondere aandag (Dingemans 1991:179-223).

Long (1989:48) begin by die Bybel wat as norm gebruik moet word, daarna beweeg hy na die prediker toe en toon aan watter faktore hom of haar beïnvloed. Vervolgens kom die omstandighede van die hoorders onder die soeklig en dan begin die werklike eksegese. Hy wys op 'n paar maniere hoe die teks uitgesoek moet word, maar beklemtoon dat die behoefte van die gemeente altyd in ag geneem moet word.

Eers word die teks net deurgelees, daarna moet gekyk word na die teks in sy groter konteks. Probeer dan agterkom wat die sentrale gedagte is en of dit ondersteun word deur die groter geheel. Vra vrae aan die teks en probeer antwoorde daarop vind. Ondersoek dan die teks histories, literêr en teologies. Toets die teks daarna aan die hand van kommentare. Om die preek sinvol oor te dra moet die gemeente se behoeftes, wense, verlanges, omstandighede en nood geken word.

Die fokus en funksie moet nou vasgestel word, en daarna die vorm. Die preekvorm moet maak dat die preek 'n sisteem word vir

kommunikasie en daarom is die verfyning van preekvorm belangrik. Long lê verder ook baie klem op die inleiding, verbindings en die afsluiting (Long 1989:48-155).

### 5.2.7. **DIE TAAL VAN DIE PREEK.**

Daar is ooreenstemming oor die taal van die preek by al drie die skrywers. Dingemans, Pieterse en Long sê dat preke dikwels in skryftaal gemaak word, maar tydens die preek moet die gesproke taal gebruik word. Die effek van die gesproke woord is anders as dié van die geskrewe woord (Long 1989:181). Preke moet in spreektaal gelewer word (Dingemans 1991:219). Om goed te kommunikeer moet die prediker vertroud wees met die denk-taal- en begripswêreld van die hoorders en daarvolgens met hulle praat (Pieterse 1985:156).

Omgangstaal beteken egter nie slordige taal nie. Die taal moet die volgende kenmerke bevat: kort sinne; die aktiewe vorm in plaas van die passiewe vorm; konkrete woorde en voorbeelde; min byvoeglike naamwoorde; die hoofsaak moet in die hoofsin opgeneem word en nie in die bysin nie; funksionele herhalings; nie die ek-taal nie; en ook nie die 'royal-we' nie. Die preek moet 'n helder struktuur en 'n helder taal hê (Dingemans 1991:219). Verwoording het te make met strukturering. 'n Preek wat vaartbelyn gestruktureer is, kommunikeer beter as gedagtes wat los en vas deurmekaar uitgespreek word (Pieterse 1985:159).

### 5.2.8. **PREEKVORME EN PREEKSOORTE.**

As Pieterse (1985:170) die term preekvorme gebruik dan verbind hy dit aan die strukturering van die preek. 'n Goeie struktuur, orde en vorm is onontbeerlik as 'n hulp vir die hoorder van die preek. Struktuur is ook vir die prediker noodsaaklik. Dit help hom of haar om sy of haar se gedagtes te orden. Dit help ook om onnodige herhalings te vermy en dit perk die prediker af tot 'n begin en 'n einde. Verder help dit om die gang van die boodskap

duidelik en ordelik oor te dra (Pieterse 1985:171; vgl. ook Kellerman 1993:175-176).

Wanneer die prediker die preektema in 'n preekskema begin ontvou, moet hy of sy 'n bewuste keuse maak vir die vorm van die preek wat die intensie van die teks die beste tot die hoorders sal bring. Met die begrip preekvorme bedoel Pieterse die vorm waarin die boodskap gestruktureer en verwoord word en dit het met genres te doen (Pieterse 1985:172; vgl. ook Davis 1975:98-107).

Pieterse bespreek dan ook 'n paar preekvorme, naamlik die teks-tematiese preekvorm, die homilie, die verhalende preekvorm en die poëtiese preekvorm (Pieterse 1985:235; vgl. ook Kellerman 1993:179-186).

Dingemans (1991:209) praat oor die vormgewing van die preek, maar hy bedoel iets anders daarmee as Pieterse se preekvorme. Dingemans verbind dit ook aan die struktuur van die preek maar kom later by sekere werksfases uit tydens die preekvoorbereiding soos die klassieke retoriese opbou, die vyf-stap-planne soos deur Geissner voorgestel, die leerpsigologiese model en die verhaalmodelle.

Dingemans se gebruik van die woord homilie is ook verwarrend. Hy gebruik die woord om daarmee die aard van die prediking, naamlik 'n ontmoetingsgebeure, aan te dui. Hiermee doen hy afbreuk aan die tradisionele verstaan van die woord homilie, as een van die vorme of strukture waarin die preek gegiet kan word

Pieterse (1985:195-199) omskryf die homilie as die 'oudste preekvorm' met as basiese kenmerk dat die teks volgens sy eie volgorde vers vir vers verklaar word op 'n informele en eenvoudige wyse in 'n dialogiese karakter (Verhoef 1992:75).

Dingemans kies vanuit die preek as homilie vir basies net een preekvorm, naamlik die narratief. Hierdie vorm word egter teologies nie voldoende uitgewerk nie en daar word hoofsaaklik

op Buttrick gesteun, wat net literêr werk. Binne die prediking as kommunikatiewe gebeure kan daar nie net van een preekvorm gebruik gemaak word nie, omdat nie alle tekste en hoorders in die narratiewe vorm pas nie (Verhoef 1992:75).

Oor die preeksoorte is daar ooreenstemmigheid tussen Dingemans, Pieterse en Long. Pieterse waarsku egter en sê, gewoonlik word onder preekvorme verskillende soorte preke soos die kinderpreek, die geleentheidspreek (wat bestaan uit begrafnispreke, huwelikspreke en preke vir besondere geleenthede), kategismuspreek, ensovoorts, verstaan. Tradisioneel word al hierdie preke egter basies ingeklee volgens die retoriese model wat ons in die Westerse tradisie van die Grieks-Romeinse kultuur geërf het (Pieterse 1985:172).

Wanneer Long (1989:126-130) die term preekvorm gebruik bedoel hy ook heeltemal iets anders as Pieterse. By hom gaan dit meer oor die vorm van die preek wat verfyn moet word sodat dit in sy totaliteit as 'n eenheid kan dien. Dit gaan oor struktuur en taalkundige verbindings sodat al die dele saam kan vloei as 'n groot geheel om die interaksie tussen die preek en hoorders te vergemaklik (vgl. ook Long 1989a:14).

Die indeling oor genre wat Long (1989a) voorstel is 'n waardevolle bydrae in terme van die prediking. Hy werk met sleutelvrae soos: Wat is die genre van die teks? Wat is die retoriese funksie van die teks? Watter literêre strategieë gebruik die genre om sy retoriese effek te bereik? Hoe beliggaam die teks binne sy literêre konteks die kenmerke en dinamiek wat in die voorafgaande vrae beskryf is? Hoe kan die preek, in 'n nuwe konteks, sê en doen wat die teks in sy konteks sê en doen? (Long 1989:24-34).

Daar kan dus gesien word wat die preekvorm betref, verskil Pieterse, Dingemans en Long van mekaar, maar lewer tog 'n waardevolle bydrae vir die prediking oor 'n verskeidenheid van sake wat betrekking het op die eksegese van die teks.

## 5.2.9. BEELDSPRAAK.

In die prediking moet daar na die regte woorde en uitdrukkings gesoek word (Dingemans 1991:218). In hierdie soeke kan die gebruik van beelde 'n belangrike hulpmiddel wees. Mense word gedurig aan beeldtaal blootgestel omdat hulle moeite ondervind met abstrakte taal. Omgangstaal het gewoonlik baie beeldtaal as inhoud omdat dit die taal is wat by mense bekend is (vgl. ook Mitchell 1994:130; Dingemans 1991:163; Vos 1992:43).

Pieterse (1985:187-188) ondersteun hierdie gedagte van Dingemans deur daarop te wys dat die metafoor 'n groot hulpmiddel is om godsdienstige begrippe en waarhede konkreet en verstaanbaar oor te dra. Dit geld ook vir 'n beeld en 'n simbool. 'n Metafoor is 'n oordragtelike figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking of ooreenkoms berus, wat die beeld in die plek van die eintlike voorstelling plaas, of die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe suggereer.

'n Metafoor bied 'n illustrasie vir die woord, 'n begrip of 'n gedagte. 'n Metafoor het te doen met die visuele. Dit stel 'n abstrakte saak deur middel van 'n konkrete visuele beeld in die verbeelding van die hoorder op so 'n wyse voor, dat hy of sy deur assosiasie die bedoelde begrip of saak kan 'sien' of verstaan.

Wanneer 'n mens oor God praat en die groot geestelike werklikheid wat veel groter as die mens se ervaring en begripswêreld is, dan het ons 'n taal nodig wat die groot afstand verklein en die omgang daarmee vergemaklik. In konkrete beelde word 'n abstrakte saak naby gebring en verstaanbaar gemaak (Pieterse 1985:188).

As Long (1989:156) na die inhoud van die Nuwe Testament kyk, dan sien hy dat Jesus baie van beeldspraak gebruik gemaak het. In sy prediking het Jesus gebruik gemaak van beelde uit die natuur, die familie en algemene menslike ervarings wat bekend was aan die mense van daardie tyd. Beeldspraak het 'n eiesoortige funksie. Dit is nie dekorasies in die preek nie, maar is aktiewe faktore

in die kommunikasieproses. Hulle is hulpmiddels sodat daar iets kragtigs gebeur in die gedagtes van die hoorders. Hulle kan iets verduidelik en opklaar. Die tipe beeldspraak wat gekies word moet implisiet of eksplisiet 'n verband bewerkstellig tussen die alledaagse lewe en die teks van die Bybel (Long 1989:157).

Long is 'n voorstander daarvan dat predikers die verskillende vorme van beeldspraak moet ken sodat hulle die funksie van elke vorm reg kan gebruik. Hy beskryf drie vorme naamlik "The simile type, the synecdoche type and the metaphor type".

Dingemans, Pieterse en Long is al drie groot voorstanders daarvan dat beeldspraak tydens die prediking met oorleg gebruik moet word.

### 5.2.10. DIE BEGIN VAN DIE PREEK.

Oor die begin of inleiding van die preek dink Long, Dingemans en Pieterse dieselfde. Dingemans (1991:216-217) is van mening dat die kreatiewe moment van die preek altyd in die begin lê. Die eerste woorde van die preek moet die stof inlei en ook 'n band op emosionele en relasionele vlak lê tussen die prediker en die hoorders. Dit kan gedoen word deur 'n boeiende voorbeeld, verhaal, voorval of 'n bekende gesegde wat maak dat mense met aandag luister. Die voorbeeld of verhaal waarmee daar begin word moet egter direk gerig wees op die saak wat in die preek aan die orde gestel word.

Long (1989:135-147) beklemtoon ook die belangrikheid van die inleiding. Hy noem vier verantwoordelikhede wat in die inleiding uitgevoer moet word. Die eerste is dat die inleiding implisiet en eksplisiet 'n belofte aan die hoorders moet maak. Die hoorders soek 'n rigting om in te luister. Dit is hoekom die woord 'belofte' gebruik word. Om 'n belofte te maak is om na 'n sekere punt in die toekoms te verwys sonder om presies te sê hoe dit gaan gebeur.

Die tweede is dat die preek inleiding beloftes moet maak wat die hoorders graag hulle eie wil maak. Die hoorders moet dit waardevol vind, dit moet betekenis hê vir hulle lewe.

Die derde is dat die preek inleiding 'n belofte moet maak op dieselfde kommunikasie vlak as die res van die preek.

Die vierde is dat die preek inleiding die hele preek moet antisipeer, maar dit moet ook verbind kan word aan die direkte volgende stap wat volg in die preek.

Pieterse (1985:183-185) beskou die inleiding ook as uiters belangrik. Hy sê, met die inleiding is die lot van die preekgebeure meestal beslis. As die prediker daarin kan slaag om die hoorders se aandag te trek, is hy of sy al goed onderweg met die preek. Die saak waarom dit in die preek gaan moet dan gevestig word. Die inleiding het alles te make met die kommunikasieproses in die preek. Verskillende benaderingswyses kan gevolg word. Daar kan begin word met 'n vraag of 'n probleemstelling. 'n Gebeurtenis of 'n aktuele saak kan as 'n aanknopingspunt gebruik word. Daar kan by een of ander aspek van die teks of die preektema aangesluit word. Daar kan ook met 'n illustrasie, vertelling of beeld begin word. 'n Inleiding moet altyd kort, eenvoudig, duidelik, doelgerig en treffend wees.

### 5.2.11. DIE SLOT VAN DIE PREEK.

Volgens Dingemans (1991:222-223) moet die slot van die preek die inhoud kortliks saamvat. Verder moet dit die hoorders oproep tot iets en dit moet oop wees sodat die hoorders self die res kan invul. Die preek moet nie eindig met wetmatighede nie, maar met die hoop van die evangelie. Die preek kan eindig met 'n vraag en selfs met 'n opdrag. Dit is goed as die slot die begin van die preek weer opneem, want dan word die sirkel voltooi. Goeie voorbereiding vir die begin en die slot is noodsaaklik en die bewoording moet saam geneem word kansel toe.

Long (1989:150) beweer dat die hoorders intuïtief weet wanneer die preek verby is, en wanneer die preek langer duur of by daardie punt verby gaan word dit 'n irritasie vir die hoorders.

'n Preek met 'n skerp fokus en funksie sal mik om een ding goed te sê en goed te doen en hierin speel die slot 'n belangrike rol. Die sleutel faktor is, wat wil deur die preek bereik word? Wil die prediker iets vir die hoorders leer, of wil hy of sy gevoel opwek, of is dit 'n oproep tot aksie of 'n kombinasie van hierdie faktore? Die slot moet by hierdie beoogde doel aansluit.

Die slot kan 'n opsomming van die preek wees, of 'n appèl of 'n gevoel uit die hart. Goeie preke eindig eintlik nie, dit bly leef in die gedagtes van die prediker en van die hoorders, lank nadat die erediens al verby is (Long 1989:155).

By hierdie laaste gedagte van Long sluit Pieterse (1985:169) aan as hy sê dat die boodskap van die preek in die dade van die gemeente gesien moet word. As dit gebeur het die kommunikasie geslaag. Die werkingsgeskiedenis van die preek in die gemeente wat in hulle dade uitkristalliseer, is die toets van die ware verstaan, die ware Woord wat gehoor is.

Oor die slot van die preek skryf Pieterse (1985:190-192) waar hy die tekstematiese preekvorm behandel, dat die slot die proef is op die som van die geheel. Die regte woorde aan die einde kan 'n goeie nawerking verseker. Daarom moet dit presies vooraf geformuleer word.

Die preek moet op die regte tyd en op die regte manier afgesluit word. Daar is geen ruimte vir te veel herhalings nie. Die slot moet bondig en sterk wees. In 'n paar goed geformuleerde sinne moet dit afgehandel word.

'n Goeie slot kan een van die volgende vorme aanneem. Dit kan 'n kort samevatting van die geheel van die boodskap wees, of 'n appèl op die lewe van die gemeentelede. Dit kan 'n oproep wees

tot 'n beslissing of 'n besluit. Dit kan 'n uitnodiging wees tot 'n oorgawe aan Christus, of 'n uitnodiging om positief handelend op te tree. Dit kan 'n waarskuwing inhou. Dit kan die vorm aanneem van 'n saamtrekking of 'n skerp fokus van die boodskap op die konkrete lewe van die hoorders. Die slot kan die vorm aanneem van 'n oop einde. Dit beteken dat die slotwoorde so gestel word dat die hoorder vrygelaat word om self verder na te dink en vrygelaat word om sy of haar besluite te neem. 'n Vraag aan die einde of 'n uitspraak wat die gedagtes rig en prikkel, kan so 'n oop einde bewerkstellig. Die slot kan ook die vorm aanneem van 'n klimaks waarin daar met doksologie, met 'n treffende aanhaling uit die Psalm- en Gesangbundel, of selfs snitte uit die letterkunde afgesluit word.

'n Goeie slot is dus 'n slot wat bondig en kragtig is; nie nuwe gedagtes invoer nie; 'n eenheid met die res van die preek en die boodskap vorm; uit die boodskap vloei en dit konkretiseer, toespits en tot afsluiting bring; persoonlik en spesifiek is; tot 'n beslissing, 'n voorneme en tot 'n nuwe optrede lei. 'n Slot behoort nie aangekondig te word nie. Dit breek die geboeidheid en laat sommige mense voortydig afsluit. 'n Slot moet die preek betyds afsluit. 'n Redelike tyd vir 'n preek is ongeveer twintig minute.

Al drie skrywers, Pieterse, Long en Dingemans stem dus in breë trekke ooreen, oor wat die inhoud van die slot van die preek behoort te wees.

### 5.2.12. PREEKLEWERING.

Long (1989:181) wys daarop dat prediking 'n gesproke aksie is. Die effek van die gesproke woord is anders as dié van die geskrewe woord. Tydens die prediking is die gesproke woord geadresseer aan 'n groep, terwyl die geskrewe woord gerig is op die leser of 'n reeks van individuele lesers.

Die gesproke woord vind plaas in die teenwoordigheid van aktiewe hoorders wat deel is van die kommunikasie wat plaasvind. Die spreker weet nie presies hoe die preek gaan verloop nie. Die preek vind plaas alleen wanneer die prediker sy of haar mond oopmaak en wanneer die hoorders hulle ore oopmaak (Long 1989:182).

Daar is drie maniere hoe die prediker met die geskrewe stuk kansel toe kan gaan. Die eerste is die voluit gewerkte preek, die tweede is 'n opsomming van die preek, en die derde is met geen geskrewe stuk of opsomming nie. Al drie het sy voordele maar ook sy nadele.

Aanhalings in die preek kan effektief wees maar gewoonlik het dit meer waarde vir die prediker as wat dit het vir die hoorder. Daarom moet dit spaarsaam gebruik word en kort wees (Long 1989:186).

Tydens die oordra van die boodskap is daar baie dinge wat verkeerd kan loop. 'n Gestruikel oor die uitspraak van sekere woorde, 'n bril wat afskuif, die beklemtoning van verkeerde woorde, hoorders wat nie na die preek luister nie, spanning wat die prediker beleef, ensovoorts. Al hierdie faktore kan 'n invloed hê op die preek, maar die belangrike is dat die prediker met geloofsvertroue die waarheid so goed as moontlik moet verkondig (Long 1989:187-188).

Dingemans (1991:218-222) sluit by Long aan as hy sê dat preke dikwels in skryftaal gemaak word, en dat dit beter is om in gewone alledaagse taal te preek. Die preek moet eers volledig uitgeskryf word maar daarna moet 'n opsomming gemaak word op 'n 'afloerpapiertjie' wat saam kansel toe moet gaan en dit moenie meer as een folio beslaan nie.

Pieterse (1985:159) sê, 'n preek "gebeur" eers as hy afgelewer, oorgelewer of tuisgebring is. 'n Preek moet ook in die hoorders

gebore word, dan het dit geskied. Die mondelinge gebeure is die groot moment van die prediking.

Die prediker hoef nie skugter te wees oor die mondelinge woorde wat in die prediking tussen hom of haar en die gemeente gaan geskied nie. In die gesproke woord lê 'n groot krag.

Tydens die preek moet die preekgebeure 'n dialogiese karakter handhaaf. Dit kan verseker word deur die beginsel van nie-verbale kommunikasie wat voortdurend tussen prediker en hoorders aan die gang is. Die prediker moet moeite doen om 'n meer persoonlike klimaat tydens die prediking te skep (Pieterse 1985:161). Die prediker sal deurgaans bewus moet wees van die reaksies uit die gemeente. Vrye voordrag skep 'n persoonlike en dialogiese atmosfeer. 'n Prediker wat vry voordra en spontaan sy of haar gedagtes en woorde oordra, is besig om te praat soos iemand wat 'n gesprek voer.

Die persoonlikheid van die prediker het 'n groot invloed op die nie-verbale dialoog wat aan die gang is tydens die preek. Die prediker moet nie skroom om volledig mens te wees op en onder die kansel nie. Om jouself te gee in 'n preek beteken ook om jouself te wees. Ook op die kansel is die prediker mens onder mense. Hy of sy moet so met die gemeente praat dat hulle die gevoel kry dat hy of sy saam met hulle leef, worstel en glo (Pieterse 1985:162; vgl. ook Venter 1992:11).

Terwyl die preek geskied word ook baie van die gemeente vereis. Luister is 'n aktiwiteit. Deur met die prediker te wees in die gang van sy of haar gedagtes is die hoorder ook in staat om te respondeer deur liggaamstaal en so terugvoering aan die prediker te verskaf (Pieterse 1985:163).

Daar kan dus gesien word, wat die preeklewering betref, sluit die drie skrywers oor vele punte by mekaar aan en ondersteun hulle mekaar.

## 5.2.13. PREEK AS INTERAKSIE OF ONTMOETING.

Volgens Dingemans (1991:48) moet die preek mense laat nadink. Die verbinding tussen die hoorders en die teks loop deur middel van identifikasiefigure, brugwoorde, begrippe, simbole, beelde, die geskiedenis, gelykenisse, ensovoorts. Die kerkgangers kom in die eerste plek nie kerk toe om iets te leer nie, maar om hulle gevoelens, vrese en vreugdes tot uitdrukking te bring en met ander te deel.

Die erediens is vir die Christelike lewe 'n unieke gebeure waarin die liturgiese ontmoeting tussen God en mens, en mense onderling sentraal staan. Dit is 'n heen-en-weer aksie tussen die woorde en dade van die mense (Dingemans 1991:43-44). In hierdie heen-en-weer aksie moet die prediker as bemiddelaar optree (Dingemans 1991:49).

Pieterse het baie geskryf oor die preek as 'n ontmoeting. Basies sê hy dieselfde as Dingemans alhoewel hy breedvoeriger en meer volledig op die saak ingaan. Kortliks sê hy die herkoms, die aard en die doel van die kommunikasie in die erediens is geleë in die spreke van God waarop die mens antwoord. 'n Wesenskenmerk van die erediens is gevolglik gesprek of dialoog. Dit is 'n lewende gesprek vol aksie, vol deelname - woord en weerwoord. God spreek deur sy Woord en Gees, verbaal en sakramenteel en die mens antwoord (Pieterse 1985:128).

Die doel van die gesprek is 'n ontmoeting, 'n omgang, 'n kommunikasie tussen God en sy gemeente. Vir 'n ware gesprek moet albei deelnemers waarlik deelneem. Die groot kommunikasiebeginsel is betrokkenheid. Die gemeente moet waarlik betrokke wees by die gebeure. Betrokkenheid kan bevorder word deur die gemeente op te voed en te onderrig. Wanneer die gemeente hom van harte toewy, veroorsaak dit hartlikheid. Om van harte deel te neem, is om betrokke te wees. Hierdie toewyding moet verseker word deur werklik die gemeente op te bou in die allerheiligste geloof (Pieterse 1985:129).

Waar Long (1989:45) die beeld beskryf van die prediker as getuie lê hy ook klem op die wisselwerking en betrokkenheid wat bewerkstellig moet word tussen God en die mens tydens die prediking. Hy gaan verder en wys op die interaksie wat tussen God en die hele skepping bestaan. Teenoor mense staan hy tot hulle in 'n verhouding, deur te skep, te oordeel, te red, lief te hê, te vernietig, te bou, te vergewe en deur mense nuut te maak (Long 1989:45).

Al drie skrywers is dit eens dat prediking 'n ontmoetingsgebeure is tussen God en die gemeente en dat daar interaksie moet plaasvind tussen God en mens, en mense onderling.

### 5.2.14. DIE DIALOGIESE KOMMUNIKASIEGEBEURE TYDENS DIE PREDIKING.

Long, Pieterse en Dingemans praat op een of ander stadium van dialoog as 'n vorm van kommunikasie wat tydens die prediking moet geskied. Long (1989:112-119,126-129) verwys telkens daarna en so ook Dingemans (1991:21,139,144-152,153-157). Pieterse se kommunikasieteorie wat hy kies is die dialogiese kommunikasieteorie. Hierdie teorie pas binne die aard van die dinamiese kommunikasie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Dialogies moet hier in 'n breë sin verstaan word, naamlik dat dit 'n gelyktydige gebeure is by al die deelnemers wat besig is om betekenis aan mekaar oor te dra (Pieterse 1993:156; vgl. ook Pieterse 1988a:181-184). Al sou die preek uiterlik monologies lyk, is dit wesenlik dialogies. Kommunikasie geskied in 'n netwerk van verhoudinge. Daarom is goeie kommunikasie in die alledaagse verhoudinge tussen prediker en gemeente buite die erediens noodsaaklik vir 'n kans op goeie kommunikasie tydens die preek. Die preek moet dus deur dialoog omring word voor, tydens en na die preek (Pieterse 1985:126-131; vgl. ook Pieterse 1992:21).

Long en Pieterse lê baie klem op dialogiese kommunikasie tydens die erediens. Dingemans se kommunikasieteorie is nie werklik

dialogies gerig soos wat dit by Pieterse aangetref word nie. Pieterse sê dit geskied voor, tydens en na die prediking. Dingemans is meer geneig om te sê dat dit voor en na die prediking geskied.

## 5.2.15. <u>**GEMEENTEDEELNAME AAN DIE PREEK**</u>.

In vergelyking met Pieterse sê Long en Dingemans nie veel oor die deelname van die gemeente oor die preek nie. Die prediker volgens Long (1989:55-57) moet die nood en situasie van die gemeente in ag neem. Aandag moet ook aan elke groep en individu gegee word. Die hoorders het baie verskillende voorkeure en behoeftes en daarom luister nie almal op dieselfde manier na die preek nie. Die gemeente neem grootliks deel deur kommunikatiewe interaksie tussen hulle en die prediker. Dit lyk asof die hoorders passief luister, maar verrassings, konflik, eenstemmigheid, bevraagtekening, ensovoorts is alles deel van hierdie interaksie, en dit hou die kommunikasie lewendig (Long 1989:130-132).

Dingemans (1991:184-185) beklemtoon ook die feit dat die prediker insig moet hê in die algemene kulturele sosiologiese en ekonomiese situasie van die gemeente, asook wat hulle vrae en behoeftes is. Verder is dit verkieslik dat die hoorders self aktief deelneem aan voorbereidingsgroepe en gesprekke of besprekings na afloop die preek.

Pieterse (1991:129) wys daarop dat die tendens vandag is dat niemand in die prediking uitgesluit moet word nie. Die boodskap moet tot almal in die gemeente kom. 'n Prediking wat niemand uitsluit nie, beteken ook dat die gemeente as deelnemers aan die preekgebeure beskou moet word.

Die groepstruktuur van die gemeente as liggaam van Christus bied die geleentheid vir die gemeente om in preekwerkgroepe, besprekingsgroepe na die preek en ondersteuningsgroepe in die week deel te neem aan die inhoud, interpretasie en verstaan van

die preek. Hierdie deelname verhoog hul betrokkenheid by die preekgebeure en dien tot 'n beter luisteraktiwiteit (Pieterse 1991:130).

Beter deelname deur die gemeente kan bevorder word deur die volgende kommunikasie uitgangspunte toe te pas. Kommunikasie moet geskied in vryheid en op gelyke voet, onderlinge begrip verbeter deur die deel, meedeel en vertolking van die evangelie, die mededeler word ontvanger en die ontvanger mededeler in die proses omdat die dialoogrolle prinsipieel omruilbaar is; die gemeentelede ervaar 'n ware ontmoeting en kom in verhouding met mekaar te staan omdat hulle solidêr is met mekaar en in diepe gemeenskap met mekaar verkeer (Pieterse 1991:131).

'n Verdere insig wat kan bydra om die deelname van die gemeente in die preekgebeure te verhoog, is om hul bewuste, aktiewe aandagsvlak hoog te hou gedurende die preek. Dit geskied deur hulle diepgaande betrokkenheid by die saak waarom dit in die preek gaan. Ten diepste word dit bepaal deur hul vorige ervaringe, opvattings en houdings van die prediking. Prediker en gemeente moet dieselfde verwysingsraamwerk hê. Hulle moet dieselfde geloof deel, hulle moet aan Christus en sy gemeente toegewy wees en hulle moet dieselfde "taal" praat.

Kommunikatiewe prediking is nog 'n manier waardeur gemeente deelname in die prediking verhoog kan word. Met hierdie begrip word alle aspekte ook die inhoud, vorm en voordrag van die preek ingesluit. Kommunikatiewe prediking sluit dus sake in soos aktuele prediking, die persoonlikheid, egtheid en kompetensie van die prediker, retoriese hulpmiddele, die taal, konsepte en metafore in die preek, die persoonlike verhoudinge wat die prediker met die gemeente handhaaf, die beeld van die prediker by die gemeentelede, die vermoë van die prediker om die boodskap van die Skrif in die persoonlike, huislike, arbeids- en samelewingsverbande van die gemeente konkreet toe te pas. Al hierdie dinge help die hoorder om beter en aktief te luister (Pieterse 1991:131-132).

### 5.2.16. DIE EFFEK VAN DIE PREEK.

Volgens Dingemans (1991:220-222) moet die resultaat van die preek mense daartoe lei om hulle eie geloof te formuleer en insig te kry op hulle lewe. Dit moet die hoorders help om hul eie vrae en antwoorde te formuleer op grond van die boodskap wat aangebied is aangaande die Koninkryk van God. Die preek moet deur die weerstand van die hoorders breek en 'n verandering in hulle lewe bewerkstellig.

Vir Long (1989:20) gaan dit oor die verlossing wat deur Jesus Christus bewerkstellig is, en die betekenis daarvan in die lewe van die mense.

Pieterse (1985:167-168) wys daarop dat kommunikasiekundiges oortuig daarvan is dat kommunikasie nog onvolledig is as die boodskap nie gelei het tot dade nie. Die prediker en die gemeente moet 'n gemeenskaplike en gedeelde begrip en standpunt oor die boodskap hê en daarvolgens optree. Dan is die boodskap wat oorgekom het, waarlik verstaan. Eers wanneer die boodskap in die dade van die gemeente gesien kan word, is daar ten volle verstaan en het die kommunikasie geslaag. Die werkingsgeskiedenis van die preek in die gemeente wat in dade uitkristalliseer, is die toets van die ware verstaan, van die ware Woord wat gehoor is.

Die prediking wat goed gekommunikeer is aan die gemeente, open perspektiewe vir die gemeente, stimuleer hul in 'n sekere rigting. Wanneer die gemeente onder die leiding van die Heilige Gees uitgaan in die alledaagse lewe en dit wat God aan hulle gesê het, konkreet maak in hul lewe, word die uitwerking van die preek gesien. Dan kom die verstaan tot voltooiing, dan is die intensie van die teks uitgevoer en het dit wat die teks wil, tot sy reg gekom (Pieterse 1985:168).

## 5.2.17. GEVOLGTREKKING.

In hierdie hoofstuk is die prakties-teologiese teorieë en die homiletiese teorieë van Dingemans, Long en Pieterse met mekaar vergelyk met die doel om die punte van ooreenkoms tussen hierdie teorieë vas te stel, sodat 'n evaluering van hierdie moderne homiletiese teorie gedoen kan word.

Daar is redelik baie waaroor hulle met mekaar verskil in die daarstelling van hulle teorieë en die sienings wat hulle oor die vak het, maar na hierdie hoofstuk is dit ook duidelik dat die punte van ooreenkoms nog meer is.

Nie een van hulle wil hê dat die teks in die prediking skade moet lei nie, maar al drie is dit eens dat die hoorder in die verlede afgeskeep is, en dat dit nou tyd geword het dat die hoorder sy of haar regmatige plek moet kry in die teorie en in die praxis van die praktiese teologie. Hulle vertrekpunt is dus by die hoorders. Prediking kan alleenlik slaag as die hoorders in ag geneem word.

As hulle teorieë puntsgewys verdeel word soos wat in hierdie hoofstuk gedoen is kan die punte van ooreenkoms raakgesien word al sê hulle dit nie altyd op dieselfde wyse nie.

Opsommender gewys kan gesê word dat die hoofstroming in hulle teorieë daarop wys dat daar wel 'n paradigmawisseling die laaste dekade in die praktiese teologie plaasgevind het, soos wat Pieterse dit verwoord en dat die vertrekpunt by die hoorders is en dit gaan baie beslis 'n invloed op die teologie hê in die toekoms.

# HOOFSTUK 6.

## 6. 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TEORIEë VAN H.J.C. PIETERSE, T.G. LONG EN G.D.J. DINGEMANS.

In die vorige hoofstuk is die drie teorieë van Pieterse, Long en Dingemans se punte van ooreenkoms aangestip en bespreek. In hierdie hoofstuk word die drie teorieë krities geëvalueer. Dit is geen maklike taak nie want as daar gekyk word na die omvang van die werk wat al drie skrywers gelewer het, die kennis wat weergegee en versamel is, die breë veld van ondersoek en die diepte dimensies wat bereik is in die praktiese teologie en ook in die homiletiek, dan is dit makliker om 'n woord van waardering uit te spreek as om te kritiseer. Die wetenskap vra egter 'n kritiese evaluering omdat dit die voortgang en ontwikkeling van die wetenskap verseker en bevorder. Dit is in dié gesindheid dat daar na die volgende gekyk word.

### 6.1. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN 'N KRITIESE EVALUERING.

Daar is met verloop van tyd baie kritiek gelewer en baie kritiese vrae gevra oor die praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Jonker (1981: 29-30) is van mening dat hierdie rigting daarop kan uitloop dat tussenmenslike handelinge bestudeer kan word eerder as teologie. Hy sê, "As gevra word wat die praktiese teologie eintlik is, dan is dit volgens hierdie opvatting die bestudering van die kommunikasieproses, van die wyse waarop tussenmenslike verhoudinge werk. Die doel van hierdie studie, die veronderstelling daarvan, maak dit tot teologie, of soos Schleiermacher sou gesê het, die wil van die teoloog maak dit teologie. Die stof self is egter nie teologiese stof nie; hoogstens is die gesigspunt waaronder dit bestudeer word, teologies gestempel" (Jonker 1981:30).

Hierdie kritiese ingesteldheid teenoor die kommunikatiewe handelingsteorie het met die verloop van jare minder geword en

'n groot mate van aanvaarding word in die hedendaagse literatuur opgemerk.

Indringende kritiese vrae wat tot voordeel van die wetenskap strek kom nog na vore, maar meestal is die bedoeling om die benadering te bevorder eerder as om dit teen te staan. Van Wyk (1991:81) erken dat daar 'n toenemende verskuiwing vanaf die diakoniologiese benadering na 'n handelingswetenskaplike model is, maar hy het tog vrae oor die begrip teologie. Verder wys hy daarop dat Pieterse (1986:65) die eie metode van die praktiese teologie beskryf as die empiriese metode, terwyl daar ook eksegeties gewerk word. Met ander woorde die kriteria vir die kritiese teorie waarmee gewerk word kom beide uit die teologie en die empirie. Pieterse maak ook melding van 'n kritiese interaksie tussen teorie en praxis, maar, sê van Wyk daar sal krities verantwoord moet word watter rol die Skrif (as norm) en die belydenisgeskrifte (as hermeneutiese sleutel) het, om hierdie werklike kritiese interaksie moontlik te maak.

Van Wyk wys ook verder daarop dat daar binne hierdie benadering meestal vir 'n teorie van middelreikwydte gekies word, waar meer as net die kerk in sig kom. Tog skyn dit of die kerk steeds die dominante rol vertolk. Die prediking en teorievorming is gerig op en vanuit die kerk en sy werk. Die hermeneutiese oriëntasie sal ook hier moet verantwoord dat sy benadering nie slegs weer gerig is op die kerk en selfs die institusionele kerk nie (Van Wyk 1991:83).

Oor hierdie sake en ander is diskussies gevoer. Pieterse (1991a:249-253) en Van Wyk (1993:57-62), poog om in die kritiese evaluering van die vak meer duidelikheid te kry oor verskeie sake.

Dreyer bespreek onder boekresensies (Skrif en Kerk 16 nr 1, 1995) die boek van Pieterse, "Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie", en vra dan: wat is die verband tussen 'n 'handelingsteorie' en 'n 'handelingswetenskap'? Tweedens vra hy

watter invloed die keuse vir 'n bepaalde teologiese vertrekpunt uitoefen op die wetenskapsteoretiese begronding van die vak?

De Jongh van Arkel (1991:62) wat 'n voorstander is van die sisteemteorie, werp lig op baie kritiese vrae deur te sê: al word aanvaar dat die teorieë nie kritiekloos en opportunisties op die teorieveld van die praktiese teologie oorgedra word nie, is die gesprek oor die aanvaarding van beide sisteemteorie en kommunikatiewe handelingsteorie nog lank nie verby nie en behoort in die jare wat kom hoog op die agenda te staan. Dit kan egter eers uitgevoer word sodra ons duidelikheid het wat met 'n kommunikatiewe handelingsteorie en sisteemteorie bedoel word en wat die implikasie vir die gebruik daarvan is.

'n Kritiese evaluering is dus noodsaaklik, want dit is deel van die teorie- praxis proses wat deur Heyns en Pieterse (1990:45) beskryf word.

## 6.2. 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TEORIE VAN H.J.C. PIETERSE.

### 6.2.1. OORBEKLEMTONING VAN DIE CHRISTOLOGIE.

Een van die besware wat geopper word is dat Pieterse te swaar leun op die Christologie in terme van die prediking. Vos (1990:145) sê die volgende hieroor: "Prof. Pieterse se siening van alle prediking as "prediking van Jesus Christus" staan in 'n lang tradisie: dié van onder andere Martin Luther en Karl Barth. En tog roep dit enkele vrae op. Na my mening is G.D.J. Dingemans reg as hy sê dat die kriterium vir Christologiese prediking te formeel is. Hiermee bedoel hy dat verskillende teenstellende opvattings in die paradigma te maklik 'n tuiste vind. Almal in die Christelike kerk beroep hulle immers op Christus! As Prof. Pieterse beweer dat Jesus Christus as die konteks van die prediking 'n homiletiese uitspraak is, wil ek tog van hom verskil. 'n Homiletiese uitspraak mag nie afskeid neem van 'n eksegetiese uitspraak nie. Wie dit nie toegee nie, stuit op die

gevaar van die subjek-objek skema wat T. Hoekstra in die Gereformeerde tradisie help vestig het. Prediking bemiddel ook nie net, soos Prof. Pieterse aanvoer, 'n ontmoeting met Jesus Christus nie, maar met God, Drie-enig. Na my oordeel moet ons eerder sê: die Heilige Gees gebruik die gepredikte Woord as heilsmiddel om 'n ontmoeting met die lewende God te bemiddel. In die ontmoeting word Christus as Verlosser, God as Vader en die Heilige Gees as Heiligmaker geken en gedien. Pieterse neig daartoe om die heilswerk van die Vader en die Gees op die periferie te plaas. Die bewerking en die effektuering van die heil bly 'n daad van God die Vader, God die Seun en God die Gees." Aldus Vos.

Hierdie kritiese opmerkings oor die beklemtoning van die Christologie by Pieterse is vooraf gegaan deur 'n diskussie wat Vos (1988a:60) en Pieterse (1990:73-74) vroeër gevoer het. Onder boekresensies ("Praktiese Teologie in Suid-Afrika" 4(2) 1988) word die boek "Die Woord en werklikheid" bespreek en daar toon Vos aan dat Pieterse hom duidelik uitspreek ten gunste van Jesus Christus as die middelpunt van die prediking. Die vraag is net watter plek daar aan die Ou Testament in die model toegeken word. Die siening bring die gevaar mee dat alles in die Ou Testament op Christus konsentreer. Die vraag na die heilsbelofte en vervulling in die Ou Testament kan na Vos se mening nie op hierdie wyse opgelos word nie. ' n Christologiese fokus is tog nie die voorwaarde vir elke preek uit die Ou Testament nie.

Pieterse ondersteun König (1975:157) se opvatting dat die verbond die doel van die skepping is. Hy vind die verbond al in die skepping. Die verbond is wel 'n sentrale tema in sekere dele van die Ou Testament, byvoorbeeld by die aartsvaderevertalings in Genesis, maar in ander dele soos byvoorbeeld die wysheidsgeskrifte ontbreek die verbond op enkele uitsonderings na. Hieruit blyk dat daar naas die verbond ook ander temas in die Ou Testament voorkom, byvoorbeeld God as Skepper en die mens as onderdaan, redding en seën, Jahwe die almagtige God handel vrymagtig ensovoorts. Die verbond is volgens Vos, nie die doel

van die skepping nie, maar die wyse waarop God Hom met die gevalle mens bemoei. Uit liefde en trou maak Hy optelkinders sy verbondskinders. In die verhouding vra Hy trou en gehoorsaamheid (vgl. Gen. 17; Deut. 26:16-19).

### 6.2.2. KRITIEK TEEN PIETERSE SE TEORIE OOR DIE PNEUMATOLOGIE.

Aansluitend by die voorafgaande word Pieterse ook gekritiseer oor sy Pneumatologie. Daar is 'n gebrek aan die toepassing van 'n Pneumatologie in sy homiletiek. Hy het wel 'n teorie oor die pneumatologie in sy inleiding ingewerk, maar dit nie in die homiletiek toegepas nie (vgl. Pieterse 1993:134-142).

Pieterse sluit aan by die reformatoriese teologie in 'n ekumeniese konteks en sy standpunt is, dat die Gees as Kommunikator optree en die Subjek van kommunikasie is van die evangelie in die kerk en in die wêreld (Pieterse 1993:142). Hy volg ook die gedagtegang van Vos (vgl. Pieterse & Vos 1991:8-12) wat sê dat die verhouding tussen die Christologie en die Pneumatologie verstaan moet word deur twee grondlyne te bepaal. Die eerste verhoudingslyn het te make met die Gees as gawe aan Jesus en die tweede met die Gees as gawe van Christus (Pieterse 1993:136; vgl. ook Vos 1995:111-128).

Dingemans (1996:155) beskou die teorie van Pieterse oor die Pneumatologie as verouderd en dat die klem te swaar val op die Christologie en te min op die Pneumatologie. Dit is ook nie genoegsaam nie, daarom brei hy daarop uit deur te sê, dat die werk van die Gees die Christelike interpretasie is van die 'Wirkungsgeschichte' van die evangelie en dit kan nie beperk bly tot die bewussyn van mense nie. Die invloed van die Gees reik verder en neem ook gestalte aan in tradisies, liturgiese vorme, gewoontes, gebruike, ensovoorts. Verder moet gesê word dat die werk van die Gees gemeng word met mensewerk (vgl. ook Dingemans 1996:83-86).

Pieterse verdedig sy standpunt deur daarop te wys dat die

'reformatoriese teologie binne 'n ekumeniese konteks verstaan moet word. Die teologiese perspektief is vanuit 'n bepaalde hoek, naamlik die tradisie waarbinne hy as praktiese teoloog staan. Die vraag is of 'n mens dit anders sou kon doen (Pieterse 1993:134). Verder sê hy dat die mens gou verwyt word van 'n verwaarlosing van die Pneumatologie indien Jesus Christus as die middelpunt van byvoorbeeld die prediking gestel word. Indien daar 'n sterk klem op die Pneumatologie val, verskyn Christus dikwels nie in beeld nie, en andersom, as daar sterk klem op die Christologie val, verskyn die Gees nie in beeld nie. Sy standpunt is dat die Woord en die Gees nie geskei kan word nie. Die Woordgebondenheid van die Gees en die Geesgebondenheid van die Woord moet ernstig geneem word (Pieterse 1993:135-136).

Dit sluit ook aan by sy diskussie met Vos wat handel oor die prediking van Jesus Christus in die Ou Testament (Pieterse 1990:73-74) waar hy sê, 'n mens kan God se heilswerk en bemoeienis in die konteks van die Ou Testamentiese teks kreatief preek sonder om ooit na Christus te verwys. Dieselfde geld vir 'n teks wat oor die Gees handel. Wanneer 'n mens in die hele preek net na die Gees of God se woorde en dade in die Ou Testament verwys, is dit steeds binne die konteks van die prediking van Jesus Christus.

God Drie-enig is groot en almagtig. Ons kan Hom nooit inkapsel in 'n preek waar net van Christus of van God of van die Gees in die preek gepraat word nie. Hy is in alle preke Drie-enig teenwoordig.

### 6.2.3. DIE HERMENEUTIESE TEENOOR DIE EMPIRIESE.

'n Verdere beswaar wat teen Pieterse geopper word is dat hy die klem op die empiriese laat val en die hermeneutiese nie tot sy reg laat kom nie. Sy hermeneutiese perspektief skyn ook nie voldoende genoeg op die empiriese nie, en die empiriese ondersoeke wat hy gedoen het, is te klein. Groter empiriese ondersoeke van veel groter omvang sou waarskynlik 'n groter

bydrae gelewer het (vgl. ook Louw 1993: 206-209).

As daar na 'Skrifverstaan en Prediking' gekyk word wat in 1979 verskyn het, dan sien ons dat die hermeneutiese breedvoerig en in diepte bespreek is (Pieterse 1979). Die hoofstuk opskrifte is onder andere 'Die hermeneutiese beskouinge van K. Barth en R. Bultmann waaruit die nuwe hermeneutiek ontwikkel het'. 'Gerhard Ebeling se hermeneutiese teologie, as antwoord op die nood van die prediking.' 'Die homiletiese implikasies van Gerhard Ebeling se hermeneutiese teologie.' In hierdie boek begin hy met 'n nuwe hermeneutiek wat as baanbrekerswerk in die homiletiek beskou word. Dit is egter so dat hy aanvanklik die hermeneutiek van P. Ricoeur ook nie in sy homiletiek verreken het nie. Dit is eers in 1993 bygewerk (Pieterse 1993:86-89).

In die boeke wat gevolg het is dit wel so dat hy die klem op die empiriese laat val het en die hermeneutiese perspektief nie voldoende op die empiriese laat skyn het nie. In 'Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie' plaas hy egter die empiriese binne die breë raamwerk van die hermeneutiek (Pieterse 1993:71-88).

Pieterse se pogings egter, om deur sy empiriese navorsing presies te probeer vasstel wat aangaan onder die mense, het hierdie verskuiwing in die moderne homiletiek na die hoorders bevorder.

### 6.2.4. <u>RETORIEK.</u>

Pieterse het nie baie aandag aan die retoriek gegee nie. In sy skrywe is daar 'n gebrek aan 'n retoriese teorie. Hy lê swaar klem op kommunikasie, maar nie op die retorika nie. Hy het wel 'n argumentasiestruktuur by die evaluering van Tutu se preke in praktyk geanaliseer maar geen teorie daaroor geskryf nie (vgl. Pieterse & Wester 1995:43-49).

Vos (1996a:124) beskryf die term 'retoriek' deur te sê dat dit gebruik word om op 'n doelgerigte taalhandeling te fokus.

Retoriek is 'n praktiese dissipline wat nie 'n kunswerk in die oog het nie, maar dit beoog om deur redevoering, oorreding op 'n gehoor in te werk.

Die interpersoonlike retoriek omvat die koöperatiewe, die hoflikheids- en die ironie- beginsels. Hierdie beginsel kan met vrug in die homiletiek aangewend word. Die prediker moet byvoorbeeld nie te veel sê nie, maar die regte hoeveelheid informasie aan die hoorder deurgee. Die preek moet relevant aangebied word. Die prediker moet altyd helder in sy of haar preekaanbieding wees. Duistere uitdrukkinge, dubbelslagtigheid en omslagtigheid moet vermy word. Wees altyd georden. Verder moet dit gaan oor takt, ruimhartigheid, goedkeuring, beskeidenheid, ooreenstemming en simpatie.

Die hoorder moet altyd in ag geneem word. Vrae, versoeke, suggesties en pleidooie neem die hoorder in berekening. Uitinge wat nie hoordersgerig is nie is byvoorbeeld verwyte, oordele, vloeke en versugtings (Vos 1996a:126-128).

### 6.2.5. <u>POëTIESE PREEKVORM.</u>

Pieterse (1985:170-239) onderskei vier preekvorme naamlik die tekstematiese preekvorm, die homilie, die verhalende preekvorm en die poëtiese preekvorm. Pieterse (1985:234) sê oor die poëtiese preekvorm, dat die laaste woord hieroor nog nie gesê is nie, inteendeel die eerste wankelende treë word nou eers gegee. In die prediking kan 'n mens deur hierdie preekvorm trag om die gemeente iets te laat beleef, soos byvoorbeeld 'n gebed, 'n toewyding, troos van die Heer, verlustiging in die Heer, versugtinge uit smart en nood tot die Heer, ensovoorts. Die poëtiese lê nie so ver van die narratiewe af nie. Baie van die aspekte wat daar gevind word geld ook vir die poëtiese soos metafore, simbole, beelde en die hantering van die woord.

Vos (1993:204) verskil van Pieterse oor hierdie preekvorm. Vos onderskei vier vorme naamlik die homilie, die tekstematiese, die

tematiese en die narratiewe preekvorm. Om soos Pieterse 'n poëtiese preekvorm te onderskei, hou nie steek nie, sê hy. Poësie is 'n bepaalde literatuursoort en nie 'n preekvorm nie. Die kenmerke van poësie kan by die ander preekvorme aangewend word. 'n Homilie, 'n tekstematiese, tematiese en narratiewe preek kan poëtiese trekke vertoon (vgl. ook Vos 1995:449; Vos 1996a:172).

### 6.2.6. <u>METAFORE.</u>

#### 6.2.6.1. <u>GEBRUIK VAN METAFORE.</u>

In sy homiletiese teorie lê Pieterse baie klem op die gebruik van metafore (Pieterse 1988:111). Hy is van mening dat preektaal deurspek behoort te wees met beelde en metafore. Dit is 'n feit dat die Bybel in die rykste en die mooiste metafore oor God praat. Trouens, ons kan nie anders oor God praat as in metafore nie. Die prediker kan kies uit bestaande metafore, Bybelse metafore en idiomatiese uitdrukkinge in Afrikaans. Metafore het 'n kragtige assosiatiewe werking. Dit prikkel die verbeelding van die gemeente en laat die hoorders mee-dink en mee-indink. Die prediker moet hom of haar daarin oefen om kreatief te wees en die bekende dinge uit die omgewing en die leefwêreld van die gemeente metafories in te span.

Vos (1988a:60) reageer hierop en sê: Ons leef in 'n tyd van literêre en teologiese metafoor-ontploffing. Met reg lê Pieterse klem op die belangrikheid van die metafoor vir die prediking. As hy egter verklaar dat "preektaal deurspek (behoort) te wees met beelde en metafore", moet daar tog teen 'n oordaad gewaak word. 'n 'Potpourri' van metafore kan die smaak van 'n preek bederf.

#### 6.2.6.2. <u>LIGGAAM VAN CHRISTUS.</u>

Met die verskyning van Pieterse (1991) se derde boek in sy homiletiese reeks naamlik, 'Gemeente en prediking' is Vos

(1991:99-100) se kommentaar oorweldigend positief. Die enigste kritiese opmerking gaan oor die 'Liggaam van Christus' metafoor, en hieroor sê hy dat die konklusie wat Pieterse maak dat die Bybelse metafoor van 'die liggaam van Christus' opwindende kommunikatiewe moontlikhede vir die preekgebeure bied, waar is, maar daarmee is nog te min gesê. Anders as wat tans in die prakties-teologiese wêreld voorkom, verwar prof. Pieterse nie die liggaam van Christus metafoor met 'n model nie. In die lig hiervan vind Vos dit tog jammer dat Pieterse in sy model nie meer ruimte aan byvoorbeeld die herder-kudde metafoor gee nie. Metafore is soos plofstof. Dit kan grondverskuiwings in denke en sieninge meebring. Maar voordat dit gebeur moet modelle van genoeg plofstof (metafore) voorsien word. Daar moet gewaak word teen 'n mode neiging om modelle te skep wat eensydig net uit sekere metafore bestaan.

### 6.2.7. DIALOGIESE KOMMUNIKASIEMODEL.

Vos (1996:172-173) het die hoofkategorieë en dimensies wat Pieterse en Wester (1995:61-70) in die dialogiese benadering onderskei, in sy kommunikasiemodel verreken en geïntegreer maar voer aan dat hierdie kommunikasiemodel nie oral geesdriftig ontvang is nie.

Besware wat geopper is, is dat 'dialoog' te meganies-kousaal gerig is; die 'input'- 'output' is te oorheersend. Die klem is te sterk op die eksterne faktore gerig. Verder word gereken dat die eksterne en interne stimuli deur dié benadering uit die oog verloor word. Die dinamiese proses, waarin die prediker en hoorder tegelyk sender en vertolker in een dinamiese proses van Woordgebeure is, waar 'n horisonversmelting plaasvind, word nie genoegsaam eerbiedig nie (Lemmer 1990:125).

Vos is van mening dat hierdie besware nie werklik geldig is nie. Hoewel hy Pieterse se keuse vir 'n dialogiese kommunikasiemodel deel en in hoofsaak by sy en Wester se ontwerp aansluit, het hy vier besware teen die interpretasie van hierdie model.

Die eerste beswaar is dat die funksie van *simbole* en *ritusse* in sy teorie onderspeel word. *Nie-verbale kommunikasie* kry in die tweede plek in sy model ook nie genoeg aandag nie. Derdens is Pieterse se teorie nie sterk genoeg ingestel op die *stem en meesleurende krag* van die *liturgie* nie. Pieterse en Wester (1995:58-59) maak weliswaar die volgende opmerking: "*The congregation as a communication situation is a dialogic church.*" Die kommunikatiewe aard van die liturgie word egter nie in berekening gebring nie. Indien die liturgiese klimaat genoegsaam in ag geneem word, kom die klimaatskeppende funksie van byvoorbeeld die lied tot sy reg. Hoewel Pieterse (1991:45-66) die gemeente in die konteks van die moderne samelewing uitvoerig en deeglik beskryf, word die *omgewing* en die *situasie* van die *hoorder* in sy teorie na Vos se mening nie voldoende geïntegreer in en geïnterpreteer vir die kommunikasieproses wat in die erediens afspeel nie. Dit is Vos se vierde beswaar teen Pieterse se kommunikasiemodel.

### 6.2.7.1. OORREDINGSKOMMUNIKASIE.

Volgens Vos (1996:195-196) is dit die doel van die boodskap om die hoorder te oorreed om God se heerskappy vir sy lewe te aanvaar. Die evangelie wil mense anders laat dink, voel en doen. Ten einde dié doel te bereik kan die prediker van oorredingskommunikasie gebruik maak. Pieterse en Wester (1995:66) beoordeel oorreding negatief binne 'n outoritêre kommunikasiestyl. Na Vos se oordeel hoef oorreding nie net negatief verstaan te word nie. Oorreding kan ook kommunikatief in 'n dialogiese raam plaasvind. Dit staan teenoor oorrompeling en manipulasie, en nie teenoor dialoog nie. Die hoorders is aktief in die oorredingsproses deurdat hulle die betekenis wat die boodskap oordra, aanvaar. Die prediker ondersteun hulle net in dié proses. Dit gaan veral daarom dat hoorders in 'n vrywillige relasie tree met die Drie-enige God oor Wie die evangelie handel. Hierdie relasie moet gevoed word deurdat al die handelinge in die erediens op kommunikasie met God en mekaar gerig is. Kommunikasie kom tot stand en word versterk deur die

lied, gebede, die luister na die Bybel, die preek en die gemeenskap van brood en wyn (Dingemans 1991:149).

## 6.3. 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TEORIE VAN T.G. LONG.

### 6.3.1. DIE AFWESIGHEID VAN 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE TEORIE.

Die grootste kritiek wat teen Long uitgespreek kan word is dat hy nie 'n teorie vir die praktiese teologie ontwikkel het nie. In Amerika funksioneer prediking, Christelike Opvoedkunde en pastoraat (Dingemans 1996:33) elkeen op hulle eie en is hulle nie oorkoepelend ingeskakel onder praktiese teologie nie. Daarom bestaan daar nie 'n nodigheid om teorieë vir die praktiese teologie uit te werk nie. Dit is jammer want heelwaarskynlik sou Long 'n sinvolle bydrae kon gelewer het. Heelwat prakties-teologiese beginsels kan egter uit sy homiletiek afgelei word, wat hy wel baie deeglik uitgewerk het.

Baie prakties-teologiese teorieë wat by Pieterse en Dingemans gevind word het egter by Long in die slag gebly. Voorbeelde hiervan is onder andere temas soos : die praktiese teologie as wetenskap, die teorie-praxis probleem, die empiriese benadering tot die praktiese teologie, die objek van die praktiese teologie, die normvraag, verskillende benaderings, 'n prakties-teologiese ekklesiologie, 'n metodologie, die veld van ondersoek, ensovoorts.

### 6.3.2. PREEKVORME.

As daar van die standpunt af uitgegaan word dat die term 'preekvorme' na iets spesifieks verwys naamlik die tekstematiese patroon, die tematiese, die verhalende preekvorm en die homilie volgens Kellerman en Vos en die byvoeging van Pieterse, naamlik die poëtiese, dan is die term 'Sermon form' soos wat Long (1989:92) dit gebruik tog verwarrend.

Long (1989:92:111) handel oor die vorm van die preek en nie soseer oor preekvorme nie. Die vorm van die preek (form) en die inhoud (content) van die preek kan ook probleme skep. Long sê self "It is easy to get tripped up by our own language when we speak about this business of a sermon's form. We tend to talk about a sermon's content, on the one hand, and its form, on the other, as if form and content were two distinct realities (Long 1989:92)".

As oplossing vir hierdie probleem stel hy die volgende voor. "Instead of thinking of sermon form and content as separate realities, it is far more accurate to speak of the form of the content (Long 1989:93)."

Om presies te sê wat die vorm is, formuleer hy die volgende: "Form is an essential part of a sermon's content and can itself support or undermine the communication of the gospel ... In the simplest of terms, a sermon form is an organizational plan for deciding what kinds of things in a sermon and in what sequence."

Om te verduidelik wat hy bedoel, gebruik hy die volgende voorbeelde.

"If a preacher decides to open the sermon by posing a question that is on the minds of the hearers and then to spend the rest of the sermon responding to that question from the vantage point of the biblical text, this is essentially a decision about sermon form: The form will be Question/Response. If, on the other hand, the preacher decides to move back and forth between the text and the contemporary setting, first describing the historical situation out of which the biblical text arose, then showing how that situation is analogous to a contemporary circumstance to hear the text's word anew, this too is a choosing of sermon form: The form will be a weaving of old and new - Ancient Setting/Contemporary Setting, Ancient Word/New Word" (Long 1989:93).

Hieruit blyk baie duidelik dat Long met preekvorm nie dieselfde bedoel as Pieterse nie. Long bespreek wel byvoorbeeld die verhalende vorm (1989:68) maar heeltemal in 'n ander konteks. Pieterse bedoel baie duidelik dat as daar van preekvorme gepraat word, het dit betrekking op die teks-tematiese preekvorm, die homilie, die verhalende preekvorm en die poëtiese preekvorm (Pieterse 1985:170-239).

### 6.3.3. CHRISTOLOGIE VAN LONG.

As Pieterse gekritiseer kan word oor sy Christologie dan geld dit ook vir Long. Soos Pieterse stem hy ook vir Christus as die middelpunt van die prediking (Long 1989:46-47; 50). Op sigself is dit nie verkeerd nie, behalwe as dit ten koste van die Drie-eenheidsgedagte geskied. Vos (1990:145) is van mening dat 'n Christologiese middelpunt in die prediking 'n neiging daartoe het om die heilswerk van die Vader en die Gees op die periferie te plaas. Dingemans (1996:100-105) is ook ten gunste daarvan dat die Drie-eenheid die middelpunt van die prediking moet wees.

### 6.3.4. GETUIENIS-MODEL.

Die getuienis-model waarvan Long (1989) 'n voorstander is, val binne die raam van die moderne hermeneutiese benadering. Die ervaring met die teks en die vraag waarom getuig moet word op die kansel? volg uit 'n hermeneutiese worsteling met die teks soos wat Pieterse (1979:113-120) beskryf het. Daar is ook baie ooreenkomste tussen Long en Pieterse wat betref die wisselwerking tussen eksegese en die gemeentesituasie.

Pieterse beskryf egter 'n diepere dimensie as Long, met die begrip 'meditasie' wat hy gebruik. Volgens Pieterse (1979:113) moet daar in die konfrontasie tussen die teks en die gemeentesituasie 'n Woordgebeure plaasvind, waar die teks so tot spreke kom dat dit die prediker in sy eksistensie aanspreek. Vanweë hierdie Woordgebeure kom die prediker tot talende spreke waarin die Woord deur hom of haar heengaan en hom of haar meeneem

om in die preek 'n Woordgebeure in die taal van die gemeente te voltrek. Hierdie verstaanproses geskied in die gebeure wat in die homiletiek met die begrip 'meditasie' aangedui word. Dit is die proses waarin die konfrontasie tussen teks en die gemeentesituasie plaasvind en deur die Woordgebeure gedring, in gedagtes uitkristalliseer (Pieterse 1979:113). Long moes dus meer gemaak het van die getuienis-model deur by die 'meditasie' gedagte aan te sluit.

### 6.3.5. GENRE-ONDERSKEIDINGE.

Vos (1996a:42-43) is van mening dat die onderskeidinge wat Long ten opsigte van genres maak, en die verband wat hy tussen genre en prediking lê, uiters waardevol is (Long 1989:24-34), maar dit het egter 'n paar gebreke. Hoewel Long verskillende genres, waaronder Psalms, spreuke, verhale, gelykenisse en briewe onderskei, fokus hy net op sekere genres. As hy oor die wysheid handel, gee hy byvoorbeeld nie aandag aan wysheid as geheel nie, maar net aan spreuke. Hy behandel nie die boek Spreuke nie, maar net afsonderlike spreuke, wat net een van die vorme is wat in die boek aangebied word.

Die homileet moet ag gee op die komposisie van die teks. Met die oog hierop moet hy of sy al die tekselemente, naamlik die morfologiese, die sintaktiese, die stilistiese, die semantiese en die historiese verreken om op dié manier die aard en funksie van 'n teks te probeer peil. Verder moet hy of sy noukeurig aandag gee aan die ko-tekstuele, kon-tekstuele, inter-tekstuele, intra-tekstuele en ekstra-tekstuele relasies van die teks. Hierdie tekselemente is ingebed in 'n bepaalde genre. Daar kan in die Ou Testament en Nuwe Testament verskillende literatuursoorte onderskei word. Die fyn onderskeiding van literatuursoorte is belangrik om die homileet se oë vir die komposisie van die teks te open. Verder moet die homileet ook noukeurig let op die retoriese funksie van die teks. Dit geskied met die oog daarop om die boodskap van die teks aan die hoorder

te kommunikeer. In dié proses word die hoorder 'n deelnemer aan en 'n gespreksgenoot van die boodskap.

### 6.3.6. <u>BEELDSPRAAK.</u>

Long (1989:156-175) lewer 'n sinvolle bydrae oor beeldspraak en wys daarop dat Jesus baie van beeldspraak gebruik gemaak het. Hy het gebruik gemaak van beelde uit die natuur, die familie en algemene menslike ervarings wat bekend was aan die mense van daardie tyd (Long 1989:156).

As dit egter kom by die vorme van beeldspraak, bespreek Long net drie vorme, naamlik: die vergelyking, die sinekdogee en die metafoor. Alhoewel hy elkeen van hulle in diepte bespreek is daar baie meer vorme wat belangrik is vir die prediking.

Gerber (1993:52-58) behandel onder vorme van beeldspraak die vergelyking, die metafoor, die sinestesie, personifikasie, die simbool, sinekdogee, die allegorie en antonomasia of naamverwisseling.

Retoriese beeldspraak word ook deur Gerber (1993) behandel. Dit is wanneer 'n stuk beeldspraak sy verrassingselement verloor het. As 'n sekere beeld oor en oor gebruik word, word daar gepraat van verbleekte, afgesaagde of holrug geryde beeldspraak. Alle vorme van verbleekte, valse, oordrewe en onjuiste beeldspraak word retoriek genoem.

Beelde verbleek vinnig wanneer hulle herhaaldelik gebruik word. 'n Beeld wat vir 'n bepaalde generasie nuut en aantreklik is, kan vir dié wat na hulle kom, blote retoriek word. Daarom bring amper elke nuwe letterkundige stroming 'n vernuwing van onder andere beeldspraak mee (Gerber 1993:58).

### 6.3.7. <u>RETORIEK.</u>

Vos (1996a:139-167) bespreek die retoriese benadering in diepte

en dui ook aan wat die betekenis daarvan is vir die prediking. Hy is van mening dat die taal van die preek op die rekening staan van die prediker. Dit geld nie net die inhoud nie, maar ook die vorm van die preek. Dit beteken dat die prediker 'n retoriese verantwoordelikheid het.

By Long (1989:25-29) wys hy daarop dat die terme 'retoriek' en 'pragmatiek' volkome uitruilbaar is. Die gebruik van dié twee begrippe is verstaanbaar. Omdat die retoriek sterk op die pragmatiese of performatiewe funksie van kommunikasie fokus. Die pragmatiese werking van die taal kom veral in die taalhandelingsteorie na vore. Hoewel die retoriese funksie dit insluit het die retoriek ook ander perspektiewe (Vos 1996a:142). Volgens Vos sê Long te min oor die retoriek.

## 6.4. 'N KRITIESE EVALUERING VAN DIE TEORIE VAN G.D.J. DINGEMANS.

### 6.4.1. KOMMUNIKASIETEORIE.

Dingemans (1991:141-152) bespreek drie wyses van kommunikasie, naamlik liniêre kommunikasie, sirkulêre kommunikasie en interaksionele simboolkommunikasie.

Liniêre kommunikasie is eenrigting kommunikasie. Die sender kodeer die boodskap en dra dit oor aan die ontvanger deur middel van 'n medium. Die ontvanger dekodeer dan weer die boodskap. Terugvoering word gegee om te toets of die boodskap suksesvol oorgekom het en hiermee word gepoog om die prediking meer dialogies te maak (Dingemans 1991:142-144).

Met sirkulêre kommunikasie word die rol van die sender en ontvanger dikwels omgeruil. In die prediking sê Dingemans, kan hierdie model nie slaag nie, maar in die pastorale gesprek is dit meer van toepassing (Dingemans 1991:144-146).

Dingemans is nie ten gunste van die twee modelle nie, die model waarby hy aansluit is die interaksionele simboolkommunikasie model. Dit staan ook bekend as indirekte kommunikasie en dit veronderstel dat daar 'n voorgegewe betrokkenheid van die hoorders en die spreker by die saak is waaroor hulle saampraat. Sprekers en hoorders maak albei gebruik van simboolsisteme om hulle saak te stel en tot wedersydse verstaan te kom (Dingemans 1991:146-152).

Dingemans (1991:152) wys, soos blyk uit die beskrywing van die drie wyses van kommunikasie, dialogiese kommunikasie tydens die prediking af. Dialogiese kommunikasie is wel van toepassing in gespreksgroepe, leerhuise en huisbesoek. Die preek geskied in 'n gespreksnetwerk wat vooraf gegaan word met die gemeente. Die preek sluit by hierdie gesprek aan en so word die gesprek weer gestimuleer.

Vos (1996:178) bespreek enkele kritiese opmerkinge oor Dingemans se kommunikasiemodel. Hy sê die begrip 'simbool' wat in sy model gebruik word, kan nie die preek in al sy dimensies omvat nie. In die literatuur het die woord 'simbool' buitendien 'n bepaalde betekeniswaarde. Dit deug net nie om die hele kommunikasieproses met dié term te probeer omskryf nie. Deur die hele kommunikasieproses onder 'n simboolsisteem te probeer tuisbring, word die onderskeid tussen *simbole* en *metafore* nie genoeg in ag geneem nie. Die kommunikasiegebeure kan nie altyd onder woorde gebring word nie. Dit kan sonder woorde plaasvind. 'n Mens moet daarop reken dat kommunikasie ook op meditatiewe vlak kan plaasvind. Kommunikatiewe stiltes is soms sinvol, veral tydens sekere liturgiese handelinge. Gebed is hiervan 'n voorbeeld. Buitendien is kommunikasie nie altyd afhanklik van 'verstaan' nie. Ons plaas dikwels 'n té hoë premie op 'verstaan' in die erediens asof dit kommunikasie waarborg. Hiermee word nie bedoel dat die liturgie onverstaanbaar moet wees nie, maar wel dat verstaan nie alles is nie. Kommunikasie kan soms net *ervaar* word. Die blote ervaring wil ruimte skep vir die *vreemde* in die kommunikasie van mense met ander en met hulleself. Elke mens

herberg 'n laaste geheim, wat nooit deur ander aan die lig kan kom nie. Die funksie van die preek om hoorders te probeer oorreed, word in dié model ook agterweë gelaat.

Dingemans beklemtoon die hoorder en die hermeneutiek. Sy kommunikasieteorie is nie kompetent om die kommunikasie in die totale gemeentelike dialoog te beskryf en om dit te rig nie. Dit lei daartoe dat sy hermeneutiek verhinder om beter te kan verstaan. Sy kommunikasie teorie kan nie die volle omvang van die gemeentelede se situasie opvang nie en daarom kan die interaksie vanuit hierdie oord met die prediker en sy of haar omgang met die Skrif ook nie hermeneuties in harmonie verloop nie. Hy praat wel baie oor gesprek maar tydens die prediking is sy kommunikasie teorie te eng.

### 6.4.2. **HERMENEUTIESE EN HOMILETIESE TEORIE.**

Dingemans het baie aandag gegee aan sy hermeneutiese en homiletiese teorie. Ten spyte daarvan bly dit moeilik om sy gedagtegang plek-plek te volg en van die grootste redes hiervoor is omdat dit nie altyd duidelik uiteengesit is nie en omdat dit nie op die praktyk gerig is nie. Sy interpretasieteorie en korrelasieteologie dreig ook plek-plek om inhoudelik in mekaar te vloei wat die verstaan daarvan bemoeilik. Pieterse se teorieë is net soveel meer verstaanbaar en die logiese uiteensetting daarvan duideliker en daarom word dieselfde probleem nie by hom ondervind nie.

Verhoef (1992:75) wat Dingemans se boek 'Als hoorder onder de hoorders' (1991) vergelyk het met Hoekstra en Dijk sê in vergelyking met die eerste deel van sy boek waar die hermeneutiek uitgewerk word, is die tweede homiletiese deel skraal en nie genoeg op die praktyk gerig nie. Die krisis waarin die preek hom bevind word in die praktyk nie genoeg aangespreek nie. In hierdie gedeelte word hoofsaaklik op die denke van Buttrick en van der Laan gesteun, wat aan die prediker in die praktyk nie voldoende stof bied nie.

## 6.4.3. HOMILIE EN DIE RETORIEK.

### 6.4.3.1. HOMILIE.

Dingemans (1991:42) wys die aard van die homilie as dialoog af deur daarop te wys dat daar nie sterk gepleit moet word vir die preek as gesprek of as dialoog nie, want daar is beter vorme beskikbaar vir die preek vanaf die kansel.

Soos reeds aangetoon beskryf hy vier wyses van prediking naamlik die kerugma of verkondiging, didache of uitleg, marturion of getuienis en homilie of interaksie of ontmoeting. Sy keuse val op die homilia, maar hy beskryf dit nie so breed soos wat hy dit bedoel nie. Sy keuse vir een preekwyse wat die klem dra wys ook op 'n eensydigheid in sy teorie.

By Long is gevind dat daar verwarring bestaan oor die manier hoe hy preekvorme gebruik. By Dingemans word dieselfde probleem aangetref. Verhoef (1992:75) is van mening dat Dingemans se gebruik van die woord homilie verwarrend is. Hy gebruik die woord om daarmee die aard van die prediking, naamlik 'n ontmoetingsgebeure aan te dui. Hiermee doen hy afbreuk aan die tradisionele verstaan van die woord as een van die vorme of strukture waarin 'n preek gegiet kan word. Pieterse (1985:195-199) omskryf die homilie as die "oudste preekvorm" met as basiese kenmerke dat die teks volgens eie volgorde vers vir vers, verklaar word op informele en eenvoudige wyse in 'n dialogiese karakter.

### 6.4.3.2. RETORIEK.

Die klassieke retoriek onderskei tussen drie tipes redevoeringe: Die juridiese betoog, die politieke betoog en die lofrede (Dingemans 1991:160-161). Op grond hiervan het Zerfass die preek soos volg onderverdeel: Bevestiging van die gemeenskaplike geloof en die verstewiging van 'n vertrouensbasis, informasieoordrag en 'n appèl wat tot die hoorders gerig word.

Hierdie retoriese modelle veronderstel egter eenrigtingverkeer en daarom moet daar na verdere modelle gesoek word. Die preek kry deur hierdie vorm iets sterk direktief. Dit pas wel goed in by die amptelike opvatting van die preek as verkondiging, maar is volgens Dingemans (1991:163) te eensydig. Die verhaalvorm sal byvoorbeeld moeilik hierby inpas.

Verhoef (1992:75) evalueer hierdie siening deur te sê: Vanuit die retoriek sien Dingemans die preek as rede en skets hy veral die argumentatiewe lyn in sy aanbevelings vir die opstel van 'n preek. Dit is weereens 'n eensydige benadering wat saamval met die eensydige klem op die preek as homilie. Sy gebrekkige retoriese teorie is ook nie voldoende om die moderne homiletiek te dien nie (vgl. Vos 1995:406-433).

**6.4.4. <u>DIE NARRATIEWE VORM.</u>**

Dingemans (1991:164-166) kies die preek as homilie en die vorm waarvan hy 'n voorstander is, is die verhalende of narratiewe vorm. Verhale kan die wêreld ontsluit en dit kan 'n spieël wees vir die mens se eie bestaan. Die verhaal is meer 'n sirkel, dit is 'n kommunikasiestroombaan, dit staan stil by mense en dinge en is geduldig. Vir die preek is dit dus meer van pas as 'n redevoering, wat soos 'n pyl op sy doel afstuur, wat eenlynig is en wat haastig is. Verhale kan diep betekenisse hê en sit die selfwerksaamheid van die hoorders aan die gang.

Anders as Dingemans (1991:213) onderskei Vos tussen 'n verhalende preek en 'n homilie. Hieruit volg dat die informasie vir sowel 'n verhalende preek as 'n homilie geskik is. In hierdie gevalle het die preek meer 'n analitiese aard wat die verhaal of die teks op die spoor volg. In 'n verhaal vind daar ook informasieoordrag plaas. Daar is sprake van karakters, gebeure, ruimte en tyd. Die informasie moet net nie te kognitief gevul word nie. Onder informasie verstaan Dingemans (1991:213) alles wat deur die hoorders in hulle verstaanproses as nuut ervaar word. Hiermee word bedoel dat 'n ou verhaal nuut kan oorkom as die hoorder

daardeur aangegryp word (Vos 1996a:279).

Verhoef (1992:75) wys daarop dat Dingemans vanuit die preek as homilie vir basies net een preekvorm kies, naamlik die narratief. Verder sê sy dat hierdie vorm nie teologies voldoende uitgewerk is nie en dat daar hoofsaaklik op Buttrick gesteun word, wat net literêr werk. Binne die prediking as kommunikatiewe gebeure kan daar nie net een preekvorm wees nie, aangesien nie alle tekste en hoorders net by die narratiewe vorm alleen in pas nie. Dingemans sal aan die homilie as preekvorm reg moet laat geskied.

As Dingemans met Long (1989a) vergelyk word dan bespreek Long vyf literêre vorme en die narratiewe is een van hulle. Hy bespreek die Psalms, met ander woorde, die poëtiese, spreuke, narratiewe, gelykenisse en die briewe. Verhoef is dus heeltemal reg as sy sê dat die narratiewe alleen nie genoegsaam is nie.

### 6.4.5. <u>MODEL VIR DIE PREDIKING.</u>

As model vir die prediking en teksverstaan, kies Dingemans vir die Eksielmodel in aanvulling tot die Eksodusmodel. Hy integreer die modelle egter nie genoegsaam in sy homiletiek nie (Verhoef 1992:75).

### 6.4.6. <u>DIE HUWELIKSDIENS.</u>

Vos (1995:545-547) kritiseer Dingemans oor sy standpunt oor die huweliksdiens en daarna gee Vos sy eie standpunt oor die huweliksdiens. Daar word nou aandag gegee aan dit wat Vos sê.

Dingemans huldig die oortuiging dat daar vir die huweliksluiting eintlik geen aparte kerkdiens-vanuit-die-gemeente gereël moet word nie. Hy grond sy mening daarop dat die gemeente gewoonlik nie daar teenwoordig is nie, en daarom moet die huweliksluiting die volgende Sondag in die gemeente deur voorbidding voor God gebring word. Volgens Dingemans is die huweliksluiting ten eerste 'n saak van die betrokkenes. Mense staan in die sentrum.

Dit kan as 'n 'natuurlike' gegewe of eerder as 'n 'biografiese' of 'historiese' gebeurtenis beskou word: dit hoort tot die lewensgeskiedenis van mense (Dingemans 1992-1993:9). Hiermee bedoel Dingemans nie dat mense nie hulle vreugde in die kerk mag vind nie.

Dingemans (1992-1993:10) wil ook nie van 'n huweliksbevestiging praat nie. Hy wys daarop dat die huwelik in feite reeds deur die bruidspaar kontraktueel bevestig is. Dingemans (1992-1993:10) neem daarmee genoeë om van 'n 'opdrag van 'n verbintenis' en eventueel van 'huweliksinseëning' te praat.

Vos (1995:545) reageer hierop en is van oordeel dat hoewel die gemeente nie eintlik daar teenwoordig is nie, word gemeentes wel daar verteenwoordig. Dit kry die karakter van 'n feestelike samekoms van die lede van die algemene Christelike kerk. Natuurlik is die huwelik 'n saak van die betrokkenes, maar dit is ook 'n saak van God en sy gemeente. Al is dit inderdaad 'n historiese gebeurtenis, staan God in die gebeurtenis sentraal in die lewens van mense. Hy is betrokke by die lewensgeskiedenis van mense. God begelei mense met sy seën deur die lewe. Sonder sy seën kan 'n huwelik nie gelukkig wees nie. Daarom behoort die bruidspaar se voorneme om te trou die Sondag voor die huweliksluiting aan die gemeente bekend gemaak te word. Om die egpaar die volgende Sondag deur voorbidding voor God te bring, lyk vir Vos sinvol.

Op die vraag of daar van 'n huweliksbevestiging gepraat kan word, kan bevestigend geantwoord word. Die bevestiging het twee komponente: 'n juridiese en 'n godsdienstige. In die naam van die reg en in die Naam van die Here. Vanuit Christelike perspektief is die huwelik nie net 'n juridiese handeling nie, maar veral ook 'n godsdienstige gebeure. In ons konteks loop die twee handelinge tydens die huweliksbevestiging saam (Vos 1995:546; vgl. ook Vos 1996a:296-298).

## 6.4.7. GEHEELBEELD.

In haar kritiese evaluering van Dingemans se boek "Als hoorder onder de hoorders.... is dit Verhoef (1992:75) se evaluering dat, in die geheel gesien, is Dingemans daaraan skuldig dat hy die teorie en die praktyk nie voldoende met mekaar geïntegreer het nie.

Dit was dan 'n kritiese evaluering van die teorieë van Pieterse, Long en Dingemans. In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die sterkpunte van hierdie moderne homiletiese teorie as 'n eenheid en hoe dit sin maak in 'n industriële situasie.

# HOOFSTUK 7.

## 7. DIE STERKPUNTE VAN HIERDIE MODERNE HOMILETIESE TEORIE EN DIE WAARDE DAARVAN VIR DIE PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE SITUASIE.

Die doel van hierdie hoofstuk is om uit die voorafgaande ondersoek oor hierdie moderne homiletiese teorie my eie teoretiese lyne te trek vir prediking in 'n industriële situasie.

### 7.1. DEFINISIE VAN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.

Vos (1995a:105) lewer kommentaar oor 'n definisie wat Heitink vir die praktiese teologie geformuleer het en nadat hy aanpassings gemaak het lees die definisie soos volg: Onder praktiese teologie as handelingswetenskap word hier verstaan die empiries-georiënteerde teologiese teorie vir die bemiddeling van die Christelike geloof in die enkeling en in die kerk in die praxis van die moderne samelewing.

### 7.2. BEGRIPPE.

'n Definisie kan natuurlik nie 'n saak volledig stel nie, maar toon van die belangrike hoofmomente aan waaroor dit in die saak gaan. Sleutelbegrippe wat hier ter sprake is, is die praktiese teologie, handelingswetenskap, empiries, teorie, Christelike geloof, enkeling, kerk, praxis en die moderne samelewing. Baie van hierdie begrippe veronderstel 'n meer uitgebreide verduideliking wat weer ander begrippe insluit, byvoorbeeld, empiries - wat handel oor metodologie wat nie net deur een woord beskryf kan word nie, teorie - wat betrekking het op wetenskaps-teorieë, teologiese basisteorieë en praktykgerigte teorieë, praxis - wat onder andere die teorie-praxis probleem insluit asook die praktiese gerigtheid van die vak.

Een van die belangrike elemente wat in die definisie kortkom ten opsigte van die prediking is die begrip kommunikasie. Sake wat

hierby aansluit is byvoorbeeld dialogies, die hoorders en die preek.

Die belangrikheid van hierdie begrippe wat sekere sake verteenwoordig kom na vore wanneer dit in verband gebring word met die prediking wat in die moderne samelewing moet geskied. In hierdie ondersoek handel dit spesifiek oor die prediking in 'n industriële gemeenskap.

Daar word nou na enkele van hierdie begrippe gekyk, veral hulle wat die sterkpunte van hierdie moderne homiletiese teorie verteenwoordig.

## 7.3. PRAKTIESE TEOLOGIE SE PLEK IN DIE TEOLOGIE.

Die woord teologie is 'n samevoeging van twee Griekse woorde naamlik "theos" wat God en "logos" wat woord beteken. Teologie kan beskryf word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God. Teologie dink na oor, bespreek en kontroleer geloofsuitsprake en teorieë en hierdie nadenke geskied volgens wetenskaplike metodes (Heyns & Pieterse 1990:4-5).

Praktiese teologie is een van die studievelde van die teologie. Van die mees algemene en bekende studievelde in die teologie is die Ou- en Nuwe Testament, kerkgeskiedenis, sistematiese teologie, etiek, sendingwetenskap, godsdienswetenskap en die praktiese teologie. 'n Studieveld is egter nie 'n gedeelte van die teologie nie, maar 'n bepaalde perspektief op die teologie as geheel.

In die verlede is die praktiese teologie nie beskou as een van die teologiese dissiplines nie, met ander woorde, dit was geen teologie nie, maar slegs die prakties maak van die teologie (Heyns & Pieterse 1990: 9). Dit is gesien as 'n hulp wat in diens gestaan het van die dogmatiek en wat gefunksioneer het as die verlengstuk van die handelende kerk (Dingemans 1996:79).

Hierdie moderne homiletiese teorie het ook 'n groot bydrae gelewer sodat hierdie siening oor die praktiese teologie verander het. Die praktiese teologie word nou beskou as 'n volwaardige teologiese wetenskap wat sy eie veld van ondersoek het en wat sy eie teorieë ontwikkel en ontwerp.

## 7.4. PRAKTIESE TEOLOGIE AS 'N HANDELINGSWETENSKAP IN 'N HERMENEUTIESE RAAMWERK.

Die handelingswetenskaplike benadering wat Pieterse voorstaan het 'n groot invloed op die vak praktiese teologie. In Nederlands word die werkwoord 'handelen' gebruik om 'n aksie uit te druk. Dit beteken dat elke gelowige beskou word as subjek van kerklike handelinge. Die handelinge van alle gelowiges word nou objek van prakties-teologiese studies (Pieterse 1993:110-111).

In sy historiese ontwikkeling het die praktiese teologie die klem laat val op die ampswerk en rol van die predikant en op die kerk (Dingemans 1996:20), maar nou het daar 'n verbreding plaasgevind. Die studieveld van die praktiese teologie word nou nie meer beperk tot formeel kerklike geloofshandelinge nie, maar dit sluit alle geloofshandelinge van mense in. In die praktiese teologie gaan dit oor die gebeure tussen God en mens. Die geloofshandelinge van mense is gegrond in God se handelinge met die mens in die verlede, die hede en die toekoms.

Deur hierdie benadering is 'n hele aantal winspunte vir die praktiese teologie behaal. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Die praktiese teologie het 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding verkry.
- Die teorie-praxis probleem is met hierdie benadering oorkom.
- Die verhouding met die ander teologiese vakke het verander. Vir eeue het die praktiese teologie die ander dissiplines se teorieë vir die praktyk gebruik. Nou kan hy sy eie teorieë ontwerp en gebruik.
- Daar het 'n verandering plaasgevind in die verhouding tussen

die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe. Op gelyke vlak kan daar nou onderlinge samewerking plaasvind.

Pieterse (1994:99) kom tot die konklusie dat die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in diens van die evangelie nie die teologiese gehalte van die vak verskraal nie. Dit bied egter meer as die konfessionele of diakoniologiese benadering. Dit verskaf 'n eie metode en staanplek in die ry van wetenskappe. Dit help om teologiese teorieë te ontwerp waarin die normatiewe aansprake van die Skrif funksioneer, maar wat ook praktykgeoriënteerd en konkreet is.

Hierdie benadering maak dit moontlik om 'n teorie vir prediking in 'n spesifieke situasie, soos die industriële situasie, te formuleer.

## 7.5. <u>**METODES IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE.**</u>

In die praktiese teologie gaan dit nie meer net om die ondersoek van tekste nie, maar dit gaan ook oor die ondersoek van mense en hulle wyses van handeling (Dingemans 1996:62).

Pieterse en Dingemans bespreek 'n hele aantal metodes, maar die uiteindelike keuses wat hulle maak laat die klem val op die empiriese. Dingemans gee voorkeur aan die hermeneutiese kwalitatiewe metode wat aangevul kan word met die empiriese kwantitatiewe metode (Dingemans 1996:78, en Pieterse (1993:25) sê, praktiese teologie as handelingswetenskap werk met 'n empiriese metode binne 'n hermeneutiese raamwerk. Dit word ondersteun deur Heitink, Vos en vele ander.

Die belangrike is dat mense en hulle handelinge in berekening gebring word. Wat die prediking betref, word die **hoorders** onder andere ook onder die soeklig geplaas deur hierdie nuwe metodologiese aanpak.

## 7.6. TEORIE-PRAXIS-VERHOUDING IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE IN 'N HERMENEUTIESE RAAMWERK.

Oor hierdie verhouding tussen teorie en praktyk is daar al baie gedink en geskryf. Hierdie moderne homiletiese teorie het ook sy deel bygedra om 'n oplossing vir hierdie belangrike probleem te vind.

Teorie in hierdie verhouding beteken spesifiek die teologiese teorie wat die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie in die kerk en samelewing dien (vgl. Nel 1991:23; Pieterse 1993:132-133).

Praxis beteken binne die praktiese teologie 'n gereflekteerde praktyk. Die praxis wat bestudeer word, is die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van individue en groepe in die kerk en in die samelewing met die oog op die opwek en opbou van die geloof in God, soos geopenbaar deur die woorde en dade van Jesus Christus (Pieterse 1993:173).

Hierdie wyse van teologisering maak slegs teologies sin as dit binne 'n hermeneutiese benadering geplaas word. Pieterse het dit op 'n pionierswyse gedoen (Pieterse 1979), en dit is ook die swaartepunt van Dingemans se werk en Long werk ook so.

Dit is die verantwoordelikheid van die praktiese teologie om die prakties-teologiese teorieë wat in die praktyk funksioneer, te identifiseer, krities te beoordeel, te wysig en indien nodig, nuwe teorieë vir die praktyk te ontwikkel.

Teorie-kritiek en teorie-ontwikkeling is egter van empiriese ondersoeke afhanklik. Met empiriese ondersoeke word 'n analise van die praktyk deur die versamel, beskryf en bewerk van empiriese gegewens bedoel. Die verhouding tussen teorie en praxis kan die beste beskryf word as 'n bipolêre spanningsverhouding (Pieterse 1993:174).

Die teorie moet 'n kritiese teorie wees, krities ten opsigte van die kerklike praxis deur te toets of dit tot heil van mense is. Daarteenoor moet die kerklike praxis kritiese praxis wees wat sy eie teoretiese grondslae, doelstellings, effektiwiteite en resultate voortdurend krities ontleed en beoordeel.

Die teoretiese stelling van hierdie ondersoek is onder meer dat hierdie moderne homiletiese teorie met 'n bewussyn van die ontwikkelinge in die moderne samelewing ontwerp is ... Die empiriese metode, en dit wat die teorie-praxis verhouding as doelwit het, is 'n duidelike bewys dat hierdie teorie so ontwerp is, dat dit die moderne samelewing die beste kan dien.

## 7.7. DIE GERIGTHEID VAN HIERDIE MODERNE HOMILETIESE TEORIE.

Drie kern begrippe wat in die voorafgaande definisie voorkom is die enkeling, die kerk en die moderne samelewing. Hieruit kan afgelei word dat die mens en die geloofshandelinge van die mens 'n belangrike komponent is en wat deur hierdie moderne homiletiese teorie in ag geneem word. Pieterse (1993:131) is van mening dat die praxis van die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie deur die praktiese teologie bestudeer moet word waar dit ook al geskied: in die kerk, en in die samelewing met al sy terreine; en deur wie ook al - met ander woorde, individue soos geestelikes en ander gelowiges, groepe gelowiges en instellings, waardeur groepe en individue oor die evangelie met mekaar kommunikeer, en die evangelie aan ander oordra. Die meeste van hierdie handelinge wat die praktiese teologie bestudeer sal egter in die kerk geskied (vgl. ook Dingemans 1996:2-21). Vroeër was die gerigtheid van die praktiese teologie op die predikant en op die kerk. Daar het dus beslis 'n verskuiwing plaasgevind met meer klem op die handelinge van alle gelowiges sodat die industriële mens ook in die visier kom.

## 7.8. 'N KOMMUNIKASIETEORIE BINNE 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEF.

Die kortste omskrywing van die moderne siening van kommunikasie is dat, kommunikasie die verkeer is van die mededeling en vertolking van boodskappe. Die kommunikasieteorie wat Pieterse (1993:156) kies is die dialogiese kommunikasie teorie. Dialogies moet hier in 'n breë sin verstaan word, naamlik dat dit 'n gelyktydige gebeure is by al die deelnemers wat besig is om betekenis aan mekaar oor te dra. Die begrip dialoog dui veral op die aard van hierdie kommunikasie.

Die openbaring van God aan mense word in die Skrif as dialoog aangebied in die sin dat die Bybelboeke uit 'n dialoogsituasie tussen God en mens ontstaan het. Die handelinge van God soos wat ons dit hier en nou beleef, geskied ook deur die Woord en Gees op 'n dialogiese wyse.

Hierdie kommunikasieteorie moet aan sekere teologiese kriteria beantwoord. Die eerste is dat dit nie-outoritêre kommunikasie moet wees. Mense moet as vrye mense op gelyke voet met mekaar in die gemeente kan kommunikeer. Die dialoog-rolle moet prinsipieel wisselbaar wees. Vir 'n gemeente in 'n industriële situasie is dit belangrik want die industrie het sy eie beroepshiërargie wat van toepassing is by die werk. In die gemeente mag dit nie so wees nie, want elke persoon moet 'n gelyke kans hê om in elke fase van die proses handelend op te tree.

Tweedens moet elke deelnemer die vryheid hê om self oor 'n saak te besluit en eie verantwoordelikheid vir sy of haar se besluit te aanvaar. In die industrie word daar baie keer voorskrywend opgetree. Die een in beheer het die gesag en hy of sy sê hoe sake hanteer moet word.

Derdens geld 'n onvoorwaardelike aanvaarding van die ander as volwaardige mens. Die rolverdelers moet 'n holistiese blik op

die mens hê. In die industrie word die totale mens soms nie raakgesien nie. Die werker word as werker beoordeel. Sy of haar werksverrigting, beroepsuksesse, dit wat tot voordeel van die fabriek strek, is die belangrike. Hoe dit in gesinsverband byvoorbeeld gaan is vir die industrie van minder belang.

In die gemeente geskied hierdie kommunikatiewe handelinge binne in 'n geloofsgebeure. Hieruit kan 'n woordgebeure plaasvind waarin God hier en nou in die huidige situasie spreek en handel. Die doel van hierdie handelinge is om veranderinge teweeg te bring. God het in Jesus Christus ingegryp in die wêreld om sy loop te verander in die rigting waarin God daarmee oppad is.

Dit gebeur ook in die gemeente. Die kommunikasie tussen Christene vind nie sonder doel plaas nie. Hierdie kommunikasie het te make met die onderlinge kommunikering van die waarhede van die geloof en met die opbou van die geloof.

## 7.9. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE HOORDERS.

Een van die belangrikste winspunte wat hierdie moderne homiletiese teorie na vore gebring het is om te wys op die belangrikheid van die hoorders. As die hoorders die preek nie verstaan nie, of as die preek nie van toepassing is op die leefwêreld of die situasie van die hoorders nie, kan met reg gevra word hoe betekenisvol is die preek dan in die moderne samelewing? **Hierdie insig is van kardinale belang vir die prediking in 'n industriële situasie.**

Dingemans sluit by hierdie gedagtegang aan deur daarop te wys, dat as die homiletiek die hoorders as uitgangspunt neem dan moet daar 'n analise van die hoorders gemaak word. Die hoorders is die mense wat Sondae kerk toe gaan met die doel om die evangelie te hoor. Dit is ook hulle wat deelnemend betrokke is in die erediens as aktiewe gemeentelede om hulle geloof te versterk; die gemeenskap met Christus en met mekaar te beleef; die ontmoeting met God en die medemens te vier; die boodskap van die evangelie

op te neem en as aktiewe gemeentelede insette te lewer in die kerk en in die wêreld. Hulle is daar om te hoor, hulle is nie passief aanwesig in die erediens nie, maar hulle vervul 'n aktiewe rol tydens die preek (Dingemans 1991:51). Die navorser het inderdaad so 'n empiriese analise van die hoorders in die industriële situasie van Secunda gemaak (Gerber 1993).

Dingemans is van mening dat die preek sentraal staan, maar die uitgangspunt is nie die prediker nie, maar die hoorders. Daar word by hulle begin in die soeke na die sin en die opset van die preek. Voor 1970 het dit uitsluitlik gegaan oor tekste, skrywers, preke en predikers, maar nou kom die lesers en hoorders ook in die belangstellingsveld. Die lesers en die hoorders word deel van die interpretasie van die werklikheid (Dingemans 1991:13). Selfs die prediker word gesien as 'n hoorder, "als hoorder onder de hoorders..." Die predikant hoor die woorde van die Skrif, op presies dieselfde wyse as die mense wat Sondag kerk toe kom, naamlik as mens, as gelowige, as sondaar en as soeker (Dingemans 1991:14).

Dit is ook die standpunt van Long (1989). Predikers kom vanuit die gemeente, nie van buite af nie. Die prediker beweeg na die preekstoel toe vanaf die kerkbanke. "We rise to the pulput from the pew" (Long 1989:14). Die preek moet vir hoorders gepreek word. Dit is hulle wat die preek moet hoor, daarom kan hulle nie buite rekening gelaat word wanneer die preekmaakproses aan die gang is nie.

Pieterse (1991:97-128) spreek hom ook uit ten gunste van die hoorders. Hy het 'n hele hoofstuk gewy oor die hermeneutiek van die hoorder. Die hoorder luister na die preek met die verwagting om 'n Woord van God te hoor, en om 'n ontmoeting met God te beleef uit die Woord wat gespreek word. Die verstaan proses by die hoorder moet uitloop op 'n ervaring, 'n ontmoeting , wat 'n gebeure-karakter het, en die verstaner bring tot selfverstaan, tot 'n ander bewussyn, tot 'n nuwe bestaan in die wêreld (Pieterse 1991:101). Die hoorder verstaan die preek binne sy of

haar teologiese tradisie en dit is ingebed in al die aktiwiteite en verhoudinge in die gemeente en het sy spitspunt in die erediens. Die hoorder verstaan ook die preek selektief binne sy of haar eie werklikheid, met ander woorde, binne die grense van die vorige ervaringe en opvattinge (Pieterse 1991:127).

Hierdie moderne homiletiese teorie se uitgangspunt oor die sinvolle oordra van die preek, is dus dat die hoorders in berekening gebring moet word.

## 7.10. <u>DIE PLEK VAN DIE TEKS.</u>

Die belangrikheid van die hoorder in die beskouing van hierdie moderne homiletiese teorie, staan nie teenoor die belangrikheid van die teks nie. Altwee het sy regmatige plek. Die een geskied nie ten koste van die ander een nie. Hierdie moderne homiletiese teorie wil egter die balans herstel tussen die teks en die hoorder wat in die verlede nie tot sy reg gekom het nie. Vroeër is die teks oorbeklemtoon ten koste van die hoorder. Op geen manier kan die teks afgeskeep of as van minder belang geag word nie, maar waar daar in die verlede meestal net aandag aan die teks gegee is kom die hoorder nou by. Preekvoorbereiding word dus meer intenser, dieper, groter in omvang as in die verlede.

Pieterse, Long en Dingemans beklemtoon almal die belangrikheid van die teks. Hulle beskou al drie Bybelse prediking as normatief en bestee baie tyd en aandag om metodes en werkswyses te beskryf oor hoe die teks gehanteer en ondersoek moet word (vgl. Dingemans 1991:69-134; Long 1989:60-77; Pieterse 1988:73-82). Vos lê ook groot klem op die deurslaggewende rol van die teks in die preek (Vos 1996).

Temas wat deur hierdie skrywers behandel word rondom die hantering van die teks is onder andere die volgende: Die prediker en die teks, prediking as uitleg en toepassing van die teks, die Bybelse getuienis van prediking, die normatiewe aard van Bybelse prediking, kritiese ingestelde visie op die Skrif,

die eerste lesers van die teks, eksegese, eksegetiese metodes, nogmaals die teks, die teks onder oë, raak betrokke by die teks, toetsing van dit wat gehoor is in die teks en van die teks na die preek.

Bybelse prediking en die teks is onlosmaaklik verbind aan mekaar. Prediking sonder die teks kan nie werklik Christelike prediking wees nie. 'n Teks wat afgeskeep is, wat nie voldoende aandag gekry het nie, gaan heelwaarskynlik 'n preek voortbring wat nie aan die vereistes van 'n goeie preek voldoen nie - dit is om nie 'n Woord van God te verneem nie. Die verwagting van die hoorders in 'n industriële konteks is ook dat daar voldoende aandag gegee word aan die teks van die preek. Hulle soek na 'n verlossende Woord (vgl. Daiber 1980).

## 7.11. DIE PREEK.

Omtrent alles wat in die homiletiek gesê en geskryf word het dit ten doel dat die preek geslaagd en sinvol moet wees. Dit is ook die doel van Pieterse, Long en Dingemans. Die teoretiese stelling van hierdie ondersoek sluit ook hierby aan naamlik dat hierdie moderne homiletiese teorie in sy ontwerp die ontwikkelinge in die moderne samelewing in ag neem en dat die prediking hiervolgens so ingerig sal word dat dit sin sal maak in 'n industriële samelewing.

Die preek word deur al drie skrywers breedvoerig behandel. Temas of punte wat hulle bespreek is onder andere: die fokus en funksie van die preek; die prediker en die preek; die doel van die preek; die plasing van die preek, kommunikasie tydens prediking, prediking as dialoog; die taal en verskillende literêre vorme; beelde; verwoording van die preek; vorm en inhoud; die struktuur van die preek; die preek inleiding; verbindings; preeklewering; die slot van die preek; gemeente deelname aan die preek; effek van die preek; ensovoorts.

'n Belangrike merkbare verskuiwing wat plaasgevind het sluit aan

by die argument van hierdie ondersoek, naamlik dat die begin van die preek nie soseer by die teks begin nie, maar by die hoorders. Die probleem wat in die begin van hierdie ondersoek gevra is was: kan die prediking volgens hierdie moderne homiletiese teorie die evangelie vandag op 'n sinvolle wyse aan die hoorders oordra? Die antwoord is ja, maar alleenlik as die hoorders hulle regmatige plek in die preekmaakproses inneem. Om dit reg te kry moet daar in die preekmaakproses by die hoorders, hulle verstaanshorison en hulle konseptuele wêreld, begin word.

Vos (1996b:63) beskryf die preek as 'n religieuse diskoers wat in 'n bepaalde tyd plaasvind, deur 'n prediker gekommunikeer word, en vir hoorders bestem is. Die preek as taalgebeure het 'n verwysende funksie in die sin dat dit na God verwys. Dit maak toegang tot en kommunikasie met God moontlik sonder dat God sy plek prysgee. God neem sy eintlike plek in deurdat Hy die hoorder se bestaan uitlê en verlig. Die funksie van die preek as religieuse rede is ook om die hoorder se ervaringe in die lig van God se Woord te beoordeel, sy woorde te relativeer en sy beperkinge uit te wys. Die preek vestig die hoorder se aandag op God se koninkryk. Op dié wyse word 'n nuwe wêreld ontsluit en 'n geloofsbeslissing van die hoorder gevra.

## 7.12. <u>PREDIKING IN 'N INDUSTRIëLE KONTEKS.</u>

Teoretiese riglyne word vervolgens getrek vir sinvolle prediking in 'n industriële situasie soos byvoorbeeld dié van Secunda waarvan die navorser intensiewe kennis het.

### 7.12.1. <u>MODERNE SIENING OOR DIE HOORDERS VAN DIE PREEK.</u>

Die grootste probleem waarmee die prediking in 'n industriële konteks te doen het, is om die evangelie op 'n sinvolle wyse aan die hoorders oor te dra. Die industriële wêreld het sy eiesoortige probleme alhoewel baie daarvan ooreenstem met die probleme wat in die moderne samelewing, wat wyer is as die industriële wêreld, te vinde is.

Vos (1995b:193-202) bespreek die hoorder en sy konteks en dan wys hy daarop dat die wyse waarop die hoorder luister, deur sy of haar situasie bepaal word. Vir die prediker is dit konstitutief wanneer 'n preek ontwerp word. Die kerk is altyd deel van die gemeenskap waarin hy leef en werk. Daarom moet die kerk in konteks verstaan word.

'n Term wat geskik is om die wêreldbeskouing van die huidige tyd te beskryf is modernisering. Modernisering het twee kante. Kenmerkend aan die eenkant is 'n skeptisisme ten opsigte van die sentrale plek wat aan die rede en die menslike subjek as 'n rasionele wese toegeken word. Aan die ander kant kan modernisering beskou word as die sosiale ontwikkeling wat daarna strewe om probleme vanuit die perspektief van die rasionaliteit op te los. Rasionalisering soek na metodes en middele wat geskik en effektief is. Dit wil die werklikheid orden en sistematiseer ten einde dit oorsienbaar en beheerbaar te maak (vgl. Van der Ven 1993:17).

Teenoor onaantasbare waarheidsaansprake, 'n oorskatte geloof in die wetenskap en 'n metafisiese wyse van redenering, is die interrelasie van waarheid, etiese, relativisme en kulturele pluralisme van die grootste belang.

Modernisering dui op die ontwikkeling waardeur 'n oorspronklike homogene samelewing in verskillende sfere ingedeel word. Die sfere word deur eie prinsipes en reëls beheers. Na die Middeleeue het die ekonomie, die politiek, die religie, die wetenskap, die tegniek, die moraal en die kuns 'n eie onafhanklike lewe begin lei. Die samelewingsverhoudinge het verander: die oorgelewerde hierargieë het verbrokkel en is deur ander vervang en vernietig. Daar het 'n segmentasie en differensiasie van die samelewing plaasgevind. Verskillende dimensies van modernisering kan onderskei word. Daar kan van ekonomiese, politieke, sosiale en kulturele modernisering gepraat word (vgl. Van der Ven 1993:18-19). Die dimensie van modernisering word aan die kreterium van rasionaliteit gemeet.

Rasionaliteit kan nader as doelrasionaliteit omskryf word. Vir die ekonomie is die kriterium berekenbaarheid, vir die tegniek beheersbaarheid, vir die wetenskap voorspelbaarheid en vooruitgang. Volgens Jürgen Habermas se sosiale teorie omvat die ekonomiese en politieke kragvelde mense se lewe. Die twee kragte bepaal in 'n groot mate hoe mense dink en leef. Habermas maak dit duidelik dat ekonomiese kolonialisasie die samelewing bedreig. Dit bring mee dat die politieke, sosiale en kulturele lewe meer en meer kolonies van die ekonomie word.

In die ekonomiese modernisering is grondgebied nie meer die enigste vertrekpunt in die oplossing van ekonomiese probleme soos dit in die geval van die pre-stedelike, pre-moderne gemeenskap was nie, maar kapitaal speel 'n sleutelrol in die proses. Produksiegroei eis 'n verbruikersgroei. Ekonomiese modernisering lei tot 'n skeiding van die ekonomiese en die familielewe, rasionele boekhouding, belegging met die oog op markwelslae, die inset van formeel vrye arbeidskragte, die effektiewe gebruik van wetenskaplike en tegnologiese kennis (Vos 1995b:195; Van der Ven 1993:18).

Politieke modernisering beoog die oplossing van sosiale probleme. Om dié doelwit te bereik moet die politieke magte die ekonomiese realiteite in ag neem. Dit beteken dat vrede bewaar word, geregtigheid gehandhaaf word en dat werksgeleenthede geskep word. Die politieke magte moet toesien dat die ruilverkeer tussen individue en groepe so ongehinderd moontlik verloop. Beheersing van die burger neem toe. Dit moet in gedagte gehou word dat die ekonomiese en politieke kragte in verskillende omstandighede varieer. Dit mag soms gebeur dat die politiek 'n sterker krag as die ekonomie is. Dit is die geval wanneer politieke kragte ten spyte van ekonomiese blokkerings die oorhand het.

Wanneer politieke magte kragte meet, kan dit 'n samelewing verskeur. Politieke botsings het geweldige geweldspotensiaal. Op die Suid-Afrikaanse toneel is daar in die negentiger jare veral 'n geweldskultuur geskep. Die eie aard van 'n

geweldskultuur is dat dit monoloog wil wees. Dit wil die gesprek tussen verskillende politieke en kultuurgroepe doodmaak. Geweld dompel mense in ongeloof en die vernietiging van samelewingsverbande (die huwelik, gesin, arbeid, ontspanning, kultuur en politieke lewe). Dit het geen respek vir mense se lewens nie (Vos 1995b:195; vgl. ook Van der Ven 1993:18-19).

Daar moet in gedagte gehou word dat die kerk in die pre-stedelike en pre-moderne periode die middelpunt van die gemeenskap was. Dit is nie meer die geval in die moderne samelewing nie. Die gevolg van hierdie verskuiwing is dat die kerk sy eintlike plek opnuut moet ontdek as die van 'n alternatiewe gemeenskap. Dit beteken onder andere dat die kerk tot sy religieuse funksies beperk word. Verder impliseer dit dat die kerk hom op religieuse kommunikasie moet toespits. Die troon en die altaar is nie meer bondgenote nie. Die staat behandel die kerk as 'n sosiale gemeenskap. Hy is maar net een van die spelers op die veld. Die nuwe geesteskonteks beteken die verlies van die soort politieke beskerming en vanselfsprekendheid wat dit sedert die vierde eeu in die Westerse wêreld geniet het (Van der Van 1993:27-29).

Die konsentrasie van die ekonomiese en politieke werklikhede in die stede laat die lig op die sosiale kant van modernisering val. Sosiale modernisering word deur verstedeliking bepaal. Hierdie verstedelikingsproses het ingrypende geografiese en demografiese konsekwensies. Die sosiale konteks waarin die familie gewortel is, het dramaties verander. Die gevolg is dat sosiale relasies versteur is. Sosiale fragmentasie en individualisasie is die onvermydelike gevolg (Vos 1995b:196; vgl. ook Van der Ven 1993:19).

Verskuiwinge in die mense se sosiale wêreld beïnvloed die mens se ervaring van sy godsdienstige wêreld. Ekonomiese groei of 'n gebrek daaraan, die beskikbaarheid van arbeid aldan nie het 'n invloed op die mens se ervaring van sy godsdiens. Armoede, fisiese en geestelike lyding, werkloosheid, het 'n uitwerking op mense se Godservaring. Die invloed van politieke mag is ook nie

neutraal nie. Wanneer politieke magte vir 'n groep of volk gunstig is, kan dit makliker wees om God naby te ervaar. Maar die verskuiwing van politieke kragte kan 'n duister ervaring van God se teenwoordigheid meebring. 'n Sosiologiese ontwrigting kom die skerpste aan die lig op die gebied van voedsel, skuiling en seksualiteit. As dit ontbreek, soek die mens na ander alternatiewe (Vos 1995b:200).

Menslike regte soos demokrasie wat vryheid van spraak, werksgeleenthede, vrye godsdienstige en politieke verbintenis, ongeag ras of kultuur, waarborg, is onontbeerlik in 'n samelewing.

Kulturele modernisering bring 'n skaalvergroting van informasie en opvoedingstrukture mee. Dit lei tot scientisme - 'n geloof in die wetenskap en die wetenskaplike vooruitgang.

Kulturele modernisering het 'n uitwerking op die outonomie van verskillende kulturele institusies. Die kuns, wetenskap, moraal, wet, opvoeding en onderwys, filosofie, wêreldbeskouing en godsdiens lei steeds meer 'n eie lewe. In dié verband het ons te doen met 'n kulturele pluraliteit. Die mens mag egter nie al sy heil van die wetenskap verwag nie. Kennis en mag beantwoord die vraag na die sin van die lewe ook maar ten dele. Al die kennis is nie genoeg om die spanninge en botsings in menslike verhoudinge uit die weg te ruim nie. Die menslike beheersing waartoe die wetenskap hom in staat stel, word egter deur die kontraservaringe van honger en armoede in die wêreld, kindersterfte, die vlugtelingsvraagstuk en die sosiaal-ekonomiese uitbuiting totaal ontluister.

Die proses van rasionalisasie kan in verskeie kulture waargeneem word. In die godsdiens vertoon die geskiedenis van die refleksie oor God, Christus, die Heilige Gees, skepping, verlossing en voltooiing 'n meer en meer abstrakte beeld. Dit is ook van toepassing op die refleksie oor die kerk en die liturgie. Die moraal en religie word al meer onafhanklik van mekaar (Van der

Ven 1993:19-20; vgl. Vos 1995b:196-197).

Die mens in die industrie word aan al hierdie dinge blootgestel, asook aan baie ander invloede en omstandighede. Verder is die leef en werksomstandighede nie altyd van die aangenaamste nie. Skofwerk, bystandsdiens, ongereelde en lang werksure, werksverantwoordelikhede, fisiese harde werk, moegheid, frustrasies, menseverhoudings wat nie altyd na wense is nie, druk wat uitgeoefen word en wat verwerk moet word. Die streef na prestasie en as 'n sekere doelwit bereik word, word dit die aanvaarbare vereiste en later die norm vir sekere werksvereistes. Daar word dus altyd gestreef na beter en meer in dieselfde tydskedule. Die werker is ook nie 'n onvervangbare komponent waar sonder die organisasie nie kan klaarkom nie. Onder die persoon is daar iemand wat sy of haar plek kan inneem indien daar probleme ontstaan hetsy verhoudingsprobleme of as die vereiste standaard nie gehandhaaf word nie of as 'n opstandigheid of onwilligheid waargeneem kan word.

Hierdie omstandighede het gewoonlik ook 'n invloed op die gesin en ook op die gemeenskap. Huwelikskonflik en misverstand lei dikwels tot egskeidings, ontwrigtings, ongelukkigheid, frustrasie, onvergenoegdheid, en die gevoel dat niks sin maak nie, met ander wooorde, 'n sinlose lewe met min hoogtepunte en baie mislukkings.

Sekularisasie is 'n ander kenmerk van modernisering. Alhoewel sekularisasie 'n weerspieëling van die tydgees van die twintigste eeu is, is die proses van sekularisasie gevoelig vir die veranderde kragte in die samelewing. Die begrip het drie betekenisse. Eerstens dui dit op 'n vermindering van godsdienstigheid en kerklikheid. Godsdienstige handelinge is minder in getal en geringer in betekenis. Benewens die godsdienstige handelinge verander die godsdienstige opvattinge van mense ingrypend. In die verband kan gedink word aan die vraag hoe mense God se teenwoordigheid ervaar. Talle se ervaring is dat Hy afwesig is. Daar word selfs van die "voortvlugtigheid

van God" en van sy "terugtrekking" gepraat (Vos 1995b:198).

Sekularisasie is tweedens ook 'n beperking van die godsdiens se invloed. Instellings in die samelewing is onafhanklik van godsdiens. Die gevolg hiervan is dat die godsdienstige aktiwiteite tot die private lewe beperk word. Om godsdienstige norme en gedrag in die industrieë en meer in die besonder, in die werksplek van die individue toe te pas is problematies. Godsdienstige aktiwiteite word gereserveer vir Sondae want in die week is daar nie tyd en plek daarvoor nie.

Derdens is sekularisasie 'n aanpassing van godsdiens. Godsdiens pas inhoudelik aan by die ontwikkelinge van die samelewing en die moderne bewussyn (Vos 1995b:198).

Sekularisasie bring die tendens na vore dat godsdiens nie meer as so belangrik geag word nie. Dit is een van die belangrikste tendense wat 'n gemeente in 'n industriële konteks kan beleef. Daar is soveel beweging van kragte en standpunte dat mense 'n waardeverwarring en 'n waardeverskuiwing beleef, en dit maak dat die kerk en godsdiens daaronder ly.

Die radikale verandering in die samelewing deur die moderniseringsproses het die homiletiek gedwing om teoreties her te besin. Hierdie moderne homiletiese teorie soos deur Pieterse, Long en Dingemans verteenwoordig, het die volgende belangrikste teoretiese aanpassings gemaak:

1. In plaas van die tradisionele beweging van die teks na die hoorder, is die hermeneutiese proses omgekeer. Die beweging is nou vanaf die hoorder na die teks deur middel van die prediker/hermeneut en weer terug na die hoorder (vgl. Pieterse 1988:79-82; Van der Laan 1989). Ernst Lange het hierin baanbrekerswerk verrig met sy beroemde uitspraak: "DER HÖRER IS'T MEIN THEMA".

2. Hierdie benadering het noodwendig hermeneutiese implikasies

gehad. Daarom het die homiletiek die breër aanpak van die moderne kritiese hermeneutiek in diens geneem (vgl. Vos 1996:9-50).

3. Nuwe kommunikasie teorieë moes toe ondersoek word en deel daarvan was die dialogiese teorie van Pieterse & Wester (1995) en Vos (1996:153-196).

Hierdie genoemde faktore en ook ander faktore bring mee dat daar met ander oë na die prediking in 'n industriële samelewing gekyk moet word. Die hoorder kan nie meer buite rekening gelaat word tydens die preekmaakproses nie. Die hoorder en sy of haar omstandighede, situasie of konteks moet in ag geneem word indien prediking in 'n industriële situasie tot sy reg wil kom.

**'n Uiters belangrike teoretiese fondament vir die prediking in 'n industriële situasie is dus die vertrekpunt en benadering vanuit die hoorders.**

### 7.12.2. DIE HOORDERS IN 'N INDUSTRIËLE SITUASIE SOOS SECUNDA.

#### 7.12.2.1. INLEIDING.

In 'n ondersoek wat Gerber (1993) in die Nederduitse Gereformeerde gemeente Secunda geloods het, het die volgende bevindings na vore gekom.

Die doel van die ondersoek was om te probeer vasstel of die gebruik van beeldspraak en die verduideliking van teologiese begrippe, die verstaanbaarheid van die prediking kan verbeter in 'n gemeente wat in 'n industriële gebied geleë is.

Taal is 'n belangrike faktor tydens die prediking, maar dit gaan nie net oor taal nie. Die teks moet in die spesifieke gemeente konkreet gemaak word en die prediking moet gemeentegerig wees. Die rede hiervoor is, omdat ons in die prediking nie te doen het met 'n abstrakte hoorder nie, maar met 'n bepaalde hoorder.

Hierdie hoorder is die gemeentelid met sy eie verstaans- en begrippewêreld wat van toepassing is in die bepaalde gemeente (Pieterse 1979:100).

Dit geld ook vir 'n gemeente in 'n industriële gemeenskap. 'n Belangrike faktor is die verskeidenheid van mense wat in so 'n gemeenskap aangetref word. Mense kom van oral oor die land omdat daar moontlikhede vir werksgeleenthede is. Daar is ook 'n verskeidenheid van beroepe wat meebring dat dit 'n gemeenskap is met hoogs gekwalifiseerde persone, asook minder gekwalifiseerd- en laaggekwalifiseerde persone. Daar is ook kinders, jongmense, volwassenes en bejaardes. Hulle huldig ook verskillende denke, uitgangspunte en sienings oor byvoorbeeld die politiek, tradisies, oor hoe die gemeente ingerig moet word, ensovoorts. Mense het voorkeure en afkeure, en om almal sinvol te akkommodeer in 'n makrogemeente is nie altyd maklik en moontlik nie.

Hierdie en ander tendense het 'n invloed op die taal wat tydens die prediking gebruik word, want die doelwit is om almal tydens die prediking te bereik ongeag wie die persoon ookal is. Die prediking moet so oorgebring word dat soveel mense as moontlik die preek beleef en verstaan tydens die erediens.

### 7.12.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE PREDIKING.

Met die teoretiese vertrekpunt vanuit die hoorders en hul invloed op die verstaan en formulering van die boodskap van die Skrif in 'n industriële situasie, **is die beeldspraak wat in die prediking gebruik word teoreties van die grootste belang.**

Tydens die ondersoek (Gerber 1993:84) kon vasgestel word dat die ondervraers almal geweet het wat beeldspraak is. Daar was ook ooreenstemmigheid dat die gebruik van beeldspraak die verstaan van die prediking kan vergemaklik.

Die vorme van beeldspraak wat by die meeste bekend was, was die vergelyking, die metafoor en die simbool. Personifikasie en die

allegorie was in 'n mate bekend en sinestesie, sinekdogee en antonomasia was (behalwe vir 'n paar individue) onbekend.

Uit hierdie ondersoek kan daar dus gesê word dat die vergelyking met groot vrug in die prediking gebruik kan word. Almal ken die vergelyking en almal verstaan dit. Hulle hou daarvan om ook in terme van vergelykings te dink.

Metafore, simbole, personifikasies en allegorieë kan ook gebruik word, maar dit wil voorkom asof sinestesie, sinekdogee en antonomasia liewer vermy moet word.

Daar is vroeër verwys na die verskeidenheid van mense wat in 'n industriële gemeente aangetref word. Hierdie verskeidenheid bemoeilik die gebruik van beeldspraak tydens die prediking. Sommige beelde sal aan die meeste hoorders bekend wees, terwyl ander net aan sekere groepe bekend sal wees. Beelde wat betrekking het op die huis, gesin, familie, natuur, diereryk, ensovoorts is aan die meeste mense bekend, maar beelde wat betrekking het op die kuns, musiek, mynbou en die industrieë is nie noodwendig aan almal bekend nie.

Die skoolkind sal meer vertroud wees met beelde in 'n skoolsituasie as met beelde in 'n industriële situasie. Die industriële werker sal waarskynlik minder kennis hê oor kuns en musiek maar meer oor die industrie. Die huisvrou gaan meer kennis hê oor die gesin as oor die mynbou. Hierdie tendens veroorsaak dat daar misverstande kan ontstaan wanneer daar van beeldspraak gebruik gemaak word wat eie is aan 'n spesifieke situasie.

Die probleem kan nog vererger omdat sekere begrippe meer as een betekenis het. 'n Sekere artikel kan in 'n huislike milieu iets beteken terwyl dit in die fabriek iets anders beteken. Begrippe of terme kan ook sekere assosiasies by mense na vore laat tree, terwyl die grondbetekenis van die woord iets konkreets beskryf.

'n Paar voorbeelde om hierdie probleem te verduidelik is die volgende:

- Die term 'pampoen' kan 'n groentesoort aandui of dit kan beteken dat iemand dom is.
- 'n 'Kraan'- kan 'n waterkraan wees waaruit water loop as dit oopgedraai word, of in die industrie kan dit 'n hyskraan wees wat swaar vragte oplig en verskuif.
- 'Skip' - Kinders en huisvrouens kan dink dat dit iets is wat op die see vaar, terwyl die myner moontlik sal dink dit is 'n hysbak wat mense vertikaal in 'n mynskag op en af vervoer.
- 'Bobbejaan' - Kinders sal dink dit is 'n dier, vrouens sal miskien dink dat daar na iemand verwys word wat dom is, terwyl die ambagsman kan dink dat dit 'n skroefsleutel is, met ander woorde, 'n stuk gereedskap.
- 'Pen' - Dit kan iets wees waarmee 'n mens skryf, of 'n stuk yster wat byvoorbeeld in die grond ingeslaan word.
- 'Sleutel' - Iets kan in 'n rekenaar ingesleutel word, of dit kan iets wees wat 'n slot oop of toe sluit.
- 'Koekepan' - Die myner weet dit is 'n houer met wiele wat op spore loop en wat erts vervoer, terwyl 'n kind heel moontlik sal dink dit is 'n stuk kombuisgereedskap waarin koek gebak word.
- 'Stof' - Baie sal aan klein deeltjies dink wat die lug besoedel, of die huisvrou kan dink aan die goed wat sy elke dag uit die matte uitsuig met 'n stofsuier, terwyl die industriewerker aan grondstowwe byvoorbeeld, steenkool of gouderts of ystererts sal dink.

Om die probleem te oorbrug moet die prediker die begrip verduidelik en omskryf sodat die hoorder presies weet waarna die prediker verwys. 'n Ander hulpmiddel is die sinsverband waarin die term voorkom. As die sin reg gestruktureer is, sal die hoorder in 'n groot mate weet wat die prediker met hierdie term bedoel.

Beelde wat in die Bybel voorkom kan met groot vrug tydens die prediking gebruik word.

Daar kom baie beeldspraak in die gelykenisse en verwante gedeeltes voor, asook in die 'Ek is'- uitsprake van die Here Jesus Christus. In Psalm 1 word gesê dat die gelowige soos 'n boom is wat geplant is by waterstrome en wat op die regte tyd sy vrugte dra...Daar word ook gepraat van die goddeloses wat soos kaf is wat deur die wind uitmekaar gewaai word. Ook in die bergpredikasie kom beeldspraak voor. Die gelowiges is die sout van die aarde en die lig van die wêreld. Die verstandige man sal sy huis op rots bou, en die dwaas is soos die een wat sy huis op sand gebou het.

In Romeine 12 en I Korintiërs 12 word daar verwys na die liggaam van Christus en dat die gelowiges afsonderlik deel is van die een liggaam, maar dat elkeen 'n taak het om te verrig. Vorme van beeldspraak word ook gevind by die kleinere profete, asook in die boek openbaring. Die verhouding tussen die Here en die gelowiges word baie keer uitgebeeld deur na die verhouding tussen die Vader en sy kinders te verwys.

In die Psalms, Spreuke en Prediker kom beeldspraak voor. In Deuteronomium 32 staan daar "Die Here het sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van sy oog. Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra, so het die Here net Hy alleen, sy volk gedra, ..."

Beeldspraak word ook gevind in die briewe van Paulus. 'n Goeie voorbeeld word in 2 Korintiërs 3 gevind. Daar word die gelowige met 'n aanbevelingsbrief vergelyk. "... Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan. Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte van

mense." So kan daar nog talle voorbeelde uit die Bybel aangehaal word.

Uit die ondersoek was daar talle voorbeelde wat afkomstig was uit die leefwêreld van die mens. Voorbeelde uit die natuur, diereryk, gesin, huis, skool, sport, vriendskappe asook kuns en musiek. 'n Paar van hierdie voorbeelde was die volgende:

- Die Bybel word voorgestel as 'n padkaart of 'n navigator, wat die goeie weg vir ons aandui.

- Geskenke dui op die verlossingsgeskenk wat Jesus Christus vir ons gegee het.

- 'n Papaja bestaan uit 'n skil, pitte en die vruggedeelte. So word die samestelling van die Drie-eenheid voorgestel. Die Vader, Seun en Heilige Gees is een en tog verskil hulle. Die skil lyk anders as die pitte en die pitte as die vrug. Die skil beskerm die vrug en die pitte verseker dat groei weer later moontlik is. So verskil die basiese funksies ook van die Drie-eenheid onderling.

- Die enigste manier om 'n blommerangskikking lank mooi en vars te hou, is om te sorg dat daar water in die blompot is. Die Woord is die water wat die gelowige lewend hou al is die omstandighede van die mens anders as wat dit behoort te wees.

- Iemand wat sonder die Heilige Gees lewe is soos 'n droë spons.
  So 'n persoon kan nie doen wat behoort gedoen te word nie. As die spons egter nat is, as die Heilige Gees oor 'n persoon uitgestort is, kan hy of sy ander positief dien. 'n Swartbord wat bekrap is kan deur 'n nat spons skoongevee word, so kan 'n gelowige ander beïnvloed om 'n skoner lewe te lei, nader na die Here Jesus Christus toe. 'n Nat spons lyk anders en voel anders as 'n droë spons. Die water het

dit sag gemaak. Nou kan dit vuiligheid opvee en nou kan dit doen waarvoor dit gemaak is.

- 'n Gesonde potplant kan met 'n dooie potplant vergelyk word. Die dooie plant het nie water gekry nie, terwyl die lewendige potplant wel water gekry het. Die water het die plant lewendig gehou en dit laat groei. Dit wat water vir plante doen, dit doen God se Woord aan die gelowige mens.

- Die Bybel is soos 'n spyskaart. Daar is lyste van seëninge in wat ons kan vul sodat ons sinvol kan lewe.

- Baie kombinasies kan in die getallelyn gevind word. Getalle kan opgetel word, van mekaar afgetrek word, gemaal of gedeel word, en tog gaan die antwoord of reg of verkeerd wees. So is die lewe van die mens ook. Die mens kan baie keuses en opsies uitoefen, maar die Woord van die Here gaan bepaal of hierdie keuses die regte keuses was.

Daar kan seker met reg gevra word of al hierdie voorbeelde beeldspraak is en of van hulle nie net illustrasies is nie. Hierdie voorbeelde gee egter 'n duidelike aanduiding hoe die industriële mens dink en voel.

Die voorbeelde wat tydens die onderhoude genoem is, en wat betrekking gehad het op die beroepswêreld soos die industrie, mynbou en die sakewêreld was betreklik min. Die volgende is wel genoem:

- Steenkool is in sy oorspronklike vorm swart en vuil en die belangrikste vorm van gebruik in hierdie vorm is om vuur daarmee te maak. As die steenkool egter verwerk word tot 'n suiwerder vorm verander die kleur, en is dit nie meer ooglopend vuil nie, en die bruikbaarheid daarvan vermenigvuldig tot 'n hele paar bruikbare produkte soos onder andere, brandstof, diesel, kunsmis, plofstof, plastiek, ensovoorts.

As hierdie beeld toegepas word op die verlossing van die mens dan kan daar gesê word dat die mens sonder God vuil en onbruikbaar is vir die koninkryk. As dieselfde mens egter verlos word deur Christus dan vind daar 'n vernuwing en verandering plaas en so 'n mens word dan meer bruikbaar in diens van die koninkryk.

- Waar daar myne is, is daar gewoonlik mynhope. Mynhope bestaan uit afvalstowwe waarmee daar feitlik niks mee gemaak kan word nie. So is die goddelose mens. Vir die koninkryk is hulle nutteloos en eintlik 'n verleentheid.

- Die Bybel is soos 'n battery. 'n Battery is 'n kragbron wat die hele sisteem van krag voorsien waaraan dit gekoppel is. So is die Bybel vir die gelowige. Daaglikse omgang met die Woord gee die gelowige krag, sodat elke dag se taak uitgevoer kan word.

- 'n Wiel kan alleenlik werklik funksioneel wees as dit rond en gebalanseerd is. As die loopvlak van 'n wiel 'n platvlak het, of as die wiel uit balans is, kan dit nie as 'n wiel funksioneer nie en sal dit die laers beskadig. So is die mens ook. Ons is funksioneel en diensbaar alleenlik wanneer ons gebalanseerd en afgerond is. Gelowiges met sekere platvlakke of wat ongebalanseerd is, veroorsaak ongemak en ongerief en benadeel die funksionering van die gemeente.

- In Jesaja 55 vs 8-9 staan daar "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes." Om te kan tik, vra 'n sekere vaardigheid. Een manier om te tik, is om elke letter wat nodig is te soek en om dan een toets op 'n keer te druk. Die ander manier is om die toetse so goed te ken dat dit nie nodig is om te dink waar die toetse is nie. Iemand wat goed tik, dink net aan die woorde en druk dan outomaties die regte toetse.

God sê dat daar twee maniere is van dink. Daar is die menslike manier, en daar is God se manier. God dink op 'n baie meer verhewe manier as die mens. Hy doen dinge beter as die mens. God het die mens verstand gegee, en wonderlike dinge kan daarmee gedoen word, maar ons kan nie soos God dink nie.

- Die eenheid tussen die Drie-eenheid kan ook verduidelik word deur na die samestelling van elektrisiteit te kyk. Elektrisiteit bestaan uit spanning, stroom en weerstand. Die drie komponente word gemeet in volts, ampere en ohms. Hulle staan in 'n sekere verhouding tot mekaar. Spanning is stroom maal weerstand. Stroom is spanning gedeel deur weerstand en weerstand is spanning gedeel deur stroom. Al drie is nodig om elektrisiteit te vorm. Die eenheid van die Drie-eenheid bestaan uit drie persone wat ook in 'n sekere verhouding tot mekaar staan. Die Een is nie die ander Een nie maar hulle funksioneer saam om die Drie-eenheid te vorm.

- 'n Myn of 'n fabriek of 'n organisasie bestaan gewoonlik uit verskillende eenhede, aanlegte of seksies. Alhoewel elke eenheid sy eie taak het om te verrig, vorm al die eenhede saam die totaal van die geheel. So is dit ook in die Koninkryk van God. Die Koninkryk bestaan ook uit verskillende kleiner eenhede. Die kerk of kerke is byvoorbeeld so 'n eenheid. Die kerk is nie die Koninkryk nie, maar is deel van God se Koninkryk.

- 'n Elektriese motor of 'n dieselmotor is die komponent in 'n sisteem wat die dryfkrag voorsien sodat beweging of vloei bewerkstellig word. So voorsien die Heilige Gees ook die dryfkrag in die gelowige se lewe of in die kerk, sodat God sy doel met die mensdom kan bereik.

- Baie pypleidings word op die aanlegte aangetref. Verwerkte- of halfverwerkte produkte, water, gas, ensovoorts word van een punt na 'n ander deur hierdie

pypleidings vervoer. Om dit te bewerkstellig is pompe nodig. Soms is meer as een pomp nodig in 'n pypleiding sodat die vloei in die pyp egalig en vinnig kan geskied. Die verskillende pompe versterk dus die druk in die pype. Die weeklikse eredienste wat meestal op Sondae plaasvind, vervul onder andere 'n soortgelyke funksie. Elke Sondag word die lidmate geestelik versterk sodat hulle hul taak gedurende die week kan uitvoer.

- Die meeste organisasies beskik oor sekuriteitstelsels sodat die mense en die belange van die organisasie beskerm kan word. Die Heilige Gees beskerm ook die gelowige en die kerk omdat hulle eiendom van God is.

- Soos wat verf alle onooglike strepe, ponsgaatjies en merke op 'n oppervlak doodvee en toemaak, so is die vergewingsgesindheid van die Vader teenoor die mens se sonde, as die mens bereid is om kind van God te wees.

- Die wet van God kan vergelyk word met 'n maatband. Dit is onder andere daar sodat die mens sy eie sondetoestand kan meet.

- Die Here moet nie net geken word in tye van nood nie. Die mens kan Hom maklik gebruik as 'n noodwiel. Hy moet die stuurwiel wees, wat aan die stuur van ons hele lewe staan.

- Sekere aanlegte in die fabrieke is baie vuil. Die mense wat daar werk, veral die ambagsmanne wat instandhoudingswerk verrig,word uit die aard van die saak ook baie vuil. Om die ghries, olie, stof en ander vuilheid af te was, word 'n tipe smeerbare seep of reiniger gebruik wat deur die organisasie verskaf word. Net so word die gelowige se sonde afgewas deur die genade van onse Here Jesus Christus.

- Almal wat ondergronds werk, word van 'n lampie of lig voorsien wat aan hulle veiligheidshelm gedra word. Die Woord van God is soos hierdie liggie. Dit skyn in 'n donker wêreld en dui die weg aan wat bewandel moet word.

- Die veiligheidsklere wat 'n sweiser dra kan ook vergelyk word met die Christen se wapenrusting soos wat dit beskryf word in Efesiërs 6:10-17. Die soldaat se wapenuitrusting van die ou tyd klink heelmoontlik wêreldvreemd vir die mens van vandag. In Efesiërs 6 word daar gepraat van 'n gordel, borsharnas, skoene, skild, helm en 'n swaard. Die sweiser kan 'n lyfband dra. Daar is ambagsmanne wat 'n leerlyfband dra en waaraan sekere gereedskap wat hulle baie gebruik, gehaak word. Die borsharnas kan vervang word met 'n oorpak. Verder is dit verpligtend om veiligheidskoene te dra. Sweisers dra soms 'n leervoorskoot om hulle teen hitte en strale te beskerm. Dit kan die skild vervang. Alle sweisers moet 'n sweishelm dra om hulle gesig en oë te beskerm. Die swaard kan deur 'n hamer vervang word. 'n Sweiser gebruik die heeldag 'n klein hamertjie om die gedeelte waar hy sweis, skoon te kap. So 'n vergelyking sal vir die sweiser beslis verstaanbaar wees.

Daar is nog talle beelde wat uit die industrie en mynbou geneem kan word en wat sinvol in die prediking toegepas kan word.

Dit is ongelukkig so dat predikers nie baie van hierdie beelde gebruik nie. Dit is miskien een van die belangrike redes hoekom daar so min van hierdie beelde genoem is tydens die ondersoek. As dit meer gedoen word kan die twee wêrelde, naamlik kerk en werk, nader aan mekaar beweeg in die denke van die industriële werker.

As die prediker meer van hierdie beelde gebruik sal die hoorder ook voel dat die prediker sy werkswêreld ken en verstaan en kan daar 'n groter openheid tussen hulle ontstaan.

Hierdie beelde sal egter baie goed verduidelik moet word, want die meeste vrouens en kinders ken nie die industrie so goed soos die mans nie. As dit nie gedoen word nie, gaan net 'n sekere deel van die hoorders baat vind by die gebruik van hierdie beeldspraak.

**7.12.2.3. <u>DIE RETORIKA.</u>**

Die nuwe insigte oor die retorika is uiters belangrik vir die prediking in 'n industriële situasie. Vos (1996a:124-128; 139-167) het baie aandag aan hierdie onderwerp gegee en wat hy noem is van groot belang in die praktiese toepassing van die preeklewering in 'n industriële konteks.

Die term 'retoriek' word gebruik om op 'n doelgerigte taalhandeling te fokus en dit beoog om deur redevoering oorredend op 'n gehoor in te werk (vgl. Vos 1996a:124). In 'n kommunikatiewe raam gee dit aandag aan die proses waardeur "kennis" tot stand kom (Vos 1996a:143). Kennis kom normaalweg tot stand deur dit met taal oor te dra.

Taal is altyd ingebed in die waardestelsels van sekere belangegroepe. Die retoriese situasie het te doen met die dringendheid van die situasie waarin daar, vanuit 'n bepaalde perspektief, 'n probleem, in samehang met faktore soos die ingesteldheid, die eie aard en die omstandighede van die hoorders, gebeure, relasies, tyd en ruimte geïdentifiseer kan word en waarin die moontlikheid bestaan om sodanige probleem met behulp van diskoers te verwyder (vgl. Vos 1996a:144). As hoflikheidsbeginsel moet slegs uitinge wat die hoorder in ag neem in berekening gebring word, voorbeelde hiervan is vrae, versoeke, suggesties en pleidooie. Uitinge wat nie hoordersgerig is nie moet ten alle koste vermy word, byvoorbeeld verwyte, oordele, vloeke en versugtings (vgl. Vos 1996a:127).

Daar moet onthou word dat die retoriese situasie deel vorm van 'n kommunikasieproses. Drie belangrike aspekte is die retoriese

komposisie van die teks, die retoriese vernuf van die spreker en die retoriese reaksie van die hoorder (vgl. Vos 1996a:144). Vir die prediking is dit van groot belang.

Die preek moet logies gestruktureer wees (die *logos*). Dit help die hoorder in die luisterproses. Vir 'n effektiewe preekkommunikasie is die *ethos* van deurslaggewende betekenis. Die hoorder moet 'n gunstige beeld van die prediker hê. Indien dit gebeur, kan daar identifikasie tussen prediker en hoorder plaasvind. Dit kom egter nie vanself nie; die prediker moet die gunstige verhouding verwerf. 'n Manier om dit te doen, is om deur pastorale kontak, 'n relasie op te bou. Die prediker moet ook 'n goeie indruk van die hoorder hê. Vyandigheid en aggressiwiteit is dodelik vir enige vorm van kommunikasie. Dit vernietig die preekproses. Die *pathos* is die emosionele relasie tussen prediker en hoorder. Indien die prediker nie op emosionele vlak met die hoorders kommunikeer nie, kan oorreding en identifikasie nouliks plaasvind. Die taal wat tydens die prediking gebruik word, moet 'n taal wees wat sover moontlik deur almal verstaan word. Hiermee word bedoel dat die taal sober en eenvoudig moet wees. Dit moet 'n gemeenskaplike taal wees wat aan almal bekend is. Die taal wat die beste aan hierdie vereistes voldoen, is die algemene omgangstaal wat mense daagliks gebruik (Pieterse 1985:157). Dit is 'n taalgebruik wat vir die hele gemeente toeganklik is en waarvan die vorme van beeldspraak wat uit hulle begrippe- en leefwêreld na vore kom, aan hulle bekend is.

In 'n preek gaan dit nie net om taalgebruik nie. 'n Preek is 'n godsdienstige gebeurtenis waar ander faktore ook belangrik is, maar die regte taalgebruik kan help dat die hoorder die boodskap van die preek beter verstaan.

Die industriële mens moet gesien word as 'n mondige mens wat aanspraak kan maak op die erkenning van sy of haar eie vermoëns en wat die reg het op regte en voorregte. Hulle moet dus tydens die prediking in hulle mondigheid aangespreek word en nie

blindelings aan gesag onderwerp word nie. Die taalgebruik en die manier hoe daar gekommunikeer word moet hierby aansluit. Prediking is nie net 'n kognitiewe proses nie, maar dit is ook 'n sosiale en emosionele proses (Webb 1986:44).

Predikers in 'n industrieel-georiënteerde gemeente moet hulle taalgebruik met insig versorg, want die sukses van kommunikasie hou direk verband met houdings, verwagtinge, norme, waardes, vooroordele en sosiale verhoudings van mense.

Die ideaal is dat die prediking 'n dialogiese kommunikatiewe handeling sal wees waar prediker en hoorder in gesprek tree met hulle God en met mekaar. Die realiteit is egter dat sommige lidmate tydens die erediens passiewe toehoorders is, en wat geestelik onbetrokke deelneem aan die verrigtinge. Dit het tydens die onderhoude na vore gekom, en die waarskynlike rede vir hierdie toedrag van sake is omdat die predikers nie altyd voldoen aan die verwagtinge van sommige lidmate nie.

Godsdiensbeoefening is 'n persoonlike saak en lidmate voel en beleef dit nie almal dieselfde nie, daarom is dit belangrik dat die prediker deeglik rekening sal hou met die hoorders se kennis, verwagtings, houdings en kommunikatiewe behoeftes. Die hoorders het die reg om te verwag dat hulle baat gaan vind by die preek en dat die prediker hulle intellektuele en emosionele behoeftes in ag sal neem.

Godsdiensbeoefening openbaar ook 'n groepskarakter. Die regte taalgebruik tydens die prediking kan help om 'n samesprekingsgevoel onder die hoorders te skep en die gemeenskaplikheid van godsdienstige norme, waardes en verwagtinge te vestig. In hierdie proses speel wederkerige, emosionele betrokkenheid ook 'n rol.

Regte taalgebruik vra beplanning asook deeglike voorbereiding. Die prediker moet sy of haar taalgebruik ten opsigte van hoe hy of sy, sy of haar gedagtes gaan deurgee, wat hy of sy gaan sê,

en in watter vorm hy of sy, sy of haar idees gaan aanbied, beplan.

Die hoorder wil graag iets nuuts hoor. Iets moet meegedeel word wat hulle nie reeds weet nie. Hulle wil ook emosioneel en geestelik verryk word, en verwag om iets te ontvang wat relevant is vir die wêreld waarin hulle leef en die situasies waarin hulle verkeer. Die predikers moet dus toesien dat hulle vertroud is met die eksistensiële worsteling van die hoorders en hierdie probleme moet aangespreek word (vgl. Webb 1986:49).

'n Voorvereiste vir effektiewe kommunikasie is dat die prediker die hoorder nie aanstoot sal gee deur die wyse waarop hy die boodskap oordra nie. Tydens die prediking moet die hoorder dus reg en hoflik behandel word. Die hoorders moet ook taalmatig behandel word vir wat hulle is, met ander woorde soos 'n ingeligte volwassene wat in 'n geïndustrialiseerde samelewing woon en werk. Dit is die taak van die prediker om hoordersbetrokkenheid te bewerkstellig tydens die prediking (Webb 1986:49-50).

### 7.12.2.4. DIE GEBRUIK VAN TEOLOGIESE BEGRIPPE.

Die formulering van die boodskap van die preek **in die taal van die hoorders het teoreties 'n invloed op die formulering en gebruik van die teologiese begrippe in die prediking.** Tydens die ondersoek (Gerber 1993) is die volgende vrae oor die verstaanbaarheid van teologiese begrippe tydens die prediking gevra:

- Gebeur dit soms dat u sekere teologiese terme tydens die prediking nie verstaan nie?
- Bemoeilik die gebruik van teologiese terme tydens die prediking die verstaan van die prediking?
- Moet teologiese terme tydens die prediking meer verduidelik word?
- Wat dink u beteken die volgende teologiese terme?

Genade, heil, verlossing, geregtigheid, versoening, verbond, sakramente, ampte, wedergeboorte, bekering, eskatologie, heiligmaking, pentakostalisme, dogmatisme, die sondeval, revivalisme, ewige lewe, koninkryk van God, regverdiging, doop, leerstelling, die besnydenis, die opstanding van die vlees, uitverkiesing, die hiernamaals, charismatiese beweging, geloof en die spreek in tale.

Uit die ondersoek het dit geblyk dat dit nie nodig is om alle teologiese begrippe tydens die prediking te verduidelik nie. Sommige begrippe sal wel verduidelik moet word.

Die beste plek waar mense leer wat die betekenis is van teologiese begrippe is die kategeseskool. As kinders van jongsaf vertroud raak met kerktaal en wat sekere begrippe beteken, dan skep dit nie probleme as hulle volwasse is nie. Dit bevestig die teorie van Bohren (1974), naamlik dat daar 'n 'Sprach er weiterung' in die woordeskat van die christen moet plaasvind.

Teologiese begrippe wat baie tydens die prediking gebruik word het min verduideliking nodig. Begrippe wat minder tydens die prediking gebruik word het meer verduideliking nodig, en begrippe wat min gebruik word het beslis verduideliking nodig.

Die beste sal wees om af en toe op 'n gereelde basis soos wat hierdie begrippe in die prediking voorkom, dit te verduidelik, maar op so 'n manier dat die kommunikasie tydens die prediking en die vloei van die oordra van die boodskap, nie nadelig beïnvloed sal word nie. Moeilike begrippe en vreemde begrippe wat min gebruik word sal egter elke keer as dit gebruik word, verduidelik moet word.

Die verduideliking van hierdie teologiese begrippe moet nie net uitsluitlik tot die prediking beperk word nie, maar dit kan ook gedoen word buite die preek of eredienssituasie. Aandag kan daaraan gegee word tydens bybelstudie, bidure, wyksbyeenkomste, of wanneer kursusse aangebied word. Verduideliking kan dan ook

meer volledig gedoen word en vrae kan sinvol beantwoord word.

Die prediker moet tydens preekvoorbereiding met sorg aandag gee aan die gebruik van teologiese begrippe. Die gebruik van te veel teologiese begrippe tydens 'n preek gaan die verstaan van die boodskap bemoeilik. Die algehele vermyding van hierdie begrippe is ook nie moontlik nie, daarom moet daar 'n balans wees tussen te veel en te min.

Daar is teologiese begrippe wat 'n spesifieke betekenis in die kerktaal verkry het, en wanneer 'n prediker so 'n begrip gebruik moet hy of sy seker maak dat die lidmate die begrip reg verstaan. 'n Goeie voorbeeld is onder andere die begrip 'wêreld'. Die industriële werker beleef die begrip wêreld nie noodwendig negatief nie. Inteendeel, dit is die enigste plek wat die mens het om in te leef, daarom moet die mooie en die goeie ook raakgesien en beleef word. Die wetenskap en tegniek waarby die industrie intensief betrokke is, het ook van die wêreld 'n meer leefbare wêreld gemaak. Inteendeel, as die industrie nie bestaan het nie, sou daar groter armoede en ellende gewees het.

Paulus veral, gebruik die begrip wêreld om die sondigheid van die mens te beskryf. Die koninkryk van God word verskeie kere teenoor die sondige wêreld gestel. Na aanleiding hiervan kan die prediker die begrip wêreld so gebruik dat dit verwarring in die gemoed van die hoorder veroorsaak. Die prediker het die reg om die begrip wêreld so te gebruik, maar die verband moet verduidelik word sodat dit vir almal verstaanbaar is.

So is daar talle begrippe wat met verduideliking beter verstaanbaar vir die hoorder sal wees.

### 7.12.2.5. <u>'N HERMENEUTIESE BENADERING.</u>

Vir 'n homiletiese teorie in 'n industriële situasie het hierdie moderne homiletiese teorie 'n belangrike bydrae gemaak.

Die kritiese hermeneutiek van Gadamer, Ricoeur, Tracy en Schillebeeckx is vrugbaar in die homiletiek ingevoer (vgl. Pieterse 1979; Dingemans 1991; Vos 1996; Pieterse 1993).

Dit het daartoe gelei dat 'n hoordershermeneutiek ontwikkel kon word (vgl. Pieterse 1991; Vos 1996).

**'n Moderne kritiese hermeneutiek en 'n hoordershermeneutiek is belangrike teoretiese komponente van 'n preekteorie in 'n industriële situasie.**

### 7.12.2.6. DIE DIALOGIESE KOMMUNIKASIETEORIE.

**Die dialogiese kommunikasieteorie is 'n wesenlike teoretiese bousteen in 'n preekteorie vir 'n industriële situasie.**

Pieterse (1985:126-135) is van mening dat preekwerkgroepe die kommunikasievermoë van die preek kan verhoog of verbeter. Kommunikasie geskied in 'n netwerk van goeie verhoudinge. Goeie verhoudinge kom nie alleen tot stand tydens die prediking nie, dit vloei ook voort uit die alledaagse verhoudinge tussen prediker en gemeente buite die erediens. Die preek moet dus deur dialoog omring word voor, tydens en na die preek. Gereelde huisbesoek, pastoraat, Bybelstudie, informele en formele sosiale geleenthede, ensovoorts is almal geleenthede waar onderlinge verhoudings verbeter kan word. 'n Meer direkte metode om van die hoorders by die preek te betrek, is om gebruik te maak van preekwerkgroepe.

In die Nederduitse Gereformeerde gemeente Secunda, wat 'n makro gemeente is, funksioneer hierdie preekwerkgroepe onder die eredienskommissie wat een van die kommissies van die kerkraad is. Daar is vyf leraars in die gemeente en elke leraar het so 'n preekwerkgroep wat uit ongeveer ses lede bestaan. Dit is die ideaal om hierdie preekwerkgroepe uit te brei, maar op die oomblik vind dit nog nie plaas nie.

Elke leraar preek ongeveer vyf-en-twintig keer per jaar en daar word vier eredienste per Sondag gehou, waarvan twee dieselfde preek is, en dit geskied deur die jaar, behalwe gedurende skoolvakansies en lang naweke. So 'n preekwerkgroep is verantwoordelik vir die 'inkleur' en instandhouding vir party van die eredienste, wanneer die prediker preek wat by hulle ingedeel is. Tydens so 'n erediens moet hulle die klankstelsel beheer, omsien na die sang voor die diens, en as dit 'n kinderdiens is, help hulle met die hulpmiddels wat benodig word. Met gewone dienste, hanteer hulle die projektor en help ook met die opstel van transparante.

Voor die preek kom die preekwerkgroep en die prediker bymekaar om die teks en die aanbieding te bespreek en word daar ooreengekom hoe die erediens moet verloop en ingerig moet word. Die prediker is daarop ingestel om te hoor hoe die groep oor die teks dink en wat die behoeftes van die hoorders is, sodat hy in die toepassing van die preek daarby kan aanpas.

Na die preek kom die groep weer bymekaar om die erediens en veral die preek te evalueer.

Die industrie het goed opgeleide en bevoegde mense in diens en sommige van hulle is daagliks besig om in werksverband mense en sake te evalueer en vind dit dus nie vreemd om so 'n taak in die gemeente te verrig nie.

Knelpunte op die oomblik is die samestelling van so 'n groep want kinders word nie betrek nie, want dit geskied op weeksaande en dit is vir bejaardes ook moeilik om by so 'n groep in te skakel. So 'n groep is minstens drie keer per preek betrokke naamlik, voor, tydens en na die erediens, wat soms 'n tydsprobleem teweeg bring. Nog 'n ongemaklikheid is die blootstelling wat die prediker beleef. Hoe goed die saak ookal is, die prediker is blootgestel aan kritiek en die verwerking daarvan is nie altyd maklik nie. As die evaluering deur die groep verkeerd of ontaktvol hanteer word, kan dit 'n nadelige uitwerking op

verhoudings en op kommunikasie hê.

Die winspunte is egter ver in die meerderheid en daarom kan met reg gesê word dat dialoog met 'n preekwerkgroep as hoorders, en die Skrifteks, in 'n industriële situasie, 'n wesenlike element vir sinvolle prediking is.

## 7.13. KONKLUSIES.

In die eerste hoofstuk van hierdie ondersoek was die volgende formulerings belangrik. Die metode, doel, teoretiese stelling, die probleem en die argument. Daar word nou aandag aan hierdie formulerings gegee.

### 7.13.1. DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK.

Die doel van hierdie studie was om hierdie moderne homiletiese teorie te evalueer met die oog op 'n gemeente in 'n industriële konteks. Dit is gedoen deur die teorieë van Pieterse, Long en Dingemans te evalueer en dit in verband te bring met die situasie waarin 'n gemeente in 'n industriële konteks hom bevind. Wat belangrik is, was die beleweniswêreld van die mense wat aan so 'n gemeente behoort en wat die aard van die prediking in so 'n gemeente behoort te wees.

### 7.13.2. DIE METODE EN DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK.

Die metode wat gevolg is, was 'n teoretiese ondersoek. Hoofstuk een het gehandel oor die probleem, doel, metode en teoretiese stelling van die studie; asook inleidende gedagtes oor die prediking en oor die industriële situasie. Tydens hierdie ondersoek is die teorieë van Pieterse, Long en Dingemans eers afsonderlik in hoofstukke twee, drie en vier gehanteer, en daarna in hoofstuk vyf, is die drie teorieë met mekaar vergelyk met die doel om die punte van ooreenkoms in die teorieë vas te stel, sodat 'n evaluering van hierdie moderne homiletiese teorie gedoen kon word. Hoofstuk ses was 'n kritiese evaluering van die

teorieë van Pieterse, Long en Dingemans en hoofstuk sewe het die sterkpunte van hierdie moderne homiletiese teorie uitgelig en die waarde daarvan vir die prediking in 'n industriële konteks.

### 7.13.3. DIE TEORETIESE STELLING.

Die teoretiese stelling wat ondersoek is, was dat hierdie moderne homiletiese teorie met 'n bewussyn van die ontwikkelinge in die moderne samelewing ontwerp is en dat die prediking volgens hierdie teorie sin in 'n industriële samelewing kan maak.

Met al die klem wat op die hoorder geplaas word in hierdie teorie, moet die leefwêreld van die hoorder outomaties ook in berekening gebring word. Hierdie teorie is ontwerp vir die hoorder van vandag, en die hoorder van vandag is deel van die moderne samelewing.

Hierdie ondersoek het aangetoon dat hierdie moderne homiletiese teorie wel deeglik die ontwikkeling in die moderne samelewing in berekening gebring het. Pieterse (1991:45) dui byvoorbeeld sekere kenmerke van die huidige samelewing aan soos 'n snel veranderde samelewing, mobiliteit, onstabiliteit, onoorsigtelikheid, pluraliteit, arbeidskollektiwiteit en mondigheid.

Dingemans (1996:21-32) wys daarop dat die praktiese teologie gerig is op die praxis van alle kerklike handelinge. Die hele gemeente staan op die kruispunt tussen die Christelike tradisie en die huidige kultuur. Die leeraktiwiteite van die gemeente staan nie los van die leerkultuur van die samelewing nie. Die onderlinge sorg van mense het te doen met mense se probleme in en buite die gemeente. Dit gaan ook oor geregtigheid. Antwoorde moet gevind word op die vrae en probleme van die samelewing as sodanig en op die nood van groepe en enkelinge. Praktiese teologie kyk na die verskillende gestaltes van die Christelike geloof, nie net die kerk nie, maar ook na die gesin, skool, vakbond, pers, radio, televisie. Geloofsoordrag is die produk

van 'n lang tradisie. Opvattings en sieninge het ook gegroei uit die opeenstapeling van interpretasies oor geslagte heen. Geloofsgemeenskappe staan ook nie los van hulle sosiale- en kulturele konteks nie. Kultuur word omring deur taal, kommunikasiemiddele, daaglikse omgang met ander deur die werk, skool en verenigingslewe.

Daar moet ook aandag gegee word aan die bevrydingsteologie, waar dit gaan oor die armes wat onderdruk word. Dit gaan oor die bevrydende handelinge binne die samelewing in die perspektief van God se beloftes van vrede en geregtigheid.

Die praxis van die individu vra ook die praktiese teologie se aandag. Dit gaan oor die enkeling, waar die mens self subjek word van sy eie teologie. Vanuit die gesekulariseerde, pluralistiese en rasionele Westerse wêreld is daar plek vir die mondige individu wat self in die daaglikse omgang van die lewe 'n weg moet soek en sy eie identiteit moet probeer vind.

Long (1989:55-57) beklemtoon ook die bewustheid vir die omstandighede van die hoorders. Wanneer die prediker na die Woord toe gaan moet hy of sy 'n woord vir hulle hoor. Die nood en situasies van die ander moet in ag geneem word. Die kinders, volwassenes, enkelouers, almal wat aktief by die kerk betrokke is, hulle met wie dit goed gaan, die vreemdelinge, nuwe intrekkers en die besoekers.

Die ontwikkeling in die moderne samelewing en dat hierdie moderne homiletiese teorie dit in berekening gebring het, is dus aangetoon. 'n Verdere faset in die teoretiese stelling wat belangrik is, is dat die prediking volgens hierdie teorie sin in 'n industriële samelewing sal maak.

Sinvolle prediking volgens hierdie teorie het opsommenderwys die hoorders in ag geneem, die teks tot sy reg laat kom, al die fases en fasette in die preekvoorbereidingsproses nagekom en die preek so oorgedra dat die dialogiese kommunikasie tussen prediker en

hoorders geslaag het. Aan al hierdie sake is daar aandag gegee. Die homiletiese teorieë van Pieterse, Long en Dingemans handel hieroor en dit is in hoofstuk twee, drie en vier bespreek. Prediking volgens hierdie teorie is 'n groot verbetering op die vorige siening toe die klem hoofsaaklik net op die teks geval het. Die teoretiese stelling kan dus as korrek aanvaar word omdat dit sin sal maak in 'n industriële samelewing.

### 7.13.4. DIE ARGUMENT VAN HIERDIE ONDERSOEK.

Die argument van hierdie ondersoek is dat hierdie verbetering niks anders is as dat hierdie moderne homiletiese teorie, die verskuiwing moet maak van 'n beweging van 'n situasie van die hoorders na die teks en dan die teks in eietydse kleed terug na die preek, in plaas van die beweging van die teks na die preek alleen.

Vroeër is daar by die teks begin en dan na die preek toe beweeg en so is dit aan die hoorders oorgedra. Pieterse, Long en Dingemans is voorstanders daarvan dat daar by die hoorders begin moet word.

Volgens Dingemans (1991:12) staan die preek sentraal, maar die uitgangspunt is nie die prediker wat elke Sondag 'n preek moet lewer en die Woord van God moet verkondig nie, maar die hoorders "Het feitelijke uitgangspunt ligt bij de *hoorders*, die 's zondags naar de kerk komen om daar God te ontmoeten en richting voor hun leven te vinden. Beginnend bij de hoorders, die met een min of meer duidelijke verwachting en bedoeling naar de kerk zijn gekomen, zoeken we onze weg naar de zin en opzet van de preek" (Dingemans 1991:12).

Long sluit by hierdie gedagte aan. Dit gaan vir hom ook van die situasie na die preek. Die situasie lei die teks. "Whether we realize it or not, most of us who preach do, in our own ways, act out this business of coming to the pulpit from the midst of the congregation's life" (Long 1989:11).

Pieterse (1988:79-80) bespreek hierdie saak en sê: "In die lig van ons uitgangspunt aangaande die voorverstaan, die eie konteks, die eie verstaanshorison, lyk dit vir my noodsaaklik dat ons ook in die beskrywing van die eksegetiese proses by die eie situasie moet begin. In die meeste gevalle word die eie konteks laaste geplaas in die bespreking van eksegese en hermeneutiek in die literatuur. Tog is dit 'n feit dat 'n mens in die praktyk die teks benader met jou eie voorverstaan en deurdrenk is met jou eie situasie. Daarom wil ons die proses nie anders voorstel nie as 'n beweging vanuit en met die eie konteks na 'n ontmoeting en verstaansworsteling met die teks en dan weer terug met die boodskap na die gemeente in sy eietydse situasie. Dit is dus 'n beweging wat as't ware heen en terug plaasvind, deurkruis met 'n voortdurende heen-en-weer tussen teks en konteks".

**Die argument is dus waar. Hierdie verbetering is niks anders nie, as 'n verskuiwing van die situasie van die hoorders na die teks en dan die beweging van die teks in eietydse kontekstuele taal en begrippe terug na die preek.**

7.13.5. <u>DIE PROBLEEM.</u>

Die vraag wat in hoofstuk een gevra is, naamlik, kan die prediking volgens hierdie moderne homiletiese teorie die evangelie vandag op 'n sinvolle wyse aan die hoorders in 'n industriële situasie oordra?

**Die antwoord daarop is ja, mits die prediking volgens die riglyne van die ontwerp van 'n preekteorie vir 'n industriële situasie soos in 7.12. uiteengesit, gehanteer en uitgevoer word, met ander woorde, daar moet by die situasie van die hoorders begin word, die teks mag nie afgeskeep word nie, die hermeneutiese eise vir preekvoorbereiding moet nagekom word en dialogiese kommunikasie tydens die lewering van die preek moet tussen prediker en hoorders 'n werklikheid word.**

## 7.14. SLOT.

Tussen al die kommunikasievorme wat bestaan kies die kerk vir die prediking. Eerstens omdat dit Bybels is. Tweedens omdat dit die toets van die tyd deurstaan het, en derdens omdat daar tot nou toe niks beters op die tafel gesit kon word nie - behalwe dat die preekteorie deur die nuwe homiletiek adekwaat geformuleer is vir die eie tyd. Die prediking en die denke oor die prediking mag nooit stagneer nie, daar moet altyd 'n strewe wees na verbetering en ontwikkeling. Hierdie moderne homiletiese teorie lewer 'n bydrae tot hierdie ontwikkeling deur die hoorders as uitgangspunt te neem.

In Jesaja 8:16 sê Jesaja oor sy prediking, "Bly eers stil oor my prediking, laat my volgelinge vir hulleself hou wat ek hulle geleer het." Dit kan hulle alleen doen as hulle Jesaja se prediking verstaan het. Dit is waarna die prediking strewe. Die hoorders moet die Woord hoor, dit verstaan en dit toepas in hulle lewens. Om dieselfde te bereik in 'n industriële situasie wat op die voorpunt van modernisering is, kan die teorie soos deur die navorser in 7.12. uiteengesit is, 'n bydrae tot die homiletiese kennis lewer en die praktyk van die prediking in sulke kontekste dien.

# BIBLIOGRAFIE.

Anderson, B.W. 1982. *"The Problem and Promise of Commentary"*, Interpretation 36(4):342,343 (Oct. 1982).

Barnard, A.C. 1981. *Die erediens*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Barnard, A.C. 1985. *Kategismusprediking (II)*. Skrif en Kerk. Jaargang 6 Nr.1. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal: 1-17.

Bohren, R. 1974. *Predigtlehre*. München: Kaiser.

Breytenbach, H.S. & Pieterse, H.J.C. 1992. *Doelwitte vir gemeentebou in die lig van 'n prakties-teologiese ekklesiologie*. Praktiese teologie in Suid-Afrika 7(2):101-112.

Brienen, T. 1974. *De prediking van de nadere reformatie*. Amsterdam: Ton Bolland.

Browning, D.S. 1991. *A Fundamental Practical Theology: Descriptive and strategic proposals*. Fortress.

Brueggemann, W. 1977. *The Bible makes Sense*. Atlanta: John Knox Press.

Burger, C.W. 1991. *Praktiese teologie in Suid-Afrika. 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Burger, C.W. 1994. *Die agogiese moment in die prediking in 'n situasie van verandering*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Vol. 9(1):83-92.

Burger, C. W. & Muller, B.A. & Smit, D.J. 1982. *Riglyne vir lydensprediking*. Woord teen die Lig 2. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Burger, C.W. & Muller, B.A. & Smit, D.J. 1988. *Riglyne vir prediking oor die Psalms*. Woord teen die Lig 11/4. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Buttrick, D. 1981. "*Interpretation and Preaching*", Interpretation 25(1):55-56 (Jan. 1981).

Buttrick, D. 1987. *Homiletic*. Moves and structures. Philadelphia: Fortress Press.

Chartier, M.R. 1981. *Preaching as communication. An interpersonal perspective*. Nashville: Abingdon.

Cilliers, J. 1994. *God vir ons*. 'n Analise en beoordeling van Nederduitse Gereformeerde volksprediking (1960-1980). Woord teen die Lig. B/2. Kaapstad: Lux Verbi.

Craddock, F.B. 1971. *As one without authority*. Nashville: Abingdon Press.

Craddock, F.B. 1978. *As one without authority and overhearing the Gospel*. Nashville: Abingdon Press.

Craddock, F.B. 1985. *Preaching*. Nashville: Abingdon Press.

Daiber, K.-F. 1980. *Predigen und Hören. Band I. Predigten, Analysen und Grundauswertung*, München: Chr. Kaiser.

Davis, H.G. 1975. *Design for preaching*. Tenth Printing, Philadelphia: Fortress Press.

De Klerk, J.J. 1977. *Prediking*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

De Villiers, D.W. 1977. *Prediking en Pastoraat.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

De Jongh van Arkel, J.T. 1991. *Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 6(1):61-75.

Dijkstra, H. 1974. *Hoe kan daar dikwels oor die kategismus gepreek word sonder om die mense weg te jaag?* In die Skriflig. 8(31): 52-62.

Dingemans, G.D.J. 1986. *In de Leerschool van het geloof.* Handboek Praktische Theologie. Kampen:Kok.

Dingemans, G D.J. 1990. *De Tijd van de Verborgen God.* 's-Gravenhage.

Dingemans, G.D.J. 1991. *Als hoorder onder de hoorders ...* Een hermeneutische homiletiek. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Dingemans, G.D.J. 1996. *Manieren van Doen. Inleiding tot de studie van de praktische theologie.* Kampen:Kok.

Dreyer, T.F.J. 1989. *Poging tot 'n herdefinisie van die prediking binne die raamwerk van die Reformatoriese teologie.* Hervormde Teologiese Studies. 45, 350-369.

Dreyer, J.S. 1995. *Boekresensie oor H.J.C. Pieterse, Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingsteorie.* Skrif en Kerk, Jaargang 16 Nr 1 : 215-218.

Duncan, G. 1985. Practical Theology: *"Faith apart from works is dead".* Journal of theology for Southern Africa v. No. 53:47-53. December 1985.

Durand, J.J.F. 1976. *Die lewende God.* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Firet, J. 1973. *Het Homiletisch Process*, in Rondom het Woord 4/1973.

Firet, J. 1974. *Het Agogisch moment in het pastoraal optreden.* Tweede Druk, Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Firet, J. 1987. *Communicatief handelen in de dienst van het evangelie.* Spreken als een leerling, Kampen.

Fuchs, O. (Hrsg) 1984. *Theologie und Handeln.* Beitrage Zur Fundierung der Praktische Theologie als Handelungstheorie. Düsseldorf: Patmos.

Gerber, J.J. 1993. Prediking binne 'n industriële konteks in die Ned. Geref. Kerk Secunda. M.Th.- Verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Grové, A.P. 1953. *Woord en Wonder. Inleidende studie oor die tegniek van die poësie.* Kaapstad: Nasou.

Heitink, G. 1991. *Ontwerp van een Empirische theologie.* Naar aanleiding van J.A. van der Ven, Entwurf einer empirischen Theologie. Praktische Theologie, 18(5):525-538.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie. Geschiedenis - Theorie - Handelingsvelden*, Kampen.

Hendriks, J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Heyns, L.M. & Theron, J.P.J. 1986. *Praktiese Teologie.* Enigste studiegids vir PTA 302-5. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Eerste Uitgawe, Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

Huber, W. 1985. *Folgen christlicher Freiheit. Ethik und Theorie der Kirche im Horizont der Barmer Theologischer Erklärung*. Neukirchen-Vluyn.

Hulley, L.D. 1987. *Teologiese etiek, Praktiese Teologie, Sending Wetenskap*. Enigste studiegids vir TEA 303-E (Die evangelie in 'n industriële situasie). Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Jeanrond, W.G. 1988. *Text and interpretation as categories of theological thinking*. Dublin: Gill and MacMillan.

Jonker, H. 1983. *Theologische praxis*. Nijkerk: Callenbach.

Jonker, W.D. 1976. *Die Woord as opdrag*. Gedagtes oor die prediking. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Jonker, W.D. 1981. *In diens van die Woord*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Kane, M. 1980. *Gospel in industrial society*. First published, London: SCM Press Ltd.

Keck, L.E. 1978. *The Bible in the Pulpit*. Nashville: Abingdon Press.

Kellerman, J.S. 1993. *'n Praktykteorie vir die vormgewing van die preek*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 8(2):175-189.

Killinger, J. 1985. *Fundamentals of Preaching*. Philadelphia: Fortress Press.

König, A. 1975. *Hier is Ek!* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek.* Agtste hersiene en uitgebreide uitgawe. S.v. 'Industrialisasie, industrie' Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

Lange, E. 1982. *Predigt als Beruf.* München.

Lemmer, J.C. 1990. 'n Prakties-teologiese ondersoek na die gemeente se verstaan van die preek. D.Th. - Proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Lemmer, J.C. 1991. *Hipotese-genererende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 6(1):10-21.

Long, T.G. 1988. *The senses of Preaching.* Atlanta: John Knox Press.

Long, T.G. 1989. *The Witness of Preaching.* Louisville, Kentucky: John Knox Press.

Long, T.G. 1989a *Preaching and the Literary Forms of the Bible.* Philadelphia: Fortress Press.

Louw, D.J. 1992. *Die ontwerp van 'n prakties-teologiese ekklesiologie vir gemeentebou.* Praktiese teologie in Suid-Afrika 7(1):119-136.

Louw, D.J. 1993. *Praktiese Teologie - 'n Fenomenologiese stuiptrekking?* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 8(2):206-209.

Lowry, E.L. 1980. *The Homiletical Plot: The Sermon as Narrative Art Form.* Atlanta: John Knox Press.

Luecke, R. April 1987. *Gospel confession and arts of ministry in the late industrial city.* Currents in theology and mission. v. 14:94-104.

Marais, W. 1984. *Die geestelike toestand van die kerk.* Predikante in Sinodale diens met opdrag ampsbediening en evangelisasie vir Noord-Transvaal. Pretoria.

Mitchell, C. 1994. *Beeldrykheid as noodsaaklike uitdaging aan die kerk. Die gebruik van onderrigmiddels in die prediking.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 9(2): 127-140.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1985. *Metodologie van die Geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Pretoria: Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing.

Mouton, J. & Marais, H.C. 1989. *Metodologie van die geesteswetenskappe: Basiese begrippe.* Derde druk, Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, B.A. 1992. *Hermeneutiek op die intervlak tussen eksegese en sosiale analise.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 7(1): 27-41.

Nel, M. 1991. *Die wisselwerking tussen teorie/praxis in die praktiese teologie.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 6(1) 22-37.

Nel, M. 1996. *Prediking.* Kommunikasie in Konteks. Voortrekkerhoogte: Makro Boeke.

Nichols, J.R. 1980. *Building The Word: The Dynamics Of Communication and Preaching.* San Francisco: Harper & Row.

Northcott, M.S. 1989. *The church and secularisation: Urban industrial mission in North East England.* Frankfurt am main: P. Lang.

Paradise, S.I. 1968. *Detroit industrial mission.* A personal narrative, Harper & Row.

Pieterse, H.J.C. 1979. *Skrifverstaan en Prediking.* Die verhouding van Woordgebeure en Verstaangebeure by Gerhard Ebeling as antwoord op die nood van die prediking. Eerste druk, Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H.J.C. 1983. *Praktiese Teologie.* Enigste gids vir PTH402-8. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Pieterse, H.J.C. 1985. *Verwoording en Prediking.* Eerste Uitgawe, Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H.J.C. 1986. *Teologie mondig?* Skrif en Kerk, 7:1.

Pieterse, H.J.C. 1988. *Die Woord in die werklikheid. 'n Teologie vir die prediking.* Eerste Uitgawe, Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

Pieterse, H.J.C. 1988a. *'n Dialogiese kommunikasieteorie vanuit 'n prakties-teologiese perspektief.* Skrif en Kerk, 9(2):181-194.

Pieterse, H.J.C. 1989. *Prediking en geloofservaring.* Gesprek oor die teologiese gehalte van die preek. Hervormde Teologiese Studies, 45, 586-598.

Pieterse, H.J.C. 1990. *Die Prediking van Jesus Christus en die Ou Testament.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 5(1):73-74.

Pieterse, H.J.C. 1990a. *Prediking as ontmoetingsgebeure met God - By Calvijn.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 5(2):88-95.

Pieterse, H.J.C. 1991. *Gemeente en Prediking.* Eerste uitgawe, eerste druk. Halfway House: N.G. Kerkboekhandel.

Pieterse, H.J.C. 1991a. *Praktiese teologie as teologiese wetenskap binne die teologiese fakulteit*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 6(2):249-254.

Pieterse, H.J.C. 1991b. *Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 6(1): 38-51.

Pieterse, H.J.C. & Vos, C.J.A. 1991. Pneumatologiese perspektiewe vanuit 'n kommunikatiewe handelingsteorie. Acta Theologia, 11/2:1-18.

Pieterse, H.J.C. 1992. *'n Praktiese-teologiese kommunikasieteorie vir die prediking*. Praktiese teologie in Suid-Afrika 7(1): 17-25.

Pieterse, H.J.C. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Eerste druk, Pretoria: RGN- Uitgewers.

Pieterse, H.J.C. 1994. *Metateorie as wetenskapsbenadering in die praktiese teologie*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 9(1):93-100.

Pieterse, H.J.C. & Wester, F. 1995. *Communication style*. In: H.J.C. Pieterse,(red.). Desmund Tutu's Message. A qualitive analysis. Kampen.

Poling, J.N. & Miler, D.E. 1985. *Foundations for a practical theology of ministry*. Nashville: Abingdon.

Ricoeur, P. 1980. *"The Hermeneutics of Testimony"* in Essays on Biblical Interpretation, ed. Lewis S. Mudge. Philadelphia : Fortress Press.

Schippers, K.A. 1990. *Kerkelijke Presentie in een oude stadswijk*. Kampen:Kok.

Smuts, S.D. 1983. *The ministry to a group of Malawian miners on the far West Rand.* Theology evangelica v. 16 No. 3:71 September 1983.

Stott, J. 1990. *I believe in preaching.* Twelfth impression, London: Hodder & Stoughton Limited.

*Theology steps into the industrial arena*: report on ICWIM Winter School, Potchefstroom, 1985. Journal of theology for Southern Africa v. No. 55:64-71. June 1986.

Van der Laan, J.H. 1989. *Ernst Lange en de prediking.* Kampen:Kok.

Van der Ven, J.A. 1993. *Ecclesiologie in context.* Handboek Praktische theologie. Kampen:Kok.

Van der Ven, J.A. 1994. *Empirical Methodology in Practical Theology: Why and How?* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 9(1):29-44.

Van der Waals, D.B. 1990. *Het heilige communiceren.* Kampen: Kok.

Van Wyk, A.G. 1991. *'n Verkennende gesprek rondom die begrip teologie in verskillende prakties-teologiese benaderinge.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 6(1): 76-85.

Van Wyk, A.G. 1993. Respons op: "*Praktiese Teologie as Teologiese Wetenskap binne die Teologiese Fakulteit*" - Prof. H.J.C. Pieterse. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 8(1):57-62.

Veenhof, C. 1978. *Calvijn en de prediking.* Zicht op Calvijn. Amsterdam: Buiten en Schipperheijn, 49-101.

Venter, C.J.H. 1992. *Prakties-Teologiese grondslae van die prediking.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika 7(1):1-16.

Verhoef, J. 1992. Van Heraut tot Hoorder onder die Hoorders - 'n Vergelykende bronnestudie van drie boeke uit die Nederlandse Gereformeerde Homiletiek van 1930 tot 1991. BD Skripsie Dept. Praktiese Teologie, Fakulteit Teologie (Afd B) Universiteit van Pretoria.

Vos, C.J.A. 1988. *Skrifgesag en Prediking*. Skrif en Kerk. Jaargang 9 Nr 2 (1988). Pretoria: N.G. Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk.:210-221.

Vos, C.J.A. 1988a. Boekresensie. *Die Woord in die Werklikheid. 'n Teologie van die Prediking*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 4(2):59-61.

Vos, C.J.A. 1989. *Die evangelie as pragmaties-kommunikatiewe gebeure: 'n Perspektief op evangelistiek*. Skrif en Kerk. 10 Nr 2:183-190.

Vos, C.J.A. 1990. *Die prediking van Jesus Christus en die Ou Testament*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 5(2):144-145.

Vos, C.J.A. 1991. *Die hoor van die Evangelie*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 6(1):99-101.

Vos, C.J.A. 1992. *Retoriese seile vir 'n tekstuele skip in homiletiese vaarwaters*. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. 7(1): 42-56.

Vos, C.J.A. 1992a. *Die preek in die weegskaal*. Skrif en Kerk. Jaargang 13 Nr 2 (1992). Pretoria: Uitgegee deur die Teologiese Fakulteit (Ned. Geref. Kerk), Universiteit van Pretoria:234-243.

Vos, C.J.A. & Pieterse, H.J.C. 1992. *Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie*. Praktiese teologie in Suid-Afrika, 7(2):155-157.

Vos, C.J.A. 1993. *Die Christologiese en Pneumatologiese grondslag van die homiletiek*: Perspektiewe vanuit A.A. Ruler se denke. Skrif en Kerk. Jaargang 14 Nr. 2 (1993). Pretoria Uitgegee deur die Teologiese Fakulteit (Ned. Geref. Kerk) Universiteit van Pretoria: 314-326.

Vos, C.J.A. 1993a. *Oor Preekvorme en Ander Verhale.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 8(2):204-205.

Vos, C.J.A. 1994. *Proclaim the Gospel.* Production : Etoile.

Vos, C.J.A. 1994a. *Dansmaats: Dogmatiek/Etiek en Homiletiek.* Skrif en Kerk. 15 Nr 1 : 52-64.

Vos, C.J.A. 1995. *Die Blye tyding.* Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. RGN -studies en Praktiese Teologie. Pretoria: RGN Uitgewers.

Vos, C.J.A. 1995a. *Praktiese teologie as katedraal. In gesprek met Gerben Heitink.* Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 10(1):105-108.

Vos, C.J.A. 1995b. *Die hoorder en sy konteks.* Skrif en Kerk. Jaargang 16 Nr. (1995). Uitgegee deur die Fakulteit Teologie (Ned. Geref. Kerk) Universiteit van Pretoria: 193-205.

Vos, C.J.A. 1996. *Die Volheid Daarvan I.* Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing - Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996a. *Die Volheid Daarvan II.* Homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing - Uitgewery.

Vos, C.J.A. 1996b. *Homiletiese Flitse in die Hermeneutiese spieël van Paul Ricoeur* (1). Praktiese Teologie in Suid-Afrika, 11(1):58-67.

Webb, V.N. 1986. *Kommunikasie in die erediens*. Die taal van die Bybel en die predikant. Universiteit Pretoria. Teologiese studies 1. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal.

White, Hugh C. June 1959. *Basic task of the church in our competitive industrial society*. Pastoral Psychology v 10: 27-30.

****************